

# Tydskrif vir Geesteswetenskappe

Tijdschrift voor de Geesteswetenschappen  
Zeitschrift für die Geisteswissenschaften  
Journal of Humanities



Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns  
The South African Academy for Science and Arts

Jaargang 59 | Volume 59 | MAART 2019  
Nommer 1 | Number 1 | MARCH 2019





# Tydskrif vir Geesteswetenskappe

Tijdschrift voor de Geesteswetenschappen

Zeitschrift für die Geisteswissenschaften

Journal of Humanities

Geakkrediteer/Accredited ISSN 0041-4751

Geakkrediteer/Accredited EISSN 2224-7912

---

## LW Hiemstra Trust

Die publikasie van hierdie tydskrif word moontlik gemaak deur 'n ruim subsidie van  
die L.W. Hiemstra Trust – Opgerig deur Riekie Hiemstra ter herinnering aan  
Ludwig Wybren (Louis) Hiemstra

The publication of this journal is made possible by a substantial subsidy from the  
L.W. Hiemstra Trust – established by Riekie Hiemstra in memory of  
Ludwig Wybren (Louis) Hiemstra

---



1

Uitgwer/Publisher

**Die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns**

**The South African Academy for Science and Arts**

Engelenburghuis/house, Zervogelstr 574

Privaat sak/Private bag X11

Arcadia 0007

Suid-Afrika/South Africa

Maart/March 2019



**Tydskrif vir Geesteswetenskappe**  
Tijdschrift voor de Geesteswetenschappen  
Zeitschrift für die Geisteswissenschaften  
Journal of Humanities

**Hoofredakteur/Editor in Chief:**

RC (Ina) Wolfaardt-Gräbe – Algemene Literatuurwetenskap/Theory of Literature

**REDAKSIE / EDITORIAL BOARD**

AE (Arend) Carl – Opvoedkunde; Kurrikulumstudie/Education; Curriculum Studies

WAM (Wannie) Carstens – Taalkunde/Linguistics

LM (Lourens) du Plessis – Regsfilosofie/Philosophy of Law

PJ (Pieter) Fourie – Kommunikasiewetenskap/Communication Science

DP (Danie) Goosen – Godsdienstwetenskap/Religious Studies

IJ (Izak) Grové – Musiekwetenskap/Musicology

EPJ (Ewert) Kleynhans – Ekonomiese/Economics

EF (Ernst) Kotzé – Toegepaste Linguistiek/Applied Linguistics

JD (Tom) McLachlan – Taalpraktisyen/Language practitioner

FJ (Ferdinand) Potgieter – Filosofie van die Opvoedkunde/Philosophy of Education

F (Fransjohan) Pretorius – Geskiedenis; Erfenisstudies/History; Heritage Studies

DFM (Danie) Strauss – Filosofie/Philosophy

HP (Hennie) van Coller – Letterkunde/Literature

J (Jacques) van der Elst – Nederlandse Letterkunde/Dutch Literature

L (Louise) Viljoen – Afrikaanse Letterkunde; Algemene Literatuurwetenskap/Afrikaans Literature/  
Theory of Literature

AJ (Albert) Venter – Politieke Wetenskap/Political Science

MP (Marié) Wissing – Psiigologie/Psychology

**REDAKSIERAAD/ADVISORY EDITORIAL BOARD**

**Nasionaal/National**

W (Willie) Burger – Afrikaanse Letterkunde/Afrikaans Literature

JS (Jaco) Dreyer – Praktiese Teologie/Practical Theology

LK (Lambert) Engelbrecht – Maatskaplike Werk/Social Work

P (Petra) Engelbrecht – Opvoedkunde/Education

ME (Eduard) Fourie – Sielkunde/Psychology

Susan Meyer – Afrikaans (Opvoedingswetenskappe)/Afrikaans (Education Sciences)

JC (Jean) Sonnekus – Privaatreg/Private Law

JW (Johan) Strydom – Sakebestuur/Business Management

GB (Gerhard) van Huyssteen – Taalwetenskap/Linguistics

LJ (Louis) van Niekerk – Onderwysersopleiding/Teacher Education

G (Grietjie) Verhoeft – Geskiedenis/History

Y (Yusef) Waghid – Opvoedkundige Beleidstudies; Filosofie van Opvoedkunde; Demokratiese  
Burgerskapsonderwys/Educational Policy Studies; Philosophy of Education; Democratic  
Citizenship Education

**Internasional/International**

Jaap Goedegebuure – Letterkunde/Literature (Leiden Universiteit, Nederland)

E (Ena) Jansen – Letterkunde/Literature (Vrije Universiteit en Universiteit van Amsterdam, Nederland)

Paul T Roberge – Taalkunde/Linguistics (University of North Carolina, Chapel Hill, USA)

WL (Willie) van der Merwe – Godsdienstfilosofie en -wetenskap/Philosophy of Religion and Religious  
Studies (Vrije Universiteit, Amsterdam, Nederland)

Paul van Tongeren – Filosofie/Philosophy (Radboud Universiteit, Nijmegen, Nederland)

Georgi Verbeeck – Historiografie/History (Universiteit van Maastricht en Katholieke Universiteit  
Leuven, België)

**Ex officio:** D (Dionē) Prinsloo – Hoof Uitvoerende Beampte/Chief Executive Officer

*Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, gepubliseer deur die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns, verskyn kwartaalliks in Maart, Junie, September en Desember.

*Journal of Humanities* by the South African Academy for Science and Arts is published quarterly in March, June, September and December.

**Intekengeld vir 2019 in Suid-Afrika (BTW en posgeld ingesluit):**

**Subscription fees for 2019 in South Africa (VAT and postage included):**

*Tydskrif vir Geesteswetenskappe*: R350,00 per jaargang/volume

*S.A. Tydskrif vir Natuurwetenskap en Tegnologie*: R300,00 per jaargang/volume

Nuusbrief /Newsletter: R110,00 per jaargang/volume.

Outeurs word versoek om die voorskrifte agter in die tydskrif noukeurig te volg.

Authors are requested to adhere to the guidelines as published in the back of the journal.

Menings deur oueurs is nie noodwendig ook die standpunt van die uitgewer nie.

Opinions expressed in the journal are not necessarily upheld by the publisher.

**Rig korrespondensie aan/Correspondence to:**

Die Publikasiebeampte/The Publications Officer

Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns

Privaat sak/Private bag X11, Arcadia 0007, Suid-Afrika/South Africa

E-pos: publikasies@akademie.co.za

Webwerf: <http://www.tgwsak.co.za>

Tel: 0861 333 786 X4; Faks/Fax: 012 329 0293

**TYDSKRIF VIR GEESTESWETENSKAPPE**  
**Tijdschrift voor de Geesteswetenschappen**  
**Zeitschrift für die Geisteswissenschaften**  
**Journal of Humanities**

*Jaargang 59 Nommer 1, Maart 2019 / Volume 59 Number 1, March 2019*

## Inhoudsopgawe

### **NAVORSINGS- EN OORSIGARTIKELS / RESEARCH AND REVIEW ARTICLES (1):**

#### **RIAAN EKSTEEN**

- Die rol van die Hoogste Howe van die Verenigde State van Amerika, Suid-Afrika en die Europese Unie in buitelandse aangeleenthede / *The Role of the High Courts of the United States of America, South Africa and the European Union in Foreign Affairs* ..... 1

#### **MARLIES TALJARD**

- Digerlike beheer en herinterpretasie: T.T. Cloete se transkripsie van twee antieke tekste in Onversadig / *Poetic control and reinterpretation: T.T. Cloete's transcription of two antique texts in Onversadig ("Unquenched")* ..... 17

#### **IAN KOTZE EN JOHANITA KIRSTEN**

- Die invloed van agenthebbende passiefkonstruksies op die veranderende gebruik van die setsel deur / *The influence of agentive passive constructions on the changing use of the adposition deur* ..... 36

36

#### **LETTIE BOTHA EN LUKAS MEYER**

- Onderwysers se persepsies oor die moontlike impak van die afwesige vader op kinderontwikkeling / *The possiblie impact of an absent father on a child's development – a teacher's perspective* ..... 54

54

#### **LOUISE OLIVIER**

- Die effek van 'n verpligte akademiesegeletterdheidsmodule op Afrikaansmoedertaal-eerstejaarverpleegstudente se akademiese skryfvaardighede / *The effect of a compulsory academic literacy module on the academic writing skills of Afrikaans mother-tongue first-year nursing students* ..... 67

67

#### **ANIENIE VELDSMAN EN JUDY VAN HEERDEN**

- Die invloed van 'n intervensieprogram op Graad R-opvoeders se ervaring ten opsigte van professionele ontwikkeling in spelgebaseerde geletterdheid / *Grade R educators' experience of their professional development following an intervention programme* ..... 87

87

#### **CARINA AMERICA EN LESLEY LE GRANGE**

- Dekolonisering van die kurrikulum: 'n Kontekstualisering van Ekonomiese- en Besigheidstudieonderrig / *Decolonising the curriculum: Contextualising Economics and Business Studies Teaching* ..... 106

106

## **AKTUEEL:**

### **NAVORSINGS- EN OORSIGARTIKELS / RESEARCH AND REVIEW ARTICLES (2): Padprojekte**

---

#### **INA WOLFAARDT-GRÄBE**

Redakteursnota .....	125
----------------------	-----

#### **W.J. (WESSEL) PIENAAR**

Riglyne by die keuse van padprojekte deur die owerheid / <i>Guidelines for the choice of road projects by government</i> .....	126
--	-----

#### **W.J. (WESSEL) PIENAAR**

Voorgestelde metodes om die voordele van padprojekte te maksimeer / <i>Proposed methods to maximise the benefits of road projects</i> .....	142
---	-----

## **REPLIEK**

---

#### **EWERT KLEYNHANS**

Kommentaar op die artikels van prof Wessel Pienaar rakende riglyne by die keuse van padprojekte deur die Suid-Afrikaanse owerheid .....	157
---	-----

## **VARIA**

---

#### **EEP FRANCKEN**

Een engel en een ganzenveer. De Afrikaanse literatuur in Nederland in 2018 .....	163
--	-----

## **TAALRUBRIEK**

---

#### **TOM McLACHLAN**

Kommas en betekenis .....	170
---------------------------	-----

## **UITNODIGING**

---

Kwesbare individue en groepe in die samelewning .....	172
---	-----


Keurders: November 2017 – Desember 2018 .....	173
---	-----

# Die rol van die Hoogste Howe van die Verenigde State van Amerika, Suid-Afrika en die Europese Unie in buitelandse aangeleenthede\*

*The Role of the High Courts of the United States of America, South Africa and the European Union in Foreign Affairs*

**RIAAN EKSTEEN**

Gewese SA Ambassadeur  
Tans Internasionale Konsultant  
Swakopmund, Namibië  
E-pos: reksteen@swakop.com



Riaan Eksteen

**RIAAN EKSTEEN** was vir 27 jaar lid van Suid-Afrika se Buitelandse Diens. Hy beklee in daardie tyd verskillende poste en dien in verskillende hoedanighede in die Buitelandse Ministerie. Gedurende 1964-67 is hy in die Namibiese afdeling gemoeid met SA se betrokkenheid in die hofsaak by die Internasionale Gereghof in Den Haag; hy is ook agtereenvolgens hoof van die VN- en Namibiese afdeling (1973-76) en van Beplanning (1981-93). Hy dien vanaf 1968-1973 by die SA Ambassade in Washington, DC. Voorts is hy vir 12 jaar ambassadeur en hoof van die Missie by die VN in New York (1976-1981); Namibia (1990-1991); VN Geneve (1992-1995) en Turkye, insluitend Azerbaijan, Kyrgyzstan; Uzbekistan en Turkmenistan. Hierdie laasgenoemde aanstelling is deur President Mandela gemaak. Hy was ook Direkteur-generaal van die Suid-Afrikaanse Uitsaaidiens (SAUK) van 1983 tot 1988 en politieke ontleder op die Johannesburgse Aandelebeurs (JSE) van 1988 tot 1990.

**RIAAN EKSTEEN** was a member of the South African Foreign Service for 27 years, during which time he held several posts in various capacities within the Foreign Ministry. From 1964-67 he served in the Namibian division, participating in South Africa's court case in the International Court of Justice in The Hague; he also successively held the positions of Head of the UN and Namibian divisions (1973-1976) and Head of Planning (1981-1983). In addition, from 1968-1973, he was stationed at the South African Embassy in Washington, DC; subsequently, he was Ambassador and Head of Mission for 12 years at the U.N. New York (1976-1981); Namibia (1990-1991); U.N. Geneva (1992-1995); and Turkey, including Azerbaijan, Kyrgyzstan, Turkmenistan and Uzbekistan (1995-1997). The latter ambassadorial assignment being endorsed by President Nelson Mandela. He is also a former Director-General of the South African Broadcasting Corporation

\* Gebaseer eerstens op 'n tesis getiteld "The Role of the High Courts of the United States of America, South Africa and the European Union in Foreign Affairs" waarvoor die doktorsgraad deur die Universiteit van Johannesburg op 16 Oktober 2018 toegeken is en, tweedens, op 'n boek getiteld *The Role of the Highest Courts of the United States of America and South Africa, and the European Court of Justice in Foreign Affairs* wat in Mei 2019 in Europa vrygestel word.

<p>Vanaf 1997 tree hy op as Internasionale Konsultant en besigheidsfasilitaerder in Suider-Afrika.</p> <p>Dr Eksteen verwerf die kwalifikasies BA aan die Universiteit van Pretoria in 1963; BAHons aan die Universiteit van Suid-Afrika (UNISA) in 1971; MA (<i>Cum Laude</i>) aan UNISA in 1974 met die titel "Die Rol van die VSA se Senaat in Buitelandse Sake"; en DLitt et Phil aan die Universiteit van Johannesburg (UJ) in Oktober 2018, met die titel "The Role of the High Courts of the United States of America, South Africa and the European Union in Foreign Affairs". Hy is die skrywer van 'n ongepubliseerde artikel "Does your company have a foreign policy and the instruments to execute it?"</p>	<p>(SABC) (1983–1988); and Political Analyst at the Johannesburg Stock Exchange (JSE) (1988–1990). Since 1997 he has been active as an international consultant and business facilitator in Southern Africa.</p> <p>Dr Eksteen was awarded the following degrees: BA from the University of Pretoria (UP) in 1963; BAHonours from the University of South Africa (UNISA) in 1971; MA (<i>Cum Laude</i>) from UNISA in 1974, with a dissertation entitled, "The Role of the USA Senate in Foreign Affairs"; and DLitt et Phil from the University of Johannesburg (UJ) in October 2018 with a thesis entitled "The Role of the High Courts of the United States of America, South Africa and the European Union in Foreign Affairs". He is the author of an unpublished article: "Does your company have a foreign policy and the instruments to execute it?"</p>
--	--

## ABSTRACT

### *The Role of the High Courts of the United States of America, South Africa and the European Union in Foreign Affairs*

*The purpose of this study is to investigate the role of the Supreme Court of the United States of America (SCOTUS), the two Appellate Courts of South Africa and the European Court of Justice of the European Union (ECJ) in foreign affairs. The latter three Courts do not have a history or track record in matters involving foreign affairs to the same extent as SCOTUS. The main focus has consequently been on this Court, with a more incisive examination of its role in foreign affairs. The study presents essential material and analysis on foreign affairs by all four Courts through their decisions, presentations and briefs to the Courts, scholarly contributions and relevant publications.*

*SCOTUS is not charged explicitly by the Constitution with any responsibility in foreign affairs. It does, however, embody the crucial principles of the separation of powers and checks and balances. Together with the doctrine of judicial review that the Court explicitly defined in 1803, SCOTUS is assured of being a formidable force in US society – and one no less in that country's foreign affairs from a very early stage. In the past 25 years SCOTUS has dealt more and more with issues pertaining to foreign affairs. The result has been that the executive paid the price when SCOTUS started cutting the President down to constitutional size. Therefore, while SCOTUS may not formulate foreign policy, nor engage in relations with foreign entities, many judicial actions directly and indirectly affect foreign affairs. The point is thus not whether the judiciary has a role to play in foreign affairs, but rather how great its influence is. The stage has now been reached where the President can no longer merely assume that his actions – defined as constitutional overreach – will not be critically scrutinised and he himself even be rebuked. The Court has thus determined that the point has been reached that a President has to be called constitutionally to order when he has gone too far. The conclusion reached is that SCOTUS is a de facto element in US foreign affairs. SCOTUS does decide cases that affect the relationship of the USA with the rest of the world; and as the Justices decide these cases, they are doing as much as anyone to influence US foreign affairs. The Court's pronouncements in*

*an age of globalisation, international terror, economic turmoil and, now lately, also with the ever growing international debate on immigration, and their consequential impact on the country's foreign affairs are not to be underestimated. Consequently, the stage is set for a greater involvement of SCOTUS in foreign affairs than before.*

*The highest judicial authority in South Africa has not shied away from involving itself in issues that may have an impact on foreign affairs. While not enough cases have as yet been decided to serve as a study equal in scope to that handled by SCOTUS, these two South African Courts have already decided benchmark cases. With a determined approach to human rights issues, their rulings have already left an indelible reminder that the judiciary will not be kept from adjudicating cases that may have implications for the country's foreign affairs. With its stern reprimands in these cases, the two Courts have lived up to their role of upholding the rule of law in exemplary fashion. Their rulings carried another equally important message: the judiciary has an unmistakable role to play in foreign affairs. In doing so these two Courts will not only hold the executive to the principles enshrined in the Constitution, but also keep the executive within constitutional limits.*

*From its inception, the ECJ has been an unusual international forum for the EU. Over the years it has expanded its jurisdictional authority well beyond its original, narrow boundaries. Its influence has become more apparent and contested. Contrariwise, the ECJ has been hailed as the most powerful supranational court in world history. It has already had a significant impact on the EU's foreign affairs by placing human rights unequivocally at the heart of the EU legal order. It secured an appropriate balance between fighting terrorism and protecting those rights. The Court's central argument was that the protection of fundamental rights forms part of the very foundation of the EU's legal order whereby the Court is committed to guide the EU in its foreign affairs. In doing so the Court has ensured that all EU actions are commensurate with and in harmony with obligations encompassed in all EU treaties. Over six decades the ECJ has grown into a formidable force, so much so that it has not endeared itself to the United Kingdom. In the Brexit negotiations between the UK and the EU, the ECJ has become a major bone of contention.*

*While the political branches of government most directly determine outcomes in foreign affairs, the contributions of the judiciary are no less significant. Many questions impacting on foreign affairs require constitutional interpretations relating to the authority vested in the executive and legislative branches. Only the judiciary possesses the authority to interpret constitutional and treaty stipulations. In doing so judicial decisions define the parameters and boundaries within which the political branches can and should operate – in domestic affairs and most definitely also in the foreign affairs of the USA, South Africa and the EU.*

**KEY WORDS:** Constitutional principles; foreign policy-making process; human rights; judicial review; national security; relevance of the judiciary; separation of powers; treaties; unconstitutional; war on terror

**TREFWOORDE:** Buitelandse beleidsmaatreëls; geregtelike hersiening; grondwetlike beginsels; menseregte; nasionale veiligheid; oorlog teen terreur; regsgesag se relevansie; reisverbod; skeiding van gesag; verdrae

## **OPSOMMING**

In die Verenigde State van Amerika (VSA) beskik die President oor besondere wye magte ten opsigte van buitelandse aangeleenthede; so ook die Kongres, en die Senaat in besonder. Die regsgesag het geen grondwetlik geformuleerde rol met betrekking tot buitelandse aangeleent-

hede nie. Dit beteken egter nie dat die Hooggereghof (HH) se uitsprake nie 'n wesenlike invloed op buitelandse beleidsmaatreëls het nie.

Die beklemtoning van menseregte het in 1994 sterk na vore getree met Suid-Afrika (SA) se benadering tot buitelandse aangeleenthede. Algaande het hierdie benadering begin verflou. Die Konstitusionele Hof (KH) het nie teruggedeins om die uitvoerende gesag krities oor sy grondwetlike verpligtinge tereg te wys en van sy vergrype ongrondwetlik te verklaar nie.

Die Europese Gereghof (EG) het ewe-eens oor dekades heen bepaalde beslissings gelewer wat die buitelandse beleidstandpunte van die Europese Unie (EU) in wese geraak het. Vir die Unie is sy Hof 'n kernpilaar om die hele stelsel standvastig te hou.

Terwyl politieke gesagsinstellings buitelandse beleid die direkste raak, is die bydrae van die regsgesag nie minder betekenisvol nie. Dit bepaal die grense waarbinne politieke take verrig mag word. Die regsgesag het die onmiskenbare feit dat dit 'n rol in buitelandse aangeleenthede het beklemtoon.

## INLEIDING

Vir lank het die propageerders van Foreign Policy Analysis hul blind gestaar teen die een faktor wat buitelandse beleid raak, naamlik die uitvoerende gesag. Hierdie siening word nou omvergewerp met die stawende analise dat die regsgesag inderdaad 'n rol te speel het – nie om geraadpleeg te word nie, maar om te verseker dat grondwetlike grense nie oorskry word nie en die uitvoerende gesag daarvolgens optree. Die HH is die grondwetlike instelling wat daardie grondwet moet interpreteer en wanneer kongresbesluite en presidensiële optredes met die grondwet bots, is dit hierdie Hof se plig om daardie aksies ongeldig te verklaar. Dit beïnvloed buitelandse beleidsbepalings.

Vandag funksioneer hierdie hoogste howe onder ander omstandighede as wat met hul totstandkomming geheers het – in 1787 in die VSA; in 1994 in SA en in 1952 met die EG. Hul betrokkenheid in buitelandse aangeleenthede het in die afgelope aantal dekades 'n toenemende eerder as 'n verminderde betekenis verkry, en hul rol in en invloed op buitelandse aangeleenthede word nie meer bevraagteken nie. Die debatte oor daardie rol is nou meer genuanseerd en verfynd as voorheen. Die uitvoerende gesag kan ook nie langer maar net aanvaar dat sy buitelandse beleidsaksies nie deur die regsgesag onder die soeklig geplaas sal word nie. Dit impliseer op sy beurt dat dit krities ontleed word en by tye ook teregwyssings sal meebring. Genoegsame ondersteunende bewyse bevestig 'n gesaghebbende gevolg trekking dat die instellings in hierdie regssordes inderdaad elk 'n besondere invloed op en unieke rol in buitelandse aangeleenthede het.

Hierdie regsgesinstellings skram geensins meer daarvan weg om hul juridiese mag ten toon te stel wanneer hulle met sake te doen kry wat oor buitelandse aangeleenthede handel nie. Die gevolg hiervan is dat die uitvoerende gesag in toenemende mate gedwing word om aan die regsgesag gehoor te gee, hoe onaangenaam dit ook al vir eersgenoemde mag wees. Die regsgesag wys die uitvoerende gesag nou tereg en deins nie meer terug nie. Politieke maghebbers kan nie meer die grondwet in die gevalle van die VSA en SA en verdrae in die geval van die EU as 't ware aan- en afskakel soos wat dit hulle pas nie. So 'n toedrag van sake sou immers daartoe kon lei dat daardie maghebbers self, en nie die howe nie, bepaal wat die opperste wet van die land vereis. Hierdie uitgangspunt omvat die rol van die regsgesag in 'n neutredop; dit is nie 'n rol wat sal afneem nie – nie in binnelandse aangeleenthede nie en seer sekerlik nie in buitelandse aangeleenthede nie. Dit dui ook aan dat die geregsgesag nie meer verdraagsaam met presidensiële oorskryding van gesag is nie.

Nietemin, al handel hofsake soms oor die mees sensitiewe politieke onderwerpe denkbaar behoort geen redelike buitelandse beleidmaker die regsgesag te vrees nie. Geeneen van die howe is by magte om buitelandse beleid te bepaal nie, en geeneen van hulle het dit dan ook al ooit probeer doen nie. Wat hulle wel doen, is om regsbeginsels te formuleer en neer te lê. Dit is hierdie beginsels wat buitelandse beleid beïnvloed en wat die rol van die regsgesag in buitelandse aangeleenthede verzekер. Dit is vas en onbevraagtekenbaar omdat dit op die opperste wet van die land gefundeer is. Die regsgesag kan nie die verantwoordelikheid ontduiik om behoorlike beperkings te stel wat ook op buitelandse aangeleenthede betrekking het nie. Enige raad oor hierdie aangeleenthede wat die uitvoerende gesag onder die aandag van die howe wil bring, kan natuurlik gedoen word alhoewel dit uiteraard nie gevolg hoef te word nie. Louis Jaffe maak hieroor die volgende waarneming:

... the court should not prostrate itself before the fancied needs of diplomacy and foreign policy [and the] claims of diplomacy are not absolute; to question their compulsion is not treason.<sup>1</sup>

Konvensionele teenargumente wat heel dikwels in hierdie verband gebruik word, is dat die uitvoerende gesag die ondervinding, vaardighede, buigsaamheid en politieke begrip het wat buitelandse aangeleenthede vereis. Niemand ontken dat die regsgesag nie oor hierdie institusionele bekwaamhede beskik nie, maar, om aan te voer dat die regsgesag, omdat dit nie daaroor beskik nie, die land se belang sou onderym, is verreggaande. Toe die HH aborsie met sy uitspraak in Roe v. Wade<sup>2</sup> gewettig het, was daar geen mediese kundige op die regbank nie en tog is die uitspraak aanvaar want dit was op die grondige interpretasie van die grondwet gefundeer.

Om die oppergesag van die reg en die betrokkenheid van howe in politieke en beleidsake te verstaan, is inherent gekompliseerd – nie net in die VSA nie, maar ook in SA en selfs die EU – omdat die regsgesag ingewikkeld rolle daarin speel. Wanneer regsbesluite met die bepaling van 'n rol in buitelandse aangeleenthede in gedagte beskou word, is dit noodsaaklik om nie net vas te stel wat die omvang van die regsgesag se invloed op daardie aangeleenthede is nie, maar ook tot watter mate die uitvoerende gesag as gevolg van hofbeslissings in toom gehou word. Nie net het die uitvoerende gesag se diskresie ten opsigte van buitelandse beleid die onderwerp van regsonderzoek geword nie, maar is die beginsel om sulke aangeleenthede uit ontsag vir die uitvoerende gesag te vermy, ook nou iets van die verlede. Om na te laat om die uitvoerende gesag se aksies noukeurig te ondersoek, lei onvermydelik tot 'n drastiese toename in die uitvoerende gesag se mag. Dit kan op sy beurt teenstrydig wees met die land se belang en teen die letter en gees van die aanvanklike beweegrede van die howe se instelling. Verder laat dit ook die mag van die uitvoerende gesag op wyses toeneem wat daardie gesag ontmoedig om self belangrike interne beheer oor sy eie mag te ontwikkel.

Die howe wat vervolgens hieronder bespreek word, toon almal dat hulle absolutu verbind is aan die oorheersende beginsel van die skeiding van gesag. Om die uitvoerende gesag enigsins toe te laat om self te besluit welke wette dit wil of nie wil gehoorsaam nie, en dan boonop te dikteer hoe die regsgesag hulle moet interpreteer, sal daardie beginsel radikaal skend. In enige grondwetlike demokrasie is dit totaal onaanvaarbaar. Tegelyk hiermee gaan ook die beginsel van geregtelike hersiening ("judicial review") wat in die drie registelsels ingegraveer is, en elkeen van die howe pas hierdie hersieningsbeginsel sonder aarseling en sonder vrees toe. Dit vorm 'n uiters belangrike hoeksteen van konstitusionele reg deur die unieke stelsel van geregtelike beheer

<sup>1</sup> Op bl. 157 haal Franck (1991) hierdie aan uit Jaffe se boek *Judicial Aspects of Foreign Relations*.

<sup>2</sup> Roe v. Wade 401 U.S. 113 (1973).

oor politieke instellings te verseker. Hierdie twee beginsels sorg beslissend daarvoor dat die oppergesag van die reg onmiskenbaar onskendbaar is en bly. 'n Europese Minister het onlangs na hierdie beginsels verwys as die sement wat die EU aanmekaar hou en nie net is hierdie opmerking van toepassing op die EU nie, maar ook op beide die VSA en SA.

## **DIE VERENIGDE STATE VAN AMERIKA (VSA)**

In die VSA beskik die President oor besonder wye magte ten opsigte van buitelandse aangeleenthede, wat almal uit sy grondwetlik erkende posisie voortvloeи. So oefen die Kongres ook 'n besondere invloed op buitelandse aangeleenthede uit deurdat die grondwet aan die twee Huise daarvan die verantwoordelikheid gee om oorlog te verklaar, fondse te bewillig en wetgewing te aanvaar. Dan word aan die Senaat 'n spesifieke rol met betrekking tot buitelandse aangeleenthede toegesê deur te vereis dat verdrae en presidensiële aanstellings goedgekeur moet word. Die regsgesag vervul geen grondwetlik geformuleerde of gefundeerde funksie met betrekking tot buitelandse aangeleenthede nie. Dit beteken egter nie dat die Hof se uitsprake nie 'n wesentlike invloed op buitelandse beleidsmaatreëls het nie.

Die begrip van geregtelike hersiening is nie in die grondwet vervat nie. Tog het die HH hierdie taak vir homself reeds in 1803 toegééien in die rigtinggewende uitspraak van *Marbury v. Madison*.<sup>3</sup> Daarna het hierdie Hof dit oor meer as twee eeu heen tot 'n allesoorheersende beginsel verfyn waarvan die Kongres met wetgewing en die President met sy optredes nie kan ontsnap nie. Daarmee word hul albei binne grondwetlike voorskrifte gehou wat die HH interpreer en tot beperkinge lei. Hierop het die HH sy mag gebou en hieruit vloeи sy enorme gesag om oordele te vel wat binnelandse sowel as buitelandse aangeleenthede in wese raak en beïnvloed.

Vir meer as 150 jaar het die HH nie die President se invloed in buitelandse aangeleenthede as die bepalende rol erken nie. Vanaf 1790 tot 1935 het hofbeslissings belangrike beginsels neergelê terwyl die magte van die Kongres en dié van die President dieselfde gebly het. So het die HH nie enige presidensiële magte erken wat nie in die grondwet uitdruklik of by implikasie genoem of geregverdig was nie. In buitelandse aangeleenthede was laasgenoemde sekerlik nie die geval gewees nie. Erkenning is net gegee aan die feit dat beperkings op presidensiële magte in die grondwetlike strukture opgeneem is. Een van die ware kenmerke van grondwetlike regering wat die opstellers van die grondwet daarin vervat het met die toepassing van die beginsel van gesagskeiding is om die President te verhinder om te bereik dit wat hy wil.

In hierdie tersaaklike tydperk het die HH die Kongres, en nie die President nie, beskou as die saakmakende gesag om oorlog te verklaar. Hierdie siening was in lyn met dit wat die opstellers van die grondwet teen die einde van die 18de eeu in gedagte gehad het – 'n uitvoerende gesag wat nie oor te veel mag beskik nie sodat 'n ambisieuse President nie mag tot sy eie voordeel kan aanwend en misbruik nie. Om hierdie uitgangspunt van die opstellers te verstaan, moet die geo-politiese omstandighede van daardie tydsgewrig in ag geneem word. Buitelandse betrekkinge was heeltyd in die opstellers se gedagtes, en vrees vir konflik met Brittanje, Frankryk en Spanje was nie ongegrond nie. Hierdie Europese moondhede het al drie ernstige uitbreidingsrange in die Amerikas gekoester en dit was gevolglik nie vergesog om die grondwet as een van nasionale veiligheid te beskryf nie. Dit moes per slot van rekening die territorialiteit en wese van die nuwe saambindende Unie van 13 jong en onervare state

<sup>3</sup> *Marbury v. Madison* 5 U.S. (1 Cranch) 137 (1803).

verseker en beskerm. Die insluiting van verwysings na “admiralty” en “piracy” in die grondwet was nie om dowe neutie nie. Die HH het in die eerste 50 jaar van die VSA se bestaan meer as 300 sake aangehoor wat met buitelandse aangeleenthede verband gehou het waarvan die meeste net met gebeure ter see gehandel het.

Buitelandse aangeleenthede het ’n deurslaggewende rol in die geskiedenis van die VSA gespeel en die HH se uitsprake moet reeds vanaf die vroegste tye in die lig van historiese, politieke, ekonomiese en sosiale faktore beoordeel word. So bevestig die HH reeds in 1804 baie duidelik die eksklusieve gesag van die Kongres oor oorlogsverklaring en word ook beslis dat die President, as Opperbevelvoerder, onderworpe aan statutêre beheer is.<sup>4</sup> Dwarsdeur die Burgeroorlog (1861–1865) was die HH pynlik bewus van wat een van die hoofopstellers van die grondwet, Alexander Hamilton, tydens die Konvensie opgemerk het:

It is of the nature of war to increase executive authority at the expense of legislative authority”.<sup>5</sup>

Selfs ’n President soos Abraham Lincoln kon nie in die stormagtige jare van die Burgeroorlog maak en breek soos hy wou nie. In ’n vername uitspraak van daardie tyd het die HH ’n presidensiële bevel van hom ongrondwetlik verklaar.<sup>6</sup> Fisher vat die beslissing besonders gepas saam:

The decision to spill the nation’s blood and treasure was left to Congress, not the President.<sup>7</sup>

Hierdie siening is in 1936 omvergewerp toe Hoofregter Sutherland sy berugte uitspraak in *Curtiss-Wright*<sup>8</sup> gelewer het om President F.D. Roosevelt tegemoet te kom. Met klaarblyklike verkeerde vertolkings verklaar eersgenoemde dat die President die “sole organ” van die VSA se buitelandse aangeleenthede is. Van toe af is die President se magte met betrekking tot hierdie aangeleenthede as plenêr en uitsluitlik beskou. Vir meer as 80 jaar het die HH aangehou om hierdie juridiese dwaling slaafs na te volg, en gevvolglik het presidensiële mag in buitelandse aangeleenthede ongehinderd buite grondwetlike grense toegeneem. In so ’n mate dat toe Roosevelt tydens die Tweede Wêreldoorlog Japannese in Kalifornië in konsentrasiekampe geplaas het, die HH te lamsakkig was om hom teen te gaan.<sup>9</sup> Eers in 2018 het die HH daardie hofsaak veroordeel toe Hoofregter Roberts hierdie snydende opmerking gemaak het:

The forcible relocation of U. S. citizens to concentration camps, solely and explicitly on the basis of race, is objectively unlawful and outside the scope of Presidential authority.

... Korematsu was gravely wrong the day it was decided, has been overruled in the court of history, and – to be clear – “has no place in law under the Constitution”.<sup>10</sup>

Die HH is standvastig in sy benadering dat dit die rol van die regsgesag insluit om ook in tye van krisis te verseker dat die uitvoerende gesag nie sy magte oorskry nie, selfs wanneer sodanige oorskryding populêr of dienstig is. Met *Youngstown*<sup>11</sup> is President Truman tydens die Koreaanse Oorlog die reg in 1952 ontsê om beheer oor kritiek belangrike privaat

<sup>4</sup> Little v. Barreme 6 U.S. 177 (1804).

<sup>5</sup> Hamilton, Madison, Jay 2014, No. 8.

<sup>6</sup> Ex Parte Milligan. 71 U.S. (4 Wall.) 2 (1866).

<sup>7</sup> Fisher 2017, bl. 49.

<sup>8</sup> United States v. Curtiss-Wright Export Corp. 299 U.S. 304 (1936).

<sup>9</sup> Korematsu v. United States 323 U.S. 214 (1944).

<sup>10</sup> Trump v. Hawaii 585 U.S. \_\_\_\_ (2018).

<sup>11</sup> *Youngstown Sheet & Tube Co. v. Sawyer* 343 U.S. 579 (1952).

staalproduksie-fasilitete in die naam van nasionale veiligheid oor te neem. Die betekenis van daardie uitspraak was dat die uitvoerende gesag nie oppermagtig is nie – nie eens gedurende 'n tyd van krisis nie. Dit is die oppergesag van die reg – dit wil sê die grondwet en regsreëls – wat oppermagtig is en bly. Dit is die plig van die regsgesag om te verseker dat die oppergesag van die reg gerespekteer, eerbiedig, afgedwing en verdedig moet word selfs in tye van krisis en nood. Trouens, dit is die uitvoerende gesag wat voorstel en die regsgesag wat beskik; so is dit in binnelandse aangeleenthede en so is dit in buitelandse aangeleenthede.

In die afgelope 15 jaar het presidensiële gesag meer en meer onder die soeklig gekom. In hierdie proses het die HH 'n dieper begrip van presidensiële magte geskep. Sommige presidensiële aksies na die gebeure van 9/11 het inbreuk gemaak op individue se basiese regte. Dit is hierdie optredes wat die regsgesag aangespreek het. Dit is gedoen nie omdat die grondwet die uitvoerende gesag verbied om dit te doen nie, maar eerder omdat die President alleen opgetree het of nie oor die nodige gesag beskik het om op te tree soos wat hy wel gedoen het nie. Met hierdie standpuntstellings, veral in ondergenoemde vier "Detainee Cases", het die Hof gedemonstreer dat Cicero se slagspreuk, *silent enim leges inter arma* (wanneer kanonne bulder bly die reg stil), nie langer toepasbaar is nie. Oor eeue heen is sy slagspreuk nie bevraagteken nie. Nou is die reg allesbehalwe stil wanneer kanonne bulder.

In 2004 is die eerste uitspraak in 'n reeks van vier hofsake wat almal voortgevloei het uit die ontkenning van basiese grondwetlike regte aan aangehoudenes in die berugte Guantánamo gevvangenis gelewer. Die hofsake van Rasul,<sup>12</sup> Hamdi,<sup>13</sup> Hamdan<sup>14</sup> en Boumediene<sup>15</sup> het bekendheid verwerf as die sogenaamde "Detainee Cases" en het die HH begin om onteenseglik die uitvoerende gesag se argumente dat sake rakende buitelandse aangeleenthede uitsonderlike behandeling behoort te ontvang en nie geskik vir geregtelike hersiening is nie te verwerp. In Hamdi verklaar die HH onomwonde dat die President oor geen blanko tjek beskik wanneer dit by die basiese regte van persone kom waarop hulle ingevolge die grondwet geregtig is nie. Hierdie wantroue in die uitvoerende gesag wat met Hamdi begin het, het geleidelik begin toeneem en die goue draad loop deur die daaropvolgende sake. Die President is tot grondwetlike grense teruggedwing en gehou selfs wanneer hy homself veroorloof het om uiterste maatreëls in die oorlog teen terrorisme na die gebeure van 11 September 2001 te neem.

In die mees onlangse verlede het die Hof meer en meer uitsprake gelewer wat met buitelandse aangeleenthede verband hou. Daarmee het die HH selfs fermer bakens oor hierdie aangeleenthede neergelê. Verbascend genoeg is dat die Hof se gevolgtrekking is dat buitelandse aangeleenthede per slot van rekening nie so uitsonderlik is nie. Die HH se uitgangspunt het verander: uitsonderlikheid is nou uitsonderlik, en die gevolge van hierdie uitsonderlikheid is betekenisvol. Voorheen het die HH oor baie dekades heen volgehoud om met betrekking tot buitelandse aangeleenthede onder andere die beginsel van politieke vraagstuk toe te pas. Sodoende het hierdie Hof konflikte met buitelandse beleidsimplikasies in so 'n mate vermy dat tydens die Viëtnam-oorlog geen substantiewe hofsaak daaroor aangehoor is nie. Dit het op sy beurt die uitvoerende gesag toegelaat om sy magte net nog meer uit te brei. Die President het aansienlike inskiklikheid van die HH ontvang en kon op sy beurt weer staatmaak op hierdie Hof se toegeeflikheid. Die HH se uitsprake het die President al hoe meer in 'n gemaksposisie geplaas.

<sup>12</sup> Rasul v. Bush 542 U.S. 466 (2004).

<sup>13</sup> Hamdi v. Rumsfeld 542 U.S. 507 (2004).

<sup>14</sup> Hamdan v. Rumsfeld 548 U.S. 557 (2006).

<sup>15</sup> Boumediene v. Bush 553 U.S. 723 (2008).

Die “Detainee Cases” is met twee ander uitsprake opgevolg waarin die Hof nog verdere standpunte gestel het wat direk op buitelandse aangeleenthede betrekking het. In Zivotofsky v. Clinton<sup>16</sup> is die beginsel van politieke vraagstuk wat toe al vir dekades gebruik was om hofsake te vermy wat met buitelandse aangeleenthede verband gehou het in behoorlike perspektief gestel. In Zivotofsky v. Kerry<sup>17</sup> het die HH die dwaling in Curtiss-Wright ontbloot en onseremonieel verwerp. Daarmee is ook enige twyfel uit die weg geruim dat die HH beslis ’n magtige en kragtige grondwetlike beoordelaar is. Met hierdie twee uitsprake het die Hof aansienlike vordering gemaak met die kritiese beskouing van buitelandse aangeleenthede. Noudat Curtiss-Wright nie meer daar is om op terug te val nie, is dit nie meer moontlik vir die uitvoerende gesag om die regsgesag in buitelandse aangeleenthede as vanselfsprekend te aanvaar nie.

Van betekenisvolle belang in die ontleding van die sake wat die HH aangewend het om sy gesag te demonstreer wanneer dit teen die President standpunt ingeneem het, is dat al die sake op een of ander wyse met ’n aspek van menseregte te doen het. Die sprekendste voorbeeld is eerstens die uitsprake in die vier “Detainee Cases” en tweedens dié wat met die “Alien Tort Statute” (ATS) van 1789 te make het.

Die ATS het in die laat 1970’s wêreldwyd aansienlike aandag begin trek toe die Carter-administrasie met oordreve geesdrif menseregte die kernfokus van die VSA se buitelandse beleid gemaak het. Dit het die weg gebaan om vergrype deur enigiemand wat waar ook al gepleeg is op grond van die ATS aan te roer en vergoeding te eis. Oorspronklik is die ATS geskep om die federale regsgesag te magtig om te verseker dat die VSA nie ander persone leed aandoen nie – beslis nie om te verseker dat andere nie leed aan ander buitelanders elders in die wêreld aandoen en dan in ’n hof in die VSA beveel word om vergoeding te betaal nie. Na byna 230 jaar het die HH uiteindelik die weg aangewys wat die opstellers van die ATS eintlik met die toepassing daarmee bedoel het. Die uiteinde van bepaalde gedinge gebaseer op die ATS het met drie rigtinggewende uitsprake van die HH gekom. Eers was daar Sosa in 2004,<sup>18</sup> toe Kiobel in 2013<sup>19</sup> en later Jesner in 2018.<sup>20</sup> Uit eersgenoemde twee sake het die term “foreign cubed case” voortgevloeи. Dit is wanneer die eiser, die verweerde en die plek waar die menseregte-vergryp plaasgevind het al drie buitelandse elemente is. So kan ’n eiser met geen nexus met die VSA nie, dusdanig nie aanspraak maak op die ATS vir regsbeskerming en vergoeding in die VSA nie. Daarna het die Hof in Kiobel die beginsel van ekstraterritorialiteit as onskendbaar verklaar en gedinge wat op die ATS gebaseer is afdwingbaar gemaak. Met Jesner is ’n einde gemaak aan vergoedingseise wat teen buitelandse korporasies vir menseregte-skendings elders in die wêreld deur middel van die ATS in ’n hof in die VSA ingestel kan word. Volgens hierdie uitspraak moet die Kongres federale howe se jurisdiksie eers uitdruklik wysig voordat nuwe aksies ingevolge die ATS aangehoor kan word. Hierdie uitspraak het sterk op die vorige twee hofsake gesteun veral die beginsels wat in Sosa neergelê is, is by herhaling aangehaal. Toe het die HH reeds teen die skepping van nuwe gronde vir korporatiewe aksies gewaarsku. Dit blyk nie vergesog te wees om te verklaar dat die einde van ATS-hofsake nou aangebreek het nie. Buitelanders se eise in die VSA oor wandade wat elders in die wêreld plaasgevind het, is nou iets van die verlede.

<sup>16</sup> Zivotofsky v. Clinton 566 U.S. \_\_\_\_ (2012) cite as 132 S. Ct. 1421.

<sup>17</sup> Zivotofsky v. Kerry 576 U.S. \_\_\_\_ (2015) cite as 135 S. Ct. 2076.

<sup>18</sup> Sosa v. Alvarez-Machain 542 U.S. 692 (2004).

<sup>19</sup> Kiobel v. Royal Dutch Petroleum Co. cite as 133 S. Ct. 1659 (2013).

<sup>20</sup> Jesner v. Arab Bank, PLC cite as 584 U.S. \_\_\_\_ (2018).

Vandag word die HH meer as ooit tevore in sy geskiedenis gekonfronteer met aspekte wat inherent globaal van aard is. Geen van hierdie probleme is in die ontstaansjare van die nuwe staat voorsien nie. Die VSA se ondervinding met gevare in die 18de eeu was in 'n wêreld wat toe gedefinieer was deur oseane wat moeilik was om oor te steek. Geen gebeurtenis het die VSA so diep in sy wese geskud as die gebeure op 11 September 2001 nie, en die antwoord om die gevolge van daardie gebeure teen te werk, was bepaald nie dat die President nou skielik oor meer mag as enige van al sy voorgangers beskik nie. Dit was juis hierdie magsvergryp wat die HH gedwing het om President George W. Bush in toom te hou en te repudieer. Om dit te doen was een ding, maar om hom ook in die proses tereg te wys, was iets heel anders. Toe die HH nietemin die uitvoerende gesag eers eenmaal tereggewys het, het ander bestraffings in buitelandse aangeleenthede gevolg. Wye aansprake op inskiklikheid teenoor die uitvoerende gesag wat op funksionalistiese regverdiging vir presidensiële oorheersing berus, of selfs eksklusiwiteit in buitelandse aangeleenthede opgeëis het, het nou die aandag van die HH getrek. So is die era van geen inskiklikheid al hoe verder in die jongste jare betree. Die uitvoerende gesag se opportunistiese argumente oor buitelandse aangeleenthede om 'n wye reeks van presidensiële optredes te regverdig, het die Regters nie meer beïndruk nie, 'n groot keerpunt wat met die "Detainee Cases" gekom het. Hulle verteenwoordig 'n drastiese herstel van die regsgesag se behoorlike rol in buitelandse aangeleenthede; dat die regsgesag 'n volwaardige rolspeler behoort te wees soos wat die grondwetskrywers dit bedoel het – ook ten opsigte van buitelandse aangeleenthede. In dié verband klink die opmerking in die Youngstown-uitspraak ook weer op. Wanneer die HH by die skeiding van gesag betrokke is, behoort dit die laaste en nie die eerste nie te wees wat toegee vir 'n toenemend magtige uitvoerende gesag wat globalisering aanmoedig en, erger, die opvatting huldig dat oorlog teen terreur teen enige prys geregverdig is. Die hofuitsprake wat op die gebeure van 9/11 gevolg het, het bewys dat die HH standpunt teen 'n President met betrekking tot buitelandse aangeleenthede sal inneem wanneer dit, soos in die ter saaklike gevalle, op regsgronde volg en op die grondwet baseer word. Dit het ook gewys dat die President nie sy spiere onbeperk in buitelandse aangeleenthede kan bult nie. Merkwaardig is dat die nederlae wat die uitvoerende gesag toegedien is, gekom het in tye wat gevolg het op bedreiging, vrees en paniek. Wanneer 'n magswanbalans plaasvind, is die noodsaaklikheid vir onafhanklike regstoesig nog belangriker as wat oorspronklik beoog is, bowenal in buitelandse aangeleenthede. Die punt is nou bereik waar die HH inskiklikheid vir die uitvoerende gesag in buitelandse aangeleenthede as 'n stompsinnige beginsel en benadering beskou.

Die HH het President Trump in 2018 gelyk gegee in 'n uitspraak wat gevolg het op sy reisverbod teen inwoners van 'n aantal lande. Sy opponente het geargumenteer dat hy sy magte oorskry het en dat hy bloot gemotiveer is deur sy anti-Moslem-vooroordeel. Voorts dat sy aksies diskriminerend van aard was om sy verkiesingsbelofte van 2016 na te kom. Die saak wat voor die Hof gedien het, het ewenwel nie gehandel oor die vraag of die President die mag het om so 'n omvangryke verbod uit te vaardig nie. Dit het eerder gegaan oor nasionale veiligheid, skeiding van gesag en bowenal oor presidensiële gesag en die beperkings daarop, veral op die gebied van immigrasie – 'n vername buitelandse beleidsaspek. In hierdie verband is die tersaaklike wetgewing van deurslaggewende belang. Dit magtig die President om die binnekoms van bepaalde vreemdelinge te verbied indien die uitvoerende gesag van oordeel is dat hul binnekoms nadelig vir die VSA se belang sou wees. Die uitspraak het die President op verskeie punte gelyk gegee. Bepaalde aandag is aan die kwessie van nasionale veiligheid geskenk. Só het die HH tot hierdie finale slotsom gekom:

Under these circumstances, the Government has set forth a sufficient national security justification to survive rational basis review. We express no view on the soundness of the policy. We simply hold today that plaintiffs have not demonstrated a likelihood of success on the merits of their constitutional claim.<sup>21</sup>

Die betekenis van hierdie uitspraak is tweeledig. Eerstens lê die belangrikheid daarvan hierin opgesluit dat dit President Trump sekerlik sal aanmoedig om wye presidensiële mag op te eis. Hierdie president sal sy opvolgers net soveel aanmoedig. Die oorwinning wat hy dus behaal het, was 'n belangrike een waardeur die nasionale veiligheid van die VSA versterk is. Tweedens het die HH beslis dat sy reisverbod geldig en grondwetlik is. Gevolglik is die regsgesag se rol in nasionale veiligheidsvraagstukke wat gewoonlik aan die politieke gesagsinstellings oorgelaat word erken. Die wese van die President se immigrasiebeslissings is sodoende as nasionale veiligheidsaspekte beskou en hanteer. Met dié uitspraak het die HH geloofwaardigheid verleen aan die verklaring dat in die geval van die VSA die HH sy rol in buitelandse aangeleenthede gekonkretiseer het.

## **SUID-AFRIKA (SA)**

In SA het beide die Konstitusionele Hof (KH) en die Appèlhof op 'n veel kleiner skaal dieselfde benadering in sake gevolg wat met SA se buitelandse betrekkinge verband hou. Die regsgesag verdedig onverskrokke die oppergesag van die reg. Met die optredes van die uitvoerende gesag om inbreuk te maak op menseregte en om internasionale verpligte en verantwoordelikhede te ignoreer, is nooit geaarsel om die President tereg te wys nie. Alhoewel hierdie twee Howe nog nie met 'n kritieke saak met betrekking tot 'n buitelandse aangeleenthed gekonfronteer is nie, het hulle wel met hul beperkte blootstelling aan 'n aantal sake met buitelandse beleidsimplikasies besondere vasberadenheid aan die dag gelê.

Die Appèlhof en afdelings van die Hooggeregshof het met twee sake te doen gekry wat kernbelangrik is in die beoordeling van die regsgesag se benadering tot sake wat buitelandse beleidsimplikasies inhou. Die een het voortgespruit uit die besoek van President Al-Bashir van Soedan aan SA in Junie 2015. Deur Al-Bashir tot SA toe te laat, het die uitvoerende gesag in botsing met die regsgesag gekom oor wat eintlik 'n menseregte-kwessie was. Die reeks hofsake wat uit die uitvoerende gesag se wanhantering van sy besoek gevolg het en SA se versuim om 'n versoek van die Internasionale Strafhof vir sy inhegtenisname uit te voer, het daarmee die ander sake oorskadu waarmee die twee Howe al te doen gekry het in verband met buitelandse aangeleenthede. Dat die uitvoerende gesag kras kritiek en verdoeming oor die aangeleenthede gekry het, was geen verrassing nie. Ook toe die uitvoerende gesag eensydig, sonder parlementêre betrokkenheid en goedkeuring, SA aan die Internasionale Strafhof wou onttrek. Wat egter 'n groter vernedering vir die uitvoerende gesag was, was die klad wat die onbesonne optredes gelaat het op SA se buitelandse aangeleenthede deur te faal om die hoë verwagtinge te handhaaf wat in die vooruitsig gestel is met die aanvaarding van die grondwet in 1994 toe verkondig is dat menseregte voortaan die rigsnoer in SA se buitelandse interaksies sou wees en waartoe President Mandela hom en SA onlosmaaklik verbind het.<sup>22</sup> Nog voor hy President geword het, het hy teenoor die wêrld verklaar dat menseregte die lig sal wees wat SA in sy buitelandse beleid sal stuur:

<sup>21</sup> Trump v. Hawaii 585 U.S. \_\_\_\_ (2018).

<sup>22</sup> Mandela 1993.

South Africa's future foreign relations will be based on our belief that human rights should be the core concern of international relations ...<sup>23</sup>

Nog 'n belangrike hofsaak waarin die KH betrokke was, het uit die ontbinding van die SAOG<sup>24</sup> Tribunaal voortgevloeи. In die hofsaak wat die Law Society aanhangig gemaak het, is die President se optrede om die Tribunaal te beëindig deur en deur as onwettig, irrasioneel en ongrondwetlik verklaar. Met hierdie sterk vermanings het die regsgesag sy rol om die oppergesag van die reg te bewaar op 'n uiters voortreflike wyse hoog gehou. Hoofregter Mogoeng het egter 'n baie betekenisvolle stap verder gegaan. Sy uitspraak het nie net die optrede van die oortredende President [Zuma] veroordeel en nietig verklaar nie, maar sy opvolger [President Ramaphosa] gelas om die wandaad reg te stel.

Hierdie uitsprake het ook 'n ander belangrike en net so 'n insiggewende boodskap uitgestuur. Dit was naamlik dat die regsgesag 'n onmiskenbare rol in buitelandse aangeleenthede te speel het. Deur hieraan te voldoen, sal dit nie net die uitvoerende gesag by die beginsels hou wat dit voorgee om te bevorder nie, maar die uitvoerende gesag sal ook binne grondwetlike perke en riglyne gehou word. Buitelandse aangeleenthede is nie 'n speelveld waar die President kan doen wat hy wil nie; hy sal tot verantwoording geroep word. Hierdie boodskap dra die regsgesag onomwonde uit.

Toe SA die wêreldarena in 1994 met groot gedruis betree het, is plegtig onderneem om internasionale verpligte getrou na te kom. Om verdrae te onderteken en internasionale ondernemings te maak, was die maklike deel. Die vuurproef het eers 20 jaar later gekom toe daardie plegtige beloftes struikelblokke geword het en die geriflike uitweg gevolg is om bloot van daardie verantwoordelikhede weg te stap. Die regsgesag het dit eenvoudig net nie toegelaat nie, en nou is geen buitelandse aangeleentheid vir hierdie twee Howe meer 'n heilige koei nie.

## DIE EUROPESE UNIE (EU)

Die EG het net soos die drie Howe in die VSA en SA oor jare heen gedemonstreer dat die oppergesag van die reg onmisbaar is om 'n demokratiese en regverdigte Unie te skep en te verseker, asook om die kernbeginsels daarvan te verdedig, soos die beskerming van menseregte. Dwarsdeur die geskiedenis het die Hof die oppergesag van die reg as allesoorheersend hanteer en dit as die fundamentele hoeksteen verklaar waarvoor die EU staan. Vir meer as ses dekades het hierdie magtige EG sy juridiese gesag ver buite die oorspronklike, eng grense uitgebrei. Die Verdrag van Lissabon van 2009 het die sentrale punt in Europese integrasie en in buitelandse aangeleenthede geword. Die Hof vorm 'n integrale deel van die verdrag.

Oor die jare heen het die EG dit nie moeilik gevind om 'n regsgefundeerde benadering te vestig nie. So is 'n nuwe era van juridiese aktivisme geformaliseer. Daarmee is menseregte tot 'n globale vlak verhef. Fundamentele regte is aan die spits van die EU se bestel geplaas. Menseregte het die siel van die hele regsorte van die EU geword waarmee die Unie ook sy benadering tot buitelandse aangeleenthede gevestig het. Toe die Hof moes besluit tussen verbintenis tot multilateralisme in die vorm van resolusies van die VN se Veiligheidsraad het die EG gekies wat die EU se standarde oor menseregte sou bevredig. Die Hof se hantering van die vier hofsake waarin Kadi<sup>25</sup> in hierdie verband betrokke was, getuig van die kragtige

<sup>23</sup> Ibid., bl. 97.

<sup>24</sup> Suider-Afrikaanse Ontwikkelingsgemeenskap.

<sup>25</sup> Hierdie hofsake het oor baie jare gestrek met die eerste uitspraak in 2005 en die vierde een in 2013.

en onwrikbare standpunt oor menseregte. Die EG het dit onomwonde duidelik gestel dat 'n verpligting wat 'n internasionale ooreenkoms meebring, nie die grondwetlike beginsels van 'n EU-verdrag kan prejudiseer nie. Die meegaande implikasies wat die EG se uitlatings vir die EU in sy buitelandse verhoudings tot gevolg gehad het, was nie gering nie. Dit is daarom nie verbasend nie dat die EU so onwrikbaar is dat die Hof die waarborges moet voorsien en gemoedsrus aan Europese burgers in die Verenigde Koninkryk (VK) moet lewer sou Brexit 'n voldonge feit word. In hierdie proses het die justitisering van politiek ("judicialisation of politics") met die EG se betrokkenheid in die jongste tyd in 'n globale omvang en met Brexit in besonder, in belangrikheid toegeneem.

Vir die VK het die EG 'n ondraaglike onderwerp geword. In so 'n mate dat die EG tydens die referendum oor Brexit in Junie 2016 'n beduidende rol gespeel het in die propaganda van die anti-EU veldtog. Daarna het Eerste Minister May 'n absolute standpunt ingeneem dat die VK onder die jurisdiksie van die EG moet uitkom sodat Britse howe hul eie soewereiniteit kan terugkry. In die Brexit-onderhandelinge tussen die EU en die VK was dit dus geensins verbasend dat die EG 'n vername twisappel was nie. Die Hof se verbinding tot 'n oplossing is vir die EU 'n gegewe en ononderhandelbaar. Daarenteen wil die VK te alle tye net wegkom van die EG se jurisdiksies. Vir die VK ondermyn die Hof Britse soewereiniteit. Die oomblik toe die VK besluit het om die EU te verlaat, het elke aspek van Brexit 'n buitelandse beleidaangeleentheid geword – vir die VK sowel as vir die EU. In daardie proses het dit tot 'n onderwerp ontwikkel waарoor die EU nie sal toegee nie. Om die eenvoudige rede dat die Hof ter wille van die Unie moet aanhou om betrokke te wees deur na die Unie se verdrae en ander internasionale verpligte om te sien en hulle te beskerm. Gevolglik het die EG 'n uiters verdelende faktor in die VK se interne politiek geword. Eerste Minister May het aanhou steier oor die EG se rol. 'n Scenario wat die VK 'n toekoms vry van die Hof sal verseker, sal die VK baie beslis hoog en droog op velerlei gebiede laat met onberekenbare gevolge op elke terrein van menslike aktiwiteit. Geleidelik het die Eerste Minister begin om die onvermydelike te erken dat die VK die betrokkenheid van die Hof op een of ander wyse sal moet aanvaar wanneer dit kom by onder meer lugvaart, medisyne, Europol, Euratom en vele ander areas waarin die VK wens om deel te wees van hierdie EU-agentskappe se aktiwiteite. Terwyl die Eerste Minister wel voorgestel het dat daar maniere kan wees om die EG se betrokkenheid te respekteer, sonder om die direkte jurisdiksie van hierdie Hof te erken, was daar by die EU eintlik nooit belangstelling of aptyt om nuwe mechanismes te skep om haar goedgesind te wees nie.

Die grootste ironie het gekom toe die EG in Desember 2018 verklaar het dat die VK wel eensdig die besluit om die EU te verlaat, kan terugtrek. Daarmee is die weg vir die Parlement gebaan om 'n groter en veelseggender rol te speel te midde van die Eerste Minister se toenemende onpopulariteit om politieke sparteling te oorleef.<sup>26</sup>

Op 15 Januarie 2019 het die Parlement die ooreenkoms wat sy vir 30 maande lank met die EU onderhandel het, verworp met die grootste meerderheid ooit in Britse geskiedenis. Nou moet die VK oor soveel aspekte van Brexit herbesin. Lamheid het oor Brexit ingetree. Die land staar politieke dooiepunte in die gesig. Leierskap het misluk. Verantwoordelikheid het geabdiikeer. Derhalwe ontstaan die onvermydelike vraag: wanneer gaan die VK 'n poging aanwend om die EU te verstaan? Wat die Britse onderhandelaars nie kan of wil begryp nie is dat die oplossing vir Brexit in Londen gevind moet word – nie in Brussel, Berlyn of Parys nie. Per slot van rekening is dit die VK wat uit die EU wil tree en nie die EU wat die VK vra

---

<sup>26</sup> In 'n opvolgartikel word die hele kwessie van Brexit aangespreek en die rol van die EG in daardie verband verduidelik.

om die Unie te verlaat nie. Wanneer hierdie begrippe verwarr en politieke speletjies met slagspreuke gespeel word, is die uiteinde dit wat Eerste Minister May nou gekry het. Dat sy dalk voortaan as die ongewildste en onbekwaamste Eerste Minister ooit gebrandmerk gaan word, het sy aan haar eie toedoen te danke.

So gee die Parlement aan haar 'n onbegonne opdrag op 29 Januarie 2019 om na Brussel terug te keer ten einde die bepaling van die voorgestelde ooreenkoms in verband met die Ierse grenskwessie te heronderhandel. Die essensie van hierdie besluit is dat die Parlement hierdie bepaling uit die ooreenkoms geskrap het. Sy moet 'n alternatiewe reëling vir die sogenaamde "backstop"<sup>27</sup> beding wetende dat dit die onwrikbare standpunt van die EU is dat die ooreenkoms nie heronderhandelbaar is nie. Die verdere betekenis van hierdie besluit is dat die Parlement effektiewelik beheer oor die onderhandelinge vir die finalisering van Brexit oorgeneem het. Twee ander besluite is ook belangrik. Eers om nie die sperdatum waarop die VK die EU moet verlaat, te verleng nie. Dan die bykomende besluit om nie 'n geen-ooreenkoms Brexit toe te laat nie. Alhoewel laasgenoemde 'n niebindende besluit is, is dit om twee redes belangrik. Dit verteenwoordig die heersende sentiment in die Parlement dat 'n ooreenkoms wel gevind moet word. Tweedens sal die EU dit tot eie voordeel maksimaal aanwend om nie verder met die VK te onderhandel nie.

EM May bepaal nie meer die koers nie. Sy neem ook nie meer besluite oor Brexit sonder om wyer te raadpleeg nie. Sy gaan ook met die leier van die Opposisie oorleg pleeg. Wat haar onderhandelingstrategie met die EU oor hierdie omstrede vraagstuk gaan wees, is moeilik bepaalbaar. Nog minder oor wat sy die EU kan aanbied om die onderhandelinge te heropen. Die finale stemming in die Parlement oor wat sy met die EU kon uitrig, vind op 14 Februarie 2019 plaas. Dit sal lotsbepalend vir haar eie toekoms en dié van die verhoudinge tussen die VK en die EU wees. Loop sy 'n bloutjie in Brussel is die gevaar dat die ooreenkoms met die EU gekelder is; dan is 'n geen-ooreenkoms die VK se voorland met al die kommerwekkende implikasies. Gevolglik sal die Parlement ander alternatiewe moet vind in die ses weke voor die VK die EU op 29 Maart 2019 moet verlaat. Wat hierdie moontlikhede is, is aan die einde van Januarie 2019 blope gissing.

Baie hofbeslissings het 'n politieke dimensie aangeneem en raak fundamentele beginsels. Oor baie jare heen het die EG se regsgesaktivisme beide lof en kritiek uitgelok. Daar is beweer dat die Hof se groeiende magte sy populêre legitimiteit erodeer het. Hierdie beweringe het hewiger geword met die uitbreiding van die Hof se jurisdiksie om areas soos menseregte, monitêre beleid, immigrasie en burgerskap in te sluit. Dit is juis oor hierdie toenemende reeks van aangeleenthede waaroor die EG alreeds uitlatings gemaak het en verbind is daartoe om die EU in sy buitelandse aangeleenthede te rig. Daardeur verseker die Hof dat alle EU-optredes in ewewig en in harmonie met verdragsverpligte is en wat as oppermagtig vir die Unie beskou word. Oor ses dekades heen het die EG tot 'n formidabele krag gegroei.

## SLOT

Terwyl politieke gesagsinstellings buitelandse aangeleenthede die direkste raak, is die bydrae van die regsgesag nie minder betekenisvol nie. Baie buitelandse beleidskwesties raak grond-

---

<sup>27</sup> Die bepaling is in die ooreenkoms ingesluit om 'n permanente grenspos tusen Noord-Ierland (deel van die VK) en die Ierse Republiek (lid van die EU) te verhoed. Word 'n stadium bereik waar reëlings tussen die EU en die VK skipbreuk ly en so 'n grenspos word ingestel, word wonde van die verlede weer oopgekrap en kan die onverkwiklike en gewelddadige sektariese konflik van die 1970s en 1980s nie uitgesluit word nie.

wetlike interpretasies omtrent die gesag wat in die wetgewende en uitvoerende gesag gesetel is. Slegs die regsgesag mag die grondwet interpreteer. Daardeur bepaal daardie gesag die grense waarbinne die politieke magshebbers kan en mag optree in binnelandse en baie beslis ook in buitelandse aangeleenthede. Die regsgesag het hierdie grenslyne duidelik aangewys en die onmiskenbare feit beklemtoon dat dit 'n plek in buitelandse aangeleenthede het en 'n rol daarin te speel het.

Die rol wat Howe in buitelandse aangeleenthede en dus ook in nasionale veiligheid speel, word nou al hoe meer gedebatteer. Hierdie gesprekke en studies fokus op die institusionele bevoegdheid van die regsgesag om ingewikkeld en soms sensitiewe buitelandse en nasionale veiligheidsaangeleenthede aan te pak, sowel as om die demokratiese en grondwetlike wettigheid van regshersiening op daardie gebiede na te kom. In al drie regstelsels maak hierdie hersiening 'n impak op beide substantiewe beleidsbesluite oor en die uitvoerende gesag se voldoening aan regsverantwoordelikhede in buitelandse aangeleenthede. Dit is waarin die kern van die regsgesag se rol in buitelandse aangeleenthede opgesluit lê en wat dan gestalte aanneem in die uitsprake van die onderskeie Howe wat hier ter sprake is.

## BIBLIOGRAFIE

### VSA: HOFSAKE

- Boumediene v. Bush 553 U.S. 723 (2008).
- Ex Parte Milligan 71 U.S. (4 Wall.) 2 (1866).
- Hamdan v. Rumsfeld 548 U.S. 557 (2006).
- Hamdi v. Rumsfeld 542 U.S. 507 (2004).
- Jesner v. Arab Bank, PLC cite as 584 U.S. \_\_\_\_ (2018).
- Kiobel v. Royal Dutch Petroleum Co. cite as 133 S. Ct. 1659 (2013).
- Marbury v. Madison 5 U.S. (1 Cranch) 137 (1803).
- Little v. Barreme 6 U.S. 177 (1804).
- Rasul v. Bush 542 U.S. 466 (2004).
- Roe v. Wade 401 U.S. 113 (1973).
- Sosa v. Alvarez-Machain 542 U.S. 692 (2004).
- Trump v. Hawaii 585 U.S. \_\_\_\_ (2018).
- United States v. Curtiss-Wright Export Corp. 299 U.S. 304 (1936).
- Youngstown Sheet & Tube Co. v. Sawyer 343 U.S. 579 (1952).
- Zivotofsky v. Clinton 566 U.S. \_\_\_\_ (2012) cite as 132 S. Ct. 1421.
- Zivotofsky v. Kerry 576 U.S. \_\_\_\_ (2015) cite as 135 S. Ct. 2076.

### VSA: BOEKЕ EN ARTIKELS

- Aloe, Paul H. 1982. Justiciability and the Limits of Presidential Foreign Policy Power. *Hofstra Law Review*, 11(1):517-556.
- Bigel, Alan I. 1986. *The Supreme Court on Emergency Powers, Foreign Affairs, and Protection of Civil Liberties, 1935-1975*. Lanham, Md: University Press of America.
- Breyer, Stephen 2015. *The Court and the World: American Law and the New Global Realities*. Alfred New York: A. Knopf.
- Cabrantes, Jose A. 2015. Withholding Judgment: Why U.S. Courts Shouldn't Make Foreign Policy. *Foreign Affairs*, 94(5) (September/October):125-133.
- Fisher, Louis 2017. *Supreme Court Expansion of Presidential Power: Unconstitutional Leanings*. University of Kansas Press, Lawrence, Ka.
- Flaherty, Martin S. 2011/12. Judicial Foreign Relations Authority After 9/11. *New York Law School Law Review*, 56(1):119-164.
- Fletcher, Kimberley L. 2013. The Court's Decisive Hand Shapes the Executive's Foreign Affairs Policymaking Power. *Maryland Law Review*, 73(1), Article 10:247-284.
- Franck, Thomas, M. 1991. Courts and Foreign Policy *Foreign Policy*, 83:66-86.
- Hall, Matthew E.K. 2011. *The Nature of Supreme Court Power*. New York: Cambridge University Press.

- Hamilton, Alexander 2014. *The Federalist Papers*. No. 8. Gepubliseer in Hamilton, Alexander; Madison, James and Jay, John. *The Federalist Papers (Mentor Series)*. Dover Publications, USA, 2014.
- Lee, Thomas H. 2012. Theorizing the Foreign Affairs Constitution. *Fordham University School of Law Legal Studies Research Paper* No. 1996734:1-32.
- Moore, John N. 2013. *Foreign Affairs Litigation in United States Courts*. The Netherlands: Koninklijke Brill NV.
- Powell, Nancy E. 1987. The Supreme Court as Interpreter of Executive Foreign Affairs Powers. *Connecticut Journal of International Law*, 3(1): 161-203.
- Randazzo, Kirk. 2004. Judicial Decision Making in U.S. Foreign Policy Litigation. *Annual Meeting of the Southern Political Science Association, New Orleans, 8 – 11 January*: 1-30.
- Schroeder, Christopher H. & Bradley, Curtis A. 2009. *Presidential Power Stories*. New York: Foundation Press.
- Schubert, Glendon A. Jr. 1973. *The Presidency in the Courts*. New York: Da Capo Press.
- Slaughter, Anne-Marie & Bosco, David. 2000. Plaintiff's Diplomacy. *Foreign Affairs*, 79 (September-October): 102-116.
- Tigar, Michael E. 1969-70. Judicial Power, the 'Political Question Doctrine' and Foreign Relations. *UCLA Law Review*, 17:1135-1179.
- White, G. Edward. 1999. Observations on the Turning of Foreign Affairs Jurisprudence. *University of Colorado Law Review*, 70(4) (Fall): 1109-1125.
- Whittington, Keith E. 2007. *Political Foundations of Judicial Supremacy: The Presidency, the Supreme Court, and Constitutional Leadership in U.S. History*. Princeton: University Press.
- Yoo, John. 2003. Judicial Review and the War on Terrorism. *The George Washington Law Review*, 72(1-2) (December): 427-451.

#### **SA: HOFSAKE**

- Law Society of South Africa and Others v. President of the Republic of South Africa and Others (CCT67/18) [2018] ZACC 51 (11 December 2018).

#### **SA: BOEKЕ EN ARTIKELS**

- Fritz, Nicole. 2014. The Courts: Lights That Guide Our Foreign Affairs? *South African Institute of International Affairs, Occasional Paper*, 203:1-15.
- Mandela, Nelson. 1993. South Africa's Future Policy: New Pillars for a New World. *Foreign Affairs*, 72(5) November/December 1993: 86-97.

#### **EU: HOFSAKE**

- Vier hofsake waarin Yassin Abdullah Kadi met die Europese Unie gewikkel was.

#### **EU: BOEKЕ EN ARTIKELS**

- Alter, Karen J. 2014. *The New Terrain of International Law: Courts, Politics, Rights*. Princeton: University Press.
- Beck, Gunnar. 2018. *The Court of Justice of the EU: Imperial, not Impartial*. Politeia.
- Cremona, Marise & Thies, Anne. 2014. *The European Court of Justice and External Relations Law: Constitutional Challenges*. Oxford: Hart Publishing.
- Eeckhout, Piet. 2017. Brexit and the ECJ red line. *UCL European Institute*, 29.
- Kelemen, R. Daniel. 2016. The Court of Justice of the European Union in the Twenty-First Century. *Law and Contemporary Problems*, 79:117-140.
- Kennedy, Helena. 2017. You can't just cut and run from Europe, Theresa May – it's illegal. *The Guardian*, 3 May 2017.
- Rankin, Jennifer. 2017. Brexit trade talks will be more complicated than first phase, says Merkel. *The Guardian*, 20 October 2017.
- Stone Sweet, Alec. 2010. The European Court of Justice and the Judicialization of EU governance. *Living Reviews in European Governance*, 5(2):1-50.
- Van Elsuwege, Peter. 2014. The European Court of Justice and External Relations: Constitutional Challenges. In: Cremona, Marise & Thies, Anne. *The European Court of Justice and External Relations Law: Constitutional Challenges*. Oxford: Hart Publishing: 115-136.
- Vikarska, Zuzana. 2012. The European Court of Justice as a Political Actor. *Charles University in Prague, Faculty of Law*, (August): 1-64.

# Digterlike beheer en herinterpretasie: T.T. Cloete se transkripsie van twee antieke tekste in *Onversadig*<sup>1</sup>

*Poetic control and reinterpretation: T.T. Cloete's transcription of two antique texts in Onversadig ("Unquenched")*

MARLIES TALJARD

Skool vir Tale, Noordwes-Universiteit,  
Potchefstroom  
E-pos: taljard.marlies@gmail.com



Marlies Taljard

**MARLIES TALJARD** is verbonde aan die Skool vir Tale van die Noordwes-Universiteit, Potchefstroomkampus. Verskeie artikels en hoofstukke van haar het in geakkrediteerde vakpublikasies verskyn. Sy tree op as artikelkeurder vir nasionale en internasionale akademiese tydskrifte en as manuskripkeurder vir Suid-Afrikaanse en Nederlandse uitgewers. Sy het referate op nasionale en internasionale kongresse gelewer en tree op as spreker by openbare geleenthede. Sy is redakteur van *Woord en Daad*. Die afgelope jare het 'n groot aantal resensies van haar in verskeie publikasies verskyn. Op Versindaba behartig sy 'n blog oor die digkuns en dien sy op die permanente resensiepaneel. Sy is tans betrokke by navorsing oor sowel die toegepaste linguistiek as die literêre teorie.

**MARLIES TALJARD** is a lecturer in the School of Languages at the North-West University (Potchefstroom Campus). She has published extensively nationally and internationally and presented papers at numerous conferences. She regularly writes book reviews for local and international newspapers and academic journals. Her solo blog on a prestigious SA poetry website is widely read. She serves on the editorial staff of several accredited and non-accredited journals and acts as adjudicator for literary awards. Currently her research focusses on rhetoric and literary theory.

<sup>1</sup> Hierdie artikel is 'n verwerking van die T.T. Cloete Gedenklesing wat op 20 September 2017 in die Senaatsaal van die Noordwes-Universiteit in Potchefstroom deur die skrywer gelewer is. Gedeeltes daarvan het as nie-akademiese teks op die webblad *Versindaba* verskyn.

## ABSTRACT

### *Poetic control and reinterpretation: T.T. Cloete's transcription of two antique texts in Onversadig ("Unquenched")*

One of the most distinctive features of the poet T.T. Cloete's work is the great number of intertextual references to the work of other poets and texts. From numerous interviews, lectures and conversations, but also from documents such as his famous memoir, *Die ander een is ek* ("The other one I am") (Cloete 2013), it seems that the poet himself also regards intertextuality in many different forms and varieties as one of the most typical aspects of his poetic practice. In *Die ander een is ek* he repeatedly demonstrates how his poems originated from, strike up conversations with and critically comment on other poems, stories, scientific articles, myths, philosophies and other texts.

The purpose of this article is to analyze two poems from T.T. Cloete's later work in order to demonstrate his view of the "comprehensive poem" (Afr. "omvattende gedig"). It will be demonstrated how these two poems (which are exemplary of a large part of Cloete's poetic oeuvre) are composed of intertextual references to the work of many other poets and to the poet's own work. The assumption is made that the chosen poems represent the core aspects of Cloete's poetics and that they poetically shape the main thoughts which form the warp and woof of his self-reflexive work *Die ander een is ek*. The poetic practice of juxtaposition is used as an important theoretical basis for this article. In addition, different forms of intertextuality are investigated. In the two relevant poems the latter practice mainly appears in the form of verbatim rewriting of existing poems (transcription). The conclusion is made that, in the section "saamsing" ("singing together") in the volume *Onversadig* ("Unquenched"), a short concept of the poet's Ars Poetics is presented, and that he not only sheds light on his poetic practice, but also on his own personal identity as poet and disfigured individual in the poems "swerwende verse" ("migrating verses") and "Achilles se skild" ("Achilles's shield").

The first main point deals with the poem "swerwende verse". This poem is read as an extensive Ars Poetics in which the poet reflects on one of the most important themes in his creative work, namely his amazement at everything that was created, including specifically creative texts. He manipulates the ancient intertexts by quoting selectively those parts and ideas with which he can identify and which form the basis of his own life and world view as illustrated by his body of creative work. Then he fertilises the old poems with modern insights that ensue from the themes of the ancient poems. As an academic who is familiar with postmodernist theory, Cloete deliberately emphasizes the process of text construction and the constructed nature of his text. From snippets of the ancient texts he abstracts the essence of those texts and constructs a new text, representing the poet's own interpretation of the intertexts. In this way, he re-activates the old texts by making them relevant and stimulating to the modern reader.

A poem that is structurally and thematically strongly associated with "swerwende verse" is "Achilles se skild". These two poems frame the section "saamsing" in *Onversadig*. According to Yuri Lotman (1972: 306), the frame of a narrative (and in this case also of a series of poems in which the "story" of the poet's creative work is "told") has an important structuring and thematic function. References to Achilles's shield often appear in Cloete's work and illustrate the concept of self-transcendation which Cloete, according to his memoir *Die ander een is ek*, regards as one of the most important aspects of the creative process. He identifies with the ancient myth of Achilles's Shield in more than one way. In the second main point I discuss the way in which Cloete identifies with the lame god Hefaistos of ancient Greece. Cloete himself was disfigured in his youth by poliomyelitis and often refers to himself in metaphors of disfigurement. The cripple who is also an artist is a constant theme in the poetical oeuvre of

*T.T. Cloete. By accentuating the role of Hefaistos in the poem “Achilles se skild” the poet makes a statement about his personal identity as a so-called “cripple”. Hefaistos becomes a persona of the author himself.*

**KEYWORDS:** T.T. Cloete, intertextuality, transcription, juxtaposition, Shield of Achilles, saamsing, ars poetics, Onversadig, identity construction, Hefaistos

**TREFWOORDE:** T.T. Cloete, intertekstualiteit, transkripsie, juukstaposisie, Achilles se skild, saamsing, ars poëтика, Onversadig, Identiteitskonstruksie, Hefaistos

## OPSOMMING

Die doel van hierdie artikel is om twee gedigte uit die later werk van T.T. Cloete te ontleed met die oog daarop om sy siening van die “omvattende gedig” te demonstreer. Daar word aangetoon hoedat hierdie twee gedigte (wat eksemplaries is vir ’n groot deel van die digterlike oeuvre) saamgestel is uit intertekstuele verwysings na die werk van talryke ander digters én na sy eie werk. Daar word hoofsaaklik eksemplaries te werk gegaan met die veronderstelling dat die gekose gedigte die kernaspekte van Cloete se poëтика verteenwoordig en in ’n groot mate poëtiese gestalte gee aan gedagtes wat die skering en inslag vorm van sy selfrefleksiewe werk *Die ander een is ek* (2013). Die praktyk van juukstaposisie word as belangrike teoretiese basis gebruik. Daarbenewens word verskillende vorme van intertekstualiteit ondersoek. Laasgenoemde praktyk vind in die twee tersaaklike gedigte veral gestalte in woordelikse herskrywing of transkripsie. Die gevolgtrekking word gemaak dat die digter in die afdeling “saamsing”, uit die bundel *Onversadig* ’n kortbegrip van sy ars poëтика aanbied en dat hy nie net ligwerp op sy digterlike praktyk nie, maar dat hy ook sy eie identiteit as digter en geskende mens in die gedigte “saamsing” en “Achilles se skild” inskryf.

## 1. INLEIDING

Reeds in sy vroegste werk maak verwysings na en gesprekke met ander tekste ’n inherente deel van T.T. Cloete se gedigtekste uit.<sup>2</sup> Uit talryke onderhoude (byvoorbeeld Taljard 2014), lesings (byvoorbeeld Cloete 1988) en gesprekke, maar ook uit dokumente soos sy bekende *memoir*, *Die ander een is ek* (Cloete 2013), blyk dit dat die digter T.T. Cloete intertekstuele gesprekke in ’n verskeidenheid gedaantes as een van die mees tiperende aspekte van sy digpraktyk beskou. In *Die ander een is ek* toon hy by herhaling aan hoe sy gedigte uit ander gedigte, verhale, wetenskaplike artikels, mites, filosofieë en ander tekste ontstaan het en daarna heenwys of krities daarmee in gesprek tree.

In hierdie artikel word twee verwante gedigte uit die bundel *onversadig* (2011), naamlik “swervende verse” en “Achilles se skild”, ontleed met die doel om aan te ton hoe die digter gebruik maak van die werk van digters wat lank voor hom geleef het om namens hom te praat en hoe hy hulle werk toelig, herinterpretier, ondermy en herskryf ten einde nog ’n laag op die palimpseste van die antieke tekste te lê, tekste wat deur die eeu reeds meervoudig gekodeerd geraak het, sodat hulle ook vir die moderne leser nuut en betekenisvol word. Wat meer is: die

---

<sup>2</sup> Sien onder andere Cloete (1953); Gouws (1989:31); Jooste (1995); Robinson (1995); Viljoen (1995a); Du Plooy (1998); Nel (2002); Taljard (2012); Taljard (2015); Van Coller (2016:3-6).

twee tersaaklike gedigte, wat teen die einde van sy digterloopbaan geskryf is, bevat ook 'n kortbegrip van die belangrikste temas wat in die digter T.T. Cloete se werk voorkom.

In die eerste deel van die artikel sal eksemplaries te werk gegaan word deurdat die gedig "swerwende verse" in besonderhede ontleed word. Aangesien die gedig "Achilles se skild" reeds in 'n ander artikel (Taljard 2012) bespreek is, sal hierdie gedig minder volledig bespreek en sal daar slegs aangedui word in welke mate dié gedig aanvullend tot "swerwende verse" en die hoofargument gelees kan word.

## 2. TEORETIEESE PADWYSERS

Cloete se werk word – dalk meer as enigets anders – deur jukstaposisie gekenmerk.<sup>3</sup> Dié term word in die letterkunde meestal verstaan as die byeenbring van en verbandlegging tussen uiteenlopende of ooreenstemmende temas, veral ter wille van vergelyking, kontrastering of die bereiking van 'n bepaalde effek (Cambridge Dictionary 2018; Merriam-Webster Dictionary 2018), maar veral by Cloete óók die byeenbring van en verbandlegging tussen *tekste* wat die digter op een of ander manier met mekaar in gesprek laat tree. Die feit dat hy sy bundels titels gee soos *Jukstaposisie* of *Idiolek*, maak die leser boonop daarop attent dat die oueur, benewens digter, ook literator is en oor spesialiskennis van die letterkunde en die literêre teorie beskik. Geen wonder dus dat daar in die kritiese werk oor die digter T.T. Cloete dikwels gefokus word op die metatekstuele aard en die wetenskaplike toonaard van sy digterskap nie (Du Plooy 1998; Viljoen 2009:570; Taljard 2012; Taljard 2015).

In die afdelings "toepassings van dante", "transkripsie" en "perifrase" in die bundel *Idiolek* (Cloete 1986:51-79) lê die digter-literator, volgens Jooste (1995:104-6), klem op verskillende vorme van intertekstualiteit in sy werk. Ek gaan my in hierdie artikel slegs toespits op die praktyk van transkripsie waarna Jooste verwys, wat woordelikse oornname uit ander tekste impliseer. Jooste (1995:105-6) bring die term "transkripsie" soos dit in die bundel *Idiolek* gebruik word, in navolging van Van Dale (1977:164), in verband met die term *imitatio* wat beteken "navolging met herskeppende pretensie", "n waarderende aanvaarding van dit wat oorgelew is", maar "wat nie beskou moet word as 'n bewys van geestesarmoede of gebrek aan inspirasie nie". Jooste (1995:105) beweer oor Cloete se transkripsie-gedigte: "Dit wat eie is aan die mens, die digter, God selfs, dit word deur Cloete getranskribeer", want dit is wat hy beskou as waardevol vir die mens. Dit gaan veral om die vind van die tydlose, die soeke na immanente vorme en waarhede, waarin die semiotiese funksie van die tekens en simbole dieselfde bly, met behoud van die kenmerkende trekke van die artefak (Jooste 1995:106-7; Du Plooy 1998:6-7).

Die afdeling "transkripsie" in *Idiolek* (Cloete 1986:57-67) bevat gedigte wat verwant is aan dié wat staan in Afdeling 5 van *onversadig* (Cloete 2011:61-91) wat Cloete "saamsing" noem, maar waarin hy op baie meer blatante wyse "roof" uit ander digters se werk. Dié afdeling bevat tien gedigte waarvan 'n groot persentasie van die Cloete-gedig bestaan uit woordeliks "afgeskryfde" materiaal. In dié verband meld Cloete se bekende kortverhaal *Dr. Diedericks leer om te lag* (Cloete 2004:404-9) sigself onmiddellik aan. Dié verhaal sluit byna blatant inhoudelik én struktureel, aan by Jan van Melle se verhaal *Oom Diederik leer om te huil* (Van Melle 2004:38-44). Du Plooy (1998) bespreek die verhouding tussen hierdie twee verhale en wys daarop dat hoewel Cloete se verhaal op die stramien van Van Melle s'n gebou is, dit eintlik 'n herinterpretasie van die oorspronklike verhaal is en nie slegs 'n modernisering nie:

<sup>3</sup> Sien onder andere Gouws (1989:31); Robinson (1995); Viljoen (1995a); Nel (2002); Van Coller (2016:4).

Die byna onbeskaamde toe-eiening van die struktuur en “storie” van Van Melle se verhaal word gebruik om ’n geheel ander en veel meer gesofistikeerde problematiek aan die orde te stel. Om sy alternatiewe siening te stel, het Cloete die verhaal van Van Melle nodig, maar Van Melle se verhaal word aangevul deur die Cloete-verhaal sodat ’n mens inderdaad van ’n simbiotiese verhouding kan praat. Nie een van die tekste ly skade deur die verbintenis nie aangesien hulle mekaar aanvul as suplemente in mutualistiese sowel as kommensalistiese verhoudinge. (Du Plooy 1998:12)

In navolging van Spivak wat die werking van dekonstruksie beskryf as ’n herinskripsie van dié tekste wat in ’n bepaalde teks aan die werk is, maak Du Plooy die volgende stelling:

Die tegniek stel die skrywer dus in staat om ’n nuwe en vernuwende verhaal te vertel, ’n verhaal wat nuwe relevansie in ander omstandighede verkry, wat binne ’n ander epistemiese problematiek beweeg. (Du Plooy 1998:12)

Hierdie soort tekste is nie – soos dit soms oppervlakkig lyk – oop, deursigtige tekste nie – dit is egte postmodernistiese tekste soos Julia Kristeva (1980:36-63) dit in *The bounded text* beskryf. Dit is tekste wat saamgestel is uit reeds bestaande tekste sodat die resulterende teks uiteindelik “a permutation of texts” (Kristeva 1980:36) word, ’n mosaïek van sitate uit ’n onbeperkte aantal tekste wat op mekaar repliek lewer (Malan 1992:187). Worton en Still (1990:1-2) verwys na die immateriële aard van die teks en na die diskonse wat sowel die skrywer as die leser na die teks toe bring. Hierdie insig ondermyn die siening van die teks as afgesloten, outonome eenheid met eenduidige betekenis en finale sluiting (sien Viljoen 1995b:400). Dergelike tekste nooi die leser uit om deel te neem aan die signifikasieproses, onder andere deur direkte of verskuilde verwysings na die werk van ander kunstenaars.

Dit sou ’n eng benadering wees om in tekste soos hierdie slegs te soek na ooreenkoms en verskille met ander tekste. So ’n suwer ontologiese benadering kan wel die bestaanswyse van tekste beskryf, maar het nie ten doel om as analitiese instrument te dien nie. Uit Joan Hambidge se verklaring van intertekstualiteit blyk een van die belangrikste fasette van postmodernistiese tekste, naamlik dat ’n teks ’n ou storie kan oorvertel, “die bekende weer aanbied. Die reeds gesêde weer sê. Met ’n klemverskil: dat dit terselfdertyd ’n *kritiese* of *intellektuelle* kommentaar ook word” (Hambidge 1995:41).

Hierdie vorm van tekstuele saambestaan noem Genette (1997:5-8) hipertekstualiteit. Dit is daardie verhouding tussen tekste wat die klem vestig op die palimpseste, die verskillende lae van die teks en wat doelbewus inter-tekstueel wil wees en so gelees wil word. Genette se hiperteks is ’n self-bewuste teks waarin een kunswerk (die hipoteks) as basis vir ’n ander kunswerk (die hipoteks) gebruik word, soos wanneer Antjie Krog in *Kleur kom nooit alleen nie* (2000) skilderye as intertekste of hipotekste vir sommige gedigte in die afdeling “Sgraffito” gebruik. Genette se hiperteks is dus nie gemoeid met ’n algemene faset van taal nie, maar met ’n spesifieke generiese praktyk binne die literêre sisteem. Alhoewel begrip van hipertekste tot ’n belangrike mate afhanklik is van die leser se kennis van die getransformeerde hipoteks, voer Genette aan dat die “nuwe” teks, die hiperteks, egter ook onafhanklik van sy hipoteks betekenis kan genereer en dat tekste ’n dubbele bestaan kan voer, beide as outonome tekste en inter-tekste.

Uit die bestaande bespreking behoort dit duidelik te wees dat die ondersoek na intertekstuele verwysings in ’n postmoderne literêre werk soos *onversadig* meer behels as die blote naspeur van bronne waaruit die tekstuur van die teks saamgestel is. Hoewel Cloete geneig is om sy bronne aan te toon, steek daar tog ook iets van die trickster in hom – in gedigte waarin hy sommige bronne vermeld, verswyg hy soms ander belangriktes. Die analise van die intertekstuele gesprek binne ’n literêre werk behels, benewens die herkenning van hipotekste,

veral ook die herkenning en gesprek met die konvensies en norme wat geld in bepaalde tekste wat deur die literêre werk opgeroep word.

Linda Hutcheon (1988:124) beklemtoon die belangrike invloed van inbedding en inkorporering van verskillende soorte intertekstuele verledes in literêre tekste. Deur hierdie praktyk word die leser “bewus gemaak van die ‘teenwoordigheid’ van die verlede, maar ’n verlede wat slegs kenbaar is deur tekste, dit wil sê deur die historiese en literêre spore daarvan” (Foster 2001). Hoewel die onvermydelike skeiding en afstand tussen verlede en hede deur so ’n tegniek uitgelig word, word tog ook die verbinding met die verlede tekstueel en hermeneuties bevestig (Hutcheon 1988:125; Foster 2001) en word die skeiding tussen kunswerk en wêreld ondermyn.

### 3. “SWERWENDE VERSE”

Die wyse waarop Cloete in die kortverhaal *Dr. Diedericks leer om te lag* met intertekste omgaan,werp ook lig op die werkwyse wat die digter in die afdeling “saamsing” in die bundel *onversadig* volg. Soos in die verhaal van Doktor Diedericks, maak die digter in hierdie gedigte ook ryklik gebruik van transkripsies uit die brontekste, wat sodanig deur hom gemanipuleer en getransformeerd word dat dit binne die huidige tydsgewrig steeds relevant bly. Vervolgens bespreek ek die eerste gedig in die afdeling “saamsing”, naamlik “swerwende verse” wat ooglopend op vier antieke tekste gebaseer is.

Benewens eksplisiete verwysings na brontekste in gedigitels, onderskrifte en selfs in gedigte self, maak Cloete, die reële outeur (Brink 1987:147) in sy rol as akademikus – in teenstelling tot die implisierte outeur (Brink 1987:148-50) of die digter(stem) – in die bundel *onversadig* meermale van eindnote gebruik om addisionele verklarings en inligting by bepaalde gedigte te verskaf. By die titel van “swerwende verse” verskyn ’n lang eindnoot waarin die outeur verklarend en selfrefleksief kommentaar lewer. Hy wys op die eksplisiete ooreenkomste tussen die Egiptiese farao Achnaton se *Himne aan die son* en *Psalms* 19 en 104, en ook tussen die *Himne aan die son* en Sint Franciskus se *Canticle of the sun* (*Cantico di frate soli*) van 1224:

Die ooreenkomste tussen hierdie skeppingsgedigte is maar by benadering deur my gekursiveer om die identifisering van die interdigterlike te probeer vergemaklik. Ons het weliswaar hier met vertalings te make, maar die oorkoepelende ooreenkomste is onmiskenbaar, en dat die ooreenkomste selfs wordeliks ondanks die vertaling deurskemer, maak dit soveel merkwaardiger. (Cloete 2011:193)

Dit is duidelik dat die literatuurwetenskaplike prof. T.T. Cloete, as reële outeur, in hierdie eindnoot aan die woord is. Dit dui ook op die komplekse wyse waarop Cloete digter is en sy digterskap sien: hy is sowel geleerde, leermeester én digter. Hy is sowel die skrywer van sy poësie as die verklaarder daarvan; daarbenewens is hy ook die wetenskaplike wat in dieselfde gedigbundel in akademiese prosa meermale metatekstuele kommentaar op sy werkwyse lewer.

Die gedig “swerwende verse”, wat uit 22 dele bestaan, se eerste 14 dele bestaan hoofsaaklik uit sitate geneem uit *Akhenaton: Hymn to the Sun*, Psalm 19, Psalm 104 en Sint Franciskus se *Canticle of the sun*. Ooreenkomste tussen dié tekste word gekursiveer, soos in die eindnoot (Cloete 2011:193) verduidelik word. ’n Mens kan met reg vra waarom ’n digter ’n teks waarin etlike bladsye wordeliks uit ander digters se werk geduplikeer word, as deel van sy eie kreatiewe werk in ’n gepubliseerde digbundel laat verskyn. Ek sal poog om in die loop van hierdie artikel ten minste gedeeltelik antwoorde op hierdie vraag te verskaf.

### 3.1 Vagebond as persona van die digter

Eers in deel 15 (Cloete 2011:67) kom die ware simfoniese aard van die gedig “swerwende verse” tot uiting. Hier word ’n nuwe stem as’t ware in die antieke tekste ingebed – dié van ene “Vagebond”. Die vagebond is ’n figuur wat dikwels met kunstenaars geassosieer word. Arthur Compton-Rickett beskryf dié figuur soos volg in sy boek *The Vagabond in Literature*:

There are some men born with a vagrant strain in the blood, an unsatiable inquisitiveness about the world beyond their doors. (...) Sometimes the Vagabond is a physical, sometimes only an intellectual wanderer (Rickett 1906:3-4).

Hierdie onbevredigbare nuuskierigheid, die swerf van een teks na die ander én van plek tot plek, soos deur die gedigitel “swerwende verse” en die naam *Vagebond* gesuggereer word, is belangrike temas in Cloete se hele korpus poëtiese werk soos dit byvoorbeeld blyk uit die gedig “Plakker”:

Rondloop is nie ledigheid nie, reis  
het transmutiewe waarde,  
laat jou saam met die gneis  
beweeg, met die aarde

in sy oudste vorme, dit is ’n ingeskape  
word, ingesluit en ingeskape  
in ’n ver terugslaap.  
(...)

(Cloete 1992:19)

Hieruit blyk dat die digter reis nie slegs as konkrete verplasing beskou nie, maar ook as geestesaktiwiteit (vergelyk ook Rickett 1906:3-4), as ’n reis in tyd en selfs as ’n eenword met die geskape dinge. Cloete se poësie is deurtrek met die reismotief, hetsy in gedagtes as kosmiese reise; as reise van teks tot teks in die wêreldliteratuur; as reise na verskillende verledes, uiteenlopende kulturele ruimtes en verskillende bestaanwyse; of as konkrete reise. In die bundel *Driepas* kry ons byvoorbeeld in die vyfde afdeling die bekende gedig “Reis na Namakwaland” (Cloete 1989: 67-71). Die gedig “prima bestaan” (Cloete 1998:61) beskryf ’n reis van die verbeelding: “ek het lank in alaska in die toendra / ’n lewe volledig gelewe ...” Ook in sy ander bundels kom talryke verwysings na konkrete, intellektuele en droomreise voor. Inderdaad is die praktyke van intertekstualiteit en van jukstaponering as sodanig gebaseer op “reise” tussen tekste, plekke, kulture, verledes en dies meer.

Die vagebond as reisiger en figuur van die kunstenaar kom byvoorbeeld ook voor by R.L. Stevenson in sy gedig “The vagabond”. In Nederlands skryf sowel A. Roland Holst as J. Slauerhof gedigte met die titel “De Vagebond” waarin besin word oor die aard van digterskap. Slauerhof se gedig eindig soos volg:

Ik leef. Ik vrees alleen dat t web van wegen  
Dat zich al nauwer om de wereld spant,  
Mij niet meer doorlaat naar het ver gelegen,  
Steeds wenkend en steeds wijkend wonderland.  
(Slauerhof 1947:215)

Wie bekend is met Cloete se teks-eksterne uitsprake, sal weet dat hy veel klem lê op selftransendering of die terugtrek van die digter na 'n droomwêreld (soos Slauerhof se "wonderland") as belangrike aspek van kunsskepping (Cloete 2013:72), soos in die volgende sitaat:

Deurdat die gedig praat in kollektiewe transcendente, praat die gedig nie net namens die skrywer nie, maar namens ontelbare lezers (...) Daar is talle maniere van vermenigvuldiging van ons beperkte, tydruimtelike, liggaamlike bestaan, maar die belangrikste een van almal is (self)transendering. (Cloete 2013:58-9)

Nog 'n kenmerk van die vasebond is, aldus Rickett (1906:4), 'n hartstogtelike liefde vir die aarde en alles wat daarop lewe. Dit sien ons dwarsdeur Cloete se oeuvre, in 'n bundeltitel soos *Met die aarde praat* en ook in die gedig "swerwende verse".

Op grond van die voorafgaande argument kan die hipoteese gestel word dat Vagebond 'n persona is van die digter en dat die kommentaar wat Vagebond lewer inderdaad metatekstuele kommentaar is, of kommentaar wat die digter op sy eie digwerk – op sy poëtiese oeuvre as geheel – lewer.

### 3.2 Antieke tekste

Voordat die argument oor die vasebond egter verder gevoer word, eers iets oor die vier tekste wat die grootste deel van die gedig "swerwende verse" uitmaak. Die blote feit dat die ordenende instansie of "generating instance of narrative discourse", soos Genette dit stel (aangehaal deur Brink 1987:27) byna een twintigste van die bundel, wat 190 bladsye beslaan, in een enkele gedig aan woordelikse transkripsies uit brontekste afstaan, móét veelseggend wees. Waarom huis hierdie tekste?

In sy eindnoot by "swerwende verse" wys Cloete (2011:193) eksplisiet op die ooreenkoms tussen 'n oerteks wat aan die songod Aton opgedra is ("Himne aan die son") en Psalms 19 en 104 waarin dieselfde eienskappe aan Jahwe toegeskryf word. Die implikasie is dat daar sekere waarhede en godsbegrippe is wat in alle tye deel uitgemaak het van bepaalde geloofsoortuigings en nie spesifieker is aan die Christelike geloof nie. Die digter stel sy siening hieroor later in die gedig eksplisiet by monde van Vagebond:

Achnaton en Franciscus is op 'n interdigterlike plek  
binne die fanakalo se poëtiese taal  
skoon glansend bonasional  
buite tydruimte onder die son saamgetrek  
(Cloete 2011:70)

Dié reëls is heel goed te rym met Cloete se religieuse opvatting soos dit uit sy werk as geheel spreek, maar verwys ook na 'n aspek van die poësie as sodanig, naamlik dat gedigte transcendrale en universele waarde besit en tyd en ruimte oorskry.<sup>4</sup> In "Shifting Identity" uit

<sup>4</sup> 'n Mens kan aanneem dat Cloete se siening aangaande die aard van poësie aansluit by dié van Cleanth Brooks soos hy dit uiteensit in "The well wrought urn: Studies in the structure of poetry". Brooks fokus ook op die verhouding tussen gedigte van uiteenlopende oorsprong en tydperke, asook op die verhouding tussen kuns, lewe en waarheid/Waarheid. O'Shea (ongedat.:51) skryf oor Brooks se insig van die Keats-gedig: "its message seems to be that the imaginative, mythic insight is capable of embodying the basic and fundamental perception of man, of art, and of nature".

die bundel *Uit die hoek van my oog* sê die digter immers: “Van daardie pynlike naelstring om te behoort / aan ’n volk of ’n familie het ek my ontstoot” (Cloete 1998:45). En transendentaal, bonasional en immergeldend is die dele van die *Himne*, die *Canticle* en die Psalms wat die digter in die eerste 14 dele van “swerwende verse” aanhaal wel. Die digter T.T. Cloete praat *deur* hulle én laat hulle *namens hom* praat (Cloete 2013:58).

Dit behoort duidelik te wees dat die tekste wat Cloete in hierdie gedig weer tot lewe roep, ook nog ’n verdere belangrike aspek van sy idiolek belig, naamlik die verwondering aan die Skepping wat van die begin af enduit in sy werk teenwoordig is en wat ook duidelik uit die antieke tekste spreek. So spreek die digter se verwondering aan die inherente “kennis” van die sonneblom byvoorbeeld reeds uit die eerste gedig (“Sonneblom”) van sy debuutbundel (Cloete 1980:1). Verwondering is een van die belangrikste temas in dié bundel en al sy ander werk, byvoorbeeld:

### **Van mossies en meer**

hoe lieflik is  
u wonings Heer  
van duif en valk  
en mossie en meer

ons sing gesang  
ná lofgesang  
tot U o Heer  
van muis en slang

triceratops en virus  
Here sing ons luid  
hul lewe U  
simfanies uit  
(Cloete 1980:5)

Die kerngedagte van dié gedig verskil nie van dié van die vier antieke gedigte nie.

In sy uitvoerige bespreking van die Psalms (2014) beskryf Johannes Schnocks Psalm 104 as die waarneming en duiding van die wêreld met sy verskillende ruimtes, samehange en ritmes deur middel van ’n lofprysende gesprek met die Skepper self. Die menslike houding beskryf hy as “eine Haltung des Staunens und des lobenden Einstimmens” (Schnocks 2014:135) – ’n houding van verwondering en lofryke instemming. Hierdie soeke na ekologiese samehang en die konstante verwondering aan dit wat deur God tot stand gebring is en deur hom onderhou word (Schnocks 2014:138), is waarskynlik dié belangrikste kenmerk van die Cloete-oeuvre. Dáárom die uitvoerige aanhaling van tekste wat met die digter se eie digterstem resoneer in harmonie met al sy vorige bundels. So illustreer die kwaatry “Tristetrahedronis” uit *Driepas* byvoorbeeld sowel die digter se insig dat God in wese onbegryplik en onkenbaar is, as sy verwondering aan die Skepping:

Onse Vader, omdat ons U wil begryp, beperk  
ons U tot ons afgekoepelde hemel, U wat ook woon  
buite u holte oral waar u werke is en U wat werk

oral waar U woon, u die getripleerde trigoon  
(Cloete 1989:160)

My insig is dan dat die doel van die transkripsie uit antieke tekste eerstens wil klem lê op 'n allesomvattende religieuse oer-waarheid; tweedens demonstreer dit ikonies die teorie van die "Omvattende Gedig" (sien o.a. Cloete 2011:69) wat daarop neerkom dat alle waarhede waaroor digters dig, reeds iewers transendentaal of konkreet teenwoordig is en reeds deur ander digters/skrywers poëties vergestalt is. In hierdie geval is dit die tema van verwondering aan die skepping. In sy selfrefleksieve werk *Die ander een is ek* skryf Cloete (2013:151): "Ek verstrom my my hele lewe lank hoe 'n mens in alles wat jy lees ander skrywers se stemme hoor. As ek Psalm 19 en 104 lees, hoor ek tegelykertyd Franciscus se 'Cantico di Frate Sole' en Achnaton se 'Himne aan die son'". 'n Mens sou dus in die derde plek ook kon beweer dat die transkripsie van die antieke tekste klem lê op een van die belangrikste aspekte van die digter se digpraktyk, naamlik voortdurende gesprekvoering met sy eie oeuvre én tekste van ander skrywers. Vierdens lyk dit asof Cloete in hierdie gedig 'n kortbegrip van sy oeuvre wil aanbied – die essensie van sy kreatiewe werk – en intensioneel aansluit by sy mees ontginde temas en die tekste van ander digters wat daar mee resoneer.

### 3.3 Vagebond-dele

In die eerste 14 dele van die gedigteks "swerwende verse" het die ordenende instansie op wetenskaplike wyse eksplisiële ooreenkomste tussen reeds bestaande bronne aangetoon. Die Vagebond-dele, daarenteen, het die geaardheid van kantaantekeninge van 'n krities ingestelde leser by 'n teks wat hy aan die lees is. Daar word op tipies wetenskaplike wyse vrae gevra en parallelle oor eeue en millennia heen getrek tussen die ou tekste, die lewens- en wêreldebekouing van die digter en die digter se korpus gepubliseerde kreatiewe werk. Dit lyk asof die ordenende instansie wat die gedig beheer moeite doen om aan te toon hoedat die vier antieke tekste inderdaad 'n konsentraat is van die digter T.T. Cloete se digterlike oeuvre, onder andere deur gebruik te maak van 'n kommentator, Vagebond.

Dit is nie verbasend nie dat die eerste tema wat voorkom in die Vagebond- of "repliek"-tekste, inderdaad *verwondering* is. Soos reeds gesê, stem kritici saam dat verwondering met reg beskou kan word as die sleutelwoord en hoof tema van Cloete se poëtiese werk (sien byvoorbeeld Odendaal 1993; Viljoen 1995a; Marais 2009; Robinson 2009; Van Coller 2016). Vagebond sê in sy eerste verskyning:

#### 15 (*Vagebond 1*)

van verwondering vervul  
dink ek aan my vrugbestaan  
in my Ma se skoot verhul

al die bene van my lyf  
elke dag van my bestaan  
was toe reeds volledig opgeskryf  
(Cloete 2011:67)

*Verwondering en bestaan of lewe* word dikwels in samehang met mekaar in Cloete se werk aangetref. Hierdie strofes verwys na nog twee antieke tekste, naamlik Jeremia 1 en Psalm 139. In Jeremia 1:5 sê die Here vir Jeremia: "Voordat ek jou in die moederskoot gevorm het, het ek jou geken" (Bybel 1987:698) en Psalm 139, verse 13 en 15 in die Ou Vertaling stel: "... U het my niere gevorm, my in my moeder se skoot geweef ... My gebeente was vir U nie verborge toe ek in die geheim gemaak is nie, kunstig geweef in die dieptes van die aarde" (Bybel

1956:601). Hier het ons weer eens met 'n gedeeltelike transkripsie te make (uit tekste waarna in hierdie geval nie eksplisiet verwys word nie).

Dit is interessant dat die Psalmdigter stel dat hy "in die dieptes van die aarde" gemaak is. Verbondenheid met die aarde en die heelal (soos vroeër aangetoon) en die fassinasie met *ontstaan* en *bestaan* kom van die begin af by Cloete aan die orde. Die tweede reeks Vagebond-strofes lewer hierop kommentaar:

**16 (Vagebond 2)**

eue daarvór was ek lankal daar  
in die donker slaap

toe breek die lig en ek in haar  
gedroom die tyd wat roer roteer

nou word ek weer en weer  
gebore elke oggend staan ek op en elke keer  
is dit 'n avontuur

tienduisend kilometer en derduisend jaar  
skei my van die digter-koning van die Jode  
en nog verder terug die digter-faraao  
van die Egiptenare

tog is dit steeds dieselfde bruidegom  
wat uit die Ooste se slaapkamer  
soggens met opstaantyd na my in Afrika toe kom

dit is dieselfde mense wat dan ontwaak  
en land toe gaan  
en rou aarde braak

en wat die son se lig  
in hul gesig laat straal  
en in dieselfde suurstof  
en atome asemhaal  
(...)

(Cloete 2011:67-68)

Dat die digter beweer hy was eue voor sy geboorte al teenwoordig, dat dieselfde mense weer en weer hulle verskyning maak soos die son en dat ons dieselfde suurstof en atome tot die oneindige hersirkuleer, dui op 'n bepaalde wêreldbeeld waarop Cloete (2013:79) ook in *Die ander een is ek* selfrefleksief kommentaar lewer: "Dit is nie 'n nuwerwetse opvatting dat alles saamhang en die een ding in die ander kan oorgaan nie, dit is 'n ou insig." In sy poëtiese werk kom telkens die opvatting van die samehang van alle dinge en 'n sikliese tydbesef voor:

toe  
was die protomens nog  
in die akkedis  
saam met die beer en sog  
in die vis  
(Cloete 2007:31)

Ewige teenwoordigheid en gedaanteverwisseling word ook elders in die Vagebond-dele van die gedig “swervende verse” eksplisiet verwoord:

**17 (*Akhenaton: Hymne to Aton* en *Sint Franciscus: Canticle of the Sun*)**

met geringskatting van die nasies word  
onmerkbaar langsaam en sag  
fluisteringe van die een dag in die ander dag  
millennium ná millennium uitgestort

Achnaton en Franciscus is op 'n intergedigtelike plek  
binne die fanakalo se poëtiese taal  
skoon glansend bonasional  
buite tydruimte onder die son saamgetrek

waar waters is wat in borrelende wolke vry  
en minagtend oor ons kwansuise grense  
hoog oor ons klein aarde ry  
(Cloete 2011:70)

Dat die digter Achenaton en Sint Franciskus se name in die gedigtitel vermeld, hang saam met sy bewuswees van die hersirkulasie van tekste as digterlike praktyk en trouens ook as grondbeginsel van alle tekskonstruksie, maar veral ook met sy konsep van die sogenaamde “versamelde gedig” wat reeds in *Driepas* sy verskynning maak:

die gedig is 'n refleks  
in 'n enkele woord  
en in dié woord hoor  
die oor ineens ineens die teks  
  
van die versamelde gedig  
(...)  
(Cloete 1989:34)

Die konsep van die “versamelde gedig” veronderstel 'n “intergedigtelike plek” (Cloete 2011:70) – ek stel my iets soos Jung se Kollektiewe Onbewuste voor – waartoe digters toegang het en waaruit hulle put. Dit veronderstel dat alle gedigte eintlik sedert onheuglike tye reeds as metafisische konsepte iewers teenwoordig is. Julia Kristeva (1980:36-63) se insig is dat betekenis nie deur een skrywer gegenereer word nie, maar wel deur taaluitinge binne intertekstuele verband te plaas en te interpreteer aan die hand van wat voorheen reeds gesê of geskryf is – soos Cloete se intertekste.

Die Vagebond-gedigte is 'n soort lappieskombers van “hersirkuleerde” gedigte. In “16 (*Vagebond 2*)” in strofes 10–13 kan flardes tematiese materiaal uit die werke van E.N. Marais, J.F.E. Cilliers en Totius herken word. Deur gebruikmaking van die werk van ander Afrikaanse digters bevestig die digter sy verbondenheid met die Afrikaanse digterlike tradisie. Dit is egter nie die belangrikste intertekstuele spel in die Vagebond-gedigte nie. Veel belangriker is die intratekstuele verwysings na die digter se eie werk. Die feit dat hy byvoorbeeld Krom Joggom Konterdans uit Marais se “Die dans van die reën” by die naam noem en twee strofes aan 'n verwerking van sy lied afstaan, is veelseggend:

as Krom Joggom Konterdans  
 uit die Groot Woestyn reën maak  
 op sy Afrikaviool  
 en die weerlig die wolke oopkraak  
 die wind en die grootwild maal  
 dan op die vlaktes rond  
 en die kleinvolk roer ontroer  
 diep onder in die grond  
 (Cloete 2011:68)

Daar kom in Cloete se werk dikwels verwysings voor na die kreupel kunstenaar en (soos later in die artikel aangetoon sal word), is dit meestal verwysings na die reële outeur. In die gedig “astronout” staan daar:

self het ek Kromvoet swaar voet versit  
 maar gekonterdans en met die koevoet  
 van die droom sterre gewrik  
 (Cloete 2007:130)

Hier verwys die woord “gekonterdans” beslis ook na Marais se liedmaker Joggom Konterdans. ’n Mens sou in hierdie verwysing inderdaad ’n poging van die digter kon sien om die aandag te vestig op homself en sy kuns (liedmaker), veral in ag genome die feit dat die meeste intertekste in die Vagebond-gedigte uit die digter se eie oeuvre en denkraamwerk kom.

Die eerste reël van die gedig “16 (*Vagebond*)” verwys, in aansluiting by die voorafgaande Vagebond-teks wat handel oor die feit dat die sprekende ek reeds in die moederskoot aan God bekend was, na ’n konsep wat inherent is aan Cloete se poëтика: “eeue daarvóór was ek lankal daar”. Hierdie siening verwoord Cloete eksplisiet wanneer hy beweer: “Ons is verwant aan mense wat lank voor ons geleef het ... Ons het iets van Caesar in ons van vandaag. Ons asem Christus ook in, al glo ons nie in Hom nie” (Cloete 2013:80). In “Shifting identity” staan: “In hierdie en daardie ander lyf / het ek geleef” (Cloete 1998:45). Talryke ander intertekste uit die Cloete-oeuvre kan eweneens hier aangetoon word, onder andere in die gedigte “ons is” (Cloete 1982:106-7), “Eters II” (Cloete 1992:73), “Kadaster” (Cloete 1998:79-80) en “eier” (Cloete 2007:10-3). Daar is trouens geen Cloete-bundel waarin die gedagte van hersirkulasie nie ’n poëtiese gestalte vind nie. Die voortdurende ineenvlewing van nuwe en ou tekstuële materiaal is dan eintlik ’n kopknik in die rigting van Roland Barthes se bekende uitspraak dat die digter dood is. Die bestaan van ’n “versamelde gedig” of die “omvattende gedig” soos hy dit ook in “swervende verse” noem, plaas inderdaad ’n vraagteken agter die konsepte van digterskap en eienaarskap; agter grense van ’n literêre werk en agter iets soos ’n sluitende geheel. Ook die laaste kommentaar van Vagebond brei op hierdie insig uit:

die een dag roep die ander dag op met lig  
 met mense en bome gevul, met diere en water die een gedig  
 roep die ander op oor tyd en afstand  
 met minagtig vir mense se taal en afgegrensde land  
 (Cloete 2011:70)

Die voorafgaande bespreking lei 'n mens tot die gevolgtrekking dat die gedig "swerwende verse" 'n uitgebreide *Ars Poëтика* is waarin die digter besin en verslag doen oor een van die vernaamste temas in sy kreatiewe werk, naamlik die bemoeienis met en verwondering aan die bestaanswyse van alles wat geskape is, ingeslote spesifiek ook die bestaanswyse van kreatiewe tekste. Hy manipuleer die oertekste deur selektief daaruit aan te haal wat op sy eie lewens- en wêreldbeskouing en sy kreatiewe werk van toepassing is en bevrug dit met moderne insigte wat eksplisiet met die antieke gedigte in gesprek tree, dit bevestig en besinnend daarop uitbrei. As akademikus wat vertroud is met postmodernistiese teorie lê Cloete doelbewus klem op die proses van tekskonstruksie en die gemaakte aard van sy teks. Uit die fragmente van die oertekste abstraheer hy die essensie en maak daarvan 'n nuwe teks wat die digter se eie interpretasie van die brongegewe verteenwoordig. Op hierdie wyse heraktiveer die digter die ou tekste vir die moderne leser. Hy diep hulle as't ware uit die puin van vergetelheid op, stof hulle af en maak hulle relevant en stimulerend vir ons wat nou lees.

#### **4. ACHILLES SE SKILD**

'n Gedig wat struktureel en tematies sterk by "swerwende verse", die eerste gedig in die reeks "saamsing" (Cloete 2011) aansluit, is die laaste gedig van die afdeling, naamlik "Achilles se skild". Hierdie twee gedigte vorm as't ware die raam van dié afdeling en vervul daarom, volgens Yuri Lotman (1972:306), 'n belangrike strukturerende en tematiese funskie. Soos Achnaton se himne, kom verwysings na Achilles se skild dikwels in Cloete se werk voor. Die gedig "astronaut" in *Heilige nuuskierigheid* vergestalt byvoorbeeld poëties wat Cloete selftransendering noem en wat hy as een van die belangrikste aspekte van die kreatiewe proses beskou. In dié gedig teken die digter homself as "ruimtereisiger ... van die tuisbly", "belaai met 'n swaar vrag gedigte van digters / oues uit Israel uit Egipte en Griekeland ...":

ek het Achnaton hoor sing van die son  
en saam met die gewasse en sy mense opgestaan

en:

ek het deur 'n Griek se lieflike hand  
deel geword van 'n volle lewe  
binne die lewe op Achilles se skild  
(Cloete 2007:126-131)

Hier lê die digter eksplisiete verbande tussen die intertekste van die eerste en laaste gedig van die afdeling "saamsing" nog lank voordat die gedig geskryf is. Dit motiveer die aanname dat ten minste "swerwende verse" en "Achilles se skild" 'n samevatting van sy digterlike oeuvre en lewens- en wêreldbeskouing verteenwoordig.

Soos by "swerwende verse", bestaan ongeveer 'n kwart van die gedig "Achilles se skild" uit verbatim aanhalings uit J.P.J. Van Rensburg (1952:287-301) se letterlike vertaling van Boek XVIII van Homerus se *Ilias* met subtiele weglatings, herskrywings, en ingebedde teksdele wat nie in die bronsteks voorkom nie. Omdat daar reeds uitgebreid oor hierdie gedig geskryf is (Taljard 2012), sal in hierdie afdeling slegs kortliks by die voorafgaande argument aangesluit word.

##### **4.1 Homerus se beskrywing van Achilles se skild**

Een van die bekendste dele van Homerus se *Ilias* is die beskrywing van hoe Hefaiastos, die god van vuur en metaal, die Griekse held Achilles se skild maak voordat hy die geveg teen

die Trojaanse held Hektor aandurf. Boek XVIII bied 'n volledige beskrywing van die ronde skild met sy drie konsentriese sirkels. Die tradisionele interpretasie van dié tonele is dat dit 'n uitgebreide metafoor is vir die kosmologie van die Homerieuse tyd, naamlik dat die aarde 'n plat, ronde skyf is met die hemelkoepel wat daaroor gespan is en die koepelvormige onderwêrelde daaronder. Die Okeanosrivier vloeи reg rondom die aarde en vorm terselfdertyd die grens tussen die lewendes en die dooies én tussen die konkrete en onsienlike wêrelde. Oor die maak van die skild, skryf Homerus (Van Rensburg 1952:289): "Die aarde het hy daarop uitgebeeld, en die hemel, asook die see, die onvermoeide son en die volmaan; ook al die sterre waarmee die hemel bekrans is ..." Die ooreenkoms met die *Achnaton himne*, Psalms 19 & 104 en die *Canticle* is onmiskenbaar.

Sirkels vorm een van die belangrikste motiewe op die skild (sien Taljard 2012). Die Okeanosrivier is die belangrikste sirkel op die skild. Dit is die rivier waaruit alles ontstaan het en wat aan die buitenste rand van die wêrelde in 'n sirkel op homself terugvloeи. Die simboliek op die skild word allerwee aanvaar as 'n uitdrukking van die konsep dat die makrokosmos in die mikrokosmos weerspieël word en andersom.

#### 4.2 Cloete se Achilles-skild

Soos Homerus se skild, beeld ook Cloete se gedig "Achilles se skild" 'n bepaalde lewens- en wêreldbeskouing uit wat in sommige opsigte ooreenstem met Homeros se (sien Taljard 2012). Die feit dat 'n groot gedeelte van sy gedigwoordeliks uit Van Rensburg se vertaling van die *Ilias* kom, sou op vereenselwiging met 'n bepaalde deel van die Homerieuse kosmologie kon duи – 'n siening wat gebaseer is op 'n bepaalde lewens- en wêreldbeskouing wat deurgaans in die Cloete-oeuvre teenwoordig is. Toe-eiening van die Homerus-teks laat afwykings daarvan natuurlik soveel duideliker uitstaan. Skepping en lewe is in hierdie gedig, soos ook in die *Ilias*-fragment én in "swewende verse", 'n belangrike tema. In die *Ilias* en in Cloete se transkripsie val die klem sowel op die kunstenaar as skeppende wese as op die skepping van lewe op aarde soos dit op die skild uitgebeeld word. Ook die konsep van die hologram, naamlik dat die makro-kosmos en die mikro-kosmos wedersyds in mekaar ingebed is, kom dikwels by Cloete voor:

##### IV HEMELSE WANDELING

ek lê op my rug  
in die nag en kyk stadig  
téén die rasende stralende reis van die lig  
in miljoene jare in die oerverlede terug  
  
na waar die spiraal van die nautilus  
en van die alikreukel, die pou  
se stert en die rolvarkie toegevou  
in sy eie sirkel galakties nagedoen is  
(Cloete 1982:46)

Soos voorheen aangetoon, is die konsep van sikliese tyd en selfs tydloosheid nie vreemd aan Cloete nie. Tot sover dan die ooreenkomste tussen die *Ilias* en die Cloete-gedig.

Cloete se subtiele ondermynings, her- en inskrywings verdien nou nadere ondersoek. Die mees voor die hand liggende verskil tussen die antieke teks en die Cloete-teks is waarskynlik die intensie. Uit die *Ilias*-gegewe is dit duidelik dat die digter 'n model skep van die fisiese wêrelde soos dit destyds algemeen aanvaar is: 'n representasie van die ideale gebalanseerde

lewe binne die raam van die heilige Okeanosrivier. In teenstelling daarmee meld die Cloete gedig driemaal dat dit die doel is van die kunstenaar “om ons ontgrappende dubbele menslikheid / in een stuk te smee” en om “die onverklaarbare geheimsinnige mens” op die skild uit te beeld (Cloete 2011:82-90). Herhaling van woorde soos “ontgrappende”, “onverklaarbare” en “geheimsinnige” sluit aan by die idee van pluralisme en ongrypbaarheid van ’n agterhaalbare waarheid wat die postmodernistiese *Zeitgeist* kenmerk en resoneer weer eens met die digter se verwondering aan die werke van God, soos dit ook uit “swervende verse” blyk.

Nog ’n belangrike verskil tussen die *Ilias* en Cloete se herskrywing het betrekking op die raam van die verhaal. Nadat Hefaistos die kosmos en die menslike aktiwiteite op aarde op die skild uitgegraveer het, het hy “ook die groot krag van Okeanos se rivier daarop uitgebeeld al langs die buitenste rand van die stewiggemaakte skild” (Van Rensburg 1952:301). Cloete maak op dié plek van sy teks egter geen melding van die Okeanosrivier nie, maar beskryf die wrede geveg tussen Hektor en Achilles, wat in die *Ilias* eers heelwat later verskyn. Okeanos is ’n mistieke rivier en in die Griekse teks ’n sterk spirituele merker. Dit is veelseggend dat Cloete in die plek daarvan “die wredeste geveg, saam met mooi dinge / wesensgetrou ingesmee in die buitenste kring van die nes / van konsentriese sirkels ...” uitbeeld (Cloete 2011:90). Klemlegging op gevegte tesame met mooi dinge suggereer natuurlik ook die mens se “dubbele menslikheid” en die ongrypbaarheid van die menslike kondisie. Interafhanglikheid van die sublieme en die afskuwelike (die *soma* en *pleroma*) is ’n belangrike tema in Cloete se werk. In *Karnaaval en Lent* noem hy byvoorbeeld die mens “homo duplex” (Cloete 2014:40).

Raming is ’n belangrike faset van die antieke Griekse kuns. Die raam plaas die verhaal binne die ordenende beginsel waarvolgens die digter sy kosmologie konstreeur – in Homerus se geval is die Okeanosrivier die spirituele ruimte waarbinne hy sy lewens- en wêreldeskouing uitbeeld. Indien dieselfde vir Cloete se gedig geld, beteken dit dat hy sy lewenseskouing plaas binne die raam van geweld en wredeheid – dalk in aansluiting by eietydse (Suid-Afrikaanse) toestande. Getrou aan die aard van die “ontgrappende” en “dubbele” aard van die mens, word die woord “mooi” egter verskeie kere in dié gedeelte herhaal: ’n ikoniese illustrasie dus van die digter se lewens- en wêreldeskouing waarin uiterstes met mekaar verweef is.

#### **4.3 Hefaistos as persona van die digter**

Cloete begin die gedig “Achilles se skild” (Cloete 2011:82-8) met ’n verwysing na “die hinkende horrelvoet Hefaistos”. Ook in die volgende strofe word na hom verwys as “die kunstenaar met die behendige hande / die krom kreupele”; daar word gesê “hy staan op sy tenger hoepelbene” en wanneer die wapenrusting klaar is, tree hy “hinkend ver terug”. Die digter lê heelwat meer klem op die gebreklikheid van die Vuurgod as Homerus. Gebreklikheid word in antieke Griekse tye dikwels met kunsskepping geassosieer (Hubbard 1992:16-17). Ook Cloete vereenselwig hom daarmee. In *Die ander een is ek skryf* hy uitgebreid oor “Die lelikes en volmaak vermintes”:

In die kunswêreld is daar ’n vreemde saamgaan van genialiteit en artistieke begaafdheid in ’n liggaam wat lyk of dit ’n belemmering is ... onbeholpe, verpotte, geskonde of vermintkte liggome wat ryklik (self-) transenderend is.

en:

Achnaton, die Egiptiese farao, was besonderlik lelik, nie alleen sy gesig nie, maar ook sy liggaamsbou ... Tog was hy die skrywer van een van die allermooiste transcendentie van alle tye, die “Himne aan die son” ...

en:

Wat 'n ironie: Die liggaamlik onvolmaakte Hefaistos maak die wapens wat die liggaamlik superfiks Achilles weerbaar maak! ... sy bynaam in die *Ilias* is "die beroemde kreupele". 'n Krom Joggom Konterdans.

(Cloete 2013:139-51)

Die kreupel mens wat dikwels ook kunstenaar is, duik by herhaling in Cloete se werk op. Die sprekende ek beskryf homself in sy gedigte onder ander as "ek getrapte sprinckaan", hy praat van sy "gekraakte gebeente" (Cloete 2001:16) en sê: "ek groei aarde toe krom ek hel lewendig / skuins (...) ek moet sekondegetrou / onthou om (...) te beweeg krapskeef / en aaphinkende ...." (Cloete 2001:21). Indien 'n mens die reële outeur, geboë weens poliomielitis in sy jeug, in aanmerking neem, verwys die gedig "refraksie" heel waarskynlik ook na homself:

bog met balans  
u boom staan skeef  
gerangskik  
die een wat dans  
  
toe u my so genoeë gemaak het  
kon regop en ewewigtig leef  
u ook kwálik  
geraak het  
  
in die oog lopend opsigtelik  
is met 'n potegekreef  
wat skeef mik  
u in u skik  
(Cloete 1985:45).

Met inagneming van die bostaande, besef 'n mens dat die digter nie slegs sy lewens- en wêreldbeskouing, sy kunsbeskouing en die belangrikste temas uit sy oeuvre in hierdie gedig ingeskryf het nie, maar ook homself as weerlose mens én as kunstenaar. Die grense tussen smid en kunstenaar, tussen die Griek Hefaistos, die Egiptiese Achnaton, die digter T.T. Cloete en die mens Theunis Cloete, tussen gedig en werklikheid vervaag, soos ook die grense tussen *gedig* en *gedig* in hierdie "interdigterlike plek ... buite tydruimte onder die son saamgetrek" (Cloete 2011:71).

## 5. OPSOMMING

In hierdie artikel het ek aan die hand van twee skeppingsgedigte 'n klein venster probeer oopmaak na die kompleksiteit wat sy poëtiese tekste kenmerk. Ek het probeer wys op die simbiotiese saambestaan binne die Cloete-gedigte van talryke tekste wat almal deel uitmaak van die "Omvattende Gedig", op hoe die ordenende instansie wat agter die skerms werksaam is, fyn beheer oor sy intertekste uitoefen deur dit vir sy eie doel te ontgin, dit vanuit 'n nuwe paradigma te interpreteer en as't ware graffiti aanbring op die reeds meervoudig gekodeerde liggame van die tekste wat hom geïnspireer het, máár terselfdertyd nuwe kreatiewe tekste skep waarin die DNS van sy digterlike korpus vervat is.

In *Die ander een is ek som* Cloete hierdie werkwyse op:

Agter al hierdie dinge: Verwondering, gedigte, woorde, die besit neem van ander mense of dinge, en die liefde, die wrok, lê 'n onontsyferbare geheim: die heelal waarin alles met alles saamhang. Gedigte wys hierdie samehang uit, stuksgewys, brok vir brok, nooit heeltemal en nooit volledig nie. (Cloete 2013:10 en 11)

## BIBLIOGRAFIE

- Brink, A.P. 1987. *Vertelkunde: 'n Inleiding tot die lees van verhalende tekste*. Pretoria: Academica.
- Brooks, C. 1947. *The well wrought urn: Studies in the structure of poetry*. Londen: Dennis Dobson.
- Bybel. 1956. Kaapstad: Britse en Buitelandse Bybelgenootskap.
- 1983/1987. *Die Bybel: Nuwe vertaling*. Kaapstad: Bybelgenootskap van Suid-Afrika.
- Cambridge dictionary. <https://dictionary.cambridge.org/dictionary/english> (20 Mei 2018 geraadpleeg).
- Cloete, T.T. 1953. "Trekkerswee" en "Joernaal van Jorik". Proefschrift, Universiteit van Amsterdam. Amsterdam: C.V. Swets & Zeitlinger.
- 1980. *Angelliera*. Kaapstad: Tafelberg.
  - 1985. *Allotroop*. Kaapstad: Tafelberg.
  - 1986. *Idiolek*. Kaapstad : Tafelberg.
  - 1988. Die Bybel en die Afrikaanse digkuns. C.B. Powell-lesing. Julie. Pretoria: Unisa.
  - 1989. *Driepas*. Kaapstad: Tafelberg.
  - 1992. *Met die aarde praat*. Kaapstad: Tafelberg.
  - (red.) 1992. *Literére terme en teorieë*. Pretoria: HAUM Literér.
  - 1998. *Uit die hoek van my oog*. Kaapstad: Tafelberg.
  - 2004 (1984). Dr. Diedericks leer om te lag. In: De Vries (red.) (1984. pp. 404-409).
  - 2007. *Heilige nuuskierigheid*. Kaapstad: Tafelberg.
  - 2011. *Onversadig*. Kaapstad: Tafelberg.
  - 2013. *Die ander een is ek*. Plettenbergbaai: Pooka.
  - 2014. *Karnaaval en Lent is een gedig*. Kaapstad: Tafelberg.
- De Vries, Abraham H. 2004 (1984). *Die Afrikaanse kortverhaalboek*. Kaapstad : Human & Rousseau.
- Du Plooy, H. 1998. Intertekstualiteit as simbiotiese saambestaan: twee naamgenote en 'n belese engel. *Literator*, 19(3):5-28. Nov. 1998.
- Foster, P.H. 2001. Postmodernistiese intertekstualiteit as teiken: 'n bespreking van die jagter-interteks in "Die eland" van Wilma Stockenström. *Stilet*, XIII(3). <http://hdl.handle.net/10019.1/73895> (21 Mei 2018 geraadpleeg).
- Genette, G. 1997. *Paratexts: thresholds of interpretation*. J.E. Lewin (vert.) Cambridge: Cambridge University Press.
- Gouws, T. 1989. Die transkripsieë van T.T. Cloete. *Literator*, 10(3):31-47. Nov. 1989.
- Hambidge, J. 1995. *Postmodernisme*. Pretoria: J.P. van der Watt.
- Hubbard, Thomas K. 1992. *Nature and Art in the Shield of Achilles*. Arion (Third Series) 2:1: 16-41.
- Hutcheon, L. 1988. *A poetics of Postmodernism: History, theory, fiction*. New York: Routledge.
- Jooste, E. 1995. *Idiolek van T.T. Cloete*. *Literator* 16(3):103-31. Nov. 1995.
- Kristeva, J. 1980. *Desire in language: a semiotic approach to literature and art*. T. Gora, A. Jardin & L. S. Roudiez (vert.). New York: Columbia University Press.
- Krog, A. 2000. *Kleur kom nooit alleen nie*. Kaapstad: Kwela Boeke.
- Lotman, Ju.M. 1972. *Die Struktur Literarischer Texte*. (Vert. R. Keil) München: Wilhelm Fink Verlag.
- Malan, R. 1992. Intertekstualiteit. In Cloete (red.) 1992.
- Marais, J.L. 2009. Charles Darwin, die natuurwetenskappe en die verwondering in T.T. Cloete se poësie. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, 49(4):547-62.
- Merriam-Webster Dictionary. <https://www.merriam-webster.com/dictionary> (20 Mei 2018 geraadpleeg).
- Nel, A. 2002. "Afgekyk van en nagepraat na ...": Nederlandse tekste in "Vroue van Vermeer – T.T. Cloete. *Literator*, 23(1):37-51.
- Odendaal, B.J. 1993. Via alruin en seks tot God: die eiesoortige mistiek in die poësie van T.T. Cloete. *Literator*, 14(2):1-23.

- O’Shea. Ongedateer. “Ode on a Grecian urn” and “Go down, Moses”: an intertextual inquiry into John Keats and William Faulkner. *Fragmentos*, 5(2):49-70.
- Rickett, A. 1906. *The vagabond in literature*. Londen: J.M. Dent & Co.
- Robinson, A.S. 1995. Jukstaponering van Hom en my – die digter as hermeneut. *Literator*, 16(3):61-79. Nov. 1995.
- Robinson, R. 2009. ’n *Onvoltooide Naam* digterlik verbeel – verkennings aangaande ’n enigmatiese Goddelike Wese in TT Cloete se oeuvre. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, 49(4):507-34.
- Schnocks, J. 2014. *Psalmen*. Paderborn: Ferdinand Schöningh.
- Slauerhof, J. 1947. *Verzamelde gedichten*. ‘S-Gravenhage: A.A.M. Stols
- Taljard, M. 2012. Gesprek oor drie millenniums: T.T. Cloete se herskrywing van Homeros se Achillesskild-gegewe. *Literator* 33(2): <http://dx.doi.org/10.4102/lit.v33i2.399>. Besoek 14 Junie 2018.
- 2014. Dr. Marlies Taljard in gesprek met Prof. T.T. Cloete oor sy nuutste bundel Karnaval en Lent <http://versindaba.co.za/tag/marlies-taljard-onderhoudbundel-met-tt-cloete/> (28 Mei 2018 geraadpleeg).
- 2015. “Wat is die mens wat U so ryk beskenk het?” Die uitbeelding van die geveg tussen Karnaval en Lent by Bruegel en T.T. Cloete. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe* 55(2):205-19. Junie 2015
- Van Coller, H. 2016. T.T. Cloete as literêre kritikus, teoretikus en literatuurhistorikus (Deel 1): Rubriek, bloemlesings en literêre kritiek. *Literator*, 37(1):1-9. a1263. <http://dx.doi.org/10.4102/lit.v37i1.1263> (14 Junie 2018 geraadpleeg).
- Van Dale, J.H. 1977. *Nieuw handwoordenboek der Nederlandse taal*. ’s Gravenhage: Nijhoff.
- Van Melle, J. 2004 (1938). Oom Diederik leer om te huil. In De Vries (red.) (2004. pp. 41-47).
- Van Rensburg, J.P.J. (vert.) 1952. *Homerus: Die Ilias*. Stellenbosch: Pro Ecclesia-Drukkery.
- Viljoen, H. 1995a. Die fenomenologie van T.T. Cloete. *Literator*, 16(3):43-59. Nov. 1995.
- (Red.) 1995. Metodologie en representasie. Pretoria: RGN.
- 1995b. Spieël, kamer van spieëls – oor postmodernisme en representasie. In Viljoen (red.) (1995. pp. 393-416).
- 2009. Kreolisering van die Simbolisme in die poësie van T T Cloete. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, 49(4):568-89. Desember 2009.
- Vos, C. 2016. *God die groot Digter*. Pretoria: Cordus Trust.
- Worton, M. & Still, J. 1990. *Intertextuality: Theories and practices*. Manchester: Manchester University Press.

# Die invloed van agenthebbende passiefkonstruksies op die veranderende gebruik van die setsel *deur*<sup>1</sup>

*The influence of agentive passive constructions on the changing use of the adposition deur*

IAN KOTZÉ EN JOHANITA KIRSTEN

Skool vir Tale

Noordwes-Universiteit

Vanderbijlpark-kampus

E-pos: Kotzeian3@gmail.com

E-pos: Johanita.Kirsten@nwu.ac.za



Ian Kotzé

Johanita Kirsten

**IAN KOTZÉ**, lektor in Afrikaanse Taalkunde aan die Mafikengkampus van die Noordwes-Universiteit, fokus in sy navorsing op diachroniese korpuslinguistiek en taalverandering. Hy verken die veranderende gebruik van Afrikaanse setsels diachronies, spesifiek vanaf die vroeg-twintigste eeu tot die vroeg-een-en-twintigste eeu, aan die hand van gedateerde, elektroniese korpora van Kaaps-Nederlandse en Afrikaanse tekste. Sy navorsingsfokus is deskriptief en dit ondersoek die funksie van Afrikaanse setsels in konstruksies; hy verken die onderwerp meer breedvoerig in sy M.A.-verhandeling, getiteld *'n Eeu van verandering in die gebruik van geselekteerde Afrikaanse voorsetsels en die moontlike rol van preskriptivisme daarin*. Hy werk tans aan die uitbreiding van diachroniese korpora vir Afrikaans.

**IAN KOTZÉ**, lectures Afrikaans Linguistics at the Mafikeng Campus of the North-West University, and is interested in diachronic corpus linguistics and language change. He explores the changing use of Afrikaans adpositions diachronically, specifically from the early twentieth century to the early twenty first century, by means of dated, electronic corpora of Cape Dutch and Afrikaans. His research focus is descriptive and it examines the function of Afrikaans adpositions in constructions; he explores the topic in more detail in his M.A. dissertation, titled *'n Eeu van verandering in die gebruik van geselekteerde Afrikaanse voorsetsels en die moontlike rol van preskriptivisme daarin*. He is currently involved in a project aimed at expanding the existing historical corpus of Afrikaans.

<sup>1</sup> Hierdie artikel is 'n verwerking van sommige van die bevindinge verkry in Kotzé (2018) se M.A.-studie, *'n Eeu van verandering in die gebruik van geselekteerde Afrikaanse voorsetsels en die moontlike rol van preskriptivisme daarin*, aan die Vaaldriehoekkampus van die Noordwes-Universiteit, onder leiding van Dr. Johanita Kirsten. Ons wil hiermee graag ons dank uitspreek teenoor die drie anonieme eksaminatore vir die waardevolle terugvoer wat oor die voorlopige bevindinge gegee is.

**JOHANITA KIRSTEN**, senior lektor in Afrikaanse Taalkunde aan die Vaaldriehoekkampus van die Noordwes-Universiteit, fokus in haar navorsing op onlangse en voortdurende veranderinge in Afrikaanse taalgebruik. Sy verken Afrikaans diachronies, deur mikrolinguistiese en ander taalkenmerke se verandering met verloop van tyd verder te ondersoek, aan die hand van gedateerde, elektroniese korpora van Kaaps-Nederlandse en Afrikaanse tekste. Die fokus val veral op grammatale verandering vanaf die vroeg-twintigste eeu tot die vroeg-een-en-twintigste eeu, maar sluit ook ander tipes taalverandering in.

**JOHANITA KIRSTEN**, a senior lecturer in Afrikaans Linguistics at the Vaal Triangle Campus of the North-West University, is interested in recent and ongoing changes in Afrikaans language use. She investigates Afrikaans diachronically, by tracing changes in micro-linguistic and other linguistic characteristics through time, using dated, electronic corpora of Cape Dutch and Afrikaans. The focus is especially on grammatical changes from the early twentieth century to the early twenty first century, but also includes other types of language change.

## ABSTRACT

*The influence of agentive passive constructions on the changing use of the adposition deur*  
 Descriptive research on Afrikaans adpositions is very limited and the majority of the research focuses on what adpositions are (such as Ponelis 1979; 1993; Van Schoor 1983:67-84), and how they are used in constructions (such as Kempen 1984; Pretorius 1972; Ponelis 1984), without paying much attention to the function of the adposition in constructions. An Afrikaans adposition that is extremely under-researched is deur ("by" / "through"). This article investigates the reasons behind the frequency changes in the use of the adposition deur in Afrikaans between 1911 and 2010. Halliday and Matthiessen's (2014) representational function, a functional approach to syntax within the theoretical framework of systemic functional grammar, is used to analyse and interpret diachronic corpus data.

The four sections in Kirsten's (2016) Historiese korpus van geskrewe Afrikaans (*Historical corpus of written Afrikaans*) are used to conduct the analyses. Each section of the corpus represents a decade of Afrikaans language usage, namely 1911-1920 (S1), 1941-1950 (S2), 1971-1980 (S3) and 2001-2010 (S4), with intervals of 20 years between each decade – each section consists of approximately 261 000 words. Random samples of 500 instances of deur were extracted from each section of the corpus for further analyses.

The analyses indicate that between S1 and S2 of the corpus there is a significant increase in the total adpositional use of deur. The adposition, however, is used less frequently after S2 of the corpus, leading to a gradual, significant decline in usage between S2 and S4 of the corpus. Based on the analyses, it was determined that adpositional phrases with deur are used predominantly in conjunction with material processes. The overall frequency changes of the adpositional use of deur with material processes resemble the frequency changes observed in the overall adpositional use of deur. Between S1 and S2 of the corpus there is a significant increase in the use of adpositions with deur with material processes, followed by a significant decrease in use between S2 and S4 of the corpus. The same pattern of frequency changes is once again observed in the most salient use of adpositional phrases with deur with material processes, and where phrases with deur are used as part of the agent in passive constructions. This led us to the initial conclusion that changes in the most salient use of adpositional phrases with deur were the most likely explanation for the overall frequency changes of the adpositional use of deur. Approximately 85% of the total uses of deur as part of the agent with material processes are used to indicate the agent in long passives. There is therefore a strong relationship between the overall use of passive constructions in Afrikaans and the use of deur.

*Between S1 and S3 of the corpus there is a significant increase in the overall use of passive constructions, followed by a significant decline in usage between S3 and S4 of the corpus. Since the pattern of changes observed in the overall change of the adpositional uses of *deur* is very similar to the pattern of the overall change in the use of passive constructions in the corpus, the most likely explanation for the overall frequency changes in die adpositional uses of *deur* is the result of the change in use of passive constructions. The changes in the use of passive constructions directly impacted the most salient adpositional use of *deur*, to mark the agent in long passives, which caused the overall change in the adpositional use of *deur*.*

**KEYWORDS:** Afrikaans adpositions, *deur*, systemic functional grammar, representational function, semantic categories, material processes, agents, passive constructions, long passives, diachronic corpus linguistics

**TREFWOORDE:** Afrikaanse setsels, *deur*, sistemies-funksionele grammatika, voorstellingsfunksie, semantiese kategorieë, konkrete prosesse, akteurs, passiefkonstruksies, agenthebbende passiefkonstruksies, diachroniese korpuslinguistiek

## OPSUMMING

Daar is min deskriptiewe navorsing beskikbaar oor die gebruik van setsels in Afrikaans. Die meerderheid van die literatuur fokus op wat presies setsels is en hoe setsels in konstruksies gebruik word, sonder om veel aandag te skenk aan die grammatale funksie daarvan in sodanige konstruksies. Diachroniese navorsing oor setsels is ook beperk en die diachroniese navorsing wat wel beskikbaar is, fokus nie op die veranderende gebruik van setsels nie. 'n Setsel waaroor daar min navorsing beskikbaar is, is *deur*.

In hierdie artikel word ondersoek ingestel na die veranderende gebruik van die setsel *deur* vir die periode 1911 tot 2010. Die setsel se prominentste en ander meer of minder algemene gebruik word aan die hand van funksionele sintaksis, spesifiek die voorstellingsfunksie, geïdentifiseer met behulp van korttermyn-diachroniese korpuslinguistiese metodes. Elke afdeling van die korpus verteenwoordig 'n dekade van Afrikaanse taalgebruik, naamlik 1911-1920 (A1), 1941-1950 (A2), 1971-1980 (A3) en 2001-2010 (A4).

Die analyses toon dat die belangrikste algehele frekwensieveranderinge wat *deur* ondergaan het, ten nouste verweef is met die gebruik van *deur*-setselstukke om akteurs in agenthebbende passiefkonstruksies in te lei. Tussen A1 en A2 van die korpus is daar 'n beduidende toename in die algehele gebruik van setselstukke met *deur*, gevvolg deur 'n beduidende afname in gebruik tussen A2 en A4. Ongeveer 47% van al die setselstukke met *deur* word oor die korpus heen gebruik om die akteur van agenthebbende passiewe konkrete prosesse in te lei. Die prominentste gebruik van *deur* het waarskynlik verander as gevvolg van 'n verandering in die totale passiefgebruik oor die korpus heen. Die veranderende setselgebruik van *deur* kan gevolglik nie toegeskryf word aan verandering in die gebruik van die setsel op sigself nie, maar dit is eerder indirek die resultaat van die veranderende gebruik van passiefkonstruksies oor die korpus heen.

## 1. INLEIDING

In Afrikaans is daar min deskriptiewe navorsing gedoen oor die gebruik van setsels. Navorsing oor setsels is beperk tot meer formalistiese beskrywings van wat presies setsels is (bv. Ponelis 1979; 1993; Van Schoor 1983:67-84), en hoe dit in konstruksies gebruik word (bv. Kempen 1984; Pretorius 1972; Ponelis 1984), sonder om veel aandag te skenk aan die grammatale

funksie wat die setsels in konstruksies verrig. Beskrywings van setsels in die bogenoemde literatuur, met die uitsondering van Kempen (1984), is veral daarop ingestel om 'n formele onderskeid tussen verskillende tipes setsels te tref aan die hand van die verhouding tussen die setsel en sy aanvulling.

Op grond van die verhouding tussen die setsel en sy aanvulling, word setsels in formele sintaksis onderverdeel as voorsetsels, soos in die geval van die *deur*-setselstuk in “[w]ant onse taalvijande het *deur hulle uilatings* te Bloemfontein ons so baing vatplek op hulle gegee” (1911-1920, Verslaggewing), waar die setsel (skuinsdruk) voor sy aanvulling (onderstreep) staan; en agtersetsels, soos in die geval van die *deur*-setselstuk in “[u] het 'n wonderlike gevoel van lewenskragtigheid *die hele dag deur*” (Ponelis 1979:176), waar die setsel ná sy aanvulling staan. Voorsetsels en agtersetsels is egter net voorbeeld van simplekse setsels, aangesien daar ook komplekse setsels beskryf word. Alkantsels, byvoorbeeld die setselstuk met *tussendeur* in “*tussen die trane deur*” (Van Rooy 2017:261; Ponelis 1979:176-177), waar skeibare setsels beide voor en na die aanvulling voorkom, is 'n minder algemene vorm van 'n komplekse setsel, terwyl groepvoorsetsels, soos in die geval van die setselstuk met *deur middel van* in “[s]eebodem dieptelesings langs populêre roetes is tradisioneel *deur middel van klankeggo's* vanuit die rompe van skepe geneem” (2001-2010, Natuurwetenskappe), die algemener vorm van komplekse setselgebruik is.

Kempen (1984:11-13; 339; 363-364) beklemtoon dat “ons nie met wiskundige presiesheid ‘weet’ wat 'n voorsetsel is nie”, en dat 'n kliniese onderskeid tussen verskillende groepe setsels, soos dié van Ponelis (1979), van mindere waarde is. Vir 'n gebruiksgbaseerde studie is die bogenoemde groeperings inderdaad van minder belang, aangesien die verskillende tipes setsels bloot 'n uitbreiding van die voorsetsel-basiskategorie is en dieselfde sintaktiese funksies kan verrig (Van Rooy 2017:296; Kotzé 2018:61-63). Daar is egter nie veel navorsing beskikbaar oor wat presies dié sintaktiese funksies is wat setsels in Afrikaans verrig nie en daar word in bestaande (formalistiese) literatuur ook nie veel klem geplaas op wat die prominentste gebruikte van die onderskeie setsels in Afrikaans behels nie. 'n Setsel waaroor daar tans nie veel navorsing beskikbaar is nie, is *deur*.

Volgens Ponelis (1979:330-331; 415) word die setsel *deur* in Afrikaans vir 'n verskeidenheid funksies gebruik. Hy beklemtoon veral drie belangrike gebruikte van *deur*, naamlik: (i) die gebruik van *deur* by lokatiewe adjunkte om ruimtelike oriëntasie in terme van 'n verwysingspunt uit te druk, byvoorbeeld “dit het *deur die hele Transvaal* gereën”; (ii) dat setselstukke met *deur* in oorganklike nominaalkonstruksies met die onderwerp korreleer, byvoorbeeld “die omkoop van amptenare *deur Lockhead*” as die onderwerpskorrelaat van “*Lockhead* het amptenare omgekoop” in oorganklike nominaalkonstruksies; en (iii) dat setselstukke met *deur* gebruik kan word om die agent in agenthebbende passiefkonstruksies uit te druk, byvoorbeeld “die hofsaak is *deur baie mense* bygewoon” (Ponelis 1979:330-331; 411-415). Ponelis (1979:330-331; 415) verwys na die bogenoemde funksies van *deur* in konstruksies, maar beklemtoon nie eksplisiet watter van hierdie gebruikte meer of minder algemeen in taalgebruik voorkom nie. Hoewel die fokus van Ponelis (1979; 1984) se navorsing nie kwantitatief was nie, is dit belangrik om met behulp van nuwe taalteoretiese benaderings en kwantitatiewe navorsingsmetodes taalgebruiksdata te analiseer ten einde te bepaal watter van die bogenoemde gebruikte werklik in taalgebruik die prominentste is.

In hierdie artikel word ondersoek ingestel na die veranderende gebruik van die setsel *deur* vir die periode 1911 tot 2010. Die setsel se prominentste en ander meer of minder algemene gebruikte word aan die hand van die voorstellingsfunksie geïdentifiseer met behulp van korttermyn-diachroniese korpuslinguistiese metodes. Die analises toon dat die belangrikste

algehele frekwensieveranderinge wat *deur* ondergaan het, ten nouste verweef is met die gebruik van *deur*-setselstukke om agente in agenthebbende passiekonstruksies in te lei.

In afdeling 2 word 'n inleidende bespreking van sleutelbegrippe in die voorstellingsfunksie aangebied, waarna die algemene metodologie en historiese korpus in afdeling 3 in meer besonderhede bespreek word.

## **2. FUNKSIONELE SINTAKSIS EN DIE VOORSTELLINGSFUNKSIE**

Die voorstellingsfunksie, 'n vorm van funksionele sintaksis binne die raamwerk van Halliday en Matthiessen (2014) se uiteensetting van 'n sistemies-funksionele grammatika vir taalgebruik, is 'n tipe gebruiksgebaseerde taalteoretiese raamwerk. Binne die raamwerk van sistemies-funksionele grammatika word teks gesien as 'n artefak van taal wat realiseer deur taalgebruik (Halliday & Matthiessen 2014:3). In funksionele sintaksis word daar onderskei tussen drie primêre benaderings waarvolgens konstruksies geanaliseer en geïnterpreteer word aan die hand van funksies; hierdie funksies sluit in die tekstuele funksie, die kommunikatiewe funksie en die voorstellingsfunksie (Halliday & Matthiessen 2014:83).

Die beskrywing van die gebruik van *deur* in hierdie artikel is in die teorie van die voorstellingsfunksie van funksionele sintaksis ingebied. Ten einde die beskrywing sinvol te kan volg, word 'n in-diepte beskrywing van die nodige komponente van dié teoretiese raamwerk hieronder verskaf vir lesers wat nie daarmee vertroud is nie.

### **2.1 Sintaktiese benaderings binne die raamwerk van sistemies-funksionele grammatika**

Die tekstuele funksie is 'n pragmatiese perspektief op sintaksis wat fokus op die wyse waarop 'n klous op tekstuele vlak funksioneer as 'n boodskap (Halliday & Matthiessen 2014:83). 'n Klous het betekenis as 'n boodskap en is 'n samestelling van inligting met die tema as uitgangspunt vir die boodskap – taalgebruikers gebruik gevvolglik die tema as die basis vir wat hulle wil sê. In die tekstuele funksie word 'n klous geanaliseer op grond van die tema ("theme") en rema ("rheme") (Halliday & Matthiessen 2014:83).

Die kommunikatiewe funksie fokus op die struktuur van 'n klous as 'n kommunikatiewe handeling waarin die uitruiling van inligting sentraal staan (Halliday & Matthiessen 2014:83). 'n Klous word beskou as 'n transaksie tussen die spreker en die luisteraar met die onderwerp as die belangrikste faset van die transaksie. In die kommunikatiewe funksie word 'n klous geanaliseer aan die hand van 'n onderwerp, spil, predikaat en adjunkte (Halliday & Matthiessen 2014:83).

Die voorstellingsfunksie fokus op taalgebruik as die manifestasie van ervaring (Halliday & Matthiessen 2014:211). Taalgebruik word geanaliseer met die veronderstelling dat taalgebruik word om oor en in die werklikheid te kommunikeer, en dat "realiteit" voorgestel word met behulp van prosesse. Grammatikale eenhede word beskryf op grond van hulle funksie en verhouding tot die proses (werkwoord) in die konstruksie en nie aan die hand van eng formalistiese reëls enstrukture nie (Halliday & Matthiessen 2014:xvii). Dit gaan dus oor enige konkrete, mentale, emosionele of selfs 'n verbeeldelike toedrag van sake wat deur taalgebruikers gekonstrueer word, dit wil sê voorgestel aan die hand van leksikogrammatiese hulpbronne met die werkwoord, oftewel proses, as kern (Halliday & Matthiessen 2014:213; 220). In die voorstellingsfunksie word daar ondersoek ingestel na hoe 'n klous lyk en vir watter doel of funksie die verskillende sintaktiese elemente waaruit 'n klous bestaan, saam met 'n proses

gebruik word (Halliday & Matthiessen 2014:211). 'n Klous is in die voorstellingsfunksie meer as net 'n boodskap wat inligting op 'n bepaalde manier in 'n kommunikatiewe handeling oordra.

Vir die doel van die artikel word die voorstellingsfunksie gebruik ten einde te bepaal watter veranderende gebruik van die setsel *deur* waargeneem kan word. Dit is die geskikste van die bogenoemde drie benaderings om die prominentste asook die meer of minder algemene setselgebruiken van *deur* te identifiseer. Volgens Halliday en Matthiessen (2014:224) is die konsepte van prosesse, argumentrolle en omstandigheidselemente, wat in die voorstellingsfunksie gebruik word, semantiese kategorieë wat in die algemeenste terme verduidelik hoe ervarings van die werklikheid gekonstrueer word as linguistiese strukture. Die semantiese kategorieë in die raamwerk van die voorstellingsfunksie stel navorsers in staat om met 'n bestaande stel kriteria taalgebruiksdata te analiseer en te interpreteer.

## 2.2 Prosesse en argumentrolle in die voorstellingsfunksie

In die voorstellingsfunksie, aldus Halliday en Matthiessen (2014:220), bestaan 'n sintaktiese konstruksie uit drie komponente, naamlik:

- i. 'n proses wat ontknoop deur tyd;
- ii. die deelnemers wat betrokke is by die ontknopping van die proses; en
- iii. omstandigheidselemente (in die vorm van adjunkte / bywoordelike bepalings) wat met die proses geassosieer word.

Van al hierdie komponente is die eersgenoemde, dus die proses, die belangrikste element in die beskrywing van sintaktiese struktuur (sien ook Ponelis 1979:4). Aan die hand van die tipe proses of werkwoord word die ander argumentrolle en omstandigheidselemente in konstruksies geïdentifiseer en beskryf. In die voorstellingsfunksie word daar onderskei tussen handelende dinamiese prosesse en niehandelende statiewe prosesse wat gebruik word om ervaring voor te stel.<sup>2</sup>

### 2.2.1 Dinamiese prosesse

In die voorstellingsfunksie word daar onderskei tussen drie dinamiese prosesse, onderskeidelik konkrete, kommunikasie- en mentale prosesse. Daar is 'n mate van konseptuele oorvleueling tussen die sinsrolle in die verskillende dinamiese prosesse, maar elke dinamiese proses se sinsrolle is verfyn om die verskillende gebruikte van 'n konstruksie aan die hand van die tipe proses waarmee saam dit gebruik word, funksioneel te interpreteer. Die algemeenste dinamiese proses in taalgebruik is konkrete prosesse.

Konkrete prosesse fokus op 'n handeling. Die handeling word geïnisieer en verrig deur 'n akteur, die primêre argumentrol van konkrete prosesse wat die tradisionele aktiewe sinsonderwerp verteenwoordig. Die handeling word verrig deur die akteur ten einde 'n spesifieke doel te bereik. Die doel is 'n sekondêre argumentrol by konkrete prosesse en verteenwoordig die tradisionele aktiewe direkte voorwerp. Die volgende sinne bevat almal voorbeeld van konkrete prosesse (proses in vetdruk):

---

<sup>2</sup> Die omskrywings van die verskillende prosesse en argumentrolle is saamgestel aan die hand van Halliday en Matthiessen (2014:224-300) en Kotzé (2018:53-57) se besprekings van die terme.

- [1] ... terwyl hy alleen op 'n miershoop aan die geveg **deelneem** ... (2001-2010, Biografies)
- [2] Grobbelaartjie het nooit vir iemand 'n rekening **gestuur** nie. (2001-2010, Fiksie)
- [3] ... sy het haar man drie keer met 'n stok **geslaan** tot hy dood is ... (2001-2010, Fiksie)

“[H]y” (voorbeeld 1), “Grobbelaartjie” (voorbeeld 2) en “sy” (voorbeeld 3) is almal voorbeeld van die akteur. Hierteenoor is “aan die geveg” (voorbeeld 1), “'n rekening” (voorbeeld 2) en “haar man” (voorbeeld 3) voorbeeld van die doel. Voorbeeld 2 en 3 illustreer egter twee verdere sekondêre argumentrolle van konkrete prosesse, naamlik die begunstigte en die instrument. Die begunstigte verteenwoordig die tradisionele aktiewe indirekte voorwerp en dui op die entiteit ten opsigte waarvan of met verwysing na wie die handeling verrig word. Die begunstigte is die ontvanger van die doel en verkry of ervaar die een of ander voor- of nadeel as uitvloeisel van die handeling verrig deur die akteur. Oor die algemeen is begunstigdes mense, hoewel dit nie noodwendig altyd die geval sal wees nie – begunstigdes kan ook organisasies, plante of selfs abstrakte entiteite verteenwoordig. “Vir iemand” (voorbeeld 2) is 'n voorbeeld van 'n begunstigte. Instrumente verteenwoordig ook die tradisionele aktiewe indirekte voorwerp en dui op die “gereedskap” waarmee die handeling verrig word. Dit is oor die algemeen baie konkrete, fisiese voorwerpe, hoewel dit in sekere opsigte meer abstrakte konseptualiseringe insluit. In die geval van voorbeeld 3 is die “stok” waarmee “sy” slaan, 'n instrument.

Kommunikasieprosesse is dinamiese prosesse wat fokus op die handeling van “om te kommunikeer”. Die prosesse fokus op 'n kommunikatiewe handeling wat verrig word deur 'n entiteit (die spreker) om 'n boodskap (die uitspraak) oor te dra aan 'n begunstigte. By kommunikasieprosesse verteenwoordig die spreker die primêre argumentrol en die tradisionele aktiewe sinsonderwerp. Die uitspraak is 'n sekondêre argumentrol wat die tradisionele aktiewe direkte voorwerp verteenwoordig. Kommunikasieprosesse het, soortgelyk aan konkrete prosesse, ook 'n begunstigte as sekondêre argumentrol. In die kommunikasieproses verteenwoordig die sekondêre argumentrol ook die aktiewe indirekte voorwerp en verwys na die aangespokene in 'n kommunikatiewe handeling. Die volgende voorbeeld illustreer die gebruik van kommunikasieprosesse (proses in vetdruk):

- [4] In geen ordentlike geselskap, **sê** hy, sal 'n mens dit verdra dat 'n heer 'n dame om die lyf sal vat en druk. (1911-1920, Verslaggewing)
- [5] Graag **spreek** ek hier 'n woord van dank aan mijn kollega, Prof. Francken, vir welwillende raadgewing op meer als een punt. (1911-1920, Geesteswetenskappe)
- [6] Hulle kon die waarheid **praat** van iemand ... (1971-1980, Religieus)

In die voorbeeld hierbo aangehaal verteenwoordig “hy” (voorbeeld 4), “ek” (voorbeeld 5) en “hulle” (voorbeeld 6) die spreker. In voorbeeld 4 verwys “[i]n geen ordentlike geselskap [...] sal 'n mens dit verdra dat 'n heer 'n dame om die lyf sal vat en druk” na die uitspraak, asook “'n woord van dank [...] vir welwillende raadgewing op meer als een punt” in voorbeeld 5. Die setselstuk met *aan* in “aan mijn kollega” (voorbeeld 5) is 'n voorbeeld van 'n tipiese begunstigte van 'n kommunikasieproses. Voorbeeld 6 illustreer egter 'n verdere sekondêre argumentrol wat saam met kommunikasieprosesse aangetref word, naamlik die teiken. Die teiken verteenwoordig ook, soortgelyk aan begunstigdes, die tradisionele aktiewe indirekte voorwerp en dit dui op die entiteit op wie die kommunikatiewe handeling van die spreker gemik is. By kommunikasieprosesse word die uitspraak dus gerig aan die begunstigte maar gemik op die teiken. Die setselstuk met *van* in “van iemand” (voorbeeld 6) is 'n voorbeeld van 'n teiken by 'n kommunikasieproses.

Mentale prosesse is die laaste tipe dinamiese proses wat in die raamwerk van die voorstellingsfunksie beskryf word. Dit is 'n dinamiese proses wat fokus op kognitiewe mentale

prosesse (byvoorbeeld “om te dink/wonder/twyfel”), sintuiglike waarnemingsprosesse (byvoorbeeld “om te sien/hoor”) en emosionele prosesse (byvoorbeeld “om te bekommern/skrik”). Hierdie tipe prosesse is onsigbaar maar nie uitsluitlik of noodwendig abstrak nie. Mentale prosesse het slegs twee argumentrolle, onderskeidelik die ervaarder en die verskynsel. Die ervaarder is die primêre argumentrol van mentale prosesse en verteenwoordig die tradisionele aktiewe onderwerp. Dit verwys na die entiteit wat die mentale proses ervaar. Die proses word verwesenlik in die ervaarder se kognitiewe konseptualisering daarvan. Die verskynsel is ’n sekondêre argumentrol van mentale prosesse. Dit verteenwoordig die aktiewe direkte voorwerp en duif op dit wat deur die ervaarder ervaar of verwesenlik word. Die volgende sinne bevat almal voorbeeld van mentale prosesse (proses in vetdruk):

- [7] Nou jij, boetie Sarel, **ken** mos vir Lagter en Spogter ... (1911-1920, Fiksie)
- [8] Die eintlike glanspunt van die Departement, soos deur die reisende publiek **gesien**, is egter ... (1971-1980, Verslaggewing)
- [9] En wie is daar onder die ou garde, wat nie nog aan Vox Clamantis **dink** nie? (1911-1920, Verslaggewing)

In voorbeeld 7 is “jij, boetie Sarel” ’n voorbeeld van ’n ervaarder van ’n mentale proses, so ook “die reisende publiek” in voorbeeld 8. Die setselstuk met *aan* in “aan Vox Clamantis” (voorbeeld 9) is ’n voorbeeld van ’n verskynsel. ’n Potensiële grys area by mentale prosesse is die onderskeid tussen konkrete waarnemingsprosesse (byvoorbeeld “kyk” en “luister”) en mentale sintuiglike waarnemingsprosesse (byvoorbeeld “sien” en “hoor”). Konkrete waarnemingsprosesse word van mentale sintuiglike waarnemingsprosesse onderskei op grond van ’n handelende intensionaliteit. Wanneer ’n persoon “kyk” en “luister” word die handeling doelbewus verrig, teenoor sintuiglike waarnemingsprosesse wat onwillekeurig geskied.

Al die bogenoemde dinamiese prosesse kan beide oorganklik en onoorganklik wees. Oorganklikheid is egter nie ter sake in niehandelende, statiewe prosesse nie.

### 2.2.2 Statiewe prosesse

Statiewe prosesse realiseer tipies deur kopulakonstruksies. Dit word gebruik in identifiserende verbande of beskrywende verbande (ter wille van bondigheid word die onderskeid nie in meer besonderhede bespreek nie). Die volgende sinne illustreer die gebruik van statiewe prosesse (proses in vetdruk):

- [10] Temperatuurbeheer in die speenhuis **is** net so belangrik. (1911-1920, Fiksie)
- [11] Ten gevolge van die verwoesting deur die vlieg en die gebrek aan arbeid by die insameling van die oes **is** die katoenboerdery ’n mislukking. (1971-1980, Geesteswetenskappe)

Statiewe prosesse het twee primêre argumentrolle, naamlik die onderwerp en die predikaat. Die predikaat word oor die algemeen gebruik om meer besonderhede oor die onderwerp te verskaf. Die predikaat is dikwels na die kopula, soos in die geval van “net so belangrik” (voorbeeld 10), hoewel dit ook in meer komplekse kopulakonstruksies nie deur die kopula van die onderwerp geskei word nie, soos in die geval van “’n mislukking” (predikaat) wat direk na “die katoenboerdery” (onderwerp) in voorbeeld 11 in die konstruksie staan.

In die voorstellingsfunksie is argumentrolle nie die enigste elemente waaruit ’n konstruksie met behulp van ’n proses gekonstrueer word nie. Daar is verskeie ander omstandigheids-elemente, soos adjunkte, teenwoordig in konstruksies wat meer besonderhede oor die proses

voorsien. Aangesien hierdie omstandigheidselemente nie onmiddellik relevant is vir die interpretasie van die korpusdata met betrekking tot die gebruik van setselstukke met *deur* nie, word dit ter wille van bondigheid nie in die artikel bespreek nie. Die voorafgaande teoretiese besprekking het slegs enkele belangrike konsepte ten opsigte van die voorstellingsfunksie bespreek.

Halliday en Matthiessen (2014:69) beklemtoon dat die korpusmetode uiters geskik is om analises binne die raamwerk van die funksionele sintaksis te doen.

### 3. METODOLOGIE

Dié studie maak van korpuslinguistiese navorsingsmetodes gebruik om die veranderende gebruik van setselstukke met *deur* tussen 1911 en 2010 na te spoor. Die bevindinge van die studie word gebaseer op die korpusdata verkry vanuit die vier afdelings (korpora) vanuit Kirsten (2016) se *Historiese korpus van geskrewe Afrikaans*. Die empiriese aard van korpuslinguistiek maak dit, aldus McEnery en Wilson (1996:103), moontlik vir navorsers om taalvariasie op beide 'n diachroniese en sinchroniese wyse waar te neem, wat veral nuttig is by studies van byvoorbeeld grammatikale struktuur of historiese taalverandering en/of -ontwikkeling.

Korpora maak dit moontlik om outentieke taalgebruik aan die hand van werklike geredigeerde en ongeredigeerde tekste te analyseer, en dit maak dit moontlik om innoverend te werk te gaan met 'n groot kwantifiseerbare versameling tekste as basis vir taalanalises (Biber 2010:159; Halliday & Matthiessen 2014:51-52). Volgens Halliday en Matthiessen (2014:69) bied korpora vir navorsers die gereedskap om grammatika te bestudeer. Hulle beklemtoon voorts dat dit aansienlik makliker is om deur geautomatiseerde soektogte op rekenaars groot datastelle te bekom, maar dat hierdie soektogte beide voor- en nadele inhou (Halliday & Matthiessen 2014:70). Korpusdata maak dit moontlik om met hoë akkuraatheid te bepaal hoe en hoeveel keer 'n konstruksie voorkom, maar die einste voordeel bied ook uitdagings omrede die korpusdata wat onttrek word nie op sigself enige resultate kan lewer wat so informatief en ryk soos kwalitatiewe analises is nie (Halliday & Matthiessen 2014:70). Om hierdie uitdaging te oorbrug, stel Halliday en Matthiessen (2014:70) voor dat gerekenariseerde gereedskap, soos konkordansielyste, gebruik moet word om verteenwoordigende lukrake steekproewe van konstruksies in korpora te onttrek om die hoeveelheid data waarmee navorsers moet werk meer hanteerbaar te maak. Navorsers kan dan met behulp van 'n geskikte teoretiese benadering die korpusdata analyseer en interpreteer ten einde veranderinge in die gebruik van 'n konstruksie te verklaar en kan ook die faktore bepaal wat daardie verandering beïnvloed (sien ook Biber et al. 1998:3). Dié studie maak gebruik van Halliday en Matthiessen (2014:70) se bogenoemde teoretiese benadering om die setselgebruiken van *deur* te onttrek en die veranderende gebruik daarvan oor die korpus heen te verklaar. Hierdie studie maak voorts gebruik van Mair (2006) en Leech et al. (2009) se benadering tot korttermyn-diachroniese vergelykende korpus-linguistiek. Dié benadering bied 'n raamwerk waarvolgens diachroniese korpora saamgestel kan word om, aan die hand van klein verteenwoordigende en vergelykbare korpora, taalverandering oor 'n kort periode van tyd te bestudeer. Korpora moet oordeelkundig saamgestel word om natuurlike taalgebruik te verteenwoordig (Tognini-Bonelli 2010:24; Leech et al. 2009:27). Vir enige korttermyn-diachroniese studie is dit belangrik dat korpora vergelykbaar moet wees met verwysing na die samestelling daarvan (Leech et al. 2011:28). Biber et al. (1998:203) stel dat "historical linguistics requires corpora that represent a range of texts from multiple genres, across historical periods" (sien ook Leech et al. 2009:27-30).

Hierdie uitdaging kan grotendeels oorbrug word deur gebruik te maak van 'n steekproefraamwerk ("sampling frame") (McEnery & Wilson 1996:78) wat taalkundiges aanmoedig om nie meer as 2 000 woorde vanuit 'n teks te neem wanneer dit vir die samestelling van 'n korpus gebruik word nie. Hierdie tekste moet ook geneem word vanuit verskeie genres wat taalgebruik in soveel moontlik genres verteenwoordig. Leech et al. (2009:29-30) is van mening dat die vergelykbaarheid van korpora afhanklik is van die stabiliteit van die genres binne die genre-kaart ("genre map") en dat dit gevvolglik moeilik is om meer as 'n eeu se taalgebruik vergelykbaar te verteenwoordig.

Kirsten (2016) se *Historiese korpus van geskrewe Afrikaans* is saamgestel aan die hand van die beginsels van Mair (2006) en Leech et al. (2009). Die korpus bestaan uit vier dekades wat 'n eeu van Afrikaanse taalgebruik verteenwoordig:

- **Afdeling 1 (A1):** 1911-1920
- **Afdeling 2 (A2):** 1941-1950
- **Afdeling 3 (A3):** 1971-1980
- **Afdeling 4 (A4):** 2001-2010

Die kategorieë van taalgebruik verteenwoordig in elke periode in die korpus is soos volg:

- **Fiksie** ( $\pm 60\ 000$  woorde)
- **Populêre niefiksie**
  - o Biografiese tekste ( $\pm 20\ 000$  woorde)
  - o Verslaggewing ( $\pm 20\ 000$  woorde)
  - o Informatiewe tekste ( $\pm 60\ 000$  woorde)
  - o Religieuse tekste ( $\pm 20\ 000$  woorde)
- **Akademiese tekste**
  - o Geesteswetenskaplike tekste ( $\pm 30\ 000$  woorde)
  - o Natuurwetenskaplike tekste ( $\pm 30\ 000$  woorde)
- **Manuskripte** (brieue en dagboeke) ( $\pm 21\ 000$  woorde)

Kirsten (2016) se korpus het een gaping in Afdeling 1 (1911-1920) wat nie gevul kon word nie weens 'n tekort aan natuurwetenskaplike tekste gepubliseer in Afrikaans. As noodmaatreël is 5 000 woorde uit die twee beskikbare natuurwetenskaplike tekste geneem om die spesifieke afdeling in die diachroniese korpus so volledig moontlik te maak (Kirsten 2016:67). Desondanks is Afdeling 1 van hierdie korpus steeds 20 000 woorde kleiner as die ander drie afdelings van die korpus vanweë die gebrek aan natuurwetenskaplike tekste. Ter wille van vergelykbaarheid moet die verskil in grootte tussen die onderskeie afdelings van die korpus in ag geneem word tydens normalisering en rapportering van die data.

Vir die doel van hierdie studie word van lukrake steekproewe van 500 gebruiksinstansies van *deur* gebruik gemaak. Die lukrake steekproewe is getrek met behulp van WordSmith 6® se ingeboude funksie en aanvanklik is 550 of meer gebruiksinstansies van die setselsgebruik van *deur* uit elke afdeling van die korpus onttrek. Die 50 of meer addisionele gebruiksinstansies in elke afdeling van die korpus is bygetrek om onanaliseerbare gebruiksinstansies, naamwoorde, en gevalle waar die voorsetsels deel vorm van deeltjiewerkwoorde, te verwijder. Die datastelle is gekodeer in Microsoft Excel® 2010 en beduidendheidstoets is uitgevoer met behulp van Paul Rayson se *Log Likelihood and Effect Size Calculator* (Rayson 2016). Die statistiese beduidendheidstoets bereken of die veranderinge tussen twee of meer datastelle/-groepe aan toeval toegeskryf kan word of nie. 'n Verandering tussen twee datastelle word as beduidend aanvaar wanneer dit 'n kritieke waarde van bo 3,84 het – dit dui aan dat daar slegs 5% kans is

dat die verandering aan toeval toegeskryf kan word. Waar die beduidendheid van 'n verandering tussen meer as twee datastelle bereken word, word 'n kritieke waarde van bo 6,63 aanvaar as 'n aanduiding van beduidendheid, wat beteken dat daar slegs 1% kans is dat die verandering aan toeval toegeskryf kan word. Wanneer daar frekwensiedata gerapporteer word, is dit die totale frekwensies wat vanuit die steekproefdata se analises na die totale gebruiksfrekwensies van *deur* in die korpusafdelings geëkstrapoleer word.

#### 4. DIE VERANDERENDE GEBRUIK VAN *DEUR*

Setselstukke met *deur* word algemeen oor die korpus heen gebruik. Ten einde te bepaal watter funksies die setselstukke verrig in konstruksies, is dit belangrik om eerstens die deeltjiegebruiken van *deur* te identifiseer en te verwijder vanuit die lukrake steekproewe,<sup>3</sup> en om tweedens te bepaal wat die veranderingspatroon van die totale gebruiksinstansies van setselstukke met *deur* oor die korpus heen behels. In tabel 1 word die totale gebruiksinstansies van *deur*, naamwoord uitgesluit, weergegee.

**TABEL 1:** Die totale gebruiksinstansies van die setsel *deur*

	1911-1920 (A1)		1941-1950 (A2)		1971-1980 (A3)		2001-2010 (A4)	
totale deeltjiegebruiken van <i>deur</i>	33	4,5%	15	1,5%	16	2%	13	2%
totale setselgebruiken van <i>deur</i>	737	95,5%	1009	98,5%	935	98%	833	98%
<b>TOTAAL</b>	<b>770</b>		<b>1024</b>		<b>951</b>		<b>846</b>	

Die deeltjiegebruiken van *deur* is deurgaans proporsioneel min teenoor die ander setselgebruiken van *deur* – die gebruik is min of meer stabiel en toon nie enige tekens van beduidende of patroonmatige verandering nie. By die totale setselgebruiken van *deur* is daar egter 'n duidelike patroon van verandering teenwoordig. Tussen A1 en A2 van die korpus is daar 'n beduidende toename in die totale setselgebruiken van *deur*, gevvolg deur 'n geleidelike en beduidende afname in gebruik tussen A2 en A4 van die korpus.<sup>4</sup> Die verandering wat die totale setselgebruiken van *deur* ondergaan oor die korpus heen, hou belangrike implikasies in vir die interpretasie van die res van die korpusdata.

<sup>3</sup> Aangesien die deeltjiegebruiken van setsels in deeltjiewerkwoorde, ofte wel skeibare werkwoorde, fisies deel vorm van die werkwoordstukkern, dui dit in die voorstellingsfunksie die proses aan en gevvolglik kan dit nie op 'n funksionele vlak verder binne dié raamwerk beskryf word nie.

<sup>4</sup> Die resultate van die log-waarskynlikheidstoets: vir die toename tussen A1 en A2 is 23,78; vir die afname tussen A2 en A4 is 15,78.

#### 4.1 Agtergrond – *deur* saam met verskillende prosesse in verskillende sinsrolle

Setselstukke met *deur* word in Afrikaans gebruik saam met die verskillende tipes dinamiese en statiewe prosesse. *Deur* word proporsioneel aansienlik meer gebruik saam met handelende dinamiese prosesse as niehandelende statiewe prosesse. Sien tabel 2 vir meer besonderhede.

**TABEL 2:** Die gebruik van *deur* saam met verskillende prosesse

	1911-1920 (A1)	1941-1950 (A2)		1971-1980 (A3)		2001-2010 (A4)	
<b>dynamiese prosesse</b>	<b>95,5%</b>		<b>95%</b>		<b>96,5%</b>		<b>92,5%</b>
konkreet	93%		92%		94%		89%
kommunikasie	1,25%		2%		0,5%		2%
mentaal	1,25%		1%		2%		1,5%
<b>statiewe prosesse</b>	<b>4,5%</b>		<b>5%</b>		<b>3,5%</b>		<b>7,5%</b>

95,5% van die totale gebruiksinstanties van setselstukke met *deur* word aangetref saam met dinamiese prosesse. Dit is dus nie verrassend dat die gebruik van setselstukke met *deur* saam met dinamiese prosesse die opvallendste verandering toon nie. Tussen A1 en A2 van die korpus is daar 'n beduidende toename in die gebruik van setselstukke met *deur* saam met dinamiese prosesse, gevvolg deur 'n beduidende afname in gebruik tussen A2 en A4 van die korpus.<sup>5</sup> Met spesifieke verwysing na dinamiese prosesse, word *deur* verreweg die meeste gebruik saam met konkrete prosesse: dit verteenwoordig oor die korpus heen gemiddeld ongeveer 95% van al die gebruik van *deur* saam met dinamiese prosesse; en dit verteenwoordig ongeveer 92% van die totale setselgebruik van *deur* oor die korpus heen. Konkrete prosesse met *deur* toon ook 'n soortgelyke veranderingspatroon deurdat dit tussen A1 en A2 van die korpus aanvanklik beduidend in gebruik toeneem, waarna dit weer geleidelik en beduidend in gebruik tussen A2 en A4 afneem.<sup>6</sup>

In teenstelling met die beduidende veranderinge waargeneem by dinamiese prosesse, spesifiek konkrete prosesse, is daar 'n geringe afname in gebruik van *deur* saam met statiewe prosesse tussen A2 en A3 van die korpus, gevvolg deur 'n geringe toename in gebruik tussen A3 en A4. Die veranderinge waargeneem by statiewe prosesse is egter wisselvallig en te min om by te dra tot die verklaring van die frekwensieverandering in die totale setselgebruik van *deur*.

<sup>5</sup> Die resultate van die log-waarskynlikheidstoets: vir die toename tussen A1 en A2 is 20,94; vir die afname tussen A2 en A4 is 20,38.

<sup>6</sup> Die resultate van die log-waarskynlikheidstoets: vir die toename tussen A1 en A2 is 20,49; vir die afname tussen A2 en A4 is 21,72.

Aangesien setselstukke met *deur* besonder min gebruik word saam met kommunikasie- en mentale prosesse, is dit nie moontlik om met enige sekerheid verandering daarin te bevestig nie. Dit is dus belangrik om voorts te fokus op konkrete prosesse om te bepaal in watter sinsrolle setselstukke met *deur* gebruik word. Die sinsrolle sal meer duidelikheid gee oor die spesialiteitsrolle waarin *deur* gebruik word en dit moontlik maak om die prominentste en algemeenste gebruikte van *deur* in konstruksies te identifiseer.

#### 4.2 *Deur* in verskillende sinsrolle

Setselstukke met *deur* word saam met konkrete prosesse gebruik as deel van verskillende sinsrolle vir verskillende funksies. Dit word saam met dinamiese prosesse gebruik as deel van die akteur (onderstreep),

- [12] Laboratoriumondersoeke in die Slaknavorsingseenheid deur De Kock (1973) en Jennings (1976) het aan die lig gebring dat ... (1971-1980, Natuurwetenskappe)
- [13] Dit is oorspronklik gebruik om oogspasmas te beheer, maar is deur die FDA in 2002 goedgekeur vir kosmetiese gebruik. (2001-2010, Informatief)
- [14] ... dat 't in Januarie 1883 deur die toenmalige hoofredakteur van Het Handelsblad te Amsterdam in die lig gegee word ... (1911-1920, Informatief)
- [15] Deur sommige sal hierdie gedragslyn van die Kompanjie en van die Gereformeerde Kerk beskou word as 'n stelsel van onderdrukking ... (1941-1950, Religieus)
- [16] ... die fondamente wat deur my pa gelê is ... (2001-2010, Verslaggewing)

doel (onderstreep),

- [17] ... wat die moontlikheid van innname deur kindermondjies vergroot. (2001-2010, Geesteswetenskappe) – nabepaling in die doel van 'n konkrete proses instrument (onderstreep),

- [18] om diabetes in die rot op te wek deur groot dosisse van hierdie hormoon. (1941-1950, Natuurwetenskappe) en

adjunkte (onderstreep),

- [19] Geroemd sou sijn naam deur die eeuwe heen gegaan het als die grote, talentvolle Afrikaanse digter (1911-1920, Biografies)
- [20] Raak heel eerste ontslae van alle dooie, gebreekte, siek en probleemtakke deur dit terug te snoei tot by die oorsprong óf 'n sterk laterale tak. (2001-2010, Informatief)

Vanuit die korpusdata is dit duidelik dat slegs enkele van die bogenoemde setselgebruiken van *deur* saam met konkrete prosesse uitstaan as frekwente spesialiteitsrolle. In tabel 3 word die

**TABEL 3:** Die gebruik van *deur* in verskillende sinsrolle saam met konkrete prosesse

	1911-1920 (A1)	1941-1950 (A2)	1971-1980 (A3)	2001-2010 (A4)
akteur	53%	57,5%	59%	56,5%
doel	6,5%	8,5%	6%	2,5%
instrument	0,5%	2%	2,5%	0,5%
adjunk	40%	32%	32,5%	40,5%

gebruiksinstansies van *deur* in die bogenoemde sinsrolle gerapporteer ten einde te illustreer watter sinsrolle proporsioneel die meeste in die korpusdata voorkom.

Aan die hand van tabel 3 is dit duidelik dat *deur* proporsioneel die meeste gebruik word as deel van die akteursrol saam met konkrete prosesse waar dit dikwels die akteur wat die handeling verrig (sien afdeling 4.3 van dié artikel) merk. Oor die korpus heen word setselstukke met *deur* ongeveer 'n gemiddeld van 57% van die gevalle as deel van die akteur gebruik. Tussen A1 en A2 van die korpus is daar 'n beduidende toename in die gebruik van *deur* as deel van die akteur saam met konkrete prosesse, gevolg deur 'n geleidelike en beduidende afname in gebruik tussen A2 en A4 van die korpus.<sup>7</sup> Die tweede algemeenste gebruik van *deur* saam met konkrete prosesse, as deel van adjunkte, se gebruik oor die korpus heen bly relatief stabiel met geen beduidende verandering in 'n spesifieke rigting nie.

Die veranderingspatroon wat die setselgebruiken van *deur* as deel van die akteur saam met konkrete prosesse toon, is soortgelyk aan die algehele veranderingspatroon van konkrete prosesse oor die korpus heen. Soos reeds aangetoon, is die veranderingspatroon van die gebruik van *deur* saam met konkrete prosesse oor die korpus heen soortgelyk aan die veranderingspatroon van die totale veranderende setselgebruik van *deur*. Dit is dus belangrik om onderzoek in te stel na presies hoe *deur* as deel van die akteursrol saam met konkrete prosesse gebruik word, aangesien nie enige van die ander setselgebruiken van *deur* die frekwensieverandering daarvan verklaar nie.

#### **4.3 Die prominentste gebruik van setselstukke met *deur***

Die setsel *deur* word in die korpus as deel van die akteursrol dikwels gebruik om 'n agentiewe betekenis uit te druk: setselstukke met *deur* word gebruik as deel van die onderwerp van konkrete prosesse as bepalings, soos in die geval van voorbeeld 12 en 17; of om die akteur in agenthebbende passiekonstruksies uit te druk, soos in die geval van voorbeeld 13 tot 16. Wat egter opvallend is, is hoe dikwels setselstukke met *deur* saam met konkrete prosesse in passiekonstruksies gebruik word. Die gebruik van *deur* in passiekonstruksies saam met konkrete prosesse, as proporsie van die totale gebruiksfrekvensies saam met konkrete prosesse, sien soos volg daaruit:

- 1911-1920 (A1): 44,5%
- 1941-1950 (A2): 56,5%
- 1971-1980 (A3): 63,5%
- 2001-2010 (A4): 56%

Met die uitsondering van A1 in die korpus, word setselstukke met *deur* meer as 50% van die tyd in die korpus gebruik saam met passiewe konkrete prosesse. Daar is baie duidelike verbande tussen die veranderingspatroon van die totale setselgebruik van *deur* oor die korpus heen, en die gebruik van *deur* in passiewe konkrete konstruksies. Tussen A1 en A3 van die korpus is daar 'n baie beduidende toename in die gebruik van setselstukke met *deur* saam met passiewe konkrete prosesse, gevolg deur 'n beduidende afname in gebruik tussen A3 en A4 van die korpus.<sup>8</sup> 'n Baie soortgelyke veranderingspatroon word ook waargeneem in die gebruik van *deur* om die akteur in agenthebbende passiekonstruksies in te lei. Die gebruik van *deur* as

<sup>7</sup> Die resultate van die log-waarskynlikheidstoets: vir die toename tussen A1 en A2 is 24,56; vir die afname tussen A2 en A4 is 18,05.

<sup>8</sup> Die resultate van die log-waarskynlikheidstoets: vir die toename tussen A1 en A2 is 62,10; vir die afname tussen A2 en A4 is 21,37.

deel van die akteur saam met passiewe konkrete prosesse, as proporsie van die totale gebruiksfrekvensies as deel van die akteur, sien soos volg daaruit:

- 1911-1920 (A1): 73,5%
- 1941-1950 (A2): 85,5%
- 1971-1980 (A3): 90%
- 2001-2010 (A4): 91%

Daar is weereens duidelike ooreenkoms tussen die verspreiding van die totale setselgebruik van *deur* oor die korpus heen en die gebruik van *deur* as deel van die akteur saam met passiewe konkrete prosesse. Wat egter opvallend is, is die hoe propiorele gebruik van setselstukke met *deur* om die akteur in agenthebbende passiefkonstruksies te merk: dit verteenwoordig propioreel ongeveer 85% van al die gebruik van *deur* as deel van die akteursrol van konkrete prosesse oor die korpus heen; en dit verteenwoordig ongeveer 45% van al die setselgebruiken van *deur* oor die korpus heen. Daar is 'n beduidende toename in die gebruik van setselstukke met *deur* om die akteur in agenthebbende passiefkonstruksies in te lei tussen A1 en A2 van die korpus.<sup>9</sup> Tussen A2 en A4 van die korpus is daar egter 'n beduidende afname in die spesifieke gebruik van setselstukke met *deur*.<sup>10</sup>

Aangesien setselstukke met *deur* propioreel so baie gebruik word om akteurs in agenthebbende passiefkonstruksies in te lei, kan daar met relatiewe sekerheid aanvaar word dat dit die prominentste gebruik van setselstukke met *deur* oor die korpus heen verteenwoordig. Die frekvensieverandering wat setselgebruiken met *deur* ondergaan in die prominentste gebruik daarvan, hou belangrike implikasies in vir die wyse waarop die gebruik van *deur* saam met spesifieke passiewe konkrete prosesse, konkrete prosesse oor die algemeen, dinamiese prosesse, en uiteindelik die totale setselgebruiken van *deur* oor die korpus heen verander het. Dit wil dus voorkom asof die frekvensieverandering in die prominentste spesialiteitsrol van *deur* geleei het tot 'n frekvensieverandering in die gebruik van die setsel saam met die algemeenste proses waarin dit voorkom, wat uiteindelik geleei het tot 'n frekvensieverandering in die totale setselgebruik van *deur*.


Die prominentste gebruik van setselstukke met *deur* is egter meer kompleks en die verandering wat die setsel ondergaan is nie so eenvoudig nie. Die gebruik is ten nouste verbind met passiefkonstruksies en gevvolglik kan die vraag gestel word of die veranderende gebruik van die setsel *deur* toegeskryf kan word aan die gebruik van die setsel op sigself, en of die veranderende gebruik van *deur* toegeskryf moet word aan die veranderende gebruik van passiefkonstruksies oor die algemeen.

#### **4.4 Die invloed van passiefkonstruksies op die veranderende gebruik van *deur***

In figuur 1 word die gebruik van setselstukke met *deur* as akteurs saam met agenthebbende passiewe konkrete prosesse propioreel voorgestel ten opsigte van die totale setselgebruik van *deur*, asook die totale gebruik van passiefkonstruksies oor die korpus heen.

<sup>9</sup> Die resultate van die log-waarskynlikheidstoets: vir die toename tussen A1 en A2 is 40,29.

<sup>10</sup> Die resultate van die log-waarskynlikheidstoets: vir die afname tussen A2 en A4 is 9,27.



**Figuur 1:** Die gebruik van *deur* as deel van akteurs saam met agenthebbende passiewe konkrete prosesse proporsioneel tot die totale passiefgebruik in die korpus

Die gebruik van passiefkonstruksies in die historiese korpus is reeds ekstensief nagevors deur Kirsten (2016). Kirsten (2016:124) het bevind dat daar tussen A1 en A2 van die korpus 'n baie beduidende toename in die gebruik van passiefkonstruksies is.<sup>11</sup> Tussen A2 en A3 van die korpus het die gebruik van passiefkonstruksies in die korpus verder toegeneem en uiteindelik tussen A3 en A4 van die korpus weer in gebruik begin afneem.<sup>12</sup>

Die verspreiding van setselstukke met *deur* oor die korpus heen, die verspreiding van die gebruik van *deur* saam met passiewe konkrete prosesse, asook die verspreiding van *deur* as deel van akteurs saam met passiewe konkrete prosesse, toon duidelike ooreenkoms met die verspreiding van die totale passiefgebruik in die korpus. Op grond van die wyse waarop die gebruik van passiefkonstruksies oor die korpus heen verander het, is dit geregtig om aan te neem dat die veranderende setselgebruik van *deur* nie noodwendig toegeskryf kan word aan veranderinge van die setsel op sigself nie, maar eerder toegeskryf behoort te word aan die

<sup>11</sup> Die resultate van die log-waarskynlikheidstoets: vir die toename tussen A1 en A2 is 266,17.

<sup>12</sup> Die resultate van die log-waarskynlikheidstoets: vir die toename tussen A2 en A3 is 25,76; vir die afname tussen A3 en A4 is 34,64.

veranderende gebruik van passiefkonstruksies in die korpus. Volgens Kirsten (2016:124) is die toename in die gebruik van passiefkonstruksies tussen A1 en A3 van die korpus toe te skryf aan “die deurlopende vestiging van Standaardafrikaans as 'n gesofistikeerde, gekultiveerde taal (variëteit) wat vir hoër funksies gebruik kan word”. Die vestiging van Standaardafrikaans en die toenemende gebruik van passiefkonstruksies as die resultaat daarvan, het geleid tot die toenemende gebruik van vol passiewe waar setselstukke met *deur* gebruik word om die akteur in vol passiewe te merk. Sedert A3 van die korpus het verinformalisering egter die gebruik van passiefkonstruksies beïnvloed en gevoglik het die gebruik van passiefkonstruksies noemenswaardig afgeneem (Kirsten 2016:124-125). 'n Afname in die gebruik van passiefkonstruksies oor die algemeen het dus indirek geleid tot 'n afname in die totale setselgebruik van *deur*. Die veranderende gebruik sover dit passiefkonstruksies aangaan het gevoglik 'n invloed gehad op die prominentste gebruik van *deur* wat uiteindelik die setselgebruik van *deur* in sy geheel beïnvloed het.

Hoewel die gebruik van die ander dinamiese prosesse, onderskeidelik kommunikasie- en mentale prosesse, te min is om 'n substansiële bydrae te lewer tot die interpretasie van die data, is dit tog belangrik om daarop te wys dat die gebruik van *deur* om die agent in agenthebbende passiefkonstruksies in te lei, ook baie prominent is by ander dinamiese prosesse. Van die 35 gebruiksinstansies waar setselstukke met *deur* gebruik word as deel van die spreker en ervaarder oor die korpus heen, word *deur* in 33 van die 35 (94,5%) gebruiksinstansies gebruik om die agent in agenthebbende passiewe kommunikasie- of mentale konstruksies uit te druk. Groter datastelle word egter benodig om te bepaal of die gebruik van setselstukke met *deur* saam met kommunikasie- en mentale prosesse in die konseptueel-verwante argumentrol dieselfde veranderinge ondergaan.

## 6. SLOT

Setselstukke met *deur* word in die korpus gebruik saam met dinamiese en statiewe prosesse vir 'n verskeidenheid funksies. Proporsioneel word setselstukke met *deur* meestal gebruik saam met handelende, konkrete dinamiese prosesse en dit is ook die proses waarin daar die belangrikste beduidende veranderinge voorkom. Setselstukke met *deur* word aansienlik minder gebruik saam met kommunikasie-, mentale en statiewe prosesse en die setselgebruiken van *deur* daarin is te min in hierdie korpus om veranderinge in die totale setselgebruik van *deur* te verklaar.

Oor die algemeen het setselstukke met *deur* tussen A1 en A2 van die korpus beduidend in gebruik toegeneem. Tussen A2 en A4 van die korpus is daar egter weer 'n beduidende afname in die setselgebruiken van *deur*. Die veranderende gebruik van *deur* oor die korpus heen kan gedeeltelik toegeskryf word aan 'n verandering in die prominentste gebruik van *deur* om akteurs in agenthebbende konkrete prosesse in te lei. Die prominentste gebruik van *deur* het verander as gevolg van 'n verandering in die totale passiefgebruik oor die korpus heen. Die veranderende setselgebruik van *deur* kan dus nie toegeskryf word aan verandering in die gebruik van die setsel op sigself nie, maar dit is eerder indirek die resultaat van die veranderende gebruik van passiefkonstruksies oor die korpus heen.

## BIBLIOGRAFIE

- Biber, D. 2010. In Heine & Narrog (eds). *The Oxford handbook of linguistic analysis*. Oxford: Oxford University Press, pp. 159-191.  
 Biber, D., Conrad, S. & Reppen, R. 1998. *Corpus linguistics: investigating language structure and use*. Cambridge: Cambridge University Press.

- Halliday, M.A.K. & Matthiessen, C.M.I.M. 2014. *Halliday's introduction to functional grammar*. 4th ed. London: Routledge.
- Kempen, W. 1984. *Voorsetselverbindinge in Afrikaans*. Pretoria: Nasou Beperk.
- Kirsten, J. 2016. Grammatikale verandering in Afrikaans van 1911-2010. Vanderbijlpark: NWU. (Proefskrif – PhD).
- Kotzé, T.N. 2018. 'n Eeu van verandering in die gebruik van geselekteerde Afrikaanse voorsetsels en die moontlike rol van preskriptivisme daarin. Vanderbijlpark: NWU. (Verhandeling – MA).
- Leech, G., Hundt, M., Mair, C. & Smith, N. 2009. *Change in contemporary English: A grammatical study*. Cambridge: Cambridge University Press.
- Mair, C. 2006. *Twentieth-century English: history, variation and standardization*. Cambridge: Cambridge University Press.
- McEnery, T. & Wilson, A. 1996. *Corpus linguistics*. Edinburgh: Edinburgh University Press.
- Ponelis, F.A. 1979. *Afrikaanse sintaksis*. Pretoria: Van Schaik.
- Ponelis, F.A. 1984. In Botha, Combrink, & Odendaal (reds). *Inleiding tot die Afrikaanse taalkunde*. Pretoria: Academica, pp. 219-244.
- Ponelis, F.A. 1993. *The development of Afrikaans*. Frankfurt am Main: Peter Lang.
- Pretorius, B.F.D. 1972. Voorsetselverbinding in Afrikaans, met spesiale verwysing na die vakaal. Pretoria: UNISA. (Proefskrif – PhD).
- Rayson, P. 2016. Log-likelihood and effect size calculator. [ucrel.lancs.ac.uk/llwizard.html](http://ucrel.lancs.ac.uk/llwizard.html) [31 August 2018].
- Tognini-Bonelli, E. 2010. In O'Keeffe & McCarthy (eds). *The Routledge handbook of corpus linguistics*. London: Routledge, pp. 14-27.
- Van Rooy, B. 2017. In Carstens & Bosman (reds). 2017. *Kontemporäre Afrikaanse taalkunde*. 2de uitg. Pretoria: Van Schaik, pp. 251-295.
- Van Schoor, J.L. 1983. *Die grammatika van Standaard-Afrikaans*. Kaapstad: Lex Patria.

# Onderwysers se persepsies oor die moontlike impak van die afwesige vader op kinderontwikkeling

*The possible impact of an absent father on a child's development – a teacher's perspective*

**LETTIE BOTHA EN LUKAS MEYER**

Fakulteit Opvoedingswetenskappe

Noordwes-Universiteit

Potchefstroom

E-pos: Lettie.Botha@nwu.ac.za

E-pos: Lukas.Meyer@nwu.ac.za



Lettie Botha



Lukas Meyer

**LETTIE BOTHA** is tans 'n Lewensoriënteringsdosent in die Fakulteit Opvoedingswetenskappe aan die Potchefstroomse Kampus van die Noordwes-Universiteit. Sy het so pas haar PhD aan die NWU behaal. Haar navorsingsfokus is gerig op vaderloosheid sowel as vaderafwesigheid en die impak daarvan op kinderontwikkeling, asook moontlike ingrypingstrategieë.

**LUKAS MEYER** is voorsitter van NWU-EMELTEN-REC wat 'n interfakultêre navorsingsetiékkomitee by die Noordwes-Universiteit (Potchefstroomkampus) is en wat by die National Health Research Ethics Council (NHREC) van die Departement Gesondheid geregistreer is. Hy is ook 'n opvoedkundige sielkundige wat by die Raad vir Gesondheidberoep van Suid-Afrika geregistreer is. Hy het in verskeie boeke en nasionale en internasionale wetenskaplike tydskrifte as oueur en mede-oueur gepubliseer en tot op hede het hy as studieleier en mede-studieleier van 32 meestersgraad- en 13 doktorale studies opgetree. Sy navorsingsfokus is opvoedkundige-sielkundige assessering en berading, asook navorsingsetiek.

**LETTIE BOTHA** is currently a Life Orientation lecturer in the Faculty of Education Sciences at the Potchefstroom Campus of the North-West University. She has just obtained her PhD from the NWU. Her research focus is on fatherlessness as well as father absenteeism and its impact on child development, as well as possible intervention strategies.

**LUKAS MEYER** is chair of NWU-EMELTEN-REC which is a National Health Research Ethics Council (NHREC) registered inter-faculty research ethics committee at the North-West University (Potchefstroom Campus). He is a registered educational psychologist with the Health Professions Council of South Africa and he is the author and co-author of various academic books and nationally and internationally published articles. He acted as supervisor for 32 master's and 13 doctoral studies. His research focus is educational-psychological assessment, counselling as well as research ethics.

## **ABSTRACT**

**The possible impact of an absent father on a child's development – a teacher's perspective**  
*The absence of fathers in the family structure is a serious problem in South Africa as indicated in statistical calculations reflecting a high rate of children having to cope without parents and particularly without a biological father (Ratele et al. 2012:553). An estimated nine million children in South Africa are growing up without a father (Statistics South Africa [StatsSA] 2015). StatsSA (2015) highlights the systematic disappearance of the traditional family structure among South African families where, according to their statistics, only 27% of South African children live with their biological parents, which is a further indication of the increasing number of children in South Africa coming from homes having to cope without a father.*

*In light of the above, the primary goal of the study was to determine how teachers perceived the possible impact of an absent father on a child's development. Underlying the primary goal, the following secondary research objectives were set: (1) to determine how teachers understand the concept of an absent father or father absence; (2) to determine, with regard to a particular school, the presence of, and the circumstances pertaining to, learners growing up without the support of a father; (3) To determine if special intervention strategies are needed to support learners having to cope with an absent father and, if so, to identify the type of intervention strategies required and (4) to determine if the school offers any support to learners having to cope without a father, and if so, what kind of support is offered. A literature review, departing from Bronfenbrenner and Morris's (2006) bio-ecosystemic perspective, was undertaken to theoretically analyse and describe the effect of the absence of a father on the development of a child. For the purposes of the empirical part of the study, a qualitative research design was followed and more specifically a phenomenological case study was undertaken from an interpretivist research paradigm. A qualitative research approach was the most suitable for the study as we investigated the many complexities and nuances of the absent father from the perspective of teachers. A case study was conducted, with reference to a specific school, analysing the perceptions of teachers at the selected school on the possible impact of the phenomenon of the absent father on the development of children.*

*The following findings emanated from the empirical study:*

- *Father absence has an effect on virtually all facets of child development (emotional, social, moral, spiritual, cognitive and physical).*
- *Father absence implies the absence of a father, whether it is due to death, physical absence (lives and works elsewhere), a lack of involvement (the so-called present-absent father), or the unknown identity of the father.*
- *Fatherless learners need special intervention strategies to support their development.*
- *The types of intervention strategies include emotional support, opportunities for male gender role identification and community awareness projects on the phenomenon of the absent father.*

*Recommendations were made in accordance with the findings, with regard to the support of learners having to cope without a father.*

**KEY CONCEPTS:** father absence, child development, impact of father absence on child development, fatherlessness, absent father, paternal absence, Bronfenbrenner and Morris's bio-ecological model of child development, child without a father, developmental problems, father, fatherhood

**TREFWOORDE:** vaderafwesigheid, kinderontwikkeling, impak van vaderafwesigheid op kinderontwikkeling, vaderloosheid, afwesige vader, vaderlike afwesigheid, Bronfenbrenner en Morris se bio-ekosistemiese model van kinderontwikkeling, kind met 'n afwesige vader, ontwikkelingsprobleme, vader, vaderskap

## OPSOMMING

Vaderafwesigheid is 'n ernstige probleem in Suid-Afrika (Ratele et al. 2012:553). Statistieke toon dat daar ongeveer nege miljoen kinders in Suid-Afrika sonder 'n vader grootword (Statistics South Africa [StatsSA] 2015). Dit toon ook die stelselmatige verdwyning van tradisionele gesinstrukture aan.

Die belangrikheid van die verskillende rolle wat die vader in 'n kind se lewe speel, word deur navorsing beklemtoon. Sy betrokkenheid in die gesin lei tot 'n gesonde kinder- en volwasse lewe ten opsigte van psigologiese en gedragsdimensies (Choi & Jackson 2011:698-704; Flouri & Buchanan 2003:63-78; Ratele et al. 2012:553). Volgens Saliha en Jayan (2013:40) is 'n goeie vader van kardinale belang vir die optimale ontwikkeling van 'n kind.

In die lig van bogenoemde is 'n gevallestudie geloods om die persepsies van onderwysers oor die moontlike impak van vaderafwesigheid op kinderontwikkeling te ondersoek.

## 1. INLEIDING

Teen die agtergrond van die toenemende kwyning van tradisionele gesinstrukture word daar voortdurend navorsing gedoen oor die voordele van 'n betrokke, teenwoordige vader in die gesin.<sup>1</sup> Die vader en moeder word steeds deur navorsers beskou as die gesamentlike stigters van die gesin se lewenstyl, as die bronne van securiteit en die wortels en ankers wat die gesin staande hou en stabiliseer (Vaderskapstigting van Suid-Afrika 2010). Die vader kan verskeie rolle in 'n kind se lewe speel, soos dié van beskermer, voorsieder, versorger, dissiplineerde, onderhouer van die gesin, speelmaat en bron van liefde (Lamb & Tamis-Lemonda 2013:33-48).

Navorsing oor die vader se gesinsbetrokkenheid beklemtoon dat, benewens al hierdie rolle, die vader ook 'n belangrike rol speel in die ontwikkeling van positiewe karaktereienskappe by die kind. Die optimale ontwikkeling en welstand van 'n kind is, volgens sommige ondersoekers, kritiek afhanklik van die teenwoordigheid van 'n goeie vader (Green 2002:1). Baie aspekte van die ontwikkeling van die kind, soos emosionele en sosiale stabiliteit, geslagsidentiteitvorming, verantwoordelike seksualiteit en finansiële securiteit, hang af van suksesvolle vaderskap (Saliha & Jayan 2013:40).

## 2. PROBLEEMSTELLING

Vaderafwesigheid en die stelselmatige verdwyning van tradisionele gesinstrukture is 'n groot probleem in Suid-Afrika (Ratele et al. 2012:553; StatsSA 2015). Daar is reeds twee dekades gelede deur Olivier (1997:19-20) gestel dat die sosiale en finansiële probleme wat gesinneervaar onder meer aan vaderafwesigheid toegeskryf kan word.

---

<sup>1</sup> Kyk byvoorbeeld Desmond & Desmond (2006); Engle & Breaux (1998); Engle et al. (2006); Guma & Henda (2004); Jarrett (1994); Lamb et al. (1985); Lindegger (2006); Richter (2006); Swartz & Bhana (2009).

Murdock (1962:19) definieer 'n tradisionele gesin, soos dit in die beginjare van navorsing oor die gesinsrol van die vader die praktyk was, as 'n sosiale groep wat gekenmerk word deur 'n gemeenskaplike tuiste. Daarmee saam stel Freeks (2013:5) dat 'n gesin bestaan uit twee of meer mense wat verwant is aan mekaar deur geboorte, huwelik of aanneming, en wat in dieselfde eenheid woon.

Bogenoemde is 'n beskrywing van die tradisionele gesin. Volgens Berns (2010:83-92) kom die volgende tipes gesinne egter algemeen in die hedendaagse samelewing voor: enkelouer-gesinne, geskeide-ouer-gesinne, pleegouer-gesinne, gesamentlike-toesig-en-beheer-gesinne, stieffamilie-gesinne, gesinne met aangename kinders, dieselfde-geslag-gesinne en buite-egtelike gesinne. Verder is daar in Suid-Afrika ook baie gesinne (die sogenaamde kind-beheerde, d.i. "child headed"-gesinne) waar kinders, as gevolg van 'n verskeidenheid redes, ouerrolle moet vervul.

Volgens Green (2002:1) vertoon kinders met liefdevolle vaders, wat aktief betrokke is by hul alledaagse lewens, groot voordele wat hulle ontwikkeling betref. Navorsingsbevindinge oor die afgelope paar dekades korreleer met mekaar en duï aan dat dié kinders met verloop van tyd hoër intellektuele vermoëns en beter akademiese prestasies vertoon as kinders met afwesige vaders (Gottfield et al. 1988:337-364; Lamb 1987:109-125; Radin 1994:11-54; Shinn 1978:295-324). Daarbenewens vertoon hulle 'n goeie selfbeeld, positiewe selfwaarde, emosionele stabilitet, gesonde interpersoonlike verhoudinge en geslagsrolontwikkeling. Meer resente navorsingsbevindinge beklemtoon ook die belangrikheid van vaderbetrokkenheid vir 'n gesonde kinder- en volwasse lewe (Choi & Jackson 2011:698-704; Ratele et al. 2012:554). Volgens Ratele et al. (2012:553) gee aanwesige en betrokke vaderskap ook aanleiding tot beter psigologiese welstand en laer stresvlakke by kinders en bevorder dit positiewe sosiale verhoudings by meisies. Volgens Evans en Fogarty (1999:2) lei positiewe vaderbetrokkenheid ook tot 'n verlaging in die voorkoms van tienergeweld en jeugmisdaad. Boyce et al. (2006:1510-1520) en Bronte-Tinkew et al. (2006:81-209) is dit eens dat vaders 'n baie belangrike rol in die psigososiale ontwikkeling en gedragsuitkomste van hul kinders speel. Daar is inderdaad weinig opponerende standpunte in bestaande literatuur oor die belangrikheid van die vader se rol in kinderontwikkeling.

Kontrasterend met bogenoemde navorsingsbevindinge en uitsprake is daar ook standpunte dat die vader se rol in kinderontwikkeling soms oorbeklemtoon word. Volgens Silverstein en Auerbach (1999) het die kind 'n positiewe, emosionele en standhoudende verbintenis met ten minste een verantwoordelike volwassene nodig en is die geslag of biologiese verwantskap met die kind nie van belang nie. Hulle stel dit dat "een of albei volwassenes 'n vader of moeder kan wees" (1999:3). Teen die agtergrond van bogenoemde was die doel van hierdie studie om onderwysers se persepsies oor die moontlike impak van afwesige vaders op die ontwikkeling van leerders te bepaal. Onderwysers se persepsies oor hierdie aangeleentheid is van belang, aangesien hulle daagliks in noue kontak kom met leerders wat die afwesigheid van 'n vader beleef. Hulle behoort ook, op grond van hul opleiding, oor die kennis en ervaring van kinderontwikkeling te beskik om ontwikkelingsuitvalle (indien enige) by kinders met afwesige vaders te kan identifiseer. Daar moet in gedagte gehou word dat daar wel ander veranderlikes in die leerders se lewens is, wat 'n impak op hulle ontwikkeling kon gehad het, maar vir die doel van die studie is daardie veranderlikes nie in berekening gebring nie, aangesien die studie handel oor onderwysers se persepsies oor die moontlike impak van vaderafwesigheid op kinderontwikkeling.

In aansluiting by die doel van die ondersoek is die volgende primêre navorsingsvraag geformuleer:

- Wat is onderwysers se persepsies oor die moontlike impak van vaderafwesigheid op kinderontwikkeling?

Twee verbandhoudende subvrae is ook geformuleer:

- Hoe verstaan onderwysers die begrip "vaderafwesigheid"?
- Is spesiale intervensiestrategieë nodig om leerders met afwesige vaders te ondersteun in hul ontwikkeling en, indien wel, watter tipes intervensies moet plaasvind?

### **3. KONSEPTUELE EN TEORETIESE RAAMWERK**

Daar is baie faktore wat 'n invloed kan uitoefen op 'n kind se ontwikkeling en die ontstaan van kinderprobleme. Sommige probleme ontwikkel as gevolg van faktore wat in die kind self gesetel is of as gevolg van tekortkominge in sy opvoeding en dikwels ook as gevolg van negatiewe faktore in die omgewing waarin hy of sy grootword (Kapp 2010:28). Faktore wat kinderontwikkeling belemmer, kan dus in twee breë kategoriee ingedeel word, te wete intrinsiese faktore (invloede wat binne die kind gesetel is) en ekstrinsiese faktore (invloede wat buite die kind gesetel is). Ekstrinsiese faktore sluit verskillende sisteme of subsisteme in wat 'n invloed uitoefen op die kind se ontwikkeling. Volgens Baker, Kainz en Reynolds (2018:1) lê navorsing rakende ontwikkeling klem op die belangrikheid van vaders en daarmee saam 'n kind se omgewing.

Die interaksies wat plaasvind in die intieme kring van 'n gesin is uiters belangrik vir kinderontwikkeling en kan aan die hand van Bronfenbrenner en Morris (2006:993-1028) se bio-ekosistemiese model van kinderontwikkeling toegelig word.

Volgens Bronfenbrenner en Morris vind kinderontwikkeling binne vier sisteme plaas, naamlik die mikro-, meso-, ekso- en makrosisteme wat inmekaa ingebed is. Kinders is intiem betrokke by gesinslede in die mikrosisteem. Die mikrosisteem sluit al die gesinsverhoudings, gesinsrolle en daaglikse gesinspatrone in wat slyp aan die verskillende aspekte van kinderontwikkeling – onder meer die kognitiewe, sosiale, emosionele, morele en geestelike ontwikkeling van kinders (Bronfenbrenner & Morris 2006:993-1028). Kinders wat nie genoegsame versorging, liefde en ondersteuning in die gesin(mikrosisteem) ontvang nie en wat grootword in 'n disfunksionale of nieversorgende en nie-ondersteunende gesin, ervaar gewoonlik ontwikkelingsprobleme. Tydens hierdie studie is daar op die mikrosisteem van die kind met 'n afwesige vader gefokus.

Die teenwoordige vader kan verskeie rolle in die gesin as mikrosisteem vervul en kan daardeur sy kind(ers) se ontwikkeling positief beïnvloed (Donald et al. 2014:40). Hy kan 'n positiewe rolmodel as vader wees en daardeur positiewe gedrag by sy kind teweegbring, soos dit in die sosiaal-kognitiewe leerteorie van Bandura (2012:9-44) gestel word. Hy kan ook die volgende rolle in die gesinsisteem speel: 'n man vir sy vrou, 'n onderwyser, 'n geestelike leier, 'n gesagsfiguur en 'n dissiplineerde. Hy moet ook 'n mentor wees en sy waardes en norme aan sy kinders oordra en uitleef (Freek 2013:25-26).

Die sosiale ekogieteteorie kan toegepas word om die interafhanglikheid van omgewingsfaktore in sekere sisteme te verduidelik, soos die gesin en die interskakelings tussen die verskeie sisteme en milieu in die persoon se lewensdomein, byvoorbeeld die verskillende sosiale fasette van 'n persoon, in dié geval die kind wat interverwant is aan sy omgewing en sy gesin waar die vader afwesig is (Stokols 1996:283). 'n Kind lewe nie in isolasie nie – naas die sisteme wat volgens Bronfenbrenner en Morris kinderontwikkeling beïnvloed, moet rekening gehou word met die interafhanglikheid van veranderlikes en omgewingsfaktore wat uit die sosiale ekogieteteorie voortspruit en wat verskil van kind tot kind asook ten opsigte van sosiale invloede.

Die sosiale sisteem in geheel word deur al die dele daarvan beïnvloed; 'n spinnekopweb kan gebruik word om dit te verduidelik. Wanneer iets in die een deel van die web gebeur, het dit 'n uitwerking of effek op die hele web (Donald et al. 2014:38). As gevolg van hierdie rimpeleffek is mense in sisteme in wisselwerking met mekaar. In 'n gesinssysteem slyp individue mekaar en daarom sal die afwesigheid van individue, soos in hierdie geval die vader, ook 'n impak op die kind uitoefen. As daar dus spanning in een deel van die gesin ervaar word, sal die hele gesin daarop reageer en elke gesinslid sal dit op sy of haar unieke manier ervar.

Vaderskap in die Afrikakultuur is eweneens beduidend verweef in 'n web van sosiale verhoudings (Roy 2014:319-335). 'n Groot aantal van die mans in 'n familie kyk na die kinders en maak hulle groot, al is dit nie noodwendig hul eie kinders nie. Verskillende mans aanvaar dus die verantwoordelikhede van vaderskap met betrekking tot dieselfde kind (Desmond & Desmond 2006:226-236; Rabe 2007:161-175). Die konsep van sosiale vaderskap word dikwels bepaal deur die sosiale posisie in die gesin, byvoorbeeld die oudste seun.

Soos gestel deur Tudge et al. (2009:198-210) is daar, in ooreenstemming met Bronfenbrenner en Morris se bio-ekosistemiese teorie, vier sisteme wat 'n invloed het op kinderontwikkeling. Die gesin is in die mikrosysteem, waarin kinders intiem betrokke is in baie noue wisselwerking met die ander gesinslede. Dit blyk egter dat 'n kind in die Afrikakultuur 'n wyer mikrosysteem beleef. Daar is meer sosiale rolspelers teenwoordig in die kind se mikrosysteem, dog nie noodwendig op 'n intieme vlak nie, aangesien die uitgebreide gesinsnetwerke en sosiale vaders nie noodwendig saam met die kind woon nie.

Uit bogenoemde is dit duidelik dat vaderafwesigheid wel moontlik 'n impak op kinderontwikkeling kan uitoefen.

Onderwysers vorm deel van die leerder met 'n afwesige vader se mikrosysteem, aangesien hulle daagliks in noue kontak kom met dié kinders. Hulle behoort, soos voorheen gestel, op grond van hul opleiding, oor die kennis en ervaring van kinderontwikkeling te beskik om ontwikkelingsuitvalle (indien enige) by dergelike kinders te kan identifiseer. 'n Onderwyser het basiese opleiding ontvang rakende ontwikkeling en opvoeding en kan dus met relatiewe gesag praat oor die onderwerp (Nganga & Chan 2015:8-12).

## **4. EMPIRIESE ONDERSOEK**

### **4.1 Doel van die navorsing**

Die doel van die navorsing was om deur middel van 'n gevalliestudie (in hierdie geval 'n skool) te bepaal wat onderwysers se persepsies is oor die moontlike impak van vaderafwesigheid op kinderontwikkeling.

### **4.2 Navorsingsoriëntasie**

Interpretivisme het as filosofiese vertrekpunt en rigtingwyser vir die empiriese ondersoek gedien. Interpretivisme impliseer die beskryf, verstaan en interpretasie van die werklikheid, wat meervoudig, realisties en konteksgebonden is (Merriam 2009:8-11). Voortspruitend uit die interpretivisme is 'n fenomenologiese benadering vir die doeleindes van hierdie studie gevolg. Fenomenologie is een van die pragmatiese benaderings wat vanuit die oorspronklike begrip van die interpretivisme ontwikkel het (De Vos et al. 2005:6). Fenomenologie fokus op die mens se bewuste ervarings van hul leefwêreld en, volgens Schram (2003:71), sluit dit hul daaglikslewens en sosiale interaksies in. Volgens Leedy en Ormrod (2010:141) poog 'n fenomenologiese

studie om mense se persepsies, perspektiewe, asook begrip van 'n spesifieke situasie of verskynsel te verstaan, of om tot dieper insig daaroor te kom, dus te verklaar (interpretier).

#### **4.3 Navorsingsontwerp en -metode**

'n Skool is gekies om as lokus vir 'n gevallestudie te dien. In 'n gevallestudie word 'n sekere individu, program, stelsel of gebeure vir 'n bepaalde tydperk deurtastend bestudeer (Mouton 2012:149).

Die skool is 'n plattelandse, parallelmedium laerskool met 'n leerdersetal van ongeveer 800 leerders. Die skool het 'n diverse samestelling met betrekking tot kultuur, taal en ras. Daar is 'n maatskaplike werker en 33 onderwysers op die personeel. Deur die loop van 2012 het die maatskaplike werker kontak gehad met 282 leerders wat probleme ervaar. By nadere ondersoek het 80% van daardie leerders 'n vaderfiguur ontbeer. Daar is dus 'n hoë voorkoms van vaderafwesigheid by die betrokke skool, wat die skool geskik gemaak het vir die doeleindes van die ondersoek.

'n Kwalitatiewe navorsingsmetode is in die studie gevolg: Daar is gepoog om die kompleksiteite en nuanses van die verskynsel "vaderafwesigheid" en die moontlike impak daarvan op kinderontwikkeling, vanuit onderwysers se persepsies, te ondersoek.

#### **4.4 Deelnemers**

Al die onderwysers by die betrokke laer skool is uitgenooi om deel te neem aan die studie. Daar is van die standpunt uitgegaan dat die onderwysers almal oor erkende onderwyskwalifikasies beskik, en dat hulle oor toereikende kennis en ervaring van kinderontwikkeling beskik om sinnvolle insette te kon lewer rondom die impak van vaderafwesigheid op kinderontwikkeling. Die onderwysers het ook daaglik in aanraking met leerders gekom wat 'n vaderfiguur moes ontbeer en kon dus sinnolle inligting verskaf rakende hul persepsies oor die moontlike impak van vaderafwesigheid op kinderontwikkeling.

#### **4.5 Navorsingsinstrument, data-insameling en -analise**

Daar is van semigestrukteerde fokusgroeponderhoude gebruik gemaak om inligting van die deelnemers te bekom (Thomas 2005:78-79). Volgens Maree (2010:90) kon daar op hierdie wyse dus meer diepgaande inligting van die deelnemers oor die implikasies van vaderafwesigheid op kinderontwikkeling bekom word.

Daar is, met die deelnemers se goedkeuring, audio-opnames gemaak tydens die fokusgroeponderhoude. Daar het vier fokusgroeponderhoude plaasgevind, met onderskeidelik nege, drie, ses en tien deelnemers elk. Daar is gepoog om die Grondslag-, Intermediêre en die Senior fase-onderwysers in afsonderlike fokusgroepe te plaas. Aangesien elke fase klem lê op verskillende vlakke van kinderontwikkeling kon die verskillende groepe se onderwysers met die fokusgroeugesprek assosieer. Die volgende vrae is tydens die fokusgroeponderhoude gestel: (1) wat is u opinie oor die impak van vaderafwesigheid op kinderontwikkeling? (2) wat verstaan u onder die begrip "vaderafwesigheid"? en (3) het kinders wat te make het met afwesige vaders spesiale intervensie nodig om hulle te ondersteun in hul ontwikkeling en, indien wel, watter tipes intervensiestrategieë?

Inhoudsanalise is vir die ontleding van die data gebruik. Die data-analise is in die volgende drie fases, soos deur Wellington (2000:134) beskryf, uitgevoer: (1) datareduksie: die data is ingesamel, getranskribeer, gekodeer en gekategoriseer;

(2) datavoorstelling: die geordende data is visueel geïllustreer; en (3) gevolgtrekkings: kategorieë is geïnterpreteer en temas is geïdentifiseer wat as bevindinge gedien het.

#### **4.6 Betroubaarheidsaspekte**

Die onderstaande strategieë, soos deur Wellington (2000:40) genoem, is in die studie gebruik om betrouwbaarheid en vertroubaarheid te verbeter. Die analise van die data is deur 'n objektiewe analiseerder wat nie by die navorsing betrokke was nie gedoen; en terugvoer oor die bevindinge is aan die deelnemers gegee (sogenaamde "member checking").

Die bevindinge is ook teen die agtergrond van die konseptuele raamwerk en die literatuurstudie geïnterpreteer en bespreek.

#### **4.7 Eiese aspekte**

Tydens die studie is die volgende stappe geneem om aan die eiese voorwaardes van navorsing te voldoen:

- Toestemming vir die navorsing is van die Departement van Onderwys van die Limpopoprovinsie verkry.
- Toestemming is van die skoolhoof en beheerliggaam van die betrokke skool verkry.
- Deelnemers het vrywillig deeltelik en ingeligte toestemming vir hul deelname gegee.
- Die identiteit van die skool en die deelnemers is beskerm en alle inligting is as vertroulik hanteer.
- Eiese goedkeuring vir die navorsing is deur die Etiekkomitee van die Noordwes-Universiteit gegee.

### **5. BEVINDINGE**

#### **5.1 Bevinding rondom die begrip vaderafwesigheid**

Dit blyk dat die begrip "vaderafwesigheid" vereenselwig word met die afwesigheid van 'n vader as gevolg van verskeie redes, insluitend: dat die vader se identiteit onbekend is; dat die vader dood is; die fisiese afwesigheid van die vader; of die onbetrokkenheid van die vader.

Daar was verskeie mededelings van deelnemers wat op bogenoemde gedui het, byvoorbeeld: "n Pa is daar, maar hy is nie daar nie"; "Hy weet nie wie sy pa is nie"; "Partykeer het 'n kind 'n pa, maar hy is so apaties teenoor die kind"; "Hy is onbetrokken"; "Hy is daar, maar ook nie daar nie, hy is eintlik afwesig"; en "Die pa is dood".

#### **5.2 Bevinding: die moontlike impak van vaderafwesigheid op kinderontwikkeling**

Dit blyk dat vaderafwesigheid 'n impak uitoefen op feitlik alle aspekte van die ontwikkeling van leerders wat 'n vader(figuur) ontbeer, met inbegrip van die volgende:

- Kognitief en akademies (ontoereikende abstrakte denke en probleemoplossingsvaardighede, aandagafleibaarheid of skolastiese agterstande)
- Emosioneel (leerders is aggressief, aandagsoekend, depressief, afhanglik of impulsief)
- Moreel (leerders vertoon dissiplinêre probleme en is manipulerend)
- Sosiaal (leerders vertoon ontoereikende geslagsrolidentifikasie, sosialiseringsprobleme)

- Geestelik (geloofskwessies kom onder die leerders voor)

In verband met akademiese prestasie is die volgende mededelings gemaak: “Ek dink tog daar is akademies ’n ding, want al drie wat by my is, sukkel met skoolwerk of het gedruip”; “Wat baie keer gebeur by die kognitiewe denke, waar ons kyk na meer abstrakte goed...die kind leer nie om te dink oor die nagevolge van iets nie”; “Aandagafleibaarheid”; “Probleemoplossing...dis waar ek ’n verskil sien”; “nie noodwendig akademiese uitvalle nie”.

Dit is al vir dekades duidelik dat die vader se betrokkenheid ook met akademiese prestasie verband hou (Evans & Fogarty 1999:2; Green 2002:1; Baker et al. 2018:1). Kinders met betrokke vaders word oor die algemeen in intellektueel stimulerende huise groot en sal waarskynlik hoër kognitiewe vermoëns demonstreer (Lamb & Tamis-Lamonda 2013:33-48). Studies toon dat babas met betrokke vaders teen die ouderdom van een jaar reeds ’n hoër kognitiewe funksionering vertoon as babas met onbetrokke vaders (Nugent 1991:475-485).

Die deelnemers het aangedui – en dit strook ook met die literatuur – dat vaderafwesigheid ’n negatiewe impak het op die emosionele ontwikkeling van leerders: “Hy’s meer aggressief ook, jy kan sien die pa wat ’n voorbeeld moes wees, is nie daar nie”; “Persoonlikheid het ook iets daarmee te doen... verseker, definitief, ja!”; “Ek het die leerders wat ek agtergekom het, wat baie aggressief is – een het bietjie depressie getoon”.

Die meeste van die deelnemers het ook aangetoon dat leerders met afwesige vaders dissiplinêre probleme vertoon; die volgende mededeling getuig daarvan: “Die kinders met dissiplineprobleme is die vaderlose leerders of wat die vader nie optree nie.”

Die meeste van die deelnemers het vertel van dissiplinêre probleme wat met leerders waar die vader afwesig is, ondervind word. Dit blyk dat dissiplinêre probleme, gedragsuitvalle en gedragsprobleme dikwels by dergelike leerders voorkom. Die dissiplinêre probleme en gedragsuitvalle wat by leerders met afwesige vaders voorkom, het ’n negatiewe invloed op hul selfbeeld en akademiese prestasie.

Volgens Shewark en Blandon (2015:268) tel die bewerkstelliging van emosionele en sosiale stabiliteit in hul gesinne onder die vernaamste funksies wat vaders moet vervul. Kinders met liefdevolle, betrokke vaderservaar groot voordele. Hierdie kinders toon ’n goeie selfbeeld, hoë selfwaarde, emosionele en sosiale stabiliteit, gesonde portuurverhoudings en, oor die algemeen, psigologiese en sosiale welstand. Dit het uit die studie geblyk dat bogenoemde strook met die deelnemers se mededelings, naamlik dat leerders met afwesige vaders dikwels aggressief of depressief voorkom, en nie emosioneel stabiel is nie.

’n Verdere bevinding rakende die impak van vaderafwesigheid behels die geestelike ontwikkeling van die kind. Dit duï daarop dat sommige kinders wat sonder ’n vaderfiguur moet funksioneer sukkel om God as ’n liefdevolle Vader te sien. Hierdie bevinding bevestig wat Stoop (2004:233) sê – dat die wanfunkzionering van die vaderfiguur tot ernstige verdraaiing van die kind se Godsbeeld kan lei (Jordaan & Janse van Rensburg 2007:35).

### **5.3 Ondersteuning aan leerders met afwesige vaders deur die skool**

Uit die deelnemers se mededelings het dit geblyk dat, behalwe vir materiële ondersteuning wat deur sommige onderwysers gebied word, die skool nie enige verdere ondersteuning aan leerders wat sonder ’n vaderfiguur moet funksioneer gegee het nie. Daarom het die deelnemers aanbeveel dat die volgende tipes ondersteuning aan dergelike leerders verleen moet word. Eerstens, emosionele ondersteuning en berading moet aan die leerders gebied word. Tweedens moet daar geleenthede vir manlike geslagsrolidentifikasie aan die leerders gebied word (byvoorbeeld, mansonderwysers kan dien as manlike rolmodelle en “voogde” van vaderlose

leerders en aktiwiteite kan gereel word waartydens die leerders dan kan identifiseer met die positiewe, manlike rolmodelle). Laastens kan gemeenskapsbewusmakingsprojekte van stapel gestuur word om ondersteuning aan vaderlose kinders te bied.

## **6. BESPREKING**

### **6.1 Die begrip “vaderaafwesigheid”**

Op grond van die mededelings van die deelnemers, impliseer vaderaafwesigheid ook vaderloosheid, hetsy as gevolg van dood, identiteitloosheid (die identiteit van die vader is onbekend), fisieke afwesigheid (woon en werk elders) en onbetrokkenheid (die sogenaamde aanwesige-afwesige vader).

Vaderaafwesigheid beteken, volgens Freeks (2013:1), dat kinders nie 'n vader in die huis het nie en dan ervaar kinders ook nie die voordele van 'n aanwesige vader nie. In die literatuur verwys die woord “vaderaafwesigheid” na die afwesigheid of relatiewe afwesigheid van 'n vaderfiguur in die lewe van 'n kind (Vaderskapstigting van Suid-Afrika 2015). Vaderaafwesigheid word beskou as die fisieke of emosionele afwesigheid van die persoon wat die rol van die vader in die gesin behoort te speel.

Vaderloosheid, aan die ander kant, word deur Ratele et al. (2012:558) beskou as “grootword” sonder 'n biologiese vader. Die Vaderskapstigting van Suid-Afrika (2010) sien vaderloosheid egter as om geen vader of geïdentifiseerde vaderfiguur te hê nie.

Die navorser beskou vaderloosheid as die vader wat in totaliteit nie daar is in die gesin nie en dat daar niemand anders is wat die rol van die vader vervul nie. Die navorser beskou ook die verskil tussen die twee begrippe op 'n fisiek-teenwoordige vlak. Indien 'n kind vaderloos is, is daar fisiek nie 'n vader teenwoordig wat die kind kan bystaan nie, maar indien 'n kind 'n afwesige vader het, is die vader fisiek teenwoordig, maar hy ondersteun nie die kind in die geheel nie.

Vaderloosheid en vaderaafwesigheid is egter as een begrip deur die onderwysers verstaan, naamlik die nieteenwoordigheid van die vader.

### **6.2 Die impak van vaderaafwesigheid op kinderontwikkeling**

Volgens die deelnemers oefen vaderaafwesigheid 'n akademiese en kognitiewe impak op die ontwikkeling van kinders uit. Le Roux (2007:96) is ook van mening dat die akademiese prestatie van 'n kind verband hou met die betrokkenheid van die vader. Evans & Fogarty (1999:2), Green (2002:1) en Lamb (1987:109-125) het ook al dekades terug gestel dat kinders met betrokke vaders heel waarskynlik in intellektueel stimulerende huise sal grootword. Studies toon aan dat babas met betrokke vaders teen die ouerdom van een jaar 'n hoër vlak van kognitiewe funksionering vertoon as babas met onbetrokke vaders (Louw & Louw 2014:10) en dat peuters met betrokke vaders ook beter probleemplossingsvaardighede vertoon as peuters met onbetrokke vaders (Flouri & Buchnan 2003:64).

Dit blyk dat kinders met betrokke vaders heel waarskynlik meer intellektueel gestimuleer word as kinders sonder vaders. Hul kognitiewe ontwikkeling sal daardeur baat. Neurologiese ontwikkeling word ook deur omgewingsinteraksies gestimuleer (Keenan & Evans 2009:143).

Die negatiewe impak van vaderaafwesigheid op leerders se akademiese prestatie is 'n bron van kommer. Die aantal leerders wat sonder 'n vaderfiguur grootword neem elke jaar toe en plaas daardeur toenemende druk op onderwysers om addisionele hulp aan sodanige leerders met akademiese agterstande en probleme te gee.

Die bevinding dat sommige leerders met afwesige vaders aggressie toon, sluit aan by Evans en Fogarty (1999:2) se bevinding dat die voorkoms van tienergeweld en jeugmisdaad verband hou met vaderafwesigheid.

Vaders se vernaamste funksie, volgens Richter en Morrell (2006:1), is om emosionele en sosiale stabiliteit in hul gesinne en in die samelewing te bewerkstellig. Kinders met warm, versorgende en aktiewe vaders ervaar groot voordele, volgens Green (2002:1). Die kinders toon 'n goeie selfbeeld, gesonde portuurgroepverhoudings, emosionele en sosiale stabiliteit, 'n hoë selfwaarde en, oor die algemeen, psigologiese en sosiale welstand.

Dit blyk dus dat gedragsuitvalle asook dissiplinêre en gedragsprobleme dikwels by leerders wat 'n vaderfiguur moet ontbeer voorkom. Die bevindinge van die onderhawige studie strook met ander bevindinge wat aantoon dat vaders se betrokkenheid by hul kinders 'n groot impak het op hul sosiale en psigologiese ontwikkeling (Boyce et al. 2006:1510-1520; Bronte-Tinkew et al. 2006:81-209; Ratele et al. 2012:554). Die vader speel ook 'n belangrike rol as dissiplineerde in die gesin en in die uitoefening van gesonde dissipline (Keenan & Evans 2009).

Die dissiplinêre probleme en gedragsuitvalle wat by leerders met afwesige vaders voorkom, sal 'n negatiewe invloed op hul selfbeeld en akademiese prestasie uitoefen. Die kind kry dikwels die etiket van 'n "probleemkind" en die negatiewe persepsies wat onderwysers van die kind het, vertroebel die onderwyser-leerderverhouding. Die negatiewe beeld versterk weer die negatiewe persepsies wat die kind van hom- of haarsel het en dit ontaard in 'n afwaartse spiraal. Daarom is dit belangrik dat onderwysers, en veral mansonderwysers, as positiewe rolmodelle vir leerders wat sonder 'n vaderfiguur grootwoord moet optree.

Dit blyk uit die bevindinge dat Bronfenbrenner en Morris se bio-ekosistemiese perspektief en ook dié van die sosiale ekologieteorie op kinderontwikkeling van toepassing is op die ontwikkeling van kinders met 'n afwesige vader en dat die vader se afwesigheid in die kind se mikrosisteem 'n negatiewe impak uitoefen op die kind se ontwikkeling. Die rimpeleffek van die wisselwerking tussen mense of die afwesigheid van mense – in dié geval die vader – het wel 'n impak, volgens die bevindinge.

## 7. SAMEVATTING

Hierdie studie het aangedui dat vaderafwesigheid 'n groeiende en kommerwekkende tendens in Suid-Afrika is en dat dit 'n impak op bykans alle fasette van kinderontwikkeling uitoefen. Daarom is ondersteuningsmaatreëls vir leerders wat sonder 'n vaderfiguur grootwoord van kardinale belang.

## BIBLIOGRAFIE

- Baker, C.E., Kainz, K.L. & Reynolds, E.R. 2018. Family Poverty, Family Processes and Children's Preschool Achievement: Understanding the Unique Role of Fathers. *Journal of Child and Family Studies*, 1:1-10.
- Bandura, A. 2012. On the functional properties of perceived self-efficacy revisited. *Journal of Management*, 38:9-44.
- Berns, R.M. 2010. *Child, family, school, community: socialization and support* (8th ed.). Belmont, Calif.: Wadsworth.
- Boyce, W.T., Essex, M.J., Alkon, A., Goldsmith, H., Kraemer, H.C. & Kupfer, D.J. 2006. Early father involvement moderates biobehavioral susceptibility to mental health problems in middle childhood. *Journal of the American Academy of Child & Adolescent Psychiatry*, 45:1510-1520.

- Bronfenbrenner, U. & Morris, P.A. 2006. The ecology of developmental processes. (In Damon, W. & Lerner, R.M. (eds). *Handbook of child psychology*, v. 1. 6<sup>th</sup> ed. Hoboken, N.J.: Wiley, pp. 993-1028).
- Bronte-Tinkew, J., Moore, K.A., Capps, R.C. & Zaff, J. 2006. The influence of father-involvement on youth risk behaviors among adolescents: a comparison of native-born and immigrant families. *Social Science Research*, 35:81-209.
- Choi, J. & Jackson, A.P. 2011. Fathers' involvement and child behavior in poor African American single-mother families. *Children and Youth Services Review*, 33:698-704.
- Desmond, C. & Desmond, C. 2006. HIV/AIDS and the crisis of care for children. In L. Richter & R. Morell (eds). *Baba: Men and fatherhood in South Africa*. Cape Town: HSRC Press, pp. 226-236.
- De Vos, A.S., Strydom, H., Fouché, C.B. & Delport, C.S.L. 2005. *Research at grass roots: For the social sciences and human service professions* (3rd ed.). Pretoria: Van Schaik Publishers.
- Donald, D., Lazarus, S. & Moolla, N. 2014. *Educational psychology in social context: ecosystemic application in Southern Africa* (5th ed.). Cape Town: Oxford University Press.
- Evans, G.D. & Fogarty, K. 1999. The hidden benefits of being an involved father. <http://edis.ifas.ufl.edu>  
Datum van toegang: 2 Maart 2017.
- Fatherhood Foundation of South Africa. 2010. <http://www.fatherhoodfoundationsa.org>[29 April 2016].
- Flouri, E. & Buchanan, A. 2003. The role of father involvement in children's later mental health. *Journal of adolescence*, 26:63-78.
- Freek, F.E. 2013. *Dad is destiny*. Potchefstroom: Ivyline Technologies.
- Gottfried, A.E., Gottfried, A.W. & Bathurst, K. 1988. Maternal employment, family environment and children's development: Infancy through the school years. In A.E. Honzik. Environmental correlates of mental growth: Prediction from the family setting at 21 months. *Child Development*, 38:337-364.
- Green, S. 2002. Involving fathers in children's literacy development: An introduction to the fathers reading every day (FRED) program. <http://www.joe.org/joe/2002october/iw4.shtml>[29 May 2013].
- Jordaan, A. & Janse van Rensburg, J. 2007. Die rol van die vader by veralgemeende angsversteuring. *In die Skriflig*, 41(1):23-44.
- Kapp, J.A. (ed.). 2010. *Children with problems: An orthopedagogical perspective* (16th ed.). Pretoria: Van Schaik.
- Keenan, T. & Evans, S. 2009. *An introduction to child development* (2nd ed.). London: Sage.
- Lamb, M.E., Pleck, J.H. & Levine, J.A. 1987. Effects of increased paternal involvement on fathers and mothers. In C. Lewis & M. O'Brien (eds). *Reassessing fatherhood: new observations on fathers and the modern family*. Thousand Oaks, Calif.: Sage, pp. 109-125.
- Lamb, M.E. & Tamis-Lemonda, C.S. 2013. The role of the father: An introduction. In M.E. Lamb (ed.). *The role of the father in child development* (3rd ed.). Hoboken, N.J. : Wiley, pp. 33-48.
- Leedy, P.D. & Ormrod, J.E. 2010. *Practical research: planning and design* (9th ed.). Upper Saddle River, N.J.: Pearson.
- Le Roux, A. 2007. 'n Kruiskulturele ondersoek na studente se houdings teenoor hul vaders. *Tydskrif vir Christelike Wetenskap*, 43(3-4):91-106.
- Louw, D.A. & Louw, A.E. 2014. *Die ontwikkeling van die kind en die Adolescent*. 2de uitgawe. Bloemfontein: Psychology Publications.
- Maree, K. (ed.). 2010. *First steps in research* (4th ed.). Pretoria: Van Schaik.
- Merriam, S.B. 2009. *Qualitative research: A guide to design and implementation* (2nd ed.). San Francisco, Calif.: Jossey-Bass.
- Mouton, J. 2012. *How to succeed in your master's and doctoral studies: A South African guide and resource book* (17th ed.). Pretoria: Van Schaik Publishers.
- Murdock, G.P. 1962. Structures and functions of the family. In R.F. Winch, R.M. McGinnis & H.R. Barringe (eds). *Selected studies in marriage and the family*. New York: Holt, Rinehart & Winston.
- Nganga, T.K. & Chan, T.C. 2015. The Importance of Ethics, Moral and Professional Skills of Novice Teachers. *Procedia – Social and Behavioral Sciences*, 205:8-12.
- Nugent, S. 1991. Cultural and psychological influences on the father's role in infant development. *Journal of marriage and the family*, 53:475-485.
- Rabe, M. 2007. My children, your children, our children, fathers, female partners, and household structures. *South African Review of Sociology*, 38:161-175.

- Radin, N. 1994. Primary caregiving fathers in intact families. In A.E. Gottfried & A.W. Gottfried (eds). *Redefining families: Implications for children's development*. New York: Plenum, pp. 11-54.
- Ratele, K., Shefer, T. & Clowes, L. 2012. Talking South African fathers: A critical examination of men's constructions and experiences of fatherhood and fatherlessness. *South African Journal of Psychology*, 42(4):553-563.
- Richter, L. & Morrell, R. (eds). 2006. *Baba: Men and fatherhood in South Africa*. Cape Town: HSRC Press.
- Roy, K. 2014. Fathering From the Long View: Framing personal and Social Change Through Life Course Theory. *Journal of Family Theory & Review*, 6:319-335.
- Saliha, F.B. & Jayan, C. 2013. Role of father in the cognitive development of the child: an exploration. *Guru Journal of Behavioral and Social Science*, 1:40-46.
- Schram, T.H. 2003. *Conceptualizing qualitative inquiry*. Upper Saddle River, N.J.: Merrill Prentice Hall.
- Shewark, E.A. & Blandon, A.Y. 2015. Mothers' and Fathers' Emotion Socialization and Children's Emotion Regulation: A Within-Family Model. *Social Development*, 24(2): 266-284.
- Shinn, M. 1978. Father absence and children's cognitive. *Psychological Bulletin*, 85:295-324.
- Silverstein, L.B. & Auerbach, C.F. 1999. Deconstructing the essential father. *American Psychologist*, 5:1-21.
- Stats SA. 2015. General Household Survey, 2014. Pretoria: StatsSA.
- Stokols, D. 1996. Translating Social Ecological Theory Into Guidelines for Community Health Promotion. *American Journal of Health Promotion*, 10(4):282-298.
- Stoop, D. 2004. *Making peace with your father: Understand the role your father has played in your life – past to present*. Ventura, Calif.: Regal Books.
- Thomas, R.M. 2005. *Comparing theories of child development* (6th ed.). Belmont, Calif.: Thomson Wadsworth.
- Tudge, J.R.H., Mokrova, I., Hatfield, B.E. & Karnik, R.B. 2009. Uses and misuses of Bronfenbrenner's bioecological theory of human development. *Journal of family theory & review*, 1(4): 198-210.
- Vaderskapstigting van Suid-Afrika *kyk* Fatherhood Foundation of South Africa.
- Wellington, J. 2000. *Educational research: Contemporary issues and practical approaches*. London: Continuum.

# Die effek van 'n verpligte akademiesegeletterdheidsmodule op Afrikaansmoedertaal-eerstejaarverpleegstudente se akademiese skryfvaardighede\*

*The effect of a compulsory academic literacy module on the academic writing skills of Afrikaans mother-tongue first-year nursing students*

**LOUISE OLIVIER**

Skool vir Tale  
Noordwes-Universiteit  
Potchefstroom  
E-pos: louise.olivier@nwu.ac.za



Louise Olivier

**LOUISE OLIVIER** het haar tersiêre studie in 2000 aan die Vaaldriehoekkampus van die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys in Vanderbijlpark, begin. Haar hoofvakke het Engels, Afrikaans en Vertaalkunde tot op BA-honneursvlak ingesluit. Tydens haar voorgraadse studie het sy ook as navorsingsassistent by die universiteit gewerk. Sy is aangewys as die student met die beste akademiese prestasie in haar fakulteit in 2003. Sy het ook 'n Nagraadse Onderwyssertifikaat voltooi. Sy het beide haar voorgraadse grade en nagraadse sertifikaat met lof geslaag. In 2009 voltooi sy haar MEd-graad in Opvoedingswetenskappe rondom die integrasie van die interaktiewe media in die onderrig van Engelse letterkunde. In 2011 is sy as lektor in akademiese geletterdheid aan die Sentrum vir Akademiese Geletterdheid en Professionele Taalpraktyk van die Noordwes-Universiteit in Potchefstroom aangestel. Sy het 'n PhD oor die akademiese geletterdheid van verpleegstudente voltooi. In 2018 is sy tot senior lektor bevorder. Behalwe vir die lewering van kongresreferate by plaaslike en internasionale kongresse het sy ook al in plaaslike tydskrifte van toegepaste taalkunde gepubliseer.

**LOUISE OLIVIER** started her tertiary studies in 2000 at the Vaal Triangle Campus of the then Potchefstroom University for Christian Higher Education in Vanderbijlpark. Her majors included English, Afrikaans and Translation Studies up to BA honours level. During this time, she also worked as a research assistant at the university. She was awarded best academic performer in her faculty in 2003. She also completed a Postgraduate Certificate in Education. She passed both the degrees and postgraduate certificate with distinction. She completed her MEd degree in Education in 2009 on the integration of motion media in the instruction of English literature. In 2011 she was appointed as a lecturer in academic literacy at the Centre for Academic and Professional Language Practice at the North-West University in Potchefstroom. She completed her PhD in academic literacy for nursing students. In 2018 she was promoted to senior lecturer. Apart from delivering academic papers at local and international conferences, she has also published in local applied linguistics journals.

\* Hierdie werk is gebaseer op navorsing wat gedeeltelik deur die Nasionale Navorsingstigting van Suid-Afrika ondersteun is (toekenningnommer: 112143).

## ABSTRACT

### *The effect of a compulsory academic literacy module on the academic writing skills of Afrikaans mother-tongue first-year nursing students*

Worldwide and in South Africa it seems that various perceptions exist of first-year university students who are not academically literate and struggle to produce acceptable forms of academic writing (Boughey 2000:282). Standardised testing in higher education appears to support these perceptions that students' academic literacy is not on par. Countless sources in the realm of academic literature also support the perceptions that students, and specifically first-year students, have difficulties in writing due to a number of variables. Many universities have therefore begun to realise their responsibilities in supporting students with academic literacy modules to address their general academic literacy and writing needs. The purpose and nature of these modules often vary due to the different requirements and expectations of students, subject groups, faculties and universities.

Even though being academically literate entails more than just proficiency with respect to academic writing, the focus in this study was on writing because writing is considered by many universities as a high-stakes activity as it remains one of the main forms of assessment, and if students struggle with writing, the likelihood of not being able to cope with their studies is imminent.

Another reason why the focus in this study was on writing is because one of the issues that lecturers complain about most, is that undergraduate students cannot write. Many lecturers assume that students have the necessary basic language skills and knowledge of academic conventions required for tertiary studies, believe that students can cope with any literacy demands, and expect them to produce academically correct written assignments. When students enter university, they are expected to adopt language appropriate for university level, and many students struggle to immerse themselves in the academic community. It is quite difficult for students to work out what is expected of them, and subject lecturers also do not always explicitly provide students with ground rules for academic writing in their subject areas and believe that students should work out what is required by themselves.

The need for academic writing interventions is therefore apparent. The purpose of this study was to examine the effect an academic writing intervention (as part of PhD research) conducted for this study had on the students from the case study. The students from the subject group Nursing in a Faculty of Health Sciences served as a convenience sample because of their accessibility to the researcher. During the time the research was conducted, the nursing students were the only homogeneous group and were therefore chosen to be part of the case study for this thesis. One of the reasons why Afrikaans mother-tongue nursing students were identified to be studied as a case study in this thesis was that it is assumed, as stated in literature (Weigle 2002:4), that there is a relationship between academic success and writing ability in terms of first-language contexts. In order to be successful in their careers and as university students, nursing students need to be proficient writers. An answer to a fundamental question, "why can't students write?", frequently asked by nursing staff who lecture nursing students and by professional nurses in practice, was also investigated in this study.

The main issue addressed in this study was therefore to determine how effective the writing component of a compulsory academic literacy module (an intervention focussing among others on writing development) at a South African university is in achieving its aims and objectives, and whether it contributes to the overall academic writing proficiency of first-year nursing students, as a case in point. This module evaluation was situated within the context of Applied

*Linguistics, because one of the main functions of Applied Linguistics is to design and suggest solutions to language problems.*

*A case study research design was used to carry out the evaluation of the module. Both qualitative and quantitative research methods were used to collect data for analyses. Firstly, online questionnaires were sent to nursing lecturers in order to do a needs analysis regarding the academic writing of nursing students. According to the lecturers, nursing students especially struggle with argumentation skills, and most of the lecturers felt that the students needed help with their academic writing. Secondly, a rubric was used to assess the students' academic essay writing. Finally, in focus group interviews, the nursing students gave their opinions on whether the module had an effect on their academic writing. The empirical results indicated that the module had a positive effect on the students' academic writing. However, it is clear that the students' writing was not perfect after only one module. Further interventions and research are necessary to support students with their academic writing. This will ensure that they find their own way in the academic community and are able to complete their studies successfully.*

**KEY WORDS:** acculturation, academic literacy, academic writing, argumentation, evaluation, applied linguistics, intervention, nursing students, case study

**TREFWOORDE:** akkulturasie, akademiese geletterdheid, akademiese skryfwerk, argumentasie, evaluering, toegepaste taalkunde, intervensie, verpleegstudente, gevallestudie

## OPSOMMING

In hierdie artikel word die effek van 'n verpligte akademiesegeletterdheidsmodule op Afrikaansmoedertaal-eerstejaarverpleegstudente se akademiese skryfwerk deur middel van 'n evaluering, ondersoek. Alhoewel akademiese geletterdheid meer as net akademiese skryfwerk behels, is skryf steeds een van die hoofaktiwiteite waarmee universiteitstudente geassesseer word (Archer 2008:24). Die evaluering van die module het binne die konteks van toegepaste taalkunde plaasgevind aangesien een van die belangrikste funksies van toegepaste taalkunde is om oplossings vir taalprobleme te ontwerp en voor te stel. 'n Gevallestudiesnavorsingsontwerp is gebruik om die evaluering van die module uit te voer. Beide kwalitatiewe en kwantitatiewe navorsingsmetodes is gebruik om data in te samel en te analiseer. Eerstens is aanlyn vraelyste aan verpleegkundedosente gestuur om 'n behoeftebepaling aangaande verpleegstudente se skryfwerk te doen. Volgens die dosente sukkel verpleegstudente met skryfwerk en veral met argumentasievaardighede en het dié studente hulp nodig met hulle akademiese skryfwerk. Tweedens is die studente se akademiese skryfwerk deur middel van 'n merkskema geassesseer. Die studente het ook deur middel van fokusgroeponderhoude aangedui of die module wel 'n effek op hulle akademiese skryfwerk gehad het. Uit die empiriese resultate blyk dit dat die module wel 'n positiewe effek op die studente se skryfwerk gehad het. Dit is egter duidelik dat die studente se skryfwerk nie volmaak is na slegs een module nie. Verdere intervensies en navorsing is nodig om alle studente met hulle akademiese skryfwerk te ondersteun sodat hulle hul plek in die akademiese gemeenskap kan vind en hulle studies suksesvol kan voltooi.

## 1. INLEIDING<sup>1</sup>

Regoor die wêreld, soos ook in Suid-Afrika, blyk dit dat daar verskillende persepsies bestaan rakende eerstejaar-universiteitstudente wat nie akademies geletterd is nie en sukkel om aanvaarbare vorme van akademiese skryfwerk te lewer. Gestandaardiseerde toetse in hoër onderwys bevestig die persepsies dat studente se akademiese geletterdheid nie op standaard is nie (Van Dyk 2010; Yeld 2010:28; Schap & Luwes 2013:186). 'n Groot hoeveelheid bronre in akademiese literatuur ondersteun ook die stelling dat studente, en spesifiek eerstejaarstudente, probleme ondervind met akademiese geletterdheid as gevolg van 'n groot aantal veranderlikes (Butler & Van Dyk 2004:1; Van Dyk 2005:38; Van Rooy & Coetzee-Van Rooy 2015:32).

Gevolgtreklik het baie universiteite hul verantwoordelikhede begin besef om studente met akademiesegeletterdheidsmodules te ondersteun in 'n poging om aandag te gee aan studente se behoeftes ten opsigte van algemene akademiese geletterdheid en skryfvaardighede. Die doel en aard van hierdie modules verskil dikwels weens die verskillende vereistes en verwagtinge van die studente, vakgroep, fakulteite en universiteite.

## 2. PROBLEEMSTELLING

Die vernaamste kwessie wat in hierdie studie hanteer is, was om vas te stel hoe effektiel die skryfkomponent van die akademiesegeletterdheidsmodule ('n Afrikaanse akademiesegeletterdheidsintervensie wat hoofsaaklik op skryfontwikkeling fokus) aan 'n Suid-Afrikaanse universiteit daarin slaag om sy doelstellings te bereik en of dit bydra tot die algehele akademiese skryfvaardigheid van eerstejaarverpleegstudente, as 'n verteenwoordigende voorbeeld hiervan.

Aangesien die module verpligtend is, met finansiële en tydsimplikasies, is dit die verantwoordelikheid van die universiteit en die module-ontwerpers om toe te sien dat die module geëvalueer word sodat alle belanghebbendes verseker kan wees dat die module doeltreffend, nodig en waardevol is. Hierdie belanghebbendes sluit in die studente, hulle ouers, die vak-kundiges, die universiteitsbestuur, die toekomstige werkgewers van die studente, en selfs pasiënte. Nog 'n belangrike belanghebbende is die akademiesegeletterdheidsdosent, wat as reflektiewe praktisyne die inhoud en prakteke wat aan die eerstejaarstudente verskaf word, deurlopend moet assesseer.

## 3. NAVORSINGSVRAE EN -HIPOTESE

Die volgende navorsingsvraag het die navorsing gerig:

- Is die Afrikaanse akademiesegeletterdheidsmodule doeltreffend in die ondersteuning en ontwikkeling van eerstejaarverpleegstudente se skryfvaardighede?

Die volgende hipoteses is vir hierdie studie geformuleer:

- $H_0$  Die implementering van 'n intervensie in 'n akademiesegeletterdheidsmodule vir eerstejaarverpleegstudente sal nie tot 'n beduidende verskil in akademiese skryfprestasie lei nie.
- $H_1$  Die implementering van 'n intervensie in 'n akademiesegeletterdheidsmodule vir eerstejaarverpleegstudente sal tot 'n beduidende verskil in akademiese skryfprestasie lei.

---

<sup>1</sup> Hierdie artikel is gebaseer op navorsing wat deel van 'n PhD-tesis uitgemaak het.

## 4. LITERATUURSTUDIE

Alhoewel akademiese geletterdheid meer as net akademiese skryfwerk behels, val die fokus in hierdie studie juis op skryfaktiwiteit omdat akademiese skryf steeds deur baie universiteite as 'n kernaktiwiteit beskou word, aangesien dit een van die belangrikste vorme van assessering bly (Archer 2008:248; Van der Walt 1981:263). As studente sukkel om te skryf, is hulle kanse moontlik swakker om op universiteit te slaag (Granville & Dison 2005:102; Lillis & Scott 2007:9). Archer (2008:248) merk ook op dat indien studente met hulle skryfwerk gehelp word, hulle algehele akademiese prestasie verbeter kan word.

Die fokus is ook op skryf omdat studente se onvermoë om te skryf een van die kwessies is waaroor dosente die meeste kla (Boughey 2000:282; Lillis & Turner 2001:57). Sommige dosente aanvaar dat studente oor die nodige basiese taalvaardighede en kennis van akademiese konvensies beskik wat vir tersiêre studies vereis word en glo dat studente enige geletterdheids-eise kan hanteer, en hulle verwag van studente om akademies korrek geskrewe opdragte te lever (Hirst et al. 2004:66; Lea & Stierer 2000:6; Read et al. 2001:388). Wanneer studente tot die universiteit toetree, word daar van hulle verwag om "universiteitstaal" te begin praat en baie studente sukkel om hulself in die akademiese gemeenskap te verdiep (Van Schalkwyk 2010:204). Insgelyks wys Pardoe (2000:126) daarop dat dit vir eerstejaarstudente, as "beginners" of "buitestanders", moeilik is om uit te werk wat van hulle verwag word. Vakdosente voorsien studente ook nie altyd van eksplisiete basisreëls vir akademiese skryfwerk in hul vakgebiede nie (Lea & Stierer 2000:4), maar glo dat dit deel van die uitdaging op universiteit is om self uit te werk wat benodig word (Pardoe 2000:126) om deel van die akademiese gemeenskap te word. Alhoewel selfgerigte leer (vgl. Knowles 1975; O'Shea 2003; Williamson 2007) belangrik is vir sukses op universiteit, het studente egter leiding nodig om in die akademiese gemeenskap geïntegreer en geakkultureer te word (Van Dyk & Van de Poel 2013:43).

Die behoefte aan akademieseskryfintervensies is duidelik. Hierdie studie het ten doel gehad om ondersoek in te stel na die effek van 'n skryfintervensie op die akademiese skryfwerk van eerstejaarverpleegstudente. Die studente van die vakgroep Verpleegkunde in 'n Fakulteit Gesondheidswetenskappe het as 'n geriflikheidsteekproef gedien weens hulle toeganklikheid vir die navorsing. Gedurende die tyd wat die navorsing gedoen is, was die verpleegstudente die enigste homogene groep in een klas in die jaargroep en hulle is daarom gekies om deel te wees van die gevallenstudie.

Talle studies is reeds gedoen oor akademiese geletterdheid en akademiese skryfwerk van Engelssprekende studente (Leki 2007; McKenna 2004; Vergie 2010). Navorsing oor Afrikaans eerste taal akademiesegeletterdheidsmodules en akademieseskryfintervensies is egter beperk. Weigle (2002:4) is van mening dat die vermoë om goed te kan skryf in eerstetaalomgewings 'n noue verbintenis met professionele en akademiese sukses het. Dít is een van die hoofredes waarom Afrikaanssprekende studente geïdentifiseer is om as 'n gevallenstudie in hierdie studie bestudeer te word.

## 5. NAVORSINGSMETODOLOGIE

### 5.1 Navorsingsontwerp

Hierdie evaluering is binne die konteks van toegepaste taalkunde uitgevoer (Lynch 1996:1) omdat een van die belangrikste funksies van toegepaste taalkunde is om oplossings vir taalprobleme te ontwerp en voor te stel (Van de Poel 2006:11; Van de Poel & Van Dyk 2015:162; Weideman 2006:71).

'n Gevallestudienavorsingsontwerp (Yin 2017) is gebruik, aangesien, soos onder andere Stake (1995:95) aanvoer, alle evalueringstudies gevallestudies is. Henning (2004:41) definieer gevallestudies as intensieve beskrywings en analises van 'n enkele eenheid of begrensde stelsel soos 'n individu, groep, gemeenskap, gebeurtenis, program of intervensie. Patton (1990:101) stel ook dat gevallestudies die grondslag vir evaluering en opvoedkundige navorsing geword het. In 'n gevallestudie kan 'n kombinasie van kwantitatiewe en kwalitatiewe data-insamelingsmetodes gebruik word om 'n volledige beeld van die verskynsel aan te bied (Henning 2004:33). In hierdie studie is 'n gemengdemetode-benadering (Creswell & Clark, 2017) gevolg. Volgens Ross (2009:776) is so 'n benadering meer waarskynlik om bewyse te lewer dat die program wel 'n effek gehad het. Die bevindings van hierdie studie is deur triangulering gevalideer om 'n holistiese beeld te verkry. Hierdie triangulasie het kwantitatiewe voor- en natoetse, 'n analise van studenteskryfwerk asook onderhoude met studente behels.

Die hoeveelheid deelnemers is nie in die analise en bespreking van die kwalitatiewe data aangedui nie. Die term kwasi-statistiek is in hierdie gemengdemetode-benadering (Maxwell 2010:476) gebruik om die kwalitatiewe data aan te vul. Kwasi-statistiek omvat terme soos *sommige, gewoonlik en die meeste*.

Hierdie navorsing het aan die aanvaarde etiese prosedures voldoen. Etielklaring is aan die betrokke universiteit verkry alvorens die navorsing uitgevoer is. Deelname aan die navorsing was ten volle vrywillig. Die deelnemers is nie op grond van hul deelname of nie deelname met betrekking tot punte benadeel nie. Ten einde die dosent-student-verhouding te bemiddel is 'n onafhanklike persoon gebruik om die geskrewe ingelige toestemming in te win. Weens vereistes rondom navorsingsetiek is verdere navorsing met die studente deur 'n onafhanklike persoon, 'n navorsingsassistent, anders as hul dosent (die navorser) behartig. Die data-analise is ook eers ná afloop van die module gedoen. Vertroulikheid en privaatheid van die deelnemers is deurgaans gehandhaaf en die resultate is ná afloop van die studie aan die deelnemers beskikbaar gestel.

## 5.2 Navorsingsdeelnemers

Die deelnemers van die vakgroep Verpleegkunde het as 'n *gerieflikheidsteekproef* gedien weens hul toeganklikheid vir die navorser (Teddlie & Yu 2008:201). *Doelbewuste steekproefneming* is ook gebruik aangesien die deelnemers geskik moes wees vir die doel van die studie (Krueger & Casey 2009:204). In doelgerigte steekproefneming word deelnemers gekies op grond van die tipe mense wat aan die navorser die tipe inligting kan verskaf wat benodig word (Krueger & Casey 2009:7). Die navorsingspopulasie in die studie was klein ( $n_1=5$ ;  $n_2=24$ ), maar dit is belangrik om daarop te let dat die aantal deelnemers nie so belangrik is in die geval van doelbewuste steekproefneming nie (Wilmot 2005). Alhoewel dit inderdaad 'n klein steekproef was, is die hele populasie gebruik. Geen veralgemenings kan gemaak word op grond van data wat uit hierdie steekproef gegenereer is nie, maar die bevindings kan wel bydra tot die vakkennis rakende die verskynsel wat ondersoek is.

Die volgende deelnemers het aan hierdie studie deelgeneem:

- Verpleegdosente ( $n_1=5$ ) wat deur die eerstejaarverpleegstudente-fasilitaarder geïdentifiseer is om met die aanlyn vraelys te help.
- Eerstejaarverpleegstudente ( $n_2=24$ )

### 5.3 Navorsingsmeetinstrumente

Data is deur middel van vraelyste, skryfstukke en fokusgroeponderhoude ingesamel. 'n Aanlyn vraelys is deur verpleegdosente ( $n=5$ ) voltooi deur middel van Google Docs. In hierdie vraelys het die dosente hulle ondervindings, verwagtings en persepsies van verpleegstudente se skryfwerk beskryf. Die dosente het ook hulle mening gelug oor of hulle dink die module 'n effek op dié studente se skryfwerk het.

Al die verpleegstudente ( $n=24$ ) se prestasies is deur middel van 'n argumentatiewe skryfstuk geassesseer. Skryfstukke is voor en ná die intervensie geassesseer. Dieselfde assessoringskriteria is vir beide skryfstukke gebruik om betroubaarheid te verseker. Kombinasies van oop en geslotte vrae is gebruik om fokusgroeponderhoude met die verpleegstudente ( $n=24$ ) te voer. Die vroeë het gefokus op die persepsies van die studente se vaardighede in hulle eie skryfwerk sowel as hulle persepsies van die akademiesegeletterdheidsmodule en die effek wat dié module op hulle akademiese skryfwerk gehad het. In hierdie artikel word response van die deelnemers soos volg gemerk: dosente met D gevvolg deur die nommer van die deelnemer en die aanhalingnommer en by studente S gevvolg deur die aanhalingnommer.

## 6. EMPIRIESE RESULTATE EN BESPREKING

### 6.1 Aanlyn vraelys vir verpleegdosente

In hierdie afdeling word die response van die verpleegdosente wat die aanlyn vraelys voltooi het, verskaf en bespreek na aanleiding van die induktiewe analise van die data. Deelnemers het die belangrikheid van korrekte taalgebruik in verpleegstudente se akademiese skryfwerk benadruk, asook hul bekommernis oor die manier waarop hulle studente skryf:

*"Die oppervlakkige wyse waarop studente taal gebruik laat my wonder of taalvaslegging plaasgevind het." [D2:23]*

*"Wanneer studente nie kan spel en hul taalgebruik swak is, weerspieël dit op ons professie." [D4:41]*

Die deelnemers het ook aangedui dat studente sukkel om in 'n akademiese register te skryf:

*"Wetenskaplike skryfstyl is baie raar." [D1:17]*

Volgens die deelnemers het die verpleegstudente meestal gesukkel met spelling, sinstruktuur, korrekte terminologie, logiese redenering, kritiese denke, plagiaat, verwysings in die teks en die samestelling van bronnelyste. Die deelnemers het ook kommentaar gelewer op die studente se gebruik om te "kopieer en plak". Hierdie probleme is nie net by eerstejaarstudente geïdentifiseer nie, maar ook by tweedejaar-, derdejaar- en vierdejaarstudente.

Op die vraag of hulle assessoringsrubrike vir nasienwerk gebruik, het die deelnemers geantwoord dat hulle wel rubriek gebruik om die studente se werk na te sien, en hulle het die belangrikheid van die gebruik van hierdie rubriek benadruk. Die rubriek word gebruik as 'n riglyn vir skryfopdragte en ook om studente bewus te maak van die verwagte uitkomste sodat hulle weet wat geëvalueer gaan word. Die kriteria wat meestal gebruik word, sluit in 'n voorblad, inhoudsopgawe, inleiding, slot, logiese en geïntegreerde argument, verwysings en bronnelys, taalaspekte, tegniese redigering en netheid. Met uitsondering van die "netheid"-kriterium word al hierdie aspekte in die rubriek van die akademiesegeletterdheidsmodule ingesluit.

Die deelnemers het ook die belangrikheid van kritiese denke in akademiese skryfwerk benadruk:

*“Studente gee slegs inligting weer en beskik oor beperkte kritiese, analitiese denkvaardighede.” [D3:7]*

*“Studente moet krities analities omgaan met inligting.” [D2:11]*

Deelnemers het benadruk dat hulle studente oor gebrekkige redeneringsvaardighede beskik:

*“Daar is min argumentasie, blote regurgitasie.” [D1:19]*

Hierdie aanhalings ten opsigte van kritiese denke en beredenering stem ooreen met bestaande literatuur. Bereiter en Scardamalia (1987:5-6) se kennis-vertelmodel van skryf en hulle kennistransformerende model van skryf verduidelik dat studente in hulle akademiese skryfwerk in ’n stadium moet wegbeweeg van die blote vertel of beskrywing van inligting, om dit te internaliseer en om deel van die kennisgenereringsproses te word.

Alhoewel daar meestal van eerstejaarverpleegstudente verwag word om aanvanklik beskrywende tekste te skryf, het hulle blootstelling aan en oefening in betogende tekste ook nodig, aangesien hulle uiteindelik sulke tekste sal moet skryf. Die akademiesegeletterdheids-module kan derhalwe ’n beginpunt wees, waar studente geleidelik aan kritiese denkoefeninge blootgestel word en dit uiteindelik in hulle eie skryfwerk implementeer.

Toe die deelnemers gevra is of hulle gedink het dat die verpleegstudente die module nodig het, het sommige van die deelnemers aangedui dat hulle gedink het die module was waardevol vir die studente:

*“Asseblief! Die skryfwerk van die eerstejaars benodig geweldig baie leiding en hulp!” [D3:44]*

*“Ja, want studente moet die basiese beginsels van taal, skryf, lees en leer geleer word omdat dit nie meer op skool gedoen word nie.” [D1:38]*

Die deelnemers is ook gevra of hulle sou verkies dat die module generies ten opsigte van vakgebiede moes wees, of meer verpleegkundespesifiek. Hulle antwoord was taamlik uiteenlopend. Een deelnemer wat ’n vakspesifieke module voorgestaan het, het gesê dat studente in so ’n geval sou leer hoe belangrik vakkennis en -terminologie is. Daarenteen het ’n ander deelnemer ’n meer generiese benadering verkies:

*“Ek vermoed wetenskaplike skryfstyl het basiese beginsels wat deurgegee word sonder dat dit beperk hoef te word tot ’n sekere vakgebied.” [D4:25]*

Die belangrikste kwessie wat aandag moet geniet, volgens ’n ander deelnemer, is dat studente met behoorlike kommunikasievaardighede toegerus moet word sodat hulle onafhanklik vir inligting kan soek en dit akkuraat in hulle skryfopdragte kan gebruik.

Ten slotte het byna al die deelnemers gesê dat hulle dankbaar sou wees as die akademiesegeletterdheidsmodule nie die einde was van die studente se blootstelling aan taalverwante leer nie en dat hulle opvolgwerkswinkels met studente van verskillende jaargroepe sou waardeer. Uit die antwoord blyk dit dat die verpleegdosente nie net belanggestel het in die inhoud wat hulle onderrig nie, maar ook in die akademiese skryfvermoë van hul studente.

## 6.2 Assessering van skryfstukke

Voordat die studente se opstelle kwantitatief geassesseer is, is die assesseringskaal (rubriek) geloods met tien opstelle wat deur Gesondheidswetenskappe-studente geskryf is. Om interbeoordelaarsbetroubaarheid te verseker, is die loodsopdragte geëvalueer deur die navorsers en ’n ervare kollega wat ook die opstelle vir die voor- en natoets geëvalueer het. Die skaal is ook aan ses ander dosente van die akademiesegeletterdheidsmodule gestuur vir analise en

kritiek. Nadat die rubriek (vgl. Bylaag A) aangepas is, is dit gebruik om die voortoets- sowel as die natoets-opstelle te assesseer.

'n Voortoets-opstel is aan al die studente gegee om te toets of die akademiesegeletterdheidsmodule 'n invloed op eerstejaarverpleegstudente se skryfwerk gehad het. Die uitslae was nie deel van hul modulepunte/uitslae nie, aangesien daar toe nog geen onderrig plaasgevind het nie. Die studente het die onderwerp ontvang en hulle moes dit 'n week later per e-pos indien. Die studente is toegeelaat om bronne te kon gebruik.

Vir die doeleindes van hierdie studie is 'n rubriek gebruik as assesseringsinstrument, wat aan die deelnemers verskaf en verduidelik is voordat hulle die opstelle geskryf het. In teenstelling met hoofkenmerk- en holistiese puntetoekenning, waar slegs 'n enkele telling gegee word, word verskeie kriteria of aspekte van skryfwerk deur middel van analitiese puntetoekenning geëvalueer, afhangende van die doel van die assessorering. Alhoewel die gebruik van 'n analitiese skaal tydwend kan wees, is daar verskeie voordele verbondé aan die gebruik van analitiese puntetoekenning vergeleke met holistiese puntetoekenning. Analitiese puntetoekenning is betroubaarder as holistiese puntetoekenning. Analitiese punteskale bied voorts meer "gedetailleerde" en "diagnostiese" inligting oor die skrywer se prestasie en vermoëns ten opsigte van verskeie aspekte van skryfwerk. Vir baie assesseerders is analitiese skale ook makliker om te gebruik as holistiese skale (Weigle 2002:109-121).

Die analitiese nasienskaal is gegrond op Archer (2008:262) se "template for measuring improvement from students' first drafts to final essays" – die oorspronklike nasienskaal wat gebruik word vir opstelle van die akademiesegeletterdheidsmodule en die verpleegkunde-assesseringsrubriek wat verskaf is deur die eerstejaarverpleegstudente-fasiliteerder. Met al die items is 'n Likert-skaal gebruik, naamlik *baie swak, swak tot redelik, gemiddeld tot goed en baie goed tot uitstekend*. 'n Tienpuntskaal is gebruik vir die item *Logiese organisasie: Inhoud*. Vir alle ander items is 'n vyfpuntskaal gebruik. Die punte wat aan die verskillende items toegeken word, is gebaseer op die inhoud van die akademiesegeletterdheidsmodule en op die nasienskaal wat deur die eerstejaarverpleegstudente-fasiliteerder verskaf is. Twee assesseerders (die navors en 'n ervare akademiese geletterdheidskollega) het die voor- en natoets-opstel geassesseer.

Om die betroubaarheid van die assesseringsinstrument te bepaal, is Cronbach se Alpha ('n statistiese wyse waardeur betrouwbaarheid bepaal kan word) bepaal met die tellings wat deur assesseerder A verkry is. Ten einde Cronbach se Alpha-waarde te kan interpreteer, word die riglyn van die onderste limiet van 0.7 en 0.6 vir ondersoekende navorsing gebruik (Hair et al. 2014:123). Met  $\alpha$  op **0.747** vir die voortoets en  $\alpha$  op **0.845** vir die natoets, kan hierdie assessorering as betrouwbaar beskou word aangesien dit goeie interne konsekwentheid het.

Ten einde die interbeoordelaarsbetrouwbaarheid van die tussenassesseerder-puntetoekenning van die opstelle te bepaal, is die Pearson-korrelasie ('n statistiese meting waardeur interbeoordelaarsbetrouwbaarheid bepaal kan word) bereken, terwyl die Fisher Z-transformasie ook gebruik is soos voorgestel deur Lynch (2003:86-87). Uit die Pearson-korrelasie is sterk verhoudings tussen die waardes van beide assesseerders in die voor- en natoets-opstelle waargeneem, met Pearson se  $r$  naby 1. In die voortoets-opstel was Pearson se  $r=0.942$  en in die natoets-opstel was dit 0.960 (sien Tabelle 1 en 2 hieronder). In beide gevalle was die korrelasies statisties beduidend, met  $p$ -waardes van minder as 0.05. In dié geval was dit 0.001 vir albei stelle opstelle.

**TABEL 1:** Pearson-korrelasie as 'n maatstaf van interbeoordelaarsbetroubaarheid: voortoets-opstel

		Assesseerder A Voortoets – Totaal	Assesseerder B Voortoets – Totaal
<b>Assesseerder A Voortoets – Totaal</b>	Pearson-korrelasie	1	.942**
	Beduidend (tweekantig)		.000
	N	24	24
<b>Assesseerder B Voortoets – Totaal</b>	Pearson-korrelasie	.942**	1
	Beduidend (tweekantig)	.000	
	N	24	24
<b>**. Korrelasie is beduidend by die 0.01-vlak (tweekantig).</b>			


**TABEL 2:** Pearson-korrelasie as 'n maatstaf van interbeoordelaarsbetroubaarheid: natoets-opstel

		Assesseerder A Natoets – Totaal	Assesseerder B Natoets – Totaal
<b>Assesseerder A Natoets – Totaal</b>	Pearson-korrelasie	1	.960**
	Beduidend (tweekantig)		.000
	N	24	24
<b>Assesseerder B Natoets – Totaal</b>	Pearson-korrelasie	.960**	1
	Beduidend (tweekantig)	.000	
	N	24	24
<b>**. Korrelasie is beduidend by die 0.01-vlak (tweekantig).</b>			


Lynch (2003:86) stel die gebruik van die Fisher Z-transformasie voor. Die formule vir die Z-transformasie is soos volg:  $R_u = n r_{AB} / 1 + (n-1) r_{AB}$

As die waardes van die bostaande tabelle in hierdie formule gebruik word (sien Lynch 2003:87) en terug in die Pearson-skaal omskep word, gee die voortoets-opstel 'n  $R_u$ -waarde van 0.847. Dit beteken dat 84.7% van die veranderlikheid van die waargenome toetstelling toegeskryf kan word aan werklike-telling-veranderlikheid. Die natoets-opstel tellings het geleei tot 'n  $R_u$ -waarde van 0.867 of 86.7% van die veranderlikheid in hierdie geval. Dit het die positiewe verhouding tussen die stelle tussenassesseerdertellings ondersteun en daarom kon hierdie tellings gebruik word vir die doeleindes van hierdie studie.

As die gemiddelde puntetoekennings per assesseerder per assesseringskriterium vergelyk word, is die verbetering tussen die voor- en natoets-opstelle duidelik sigbaar. Assesseerder A (sien Figuur 1) sowel as Assesseerder B (sien Figuur 2) het redelik dramatiese verbeterings aangeteken ten opsigte van die kriteria *Verwysings*, *Bronnelys* en *Tegniese aspekte*.




**Figuur 1:** Gemiddeldes vir Assesseerder A per assesseringskriterium



**Figuur 2:** Gemiddeldes vir Assesseerder B per assesseringskriterium

Die totale waardes vir beide voor- en natoets-opstelle per assesseerder word in 'n grafiek opgesom ter wille van vergelyking.



Figuur 3: Vergelyking van die assessering van die voor- en natoets-opstelle

TABEL 3: Vergelyking van die assessoring van die voor- en natoets-opstelle: *t*-toetse

Data	<i>t</i> -waarde	Grade van vryheid	<i>p</i> -waarde	Effekgrootte	<i>t</i> -waarde	Grade van vryheid	<i>p</i> -waarde	Effekgrootte
<b>ASSESSIEERDER A</b>					<b>ASSESSIEERDER B</b>			
Inleiding	-11.519	23	<0.001	3.19	-8.353	23	<0.001	2.54
Inhoud	-9.332	23	<0.001	2.17	-9.630	23	<0.001	1.81
Slot	-9.405	23	<0.001	2.83	-6.818	23	<0.001	1.96
Stem	-5.376	23	<0.001	2.97	-9.349	23	<0.001	2.21
Register	-7.523	23	<0.001	1.7	-7.430	23	<0.001	2.26
Taalgebruik	-4.733	23	<0.001	0.81	-4.307	23	<0.001	0.87
Verwysings	-9.399	23	<0.001	2.78	-8.961	23	<0.001	2.67
Bronnelys	-8.864	23	<0.001	2.74	-8.917	23	<0.001	3.28
Tegniese aspekte	-4.609	23	<0.001	1.18	-8.857	23	<0.001	2.94
Totaal	-14.131	23	<0.001	4.17	-15.286	23	<0.001	3.7

Die resultate van die voor- en natoets-opstelle se assesserings is ook met behulp van *t*-toetse vergelyk om vas te stel of statisties beduidende verbeterings bereik is (sien Tabel 3). Afgesien van die duidelike visuele verskil tussen die voor- en natoets-opstelle ten opsigte van die afsonderlike assesseringskriteria, is daar ook 'n duidelike verskil ten opsigte van die *t*-toetse, soos hieronder aangetoon word.

In die vergelyking van al die assesseringskriteria vir beide assesseerders (sien Tabel 3) is gevind dat  $p < 0.001$  in alle gevalle is en dus minder is as die vereiste *p*-waarde van 0.05. Hierdie resultaat kan as statisties beduidend beskou word. Wanneer die effekgrootte bereken word, uitgedruk as Cohen se *d*-waarde, is alle waardes ook hoër as 0.8, en die resultate is daarom ook prakties beduidend (Cohen 1960).

### **6.3 Fokusgroeponderhoude met verpleegstudente**

Fokusgroeponderhoude is ook met al die studente ( $n=24$ ) gevoer. Die twee hoofvrae wat by evalueringsliteratuur aansluit, word in hierdie afdeling bespreek. Dit is dus dit wat werk en wat nie werk nie (Patton 1990). Die fokusgroep se data-analise is gedoen met behulp van Atlas.ti-sageware. Dié sageware is gebruik om die navorser te help om die kwalitatiewe data te bestuur en induktief te analiseer deur kodering en annotasies (Smit 2002:65; Hwang 2008:524).

'n Ander beoordelaar, 'n kollega aan dieselfde instelling met ervaring in die veld van skryfwerk en die konteks, het ook die kwalitatiewe data geanaliseer. Vir interbeoordelaars-betrouwbaarheid is Cohen se Kappa (Cohen 1960:37) bereken om konsekwentheid tussen beoordelaars te bepaal:  $Kappa = 0.625$  ( $p < 0.001$ ). Volgens Landis en Koch (1977:165) impliseer dit 'n aansienlike ooreenkoms tussen die beoordelaars, aangesien die waarde tussen 0.61 – 0.80 was.

Die volgende positiewe persepsies van studente is as temas deur die beoordelaars geïdentifiseer en word vervolgens bespreek: algemene skryfvaardighede; argumenteringsvaardighede; onderskeiding van genres; formaat van skryftake; hulp met plagiaat; hulp met die skryf van bronverwysings; hulp met die skryf van 'n bronnelys; relevansie van die module; en voorbereiding vir nagraadse studies. Die negatiewe persepsies wat geïdentifiseer is sluit in: werkslading en tyd; en persepsies van senior studente.

#### *6.3.1 Positiewe persepsies*

- *Algemene skryfvaardighede*  
Omtrent al die deelnemers het gevoel dat die module hulle akademiese skryfvaardighede dramaties verbeter het. Baie van die deelnemers het ook genoem dat hulle glad nie sou geweet het hoe om op universiteit te skryf as dit nie vir die module was nie. Sommige van die deelnemers het ook goeie punte vir hulle opdragte aan die module toegeskryf.

*"As ons nie die akademiesegeletterdheidsmodule sou gehad het in die begin van die jaar nie, en ons moet ewe skielik 'n skryfopdrag doen sou ons nie geweet het hoe om dit te doen nie, en dan sou ons nie goeie punte kon kry nie."* (S96)

*"As jy goed doen in goed soos skryfstukke dan bring dit jou punte baie meer op."* (S94)

- *Argumenteringsvaardighede*

Die meerderheid van voorgraadse studente moet argumentatiewe tekste kan skryf. Een van die deelnemers het genoem dat argumentering baie belangrik is vir verpleegstudente

en dit is in lyn met wat uit die literatuur as belangrik geag word (Newton & Moore 2010:221). Die deelnemer het die voorbeeld genoem dat hulle in een van hulle verpleegmodules moes kon argumenteer of hulle gedink het genadedood is reg of verkeerd. Hulle moes ook kon argumenteer of aborsie gewettig moet word al dan nie. Die deelnemer het genoem dat hulle glad nie die opdragte sou kon doen indien dit nie vir die akademiesegeletterdheidsmodule was nie.

- *Onderskeiding van genres*

Wanneer studente op universiteit begin studeer, word hulle aan genres blootgestel wat hulle nie op skool geleer is nie. Verskeie soorte skryfwerk word van verpleegstudente verwag (soos deskriptiewe referate, reflektiewe referate, argumentatiewe referate, aksieplanne, versorgingsplanne, portefeuljes, persoonlike joernale, verslae, navorsingsvoorstelle). Alhoewel die akademiesegeletterdheidsmodule ongelukkig nie die studente met al die genres kan ondersteun nie, het die deelnemers aangedui dat hulle wel dankbaar was vir die bewusmakingsfunksie wat die module verrig het.

- *Formaat van skryftake*

Baie van die deelnemers het aangedui dat hulle in talle van hul ander modules skryftake gegee word sonder enige duidelike instruksies oor wat verwag word. Volgens van die deelnemers het die akademiesegeletterdheidsmodule hulle gehelp met struktuur en riglyne vir die skryf van hulle take. Die belangrikheid van die struktuur van 'n skryfstuk word ook deur Price en Harrington (2010:40-42) beaam.

- *Hulp met plagiaat*

Die vrees vir die pleeg van plagiaat was 'n probleem vir baie van die deelnemers en dit is uit die literatuur duidelik dat dit 'n algemene verskynsel is (Arhin & Jones 2009:710). Nagenoeg al die deelnemers was dit eens dat een van die belangrikste en waardevolste aspekte van die module was om te leer hoe om nie plagiaat te pleeg nie. Volgens talle van die deelnemers was plagiaat vir hulle 'n vreemde konsep aangesien hulle nie op skool behoorlik daaroor ingelig is nie.

*"En nie plagiaat te pleeg nie; laat ons mooi kan leer hoe om ander mense ook erkenning te gee vir die werkstukke wat ons wel gebruik."* (S355)

- *Hulp met die skryf van bronverwysings*

Die meeste van die deelnemers het aangedui dat hulle geen idee gehad het hoe om na bronnes in hulle skryfwerk te verwys nie en dat die module hulle geleer het hoe om te verwys.

*"Ons gebruik heeltyd die bronverwysings. Ons het nou 'n opdrag en elke ding moet 'n bronverwysing hê, en ek sou nie geweet het hoe om dit te doen nie as dit nie vir die akademiesegeletterdheidsmodule was nie."* (S308)

- *Hulp met die skryf van 'n bronnelly*

Al die deelnemers het aangedui dat die opstel van 'n bronnelly een van die hoofredes is hoekom studente die module moet neem en hierdie aspek word ook prominent in die literatuur genoem (Gardner & Rolfe 2013:32). Geeneen van die deelnemers het geweet hoe om 'n bronnelly korrek op te stel nie. Die deelnemers het ook aangedui dat daar in elke verpleegmodule van hulle verwag is om 'n korrekte bronnelly op te stel om goeie punte te kan kry.

*"Hulle gaan tien persent af trek as ons nie die bronnelly reg doen nie, so, die akademiesegeletterdheidsmodule help my daar."* (S308)

- *Relevansie van die module*

Die meeste van die deelnemers het aangedui dat die module baie waardevol was omdat hulle die skryfvaardighede daagliks in al hulle ander modules gebruik het.

*“En die akademiesegeletterdheidsmodule help nie net vir een vak nie, dit help vir elke liewe opdrag wat jy in elke liewe vak kan doen.”* (S67)

- *Voorbereiding vir nagraadse studies*

Talle van die deelnemers het ook besef dat dié skryfvaardighede ook in die toekoms gebruik kan word, soos vir verdere studies en selfs in die praktyk.

*“Veral as jy nou in jou vierde jaar kom en jy moet lang take doen met baie bronverwysings.”* (S339)

*“En nie net nou nie, eendag ook as 'n mens sê nou maar verder gaan leer soos jy doen jou PhD of iets soos dit en jy skryf ook mediese verslagte.”* (S310)

#### 6.3.2 Negatiewe persepsies van die module

- *Werkslading en tyd*

Hoewel die meeste van die deelnemers gevoel het dat die skryfstukke hulle baie gehelp het, het sommige egter gevoel dat dit baie harde werk en moeite verg.

*“Die skryfstukke wat ons moet skryf elke week help baie, maar dit is baie werk en baie moeite.”* (S278)

Die deelnemers het ook gemeld dat hulle nie baie tyd vir die skryfstukke het nie as gevolg van die talle praktiese klasse wat hulle ook het.

*“Ons is so besig want ons werk praktiese ure ook, baie meer as die gewone student, so daar is nie tyd daarvoor nie.”* (S335)

- *Persepsies van senior studente*

Baie van die deelnemers het aangedui dat hulle negatief beïnvloed is deur senior studente.

*“Ek voel dat ons houding baie beïnvloed is deur die ander studente wat vir ons vertel hoe is die akademiesegeletterdheidsmodule – dat dit tydmors is en dat dit nie vir hulle lekker is nie.”* (S172)

Die meeste van die deelnemers het egter aangedui dat al was hulle negatief oor die module aan die begin van die semester, hulle aan die einde van die semester die waarde van die module besef het.

*“Ja, aan die begin was mens baie negatief, maar mens kom tog agter jy het dit in 'n mate tog nodig want dit help baie met opdragte.”* (S113)

## 7. GEVOLGTREKKING EN AANBEVELINGS

Op grond van die ontleding kan die nulhipotese ( $H_0$ ) derhalwe verworp word, aangesien statisties beduidende verbeterings waargeneem is in die gehalte van akademiese skryfwerk van eerstejaarverpleegstudente. Die H1-hipotese is dus as korrek bewys en kan aanvaar word as waar. Al die deelnemers het egter nie ewe veel verbetering getoon ten opsigte van al die kriteria wat geassesseer is nie. Dit blyk dus dat verdere vakspesifieke ondersteuning nodig is, en dit moet in toekomstige studies geïmplementeer en geëvalueer word.

Vanuit die antwoorde van die deelnemers is dit duidelik dat beide verpleegdosente en -studente die noodsaaklikheid van die akademiesegeletterdheidsmodule besef. Daar is egter sekere kwessies – soos werkslading en tyd en persepsies van senior studente – wat uit die

empiriese data gespruit het wat aangeroer kan word sodat die verpleegstudente optimale nut uit die module kan verkry. Die strukturering van akademiesegeletterdheidsmodules moet dus die hoeveelheid inhoud in konsultasie met ander modules sinvol beplan (vgl. Van de Poel & Van Dyk, 2015:169-171). Verder is dit ook duidelik dat negatiewe persepsies rondom modules binne 'n instansie tussen studente oorgedra word, dus moet dosente ook daadwerklik die modules aan studente verkoop en positiewe assosiasies kweek. Studente moet dus die voordeel van modules kan insien (Heyda 2006:164). Dosente uit ander vakgebiede moet ook medeverantwoordelikheid, iets wat tans nie gebeur nie (Lea & Stierer 2000:4), neem vir probleme rondom studenteskryfwerk en ondersteunend optree (Carstens 2013:123) in hierdie verband met betrekking tot onderrig, assessering en voorbeeldstelling. Die lesse wat uit hierdie studie geleer is, kan ook gebruik word vir toekomstige evaluerings oor die effek wat dié module op studente van ander fakulteite se skryfwerk het.

Persepsies verander nie maklik nie (Pickens 2005:43-76). Indien die kwessies wat deur die studente uitgewys is, aangespreek kan word, kan talle studente met die aanvang van die module reeds van die nut en waarde daarvan oortuig wees.

## BIBLIOGRAFIE

- Archer, A. 2008. Investigating the effect of writing centre interventions on student writing. *South African Journal for Higher Education*, 22(2):248-264.
- Arhin, A.O. & Jones, K.A. 2009. A multidiscipline exploration of college students' perceptions of academic dishonesty: are nursing students different from other college students? *Nurse education today*, 29:710-714.
- Boughey, C. 2000. Multiple metaphors in an understanding of academic literacy. *Teachers and Teaching: Theory and Practice*, 6(3):279-290.
- Bereiter, C. & Scardamalia, M. 1987. *The psychology of written composition*. London: Routledge.
- Butler, H.G. & Van Dyk, T.J. 2004. An academic English language intervention for first year engineering students. *South African Journal of Linguistics*, 22(1&2):1-8.
- Carstens, A. 2013. Collaboration: the key to integration of language and content in academic literacy interventions. *Journal for language teaching*, 47(2):109-126.
- Cohen, J. 1960. A coefficient of agreement for nominal scales. *Educational and Psychological Measurement*, 20:37-46.
- Creswell, J.W. & Clark, V.L.P. 2017. *Designing and conducting mixed methods research*. Los Angeles, CA: Sage publications.
- Gardner, L. & Rolfe, G. 2013. Essaying the essay: nursing scholarship and the hegemony of the laboratory. *Nurse education today*, 33:31-35.
- Granville, S. & Dison, L. 2005. Thinking about thinking: integrating self-reflection into an academic literacy course. *Journal of English for Academic Purposes*, 4:99-118.
- Hair, J.F., Black, W.C., Babin, B.J. & Anderson, R.E. 2014. *Multivariate data analysis*. Harlow: Pearson.
- Henning, E. 2004. *Finding your way in qualitative research*. Pretoria: Van Schaik.
- Heyda, J. 2006. Sentimental education: first-year writing as compulsory ritual in US colleges and universities. In Ganobcsik-Williams, L. (ed.). *Teaching academic writing in UK higher education: theories, practices and models*. Houndsills: Palgrave Macmillan, pp. 154-166.
- Hirst, E., Henderson, R., Allen, M., Bode, J. & Kocatepe, M. 2004. Repositioning academic literacy: charting the emergence of a community of practice. *Australian Journal of Language and Literacy*, 27(1):66-80.
- Hwang, S. 2008. Utilizing qualitative data analysis software: a review of Atlas.ti. *Social Science Computer Review*, 26(4):519-527.
- Knowles, M.S. 1975. *Self-directed learning: a guide for learners and teachers*. Englewood Cliff, N.J.: Cambridge Adult Education.
- Krueger, R.A. & Casey, M.A. 2009. *Focus groups: a practical guide for applied research*. 4<sup>th</sup> ed. London: Sage.

- Landis, J.R. & Koch, G.G. 1977. The measurement of observer agreement for categorical data. *Biometrics*, 33(1):159-174.
- Lea, M.R. & Stierer, B. (eds). 2000. *Student writing in higher education: new contexts*. Buckingham: Open University Press.
- Leki, I. 2007. *Undergraduates in a second language: challenges and complexities of academic literacy development*. London: Lawrence Erlbaum Associates.
- Lillis, T. & Scott, M. 2007. Defining academic literacies research: issues of epistemology, ideology and strategy. *Journal of Applied Linguistics*, 4(1):5-32.
- Lillis, T. & Turner, J. 2001. Student writing in higher education: contemporary confusion, traditional concerns. *Teaching in Higher Education*, 6(1):57-68.
- Lynch, B.K. 1996. *Language program evaluation: theory and practice*. Cambridge: Cambridge University Press.
- Lynch, B.K. 2003. *Language assessment and programme evaluation*. Edinburgh: Edinburgh University Press.
- Maxwell, J.A. 2010. Using numbers in qualitative research. *Qualitative Inquiry*, 16(6):475-482.
- Mckenna, S. 2004. A critical investigation into discourses that construct academic literacy at the Durban institute of technology. Rhodes: Rhodes University. (Thesis – DPhil).
- Newton, S. & Moore, G. 2010. Nursing students' reading and English aptitudes and their relationship to discipline-specific formal writing ability: a descriptive correlational study. *Nursing education perspectives*, 31(4):221-225.
- O'Shea, E. 2003. Self-directed learning in nurse education: a review of the literature. *Journal of Advanced Nursing*, 43(1):62-70.
- Pardoe, S. 2000. A question of attribution: the indeterminacy of 'Learning from experience'. In Lea, M.R. & Stierer, B. (eds). *Student writing in higher education: new contexts*. Buckingham: Open University Press, pp. 125-146.
- Patton, M.Q. 1990. *Qualitative evaluation and research methods*. 2<sup>nd</sup> ed. Newbury Park, CA: Sage.
- Pickens, J. 2005. Attitudes and perceptions. In Borkowski, N. (ed.). 2005. *Organizational behaviour in Health Care*. London: Jones and Bartlett Publishers, pp. 43-76.
- Price, B. & Harrington, A. 2010. *Critical thinking and writing for nurses*. Exeter: Learning matters Ltd.
- Read, B., Francis, B. & Robson, J. 2001. 'Playing safe': undergraduate essay writing and the presentation of student voice. *British Journal of Sociology of Education*, 22(3):387-399.
- Ross, S.J. 2009. Program evaluation. In Long, M.H. & Doughty, C.J. (eds). *The handbook of language teaching*. Oxford: Wiley-Blackwell, pp. 756-778.
- Schaap, P. & Luwes, M. 2013. Learning potential and academic literacy tests as predictors of academic performance for engineering students. *Acta Academica*, 45(3):181-214.
- Silva, M.C., Cary, A.H. & Thaiss, C. 1999. When students can't write: solutions through a writing intensive nursing course. *Nursing and Health Care Perspectives*, 20(3):142-145.
- Smit, B. 2002. Atlas.ti for qualitative data analysis. *Perspectives in Education*, 20(3):65-75.
- Stake, R. 1995. *The art of case study research*. Thousand Oaks, CA: Sage.
- Teddlie, C. & Yu, F. 2008. Mixed methods sampling: a typology with examples. In Plano Clark, V.L. & Creswell, J.W. (eds). *The mixed methods reader*. Thousand Oaks, CA: Sage, pp. 199-228.
- Van de Poel, K. 2006. *Scribende: academic writing for students of English*. Leuven: Acco.
- Van de Poel, K. & Van Dyk, T.J. 2015. Discipline-specific academic literacy and academic integration. In Wilkinson, R. & Walsh, M.L. (eds). *Integrating content and language in higher education: from theory to practice*. Oxford: Peter Lang, pp. 161-180.
- Van der Walt, J.L. 1981. The practical English course: a proposed syllabus for an Afrikaans university. Potchefstroom: Potchefstroom University. (Thesis - PhD).
- Van Dyk, T.J. 2005. Towards providing effective academic literacy intervention. *Per Linguam*, 21(2):38-51.
- Van Dyk, T.J. 2010. Konstitutiewe voorwaardes vir die ontwerp van 'n toets van akademiese geletterdheid. (Thesis – PhD).
- Van Dyk, T. & Van de Poel, K. 2013. Towards a responsible agenda for academic literacy development: considerations that will benefit students and society. *Journal for Language Teaching*, 47(2):43-70.

- Van Rooy, B. & Coetzee-Van Rooy, S. 2015. The language issue and academic performance at a South African University. *Southern African Linguistics and Applied Language Studies*, 33(1):31-46.
- Van Schalkwyk, S. 2010. When the teacher becomes the student: the acquisition of academic literacy revisited. *Acta Academica Supplementum*, (1):201-222.
- Vergie, M.P. 2010. Effective language use in academic study material for L2 speakers of English at a distance learning institution. Stellenbosch: Stellenbosch University. (Dissertation – M.Phil).
- Weideman, A. 2006. Transparency and accountability in applied linguistics. *Southern African Linguistics and Applied Language Studies*, 24(1):71-88.
- Weigle, S.C. 2002. *Assessing writing*. Cambridge: Cambridge University Press.
- Williamson, S.N. 2007. Development of a self-rating scale of self-directed learning. *Nurse Research*, 14(2):66-83.
- Wilmot, A. 2005. Designing sampling strategies for qualitative social research: with particular reference to the Office for National Statistics' Qualitative Respondent Register. *ONS survey methodology bulletin*, 56. <http://www.cdc.gov/qbank/QUEST/2005/Paper23.pdf> Date of access: 20 Nov. 2015.
- Yeld, N. 2010. Some challenges and responses: higher education in South Africa. *Discourse*, 38(1):24-36.
- Yin, R.K. 2017. *Case study research and applications: Design and methods*. Los Angeles, CA: Sage publications.

## BYLAAG A: ASSESSERINGSRUBRIEK

Item en kriteria	Puntetoekenning: Baie swak	Puntetoekenning: Swak tot beperk	Puntetoekenning: Gemiddeld tot goed	Puntetoekenning: Baie goed tot uitstekend	Totaal
<b>LOGIESE ORGANISASIE</b>					
<i>Inleiding</i>	0  Geen probleemstelling / tesissetting is gebied nie.  Geen oorsig is gebied nie.	1-2  Die probleemstelling / tesissetting is swak, Onvoldoende oorsig gebied.	3  Die probleemstelling / tesissetting is redelik goed gestel.  Die oorsig is redelik goed georganiseer.	4-5  Die probleemstelling / tesissetting is duidelik.  Die oorsig van die teks (struktuur en hoofpunte) is duidelik.	5
<i>Liggaaam</i>	0-2  Daar is geen paragrawe nie.  Geen logiese argument kan gevolg word nie.  Belangrike terme is glad nie duidelik gedefinieer nie.	3-4  Paragrawe is swak gestruktureer.  Paragrawe het meer as een idee per paragraaf en daar is onvoldoende gebruik van kohesiemiddelle.  Belangrike terme is swak gedefinieer.	5-7  Paragrawe is redelik goed gestruktureer met een hoofidee per paragraaf en redelike gebruik van kohesiemiddelle.  Paragrafering is funksioneel en temasinne word gebruik.  Die argument is logies, maar die volgorde is soms problematies  Oor die algemeen word voldoende definisies vir belangrike terme verskaf.	8-10  Paragrawe is goed gestruktureer met een hoofidee per paragraaf asook goede gebruik van kohesiemiddelle.  'n Sterk logiese argument word gebied.  Duidelike definisies vir belangrike terme word verskaf.	10
<i>Gevolgtrekking</i>	0  Geen opsomming van wat gedoen is nie.  Geen logiese gevolgtrekking nie.	1-2  Byna geen opsomming om te evaluateer nie.  Swak gevolgtrekking.	3  'n Redelike goede opsomming van wat gedoen is.  Gemiddelde gevolgtrekking.	4-5  'n Duidelike opsomming van wat gedoen is asook van die argument.  Daar is 'n duidelike en logiese gevolgtrekking.	5
<b>SKRYWERSTEM</b>	0  Onvoldoende gebruik van die derde- of eerstepersoonstem	1-2  Verkeerde gebruik van die skrywerstem	3  Redelike goede gebruik van die skrywerstem	4-5  Goeie gebruik van die derde- of eerstepersoonstem	5
<b>REGISTER</b>	0  Heeltemal onvoldoende register is gebruik.	1-2  Die taal is onvoldoende vir 'n akademiese konteks.	3  Die register is oor die algemeen voldoende in 'n akademiese konteks (byna geen gesprekstaal, sling of clichés nie en met basiese korrekte gebruik van jargon, subjektiewe/objektiewe taal, afkortings en akronieme).	4-5  Voldoende register vir die akademiese konteks (geen gesprekstaal, sling of clichés nie met korrekte gebruik van jargon, subjektiewe/objektiewe taal, afkortings en akronieme).	5
<b>TAAL</b>	0  Byna geen begrip van die reëls rondom sinskonstruksie nie.  Verkeerde gebruik van tydsanduiding, voorsetsels, spelling en punktuasie.  Beperkte woordeskataf.	1-2  Ernstige probleme met eenvoudige / kompleks konstruksies.  Heelwat foute met tydsanduiding, voorsetsels, spelling en punktuasie.  Onvoldoende woordeskataf is gebruik.	3  Effektiewe, maar eenvoudige sinskonstruksies is gebruik.  Enkele foute met tydsanduiding, voorsetsels, spelling en punktuasie.  Woordeskatafgebruik is voldoende.	4-5  Duidelike en volledige sinne word gebruik.  Daar is byna geen foute met tydsanduiding, voorsetsels, spelling en punktuasie nie.  Goeie woordeskatafgebruik.	5
<b>VERWYSINGS</b>	0	1-2	3	4-5	5

Korrekte verwysings in die teks (Harvard)	Daar is geen verwysings nie of daar is tot 'n groot mate uit sekondêre bronne geplagieer. Bronne wat gebruik is, is nie resent nie.	Enkele sekondêre bronne is gebruik, maar is nie korrek na verwys nie. Geplagieerde inligting is geïdentifiseer. Min resente bronne is gebruik.	Die meeste bronverwysings is korrek. Min inligting is met bronverwysings geïdentifiseer. Die meeste bronne wat gebruik is, is resent.	Al die bronverwysings is korrek. Alle inligting is met bronverwysings ondersteun. Voldoende resente bronne is gebruik.	
BRONNELYS Korrekte inskrywings volgens die Harvard-styl	0 Daar is geen bronnellys nie.	1-2 Die bronnellys is onvolledig. Beperkte verskeidenheid van bronne is gebruik.	3 Sommige van die broninskrywings is korrek. 'n Verskeidenheid van bronne is gebruik.	4-5 Die bronnellys is korrek en volledig. 'n Voldoende verskeidenheid bronne is gebruik.	5

TEGNIESE ASPEKTE (5)					
Voorblad	Inhoudsopgawe	Formaat (font en fontgrootte)	Bladsynommers en opskrifte	Teks geblok	

# Die invloed van 'n intervensieprogram op Graad R-opvoeders se ervaring ten opsigte van professionele ontwikkeling in spelgebaseerde geletterdheid

*Grade R educators' experience of their professional development following an intervention programme*

**ANIENIE VELDSMAN EN JUDY VAN HEERDEN**

Departement Vroeë Kinderonderwys

Fakulteit Opvoedkunde, Universiteit van Pretoria

E-pos: anenie@sants.co.za

E-pos: Judy.vanHeerden@up.ac.za



Anienie Veldsman Judy van Heerden

**ANIENIE VELDSMAN** is 'n Akademiese Hoof van die Graad R-program by SANTS, 'n Privaat Hoër Onderwysinstelling. Sy is ook 'n voormalige dosent in die Departement Vroeë Kinderontwikkeling aan die Universiteit van Pretoria. Sy het modules in vroeë geletterdheid, vroeë gesyferheid en vroeë kinderontwikkeling onderrig. Anienie was vir ongeveer 12 jaar 'n opvoeder in die Grondslagfase en leerondersteuning. Die grootste gedeelte hiervan was by landelike skole in die Wes-Kaap. Sy voltooi haar MEd graad (spesialisering in leerondersteuning) in 2011 aan die Universiteit van Stellenbosch. Die fokus van haar MEd navorsing was op die professionele ontwikkeling van Intermediêre fase opvoeders om leerders wat op laer vlakke lees en skryf, effektiel in hul klasse te kan ondersteun. Laasgenoemde program het daadwerklik tot die verbetering van leerders se geletterdheidsvlakke bygedra. Sy gebruik haar agtergrond, kennis en liefde vir die jong kind op 'n daaglike basis wanneer sy betrokke is by die opleiding van toekomstige opvoeders. Anienie se PhD navorsing fokus op die belangrikheid van 'n spelgebaseerde benadering vir Graad R-leerders. Die navorsing fokus ook op die professionele ontwikkeling van opvoeders deur middel van perceptueel motoriese vaardighede. Anienie is gereeld as gasspreker betrokke by die opleiding van opvoeders en ouers.

**ANIENIE VELDSMAN** is an Academic Head of the Grade R-program at SANTS, a Private Higher Education Institution. She is also a former lecturer in the Department Early Childhood Education at the University of Pretoria. She lectured modules in early literacy, early numeracy and early childhood education. Anienie was an educator in the Foundation Phase and Learning Support for about 12 years. Most of these were at rural schools in the Western Cape. She completed her MEd degree (Specialization in Learning Support) in 2011 at the Stellenbosch University. The focus of her MEd research was on the professional development of Intermediate Phase educators to effectively support learners in their classes that are at lower levels of writing and reading. This program contributed to the improvement of learners' literacy levels. She uses her background, knowledge and love for the young child on a daily basis when she is involved in the training of future educators. Anienie's PhD research focuses on the importance of a play-based approach for Grade R learners. The research also focus on the professional development of educators through perceptual motor skills. Anienie is regularly involved as guest speaker in the training of educators and parents.

**JUDY VAN HEERDEN** is verbonde aan die Departement Vroeë Kinderonderwys in die Fakulteit Opvoedkunde aan die Universiteit van Pretoria, Suid-Afrika. Sy doseer vroeë kinderontwikkeling-modules, asook natuurwetenskap en tegnologie in die Grondslagfase en is 'n studieleier vir nagraadse studente. Vir haar doktorale tesis het sy navorsing gedoen oor kwaliteit in Suid-Afrikaanse kleuterskole en hoe begunstigdes soos ouers en onderwysers kwaliteit verstaan. Ander navorsingsbelangstellings sluit in: spelgebaseerde leer en kreatiwiteit, asook buitespel en leer in en deur die natuur. Gespesialiseerde leer- en onderrigbenaderings in die veld van vroeë kinderonderwys soos die Reggio Emilia benadering, lê haar ook na aan die hart. Judy is die outeur van akademiese artikels, medeouteur van hoofstukke in vakkundige navorsingsboeke en drie handboeke vir onderwysers oor wetenskap en tegnologie het ook uit haar pen verskyn. Sy het al tale voordragte by konferensies plaaslik en internasionaal gelewer en bied as vakspesialis-adviseerder gereeld werkswinkels aan vir onderwysers. Judy is 'n laureaatwenner vir innovasie-onderwys by die Universiteit van Pretoria vir die ontwikkeling van kurrikulum en leermateriaal.

**JUDY VAN HEERDEN** is a lecturer in the Department of Early Childhood Education in the Faculty of Education at the University of Pretoria, South Africa. She teaches early childhood development modules, as well as natural science and technology and is a supervisor for postgraduate students. For her doctoral thesis, she carried out research on the quality of South African early learning centres and beneficiaries like teachers' and parents' understanding of quality. Other research interests include play based learning and creativity, as well as outdoor play and learning in and through nature. Specialised teaching and learning approaches in the field of early childhood education like the Reggio Emilia approach is also dear to her. Judy is an author of academic articles, co-author of chapters in scholarly books and she wrote three texts books for student teachers on science and technology. She has presented papers at several conferences nationally and internationally and as a specialist adviser often presents workshops for teachers. Judy is a laureate award winner of the University of Pretoria for innovation education for the development of curriculum and learning materials.

## ABSTRACT

### *Grade R educators' experience of their professional development following an intervention programme*

*This study investigates Grade R educators' experience of their professional development, following an intervention programme. An intervention programme was compiled based on baseline data. The baseline data indicated that the participants' prior knowledge of play-based literacy was very limited. In the baseline data, the participants indicated that they experienced fears and concerns about the use of a play-based approach for Grade R learners. The participants were uncertain about how or whether to plan for play-based literacy, as well as how to identify their learners' challenges through a play-based approach.*

*Participatory action research was chosen as a meta-theoretical paradigm for the study. One of the characteristics of participatory action research is that it is conducted in cycles. Empirical data were collected over a period of eight weeks through the five cycles of participatory action research. The data were generated by means of qualitative data collection methods. These methods included research reflection journals of the participants and the researcher, collaborative discussions, semi-structured focus group interviews, observation, open-ended questions and open-ended interviews.*

*Based on the baseline data collected, and as the study focused on the professional development of educators, two models were chosen as theoretical frameworks. The first models used, were CRASP I and CRASP II, focusing on the professional development of educators through participatory action research. Through participatory action research, educators can*

*do critical self-evaluation about their own knowledge. A critical attitude causes a search for answers and leads to responsibility and a need for professional development. The purpose of the CRASP models is to change educators' attitudes, skills and practices through professional development so that there can be an improvement in learners' learning outcomes.*

*The second model used during the study is the concerns-based model of teacher development. Education changes regularly, and as educators develop fears and worries about their own teaching methods, the concerns-based model of teacher development aims to help educators overcome their fears and concerns about teaching. CRASP I and CRASP II, as well as the concerns-based model of teacher development, have been combined to contribute to the professional development of Grade R educators through play-based literacy.*

*The findings of the study indicate that the participants experienced the intervention programme as very positive. The findings further indicate that through the intervention programme, all the participants have gained insight into the learners' deficits, as well as insight into their own teaching methods. Nine out of ten of the participants in the study indicated that their self-confidence in the utilisation of play-based education had improved to such an extent that following the intervention programme, they understood the value of a spell-based approach and that they could effectively plan for a play-based approach. The participants further pointed out that they had improved their knowledge to such an extent that they could better identify and support learners with challenges. The study, the findings and the recommendations may contribute to the professional development of educators in terms of the teaching of play-based literacy.*

**KEY WORDS:** Play-based literacy, Grade R teacher, professional development, intervention programme, Annual National Assessment, participatory action research

**TREFWOORDE:** Spelgebaseerde geletterdheid, Graad R-opvoeder, professionele ontwikkeling, intervensieprogram, Jaarlikse Nasionale Assessering, deelnemende aksienavorsing

## OPSOMMING

Hierdie studie ondersoek die invloed van 'n intervensieprogram op Graad R-opvoeders se ervaring van hul professionele ontwikkeling. 'n Intervensieprogram is saamgestel op grond van basislyndata omtrent deelnemers se voorkennis van spelgebaseerde geletterdheid, die deelnemers se vrese en bekommernisse omtrent die volg van 'n spelgebaseerde benadering vir Graad R-leerders, asook die deelnemers se behoefté betreffende die onderrig van spelgebaseerde geletterdheid. Die intervensieprogram is voorts deur middel van deelnemende aksienavorsing ontwerp. Aangesien die intervensieprogram op die professionele ontwikkeling van opvoeders fokus, is daar van drie modelle as teoretiese raamwerke gebruik gemaak. Die CRASP I- en CRASP II-modelle fokus op die professionele ontwikkeling van opvoeders, terwyl die bekommernissegebaseerde model van onderwysersopleiding opvoeders bewus maak van moontlike vrese en bekommernisse ten opsigte van hul onderrig en hulle dan help om hierdie vrese te oorkom. Empiriese data is deur middel van kwalitatiewe data-insamelingsmetodes gegenereer. Die metodes het navorsingsrefleksiejoernale van die deelnemers en die navorsers, samewerkende besprekings, semigestrukteerde fokusgroeponderhoude, observasie, oopeindevrae en oopeinde-onderhoude ingesluit. Die bevindinge van die studie dui daarop dat die deelnemers die intervensieprogram baie positief beleef het. Die bevindinge dui verder daarop dat die deelnemers na afloop van die intervensieprogramme meer insig in leerders se agterstande asook insig in hul eie onderrigmetodes gekry het. Die deelnemers aan die studie se selfvertroue in die benutting van spelgebaseerde

onderrig het verbeter sodat hulle meer doelgerig kon onderrig en beplan. Die deelnemers het verder daarop gewys dat hul kennis in so 'n mate verbeter het dat hulle leerders met uitdagings beter kan identifiseer en dienooreenkomsdig kan ondersteun. Die studie, bevindinge en aanbevelings kan 'n bydrae lewer tot die professionele ontwikkeling van opvoeders betreffende die onderrig van spelgebaseerde geletterdheid.

## 1. INLEIDING

Die kwaliteit van onderwys in Suid-Afrika, soos gemeet aan leerders se prestasies, bly 'n rede tot kommer en word deur verskeie kenners as skokkend beskryf. Nie alleen word kommer uitgespreek oor die hoë uitvalsyfer uit die onderwys, waar slegs 'n derde van die leerders wat Graad 1 begin, twaalf jaar later in Graad 12 is nie, maar ook die prestasie op verskillende jaarvlakke wek bekommernis. Die resultate van die 2011 Jaarlikse Nasionale Assessering het kommerwekkende resultate getoon. Die uitslae wys daarop dat slegs 35% van Graad 3-leerders op hul ouderdomsvlak kan lees en skryf. 'n Onlangse internasionale studie bevestig die kommer van kenners omtrent leerders in Suid-Afrika se geletterdheid. Tydens die Progressie in Internasionale Leesgeletterdheidstudie kon 78% van Graad 4-leerders in Suid-Afrikaanse skole nie met begrip lees nie. Ten spyte van die feit dat die meeste van die lande wat aan die toets deelgeneem het, eerste wêreldlande is, met slegs drie lande uit Afrika, het Suid-Afrika die swakste gevaa van die 50 lande wat aan die Progressie in Internasionale Leesgeletterdheidstudie deelgeneem het (Meyer-Jansen 2017:1).

Die redes vir Suid-Afrikaanse leerders se swak geletterdheidsvlakke is legio. Tog word professionele ontwikkeling van opvoeders as een van die redes aangevoer waarom leerders in Suid-Afrika se geletterdheidsuitslae onvoldoende is (Blaide 2009:1; Van Loggenberg 2007:7). Alle beroepe vereis professionele ontwikkeling, en onderwys is geen uitsondering nie. Die reg tot kwaliteit onderwys is een van die fundamentele regte van die demokrasie van Suid-Afrika (Departement van Basiese Onderwys 2005:3). Alhoewel kwaliteit onderwys van verskeie faktore afhang, bly die opvoeder die belangrikste bron in onderwys (Departement van Basiese Onderwys 2005:39; Gracés & Granada 2016:42). Effektiewe, volhoubare en doelgerigte professionele ontwikkeling verseker kwaliteit onderwys (Jones-Smith 2015:2).

'n Verskeidenheid terme vir professionele ontwikkeling word in die literatuur gevind. Die terme sluit "professionele leer", "aaneenlopende professionele ontwikkeling", "professionele groei", "professionele opleiding", "indiensopleiding" en "lewenslange leer" in. Vir die doel van die artikel sal daar na "professionele ontwikkeling" as oorkoepelende term verwys word. Ongeag die terminologie wat vir professionele ontwikkeling gebruik word, is die uiteindelike doel van professionele ontwikkeling om 'n student (opvoeder) se vaardighede te verbeter tot voordeel van die leerders (persone) met wie hulle werk (Jones-Smith 2015:2).

Professionele ontwikkeling kan gesien word as 'n leergeleentheid waartydens professionele kennis en vaardighede verbeter word (Buysse, Winton & Rous 2009:235). Zuber-Skerritt (1992:1) beklemtoon bogenoemde stelling en voeg by dat effektiewe professionele ontwikkeling plaasvind wanneer opvoeders mekaar ondersteun, saam werk, saam leer, asook kritiese denke ontwikkel. Sparks en Loucks-Horsley (1990:10) definieer professionele ontwikkeling in die onderwys as die behoeft wat opvoeders het om nuwe kennis en vaardighede aan te leer. Cardenas, Gonsalez en Alvarez (2010:49) voer aan dat professionele ontwikkeling 'n aaneenlopende proses is waartydens opvoeders verbind is om hul konsepte rakende pedagogie, metodologie en didaktiek te verbeter en nuwe roetes te vind wat hulle in staat stel om hul behoeftes en belangstellings binne hul eie konteks te verstaan.

Die Suid-Afrikaanse regering het Operasie Phakisa in 2016 as deel van die Nasionale Ontwikkelingsplan 2030 bekendgestel. Die Nasionale Ontwikkelingsplan sluit, onder andere, die verskaffing van voldoende leer- en ondersteuningsmateriaal in. Een van die hoofokusse van die Nasionale Ontwikkelingsplan is effektiewe en doelgerigte professionele ontwikkeling van opvoeders –

[We will continue to build our teacher development strategies to address gaps identified during assessments (ANA assessments). This will ensure that our teacher development initiatives address the content gaps and improve classroom practices]. (Department of Basic Education 2014:7)

Die Departement van Basiese Onderwys beplan om teen 2030 doelgerigte professionele ontwikkeling vir opvoeders in plek te stel.

Die belangrikheid van professionele ontwikkeling vir grondslagfase-opvoeders (Grade R-3) in geletterdheid het die afgelope paar jaar baie internasionale aandag geniet (Lane, Prokop, Johnson & Nathan 2013:68). Gegewe die belangrikheid van vroeë geletterdheidsvaardighede en die noodsaaklikheid van opvoeders om professionele ontwikkeling daarin te ontvang, het ons betreklik min goed nagevorsde professionele ontwikkelingsprogramme vir opleiding in ons vroeë geletterdheidsvaardighede op internasionale en nasionalevlak gevind. Die navorsing en programme vir geletterdheid wat wel gevind kon word, is hoofsaaklik daarop gemik om leerders se vaardighede te verbeter. Weinig programme fokus op die verbetering van opvoeders se vaardighede deur middel van professionele ontwikkelingsprogramme. Sheridan, Edwards, Marvin en Knoche (2009:377) verwoord die leemte vir professionele ontwikkelingsprogramme soos volg: “Accountability for outcomes is high, and resources and programmes for professional support are limited.” Sheridan et al. (2009:377) en Cardenas et al. (2010:55) meld die beduidende invloed wat opvoeders se professionele ontwikkeling op leerders se vaardighede en veral op jong leerders se geletterdheid het. Hier teenoor word die belangrikheid van spelgebaseerde leer jare lank reeds deur navorsers beklemtoon.

Daarteenoor word spelgebaseerde onderwys se bydrae tot die kind se fisiese, kognitiewe, sosiale ontwikkeling en leer dikwels misken of onderskat. Spel en geletterdheid – minstens op teoretiese vlak – het die potensiaal om hoërorde- kognitiewe prosesse, soos verbeelding, kategorisering en probleemplossing, te ontwikkel en te ondersteun, maar is ook essensieel in die ontwikkeling van fisiese, laterale en ander fynmotoriese vaardighede. Deur spel word sekere basiese vaardighede ten aansien van perseptueel-motoriese vaardighede vasgelê, wat die aanleer van lees en skryf onderlê. Voorts is spel noodsaaklik vir die sosialisering van die kind.

’n Gebrek aan spelgebaseerde geletterdheid in Graad R is reeds in 2009 deur ’n studie van die Departement van Basiese Onderwys uitgewys. Die studie het getoon dat die oorgrote meerderheid van skole in Gauteng reeds in Graad R met formele leer begin. Hier teenoor beveel navorsers sowel as die Departement van Basiese Onderwys aan dat daar in Graad R van ’n informele, spelgebaseerde benadering gebruik gemaak moet word. Verskeie kenners (Excell & Linington 2011; Nel, Nel & Hugo 2014) is dit eens dat ’n spelgebaseerde benadering noodsaaklik is vir voldoende geletterdheid.

Alhoewel daar verskeie menings bestaan rondom spel as ’n middel tot leer, is daar een komponent waaroor navorsers wyd saamstem. Yahja (2014:14) verwoord dit soos volg:

[...play and learning should not be regarded as two separate activities as children’s learning comes into play in their activities. In fact, play and learning stimulate each other as the children create an understanding of themselves and the world around them].

Ons as navorsers het dus besluit om 'n intervensieprogram saam te stel wat ondersteuning aan Graad R-opvoeders verskaf betreffende spelgebaseerde geletterdheidsvoorbereiding (SGGV) wat tot hul professionele ontwikkeling kan bydra. Die intervensieprogram het hoofsaaklik op perseptueel motoriese vaardighede deur middel van spelgebaseerde leer gefokus.

Verskeie navorsers wys op die belangrikheid van professionele ontwikkeling van opvoeders, asook die invloed van PM vaardighede op geletterdheid (Erasmus et al., 2015:596; Gallahue & Ozmun, 2011:40; Nel et al., 2014:158). In hierdie artikel wil ons, deur middel van 'n kwalitatiewe benadering, Graad R-opvoeders se ervaring van hul professionele ontwikkeling na aanleiding van 'n intervensieprogram in spelgebaseerde geletterdheid weergee.

## **2. DIE TEORETIESE RAAMWERK**

Die teoretiese raamwerk wat die program ondersteun is op drie teorieë gegrond. Die teorieë sluit die twee CRASP-modelle van Zuber-Skerrit (1992) wat fokus op professionele ontwikkeling en aksienavorsing asook Fuller (1969) se Bekommernissegebaseerde model van onderwysopleiding vir die professionele ontwikkeling van opvoeders (BGMvOO) in. Die CRASP I- en CRASP II-modelle word vervolgens bespreek.

### **2.1 Die CRASP I- en CRASP II-modelle vir professionele ontwikkeling en aksienavorsing**

In die vroeë 90's is die professionele ontwikkeling van opvoeders gereeld gekritiseer weens 'n gebrek aan teoretiese raamwerke. Zuber-Skerritt (1992) het hierdie gaping raakgesien en die CRASP I- en CRASP II-modelle ontwikkel wat spesifiek fokus op die professionele ontwikkeling van opvoeders deur middel van aksienavorsing. Die akronieme vir CRASP I en CRASP II word in die onderstaande tabel verduidelik.

**TABEL 1:** CRASP I EN CRASP II (Zuber-Skerritt 1992:xi)

<b>CRASP I</b>	<b>CRASP II</b>
Critical (and self-critical) collaborative enquiry by	Critical attitude
Reflective practitioners being	Research into teaching
Accountable and making the results of their enquiry public	Accountability
Self-evaluating their practice and engaged in	Self-evaluation
Participative problem-solving and continuing professional development	Professionalism


Die CRASP-modelle verskaf 'n teoretiese raamwerk wat gebaseer is op navorsing, gevallestudies en kritiese refleksie van deelnemende aksienavorsers in die opvoedkunde (Zuber-Skerritt 1992:2). Pill (2005:178) wys op die belangrikheid van die CRASP-modelle en voeg by dat die doel van die modelle is om opvoedkundige teorie en praktiese onderwys deur middel van aksienavorsing saam te voeg. Pill (2005:178) is van mening dat aksienavorsing opvoeders help om meer professioneel op te tree aangesien hulle meer gemotiveerd en geïnteresseerd is in verandering en ontwikkeling. Deelnemende aksienavorsing maak dit ook vir opvoeders moontlik om, deur middel van selfevaluasie, kritisies omtrent hul kennis te wees. 'n Kritiese

houding veroorsaak 'n soeke na antwoorde en lei tot verantwoordbaarheid en 'n behoefte aan professionele ontwikkeling. Smylie (2014:97) voeg by dat die doel van professionele ontwikkeling deur middel van die CRASP-modelle is om opvoeders se houdings, vaardighede en prakteke te verander sodat daar 'n verbetering in die leeruitkomste van leerders kan wees.

Die doel van hierdie studie is om 'n professionele ontwikkelingsprogram vir Graad R-opvoeders saam te stel wat fokus op SGGV. Die bestaande modelle van Zuber-Skerritt vorm dus een van die pilare waarop die raamwerk van die studie rus. In die volgende afdeling word die CRASP I- en CRASP II-modelle saamgevoeg en verwerk sodat dit op hierdie studie van toepassing kan wees.

## 2.2 Verwerking van CRASP I en CRASP II vir die studie

Die verwerking van die CRASP I- en CRASP II-modelle is soos volg:



**Figuur 1:** Verwerking van CRASP I en CRASP II (Aangepas uit Zuber-Skerritt 1992:ii)

Die ontwikkeling van kritiese denke en 'n kritiese houding teenoor leer is van die belangrikste vaardighede wat opvoeders aan leerders kan oordra. Alvorens opvoeders dit aan leerders kan oordra, moet hulle eers self die vaardigheid van kritiese denke bemeester. Die ontwikkeling van kritiese denke is een van die belangrikste aspekte van aksienavorsing. Namate opvoeders navorsing oor hul eie tekortkominge doen, ontstaan 'n kritiese houding. Wanneer opvoeders 'n kritiese houding teenoor leer ontwikkel, verbeter hulle die vaardigheid om situasies te ontleed (Zuber-Skerritt 1992:119). Kritiese denke stel opvoeders verder in staat om hul eie konstrukte te ontket en die doelwitte vir leer en onderrig te verstaan (Zuber-Skerritt 1992:119). Wanneer

opvoeders kritiese denke ontwikkel, ontstaan die behoefte om navorsing oor hul eie onderwysvermoëns te doen. Kritiese denke is een van die kernfaktore in die professionele ontwikkeling van opvoeders.

Soos reeds genoem is, word daar in die meeste gevalle van deelnemende aksienavorsing (DAN) of aksienavorsing gebruik gemaak om professionele ontwikkeling by opvoeders te verseker aangesien DAN of aksienavorsing teorie en praktyk integreer. In die geval van hierdie studie is opvoeders se kritiese houding en vaardighede jeens hul kennis van perspektueel-motoriese vaardighede (PM) en spelgebaseerde geletterdheid (SGG) deur middel van basislydata in die vorm van oopeindevrae en samewerkende besprekings geprikkel.

Verantwoordbaarheid en selfevaluasie is twee van die belangrikste eienskappe van professionele ontwikkeling (Smylie 2014:97) en kan die sukses van professionele ontwikkeling daadwerklik beïnvloed. Verskeie studies wys daarop dat die sukses van professionele ontwikkeling negatief beïnvloed word indien opvoeders nie verantwoordbaarheid vir hul metodes en aanbiedings aanvaar nie (Delcayx, Vanhoof, Tuytens, Vekeman, Devos & Van Petegem 2013:9). Verantwoordbaarheid vir metodes en aanbiedings kan egter slegs plaasvind wanneer die geleentheid vir selfevaluasie daargestel word. In die geval van hierdie studie het die deelnemers hulself op 'n weeklikse basis vir die volgende week se aktiwiteite voorberei en dit aan die ander deelnemers gedemonstreer. Sodoende het hulle verantwoordbaarheid vir hul eie leer en professionele ontwikkeling aanvaar. Die deelnemers het weekliks ná die implementering van die aktiwiteite terugvoer oor die aktiwiteite gegee alvorens aanpassings gemaak is. Sodoende het selfevaluasie, en dus professionele ontwikkeling, plaasgevind. Zuber-Skerritt (1992:117) beklemtoon hierdie stelling en voeg by dat selfevaluasie deur opvoeders die kern van aksienavorsing is – “It is the machine by which the goal can be reached.” Sy voer aan dat positiewe groei ontstaan as gevolg van hierdie verantwoordbaarheid en selfevaluasie. Wanneer opvoeders groei ervaar deur middel van professionele ontwikkeling, verseker dit professionalisme. Zuber-Skerritt (1992) se CRASP-modelle asook Fuller (1968) se BGMvOO, wat vervolgens bespreek word, en die teoretiese raamwerk wat vanuit die modelle ontstaan het, word volledig in Afdeling 2.4 bespreek.

### **2.3 Die Bekommernissebaseerde model van onderwysersopleiding vir die professionele ontwikkeling van opvoeders**

Die tweede model wat die studie ondersteun het, fokus op die fases van bekommernisse wat opvoeders in hul onderwysloopbane ervaar ten opsigte van hul vermoëns en vaardighede. Dié model staan as die (BGMvOO) bekend.

Dié model van onderwysersopleiding is in 1969 deur Frances Fuller ontwikkel. Die doel van die model is die ontwikkeling van vaardighede om vrees en krisisse te oorkom (Franey 2016:2). Ten spye van die feit dat die model in die 60's ontwikkel is, is dit vandag steeds relevant vir die professionele ontwikkeling van opvoeders aangesien die onderwys gereeld verander en opvoeders regdeur hul loopbane vrees en bekommernisse omtrent hul vermoëns as opvoeders beleef (Both 2010:17). In haar vroeë werk dui Fuller (1968) die bekommernisse wat opvoeders ten opsigte van hul onderwysvaardighede en kennis ervaar as een van die kernkonsepte van professionele ontwikkeling aan. Fuller is van mening dat opvoeders gereeld aan hul bekommernisse betreffende hul onderwysvaardighede dink en iets daaraan wil doen (Both 2010:17). In die geval van die studie het die deelnemers ook vrees getoon vir die toepassing van 'n spelgebaseerde benadering, aangesien hulle gedink het dat hulle nie voldoende kennis omtrent hierdie benadering gehad het nie.

Fuller se BGMvOO is 'n klassieke fase-teorie waarin daar drie fases voorkom. Die drie fases is 'n ontwikkelingsproses wat ontstaan as gevolg van 'n hiërargie van bekommernisse van opvoeders oor hul eie behoeftes en die behoeftes van hul leerders. Fuller voer aan dat opvoeders nie na die volgende fase kan beweeg as die voorafgaande fase nie opgelos is nie (Franey 2016:2). Die fases staan as eie ("self"), opdrag ("task") en impak ("impact") bekend. Volgens Both (2010:7) kan die volgorde waarin die fases voorkom, wissel, of al drie fases kan op een slag teenwoordig wees. Die fases kan hulself ook telkemale in 'n opvoeder se loopbaan herhaal wanneer nuwe probleme of geleenthede hulself voordoen. Die fases kan soos volg uiteengesit word:


Die eerste tipe bekommernisse wat opvoeders ervaar, is vrees oor hul **eie** vermoëns. Opvoeders reflekteer oor hul eie vermoëns, hetsy of leerders gelukkig is en of hulle, as opvoeders, goeie onderrig verskaf. Vrae wat die bekommernisse kan verwoord, kan die volgende insluit: Is ek 'n goeie opvoeder? Is die leerders in my klas gelukkig? Weet ek hoe om die vak te onderrig? Het ek genoeg kennis? Volgens Both (2010:7) kan opvoeders eers oor hul eie vermoëns reflekteer as hulle weet wat die leemtes in hul vermoëns behels. Opvoeders sal dus eers oor hul kennis van 'n bepaalde onderwerp kan reflekteer indien hulle genoodsaak word om oor daardie kennis te reflekteer, hetsy deur samewerkende gesprekke, behoeftebepalings of demonstrasies deur ander deelnemers.

Namate opvoeders hul eie bekommernisse verwerk, is hulle bekommerd oor die **opdrag**. Hierdie afdeling fokus op die opdragte of pligte wat opvoeders op 'n daaglikske basis moet vervul en sluit die volgende in: die rolle wat hulle moet vervul, die materiaal en apparaat wat hulle benodig, metodes wat gebruik word vir onderrig, leerders se prestasies, opvoeders se pligte en klaskamerbestuur. Vrae kan die volgende insluit: Het ek genoeg kennis en apparaat om reg voor te berei vir hierdie les? Sal ek die 30 leerders in my klas kan onderrig en effektiel kan bestuur? Volgens Conway en Clark (2003:466) help die bekommernissegebaseerde model van onderwysersopleiding opvoeders om 'n deeglike verstaan van hulself, hul persoonlikheid, hoop, vrese, sterkpunte en swakpunte te hê. Die model bemagtig opvoeders verder om die leerder-kind-verhouding en die verantwoordelikheid wat die opvoeder teenoor die leerder het, te verstaan. Wanneer opvoeders bewus is van hul bekommernisse, sal dit hulle help om die spesifieke bekommernisse te verstaan.

Die laaste fase van die bekommernissegebaseerde model van onderwysersopleiding is **impak**. Impakbekommernisse sluit die sosiale, emosionele en akademiese behoeftes van leerders in. Vrae wat kan ontstaan, is soos volg: Sal ek leerders kan help sodat hulle hul maksimum leerpotensiaal kan bereik?

## **2.4 Die konseptuele raamwerk vir aksienavorsing en professionele ontwikkeling van opvoeders**

Die volgende konseptuele raamwerk vir aksienavorsing en professionele ontwikkeling van opvoeders het vanuit die literatuur ontstaan. In die raamwerk (Figuur 2) word Zuber-Skerritt (1992) se CRASP I- en CRASP II-model vir aksienavorsing en Fuller (1969) se BGMvOO saam uitgebeeld.



**Figuur 2:** 'n Teoretiese en konseptuele raamwerk vir professionele ontwikkeling van opvoeders

Vir die doel van hierdie studie kan die twee teorieë nie afsonderlik gebruik word nie aangesien die modelle mekaar aanvul vir die ontwerp van die spelgebaseerde geletterdheidsvoorbereidingsprogram. Die bestaande figuur bied 'n visuele oorsig oor hoe die modelle van Zuber-Skerrit en dié van Fuller gekombineer is om 'n teoretiese raamwerk vir die professionele ontwikkeling van opvoeders te vorm.

Die raamwerk bestaan uit nege aspekte. Die eerste aspek van die konseptuele en teoretiese raamwerk begin met die opvoeder se bekommernisse oor haar eie vaardighede en vermoëns. Die opvoeder is bekommert of sy oor die vermoë en genoegsame kennis beskik om spelgebaseerde vaardighede aan Graad R-leerders te kan oordra (Aspek 2). Dit het tot gevolg dat sy kritiese denke en 'n kritiese houding (Aspek 3) teenoor haar vaardighede ontwikkel. Die opvoeder ontleed die situasie waarin sy is, asook haar bekommernisse ten opsigte van haar eie vermoëns en kennis om geletterdheid deur middel van spel aan leerders te kan oordra.

Sy doen verder selfevaluasie (Aspek 4) van haar eie vermoëns. Namate sy haar bekommernisse ontleed, doen sy navorsing in haar eie praktyke en is reflektief (Aspek 5) daaroor.

Sy ondersoek die beskikbare hulpbronne, metodes en ondersteuning wat beskikbaar is om haar kennis van SGGV te verbeter. Die hulpbronne kan die volgende insluit: die ondersteuning van opvoeders en die skool of ander instansies asook apparaat. Sodoende kan sy verseker dat die opdrag (Aspek 6) korrek uitgevoer word.

Verantwoordbaarheid (Aspek 7) ontstaan wanneer opvoeders besef dat hulle verantwoordelik is vir leerders se onderrig, en deur middel van selfevaluasie ook besef dat hulle 'n gebrek aan kennis, metodes, hulpmiddels of ondersteuning het. Sodoende raak hulle bewus van hul eie tekortkominge en vra hulp in die vorm van professionele ontwikkeling (Aspek 8). In die geval van die studie word opvoeders se vrese en bekommernisse deur middel van samewerkende besprekings die hoof gebied. Opvoeders het op 'n weeklikse basis verskillende temas vir spelgebaseerde geletterheid (SGG) bespreek en aktiwiteite daarvolgens uitgewerk. Die daaropvolgende week het opvoeders die geleentheid gekry om die aktiwiteite in hul klasse en op die speelgrond uit te toets. Ek, as navorsers, het observasie gedoen. Tydens die volgende samewerkende besprekking is die leemtes bespreek. Opvoeders kon dus insae in hul professionele ontwikkeling kry deur middel van DAN. Namate hul professionele ontwikkeling verbeter het, het hul selfvertroue en professionalisme verbeter en kon hulle 'n groter impak (Aspek 9) op leerders se ontwikkeling hê.

### **3. METODOLOGIE**

Die navorsers het op 'n kwalitatiewe navorsingsbenadering vir die studie besluit. 'n Kwalitatiewe benadering word deur navorsers gekies omdat hulle glo dat dié benadering 'n ryk beskrywing van 'n bepaalde geval kan bied (Le Cordeur 2016:110). Nieuwenhuis (2016:53) voer aan dat kwalitatiewe navorsing gebruik maak van woorde en dat die navorsers deur middel van dié benadering wil sin maak van die deelnemers se omgewing.

#### **3.1 Paradigma vir die navorsing**

Deelnemende aksienavorsing is as metateoretiese paradigma vir die navorsing gebruik. Volgens Creswell (2015:597) is deelnemende aksienavorsing gemik op die verbetering van kwaliteit of mense se sosiale of gemeenskapsoriëntasie. In deelnemende aksienavorsing is die deelnemers betrokke by die ontwerp sowel as die implementering van die intervensie. Die deelnemers aan dié studie was ook by die ontwerp en implementering van die intervensieprogram betrokke. Die fokus van deelnemende aksienavorsing is verder om die deelnemers te bemagtig en om hulle te help om nuwe kennis te konstrueer om 'n uitkoms te verbeter.

Een van die kenmerke van deelnemende aksienavorsing is dat dit in 'n iteratiewe siklus van beplanning, implementering en refleksie plaasvind (Ebersöhn, Elof & Ferreira 2016:135; Le Cordeur 2016:72). Met die aanvang van die studie is 'n behoeftebepaling gedoen om die deelnemers se kennis en behoefte aan spelgebaseerde geletterdheid te bepaal. Die data wat deur middel van die behoeftebepaling ingesamel is, het as basislyndata gedien. Die basislyndata is deur middel van oopeindevrae en samewerkende besprekings ingesamel. Hendricks (2016:97) beveel basislyndata vir deelnemende aksienavorsingstudies aan. McNiff (2002:2) beveel voorts aan dat verskillende mense (deelnemers) deur middel van deelnemende aksienavorsing met verskillende persepsies moet saamwerk om 'n gesamentlike konstruksie te formuleer. Vir die doel van die studie is daar van drie skole se Graad R-opvoeders gebruik gemaak. Die studie het uit 'n totaal van dertien deelnemers bestaan.

### 3.2 Deelnemers en steekproef

Vir die doel van die studie is daar van sneebalseleksie (De Vos et al. 2011) gebruik gemaak. Sneebalseleksie word deur Maree (2016:80) gedefinieer as 'n metode waar die deelnemers hul kontakte gebruik om ander deelnemers na die studie te verwys. Die navorsing het aanvanklik beplan om doelgerigte seleksie te gebruik. Twee van die skole wat aanvanklik deel van die studie sou wees was nie beskikbaar tydens die tyd waarin die navorsing gedoen sou word nie, en Skool A het twee ander skole in die omgewing voorgestel. Op dié wyse is Skole B en C by die skole ingesluit.

Die deelnemers aan die studie het uit 13 Graad R-opvoeders (dames) van drie staatskole in Gauteng bestaan. Al drie skole is geleë in 'n minder gegooide sosio-ekonomiese voorstad. Die onderstaande tabel verskaf 'n uiteensetting van die deelnemers aan die studie:

**TABEL 2:** Uiteensetting van die deelnemers

SKOOL	DEELNEMER-KODE	GESLAG	DEELNEMER-OUDERDOM	ONDERWYS-ONDERVINDING	KWALIFIKASIE VAN DEELNEMER
A	A1	F	65	34	Diploma Junior Primêr
A	A2	F	22	3	Besig met BEd (GF)
A	A3	F	24	6	Besig met BEd (GF)
A	A4	F	26	3	Besig met BEd
A	A5	F	26	6	BEd (GF)
A	A6	F	25	4	Matriek
B	B1	F	48	17	Onderwys-diploma
B	B2	F	35	10	Vlak 5 ECD diploma
B	B3	F	28	1	Besig met BEd (GF)
B	B4	F	46	15	Matriek
C	C1	F	31	10	Besig met BEd (GF)
C	C2	F	54	11	Matriek
C	C3	F	50	25	BEd (GF)

### **3.3 Metodes van data-insameling**

Tydens hierdie studie is die volgende metodes as databronne gebruik: navorsingsrefleksiejoernale van die deelnemers en die navorser, samewerkende besprekings, semigestrukteerde fokusgroeponderhoude, observasie, oopeindevrae asook oopeinde-onderhoude. Refleksiejoernale was, in die geval van die studie, 'n goeie metode van verslaggewing waardeur ons, as navorsers, en die deelnemers tentatiewe waarnemings van gebeurtenisse kon neerskryf (vgl. Gray 2013:325). Die deelnemers én die navorsers het weeklikse refleksiejoernale bygehou.

Samewerkende besprekings het ook 'n belangrike deel van die studie en deelnemende aksienavorsing gevorm (vgl. McNiff 2002:4) aangesien die deelnemers tydens die saamwerkende besprekings hul kennis met ander deelnemers kon deel. Daarteenoor voer Hesse-Biber (2010:121) aan dat fokusgroeponderhoude beplan en gestructureerd is. 'n Fokusgroeponderhoude is 'n informele bespreking tussen geselekteerde individue wat handel oor 'n spesifieke onderwerp. Die fokusgroeonderhoude wat tydens die studie gevoer is, het deur middel van semigestrukteerde vrae plaasvind en het 'n geleentheid geskep om ryk data in te samel. Die deelnemers aan die studie het, soos Nieuwenhuis (2016:90) voorstel, na mekaar geluister en op die ander deelnemers se idees gereageer terwyl hulle nuwe insigte in die fenomeen bekom het.

Vir die doel van hierdie studie is daar ook van observasie gebruik gemaak. Visuele data in die vorm van video-opnames en foto's is tydens die observasie ingesamel. Die data is tydens die daaropvolgende samewerkende besprekings gebruik deurdat die visuele data vertoon is en ek en die deelnemers dit bespreek het. Oopeindevrae is gebruik om basislyndata betreffende die deelnemers se kennis omtrent spelgebaseerde geletterdheid in te samel. Na afloop van die studie het die deelnemers soortgelyke vrae ontvang om te bepaal of die deelnemers se kennis omtrent spelgebaseerde geletterdheid verander het, asook om die deelnemers se ervaring in terme van hul professionele ontwikkeling, indien enige, waar te neem. Daar is ook van oopeinde-onderhoude in die vorm van informele gesprekke gebruik gemaak. Deur middel van oopeinde-onderhoude kon ons 'n dieper begrip omtrent die deelnemers se ervaring betreffende hul professionele ontwikkeling kry.

### **3.4 Data-analise**

Die studie het van induktiewe, tematiese data-analise gebruik gemaak aangesien die fokusgroeonderhoude, navorsingsjoernale en oopeindevrae in die vorm van tekste was (vgl. Engelbrecht 2016:117). Engelbrecht (2016:117) beklemtoon dat induktiewe tematiese data-analise 'n tydrowende proses is, maar dat dit absoluut noodsaaklik is dat die data akkuraat en sinvol geanalyseer moet word. Tydens die analiseproses moes daar "indringend en herhaaldelik met die data gewerk word totdat die 'groter prentjie' gesien kan word" (Engelbrecht 2016:117). Dit was noodsaaklik om die bevindinge deurentyd aan die teorie en literatuurstudie te koppel, sodat die navorsingsvraag beantwoord kan word. Tematiese analise word as 'n instrument, eerder as 'n metode, beskou en sluit in dat die "opeenvolging van woorde of sinne wat onder 'n bepaalde tema of subtema saamgevat kan word, as 'n analise-eenheid beskou word" (Engelbrecht 2016:120).


### **3.5 Etiese oorwegings**

Tydens die eerste inleidende gesprek van die data-insameling het elke deelnemer 'n deelnemer-kode ontvang om anonimititeit te verseker. Die navorsers het alvorens die studie 'n aanvang geneem het, etiese toestemming by die Fakulteit Opvoedkunde van die Universiteit van Pretoria,

asook al die deelnemers, skoolhoofde en ouers van leerders verkry. Volgens Mouton (2002:150) kan navorsing nie veralgemeen word nie; in dié studie was dit ook die geval aangesien die studie by slegs drie skole uitgevoer is. Ten spyte hiervan was dit my doel om nie my bevindinge te veralgemeen nie, maar eerder 'n deurtastende beskrywing van die fenomeen te gee. Die deelnemende aksienavorsing asook die interpretivistiese paradigma het my hierin ondersteun.

### 3.6 Die intervensieprogram

Die navorsing het oor 'n tydperk van agt weke gestrek. Die vyf siklusse van die navorsingsproses is vir ses weke herhaal. Figuur 3 verskaf 'n oorsig oor die verskillende siklusse wat tydens die navorsing voorgekom het.



**Figuur 3:** Die vyf siklusse in die navorsingsproses

Richards en Lockart (1996:12) noem dat deelnemende aksienavorsing in fases, en dus in die vorm van siklusse, plaasvind. Kemmis en McTaggart (2007:275) wys op die belangrikheid van elke stap van die siklus. Hulle noem dat elke siklus 'n manier vir die deelnemers is om intensieve interaksie met die navorsing te hê deur middel van samewerkende besprekings.

**Siklus 1** – Tydens die eerste samewerkende bespreking is 'n basislynassessering deur middel van selfevaluasie gedoen, waartydens die deelnemers se behoeftes en voorkennis betreffende spelgebaseerde geletterdheid deur middel van oopeindevrae vasgestel is. Die deelnemers het ook aangedui watter bekommernisse (vergelyk met BGMvOO) hulle het in terme van spelgebaseerde geletterdheid en die gebruik daarvan. Namate die deelnemers hul eie vermoëns geïdentifiseer het, kon hulle kritiese denke teenoor hul vaardighede en bekommernisse ontwikkel (vergelyk met CRASP-modelle).

**Siklus 2** – Na aanleiding van die basislynassessering het die navorsers 'n opsomming van die deelnemers se behoeftes, voorkennis en bekommernisse in terme van spelgebaseerde geletterdheid gemaak en is dit met die deelnemers bespreek. Die areas van bespreking vir die daaropvolgende samewerkende besprekings is na aanleiding van die basislyndata geïdentifiseer. Die areas van bespreking het die kern van die intervensieprogram gevorm en uiteindelik tot die intervensieprogram bygedra. Die deelnemers het weekliks aktiwiteite volgens die bepaalde bespreking, voorberei. Deur middel van die voorbereidings het die deelnemers insig bekom in hul eie vermoëns en kennis omtrent SGGV en sodoende verantwoordbaarheid (vergelyk CRASP-modelle) vir hul eie PO aanvaar. Tydens die weeklikse samewerkende besprekings het die deelnemers die geleentheid gekry om die aktiwiteite wat hulle voorberei het, tesame

met die nodige hulpbronne, met die ander deelnemers te deel en, indien nodig, die aktiwiteite te demonstreer. Om te verseker dat die aktiwiteite wat gedemonstreer is, reg vertolk en toegepas word, kon die deelnemers vrae aan mekaar stel. Die navorser het ook elke aktiwiteit tydens die bespreking getik en deur middel van 'n dataprojektor aan die deelnemers vertoon. Die navorser het die aand na die betrokke dag se samewerkende bespreking, die aktiwiteite in getikte formaat per e-pos aan die deelnemers en hul skole gestuur.

Tesame met die demonstrering van aktiwiteite het die navorser saamwerkende besprekings in die vorm van 'n werkswinkel betreffende die bepaalde week se area van bespreking aangebied. Hierdie werkswinkels het inligting omtrent die bepaalde week se bespreking ingesluit, asook die identifisering van leerders met agterstande en weeklikse beplanning vir spelgebaseerde geleterdheid.

**Siklus 3** – Die deelnemers het die geleentheid gekry om gedurende die daaropvolgende week die aktiwiteite wat deur die deelnemers en hulself saamgestel is, in hul klasse en op die speelgrond toe te pas. Tydens die toepassing het die deelnemers notas gemaak indien hulle aanpassings en veranderinge aan die aktiwiteite wou maak. Die deelnemers het gedurende die daaropvolgende week die geleentheid gekry om die aanpassings of veranderinge met die ander deelnemers te bespreek.

**Siklus 4** – Gedurende hierdie siklus het ons die deelnemers se skole en klasse besoek en observasie gedoen. Veldnotas is gemaak en visuele data in die vorm van foto's en video-opnames is gebruik.

**Siklus 5** – Tydens hierdie siklus het die deelnemers die geleentheid gekry om hul waarnemings van die vorige week se aktiwiteite deur middel van samewerkende gesprekke te bespreek. Die visuele data wat tydens die observasie ingesamel is, is tydens dié siklus bespreek. Die deelnemers kon kritisies oor die aktiwiteite reflekteer. Aanpassings aan aktiwiteite is, waar nodig, gemaak en sommige aktiwiteite is verwyder. Deelnemers het ook die geleentheid gekry om nuwe aktiwiteite of variasies van die aktiwiteite by te voeg. Alvorens aanpassings aan aktiwiteite gemaak is, of die aktiwiteit verwyder is, het deelnemers dit onder mekaar bespreek. Die deelnemers kon ook die bekommernisse wat hul tydens die toepassing van die aktiwiteite ervaar het, deel. Hierdie bekommernisse is bespreek en die deelnemers en die navorser kon ondersteuning bied. Sodoende kon verseker word dat die deelnemers se vrese aangespreek word, hul professionele ontwikkeling (vergelyk CRAPS-modelle) kon ondergaan en hulle sodoende 'n groter impak (vergelyk BGMvOO) in SG kan maak.

### 3.7 Seleksie van temas

Die studie het van induktiewe én deduktiewe tematiese data-analise gebruik gemaak.

Die bestaande teorieë van Zuber-Skerritt (1992) en Fuller (1969) het aan my as navorser 'n raamwerk verskaf waarbinne die data ontleed kon word. Deur middel van deduktiewe ontleeding kon die bestaande teorie en agtergrondkennis gebruik word om die data te ontleed.

Tematiese ontleeding word as 'n instrument, eerder as 'n metode, beskou en sluit in dat die "opeenvolging van woorde of sinne wat onder 'n bepaalde tema of subtema saamgevat kan word, as 'n analise-eenheid beskou word" (Engelbrecht 2016:120). Braun en Clarke (2006:78) stel ses stappe in tematiese ontleeding voor. Die ses stappe is gebruik om ons in die identifisering van temas te ondersteun. Alvorens die navorsingstemas geïdentifiseer kon word, het ons eers bekend en vertroud met die data geraak deur die data verskeie kere te lees (Stap 1). Namate ons met die data vertroud geraak het, het ek kodes oor die hele datastelsel geïdentifiseer. Alvorens ons simbole, name en woorde gebruik het om die aanvanklike kodes te identifiseer, het ek die

kodes met kleurpenne gemerk (Stap 2). Sodoende kon daar ooreenkomste en verskille in die data aangedui word (Engelbrecht 2016:118). Die verskillende kodes is verbind om potensiële temas te vorm (Stap 3). 'n Tematiese kaart is opgestel om die gekontroleerde temas te hersien (Stap 4). Volgens Engelbrecht (2016:121) behels Stap 5 die ontleding van elke tema sodat duidelike definisies en benoemings vir temas gevind kan word. Laastens kon die temas gebruik word om die navorsingsvraag te beantwoord (Stap 6).

Tydens die ontleding van al die data is die hooftemas geïdentifiseer. By elke tema het een of twee subtemas na vore getree. Elkeen van die temas is voorgestel deur die uitdrukking wat deelnemers tydens die studie gebruik het. Die drie hooftemas was soos volg: "Ouers gee nie vir hulle kinders die geleentheid om te kan vlieg nie"; "Ek is in 'n veilige omgewing, daarom deel ek graag my idees"; en "Dit was 'n eye opener."

#### **4. BEVINDINGE**

Die verandering in die deelnemers se kennis voor en na die program, asook die deelnemers se waardering vir die professionele ontwikkeling wat hulle ontvang het, is na afloop van die studie geïdentifiseer.

##### **4.1 "Vir die eerste keer verstaan ek hoe ek effekief kan skoolhou, my persepsies het heeltemal verander"**

Tien van die deelnemers het aangedui dat hulle kennis van voor die program tot na afloop van die program verbasend verander het. Tydens die vierde week van data-insameling het elf van die deelnemers in hul refleksiejoernale aangedui dat die weeklikse besprekings hulle genoop het om krities omtrent hul eie vermoëns en hul kennis en begrip van SG te reflekter (vergelyk CRASP-modelle). Een van die deelnemers het daarop gewys dat onderrig vir die eerste keer vir haar sin maak en dat sy nou "die groter prentjie van die belangrikheid van speel sien en verstaan". Sy het verder gemeld dat sy na afloop van die program verstaan het hoe om die spelgebaseerde geletterdheid toe te pas en hoe om haar kinders effekief te onderrig en sodoende 'n groter impak te maak (vergelyk CRASP-modelle en BGMvOO).

Al die deelnemers het daarop gediui dat hul bekommernisse en vrese in terme van SGG aangespreek is. Een van die deelnemers het haar ervaring soos volg verwoord: "Ek kan eintlik nie glo ek was aan die begin so bekommert en bang nie. Noudat ek meer kennis het, voel ek asof ek meer selfvertroue ook het" (Vergelyk CRASP-modelle en BGMvOO). Die oorgrote meerderheid van die deelnemers het daarop gewys dat hulle na afloop van die program bemagtig gevoel het om leerders se uitdagings ten opsigte van spelgebaseerde geletterdheid te identifiseer en die leerders dienooreenkomsdig te kan ondersteun. Die meeste van die deelnemers het bygevoeg dat hulle van die kennis wat hulle gedurende die program opgedoen het, met hul kollegas gedeel het (vergelyk CRASP-modelle en BGMvOO).

##### **4.2 "Dit was 'n eye-opener, ek kan nie genoeg dankie sê nie"**

Al die deelnemers het genoem dat hulle waardering het vir die professionele ontwikkeling wat hulle ondergaan het. Twee deelnemers het verduidelik dat hulle "opgewonde" en "in beheer" voel omdat hul professionele ontwikkeling verbeter het (vergelyk CRASP-modelle). Van die ander deelnemers het verduidelik dat die aktiwiteite wat hulle gedurende die saamwerkende besprekings met mekaar gedeel het, asook die bespreking van die visuele data, tot hul professionele ontwikkeling bygedra het.

## 5. BESPREKING

In die artikel is dit gestel dat die kwaliteit van onderwys in Suid-Afrika rede tot kommer verleen en dat Graad R inderdaad 'n besondere bydrae kan lewer om die probleem die hoof te bied, en wel deur van spelgebaseerde leer gebruik te maak. Baie Graad R-opvoeders beskik nie oor genoeg kennis omtrent spelgebaseerde leer, die toepassing en beplanning daarvan of die waarde daarvan nie. In hierdie studie is deelnemende aksienavorsing benut om deur middel van vyf sikklusse 'n intervensie daar te stel wat die professionele ontwikkeling van Graad R-opvoeders ondersteun.

Vanuit die studie was dit duidelik dat die deelnemers deur middel van die intervensieprogram insig in leerders se agterstande, sowel as insig in hul eie onderrigmetodes gekry het. Sodoende kon professionele ontwikkeling betreffende spelgebaseerde geletterdheid plaasvind.

Die deelnemers aan die studie het aangedui dat die verbetering van hul kennis 'n impak op hul selfvertroue gehad het aangesien hulle meer doelgerig kon onderrig en beplan. Die deelnemers het verder daarop gewys dat hul kennis in so 'n mate verbeter het dat hulle leerders met uitdagings beter kon identifiseer en dienooreenkomsdig kon ondersteun. Al die deelnemers het aangedui dat hulle professionele ontwikkeling betreffende spelgebaseerde geletterdheid beleef het. Hightower et al. (2011:120) onderskryf ook hierdie bevinding deur daarop te wys dat opvoeders wat aan professionele ontwikkeling deelneem dikwels met meer selfvertroue optree en dus 'n groter bydrae tot leerders se ontwikkeling kan bied.

## 6. SLOTSOM EN AANBEVELINGS

Hierdie studie toon dat Graad R-opvoeders 'n intervensieprogram ten opsigte van spelgebaseerde geletterdheid as positief ervaar het, terwyl dit die impak wat die professionele ontwikkeling op die opvoeders se selfvertroue en kennis gehad het, beklemtoon. Verder beklemtoon die studie die belangrikheid van opvoeders se insae in die areas waarin hulle professionele ontwikkeling wil ontvang. Die areas waarin die deelnemers professionele ontwikkeling betreffende spelgebaseerde geletterdheid wou ontvang, is deur middel van basislydata saamgestel. Deur middel van die studie is daar bewys dat wanneer opvoeders insae in hul professionele ontwikkeling het, professionele ontwikkeling makliker plaasvind.

Dit is van uiterste belang dat opvoeders voldoende en doelgerigte professionele ontwikkeling ondergaan alvorens hulle die belangrikheid van 'n spelgebaseerde voorbereiding kan verstaan. Die waarde van 'n spelgebaseerde geletterdheid kan slegs maksimaal benut word indien opvoeders professionele ontwikkeling ondergaan oor die korrekte en doelgerigte beplanning en implementering van spelgebaseerde voorbereiding. Alvorens professionele ontwikkeling kan plaasvind, moet opvoeders insae hê in die aspekte van professionele ontwikkeling wat hulle wil ondergaan. Sodoende word hul betrokkenheid en verantwoordbaarheid verseker.

## 7. BIBLIOGRAFIE

- Blaide, S. 2009. Reading still the key to education. *Business Day*, 1 April.
- Both, E. 2010. Reconsidering Fuller's concerns-based model of teacher development: Comparing regular and academic student teachers' changing concerns. Unpublished MEd dissertation. The Netherlands: Utrecht University.
- Conway, P. & Clark, C. 2003. The journey inward and outward: A re-examination of Fuller's concerned-based model of teacher development. *Teaching and Teacher Education*, 19:465-482.

- Buysse, V., Winton, P.J. & Rous, B. 2009. Reaching consensus on a definition of professional development for the early childhood field. *Topics in Early Childhood Special Education*, 28:235-243.
- Cardenas, M.L., Gonzalez, A. & Alvarez, J.A. 2010. The professional development of English teachers in exercise: Some conceptual considerations for Colombia in service English teachers professional development: Some conceptual views for Colombia. *Folios*, 31:49-67.
- Creswell, J. 2015. *Educational research planning, conducting and evaluating quantitative and qualitative research*. New Jersey: Pearson.
- Departement van Basiese Onderwys. 2014. *Jaarlikse Prestasie Plan*. Pretoria: Staatsdrukkers.
- Department of Basic Education. 2014. *Annual Performance Plan*. Pretoria: Government Printers.
- De Vos, A.S., Strydom, H., Fouché, C.B. & Delport, C.S.L. 2011. *Research at Grass Roots: For the social sciences and human service professions*. Pretoria: Van Schaik.
- Ebersohn, L., Eloff, I. & Ferreira, R. 2016. First steps in action research. In Maree (eds). *First steps in research*. Pretoria: Van Schaik, pp. 134-156.
- Engelbrecht, A. 2016. Kwalitatiewe navorsing: Data-insameling en -analise. In Joubert, Hartell & Lombaard (eds). *Navorsing: 'n Gids vir die beginnernavorser*. Pretoria: Van Schaik, pp. 109-127.
- Excell, L. & Linington, M. 2011. Move to literacy: fanning emergent literacy in early childhood education in a pedagogy of play. *South African Journal of Childhood Education*, 2:27-45.
- Franey, J.J. 2016. *Understanding teacher development theories*. <http://www.developingdifferencemakers.com/education-blogs/april-12th-201611> [22 March 2017].
- Fuller, F.F. 1969. Concerns of Teachers: A Developmental Conceptualization. *American Educational Research Journal*, 6(2):207-226.
- Gracés, A.Y.C. & Granada, L.M. 2015. The role of collaborative action research in teachers professional development. *Issues in Teachers' Professional Development*, 18(1):39-53.
- Gray, T. 2013. *How to do your research project*. London: Sage.
- Hendricks, C. 2016. *Improving schools through action research*. Boston: Pearson.
- Hesse-Biber, S.N. 2010. *The practice of qualitative research*. London: Sage.
- Jones-Smith, L. 2015. Professional development of teachers on the implementation of response to intervention. (Unpublished DEd thesis). Nova Southeastern University. [http://nsuworks.nova.edu/cgi/viewcontent.cgi?article=1080&context=fse\\_etd](http://nsuworks.nova.edu/cgi/viewcontent.cgi?article=1080&context=fse_etd) [10 March 2017].
- Kemmis, S. & McTaggart, L. 2005. Participatory action research: Communicative action and the public sphere. In Denzin & Norman (eds). *The Sage handbook of qualitative research*. London: Sage, pp. 134-165.
- Hightower, A.M., Delgado, R.C., Lloyd, S.C., Wittenstein, R., Sellers, K. & Swanson, C.B. 2011. *Improving student learning by supporting quality teaching: Key issues, effective strategies*. Editorial Projects in Education Research Centre.
- Lane, C., Prokop, M.J., Johnson, E., Podhajski, B. & Nathan, J. 2013. Promoting early literacy through the professional development of preschool teachers. *Early Years: An International Research Journal*, 34:67-80.
- Le Cordeur, M. 2016. Aksienavorsing. In Joubert, Hartell & Lombaard (eds). *Navorsing 'n gids vir die beginnernavorser*. Pretoria: Van Schaik, pp. 167-187.
- Maree, K. 2016. *First steps in research*. Pretoria: Van Schaik.
- McNiff, J. 2002. *Action research for professional development: Concise advice for new action research*. <http://www.jeanmcniff.com.arbooklet.asp> [22 May 2016].
- Meyer-Jansen, E. 2017. SA Leerders se leesvermoë swakste uit 50 lande. *Maroela Media*. <http://www.maroelamedia.co.za> [10 Desember 2017].
- Nieuwenhuis, J. 2016. Introducing qualitative research. In Maree (eds). *First steps in research*. Pretoria: Van Schaik, pp. 50-69.
- Mouton, J. 2002. *How to succeed in your master's and doctoral studies*. Pretoria: Van Schaik.
- Nel, M., Nel, M. & Hugo, A. (eds). 2014. *Learner Support in a diverse classroom*. Pretoria: Van Schaik.
- Pill, A. 2005. Models of professional development in the education and practice of new teachers in higher education. *Teaching in Higher Education*, 10(2):175-188.
- Richards J.C. & Lockhart, C. 1996. *Reflective teaching in second language classrooms*. New York: Cambridge University.

- Smylie, M.A. 2014. Teacher evaluation and the problem of professional development. *Mid-Western Educational Researcher*, 2(26):97-111.
- South Africa. Department of Education. 2005. *Report of the Ministerial Committee on Teacher Education. A national framework for teacher education in South Africa*. Pretoria: Government Printers.
- Sheridan, S.M., Edwards, C.P., Marvin, C.A. & Knoche, L.L. 2009. Professional development in early childhood programs: process issues and research needs. *Early Education Development*, 20(3):377-401.
- Sparks, D. & Loucks-Horsley, S. 1990. *Five models of staff development for teachers*. Pennsylvania: Pennsylvania State University.
- Van Loggenberg, N. 2007. Geletterdheid is bereikbaar in skole ondanks uitdagings. *Volksblad*, 19 Oktober. [www.volksblad.co.za](http://www.volksblad.co.za) [10 April 2016].
- Yahya, R. 2014. Play and learning: experiences and perspectives of immigrant mothers and bicultural children in Canada. Ongepubliseerde DEd-thesis. Kanada: Universiteit van Sheffield. [Aanlyn] Beskikbaar by <https://www.etheses.whiterose.ac.uk> [Besoek op 20 Mei 2016].
- Zuber-Skerritt, O. 1992. *Professional development in higher education: A theoretical framework for action research*. London: Kogan Page.

# Dekolonisering van die kurrikulum: 'n Kontekstualisering van Ekonomiese- en Besigheidstudieonderrig

*Decolonising the curriculum: Contextualising Economics and Business Studies Teaching*

CARINA AMERICA EN LESLEY LE GRANGE

Departement Kurrikulumstudie

Stellenbosch Universiteit

E-pos: camerica@sun.ac.za



Carina America

Lesley le Grange

**CARINA AMERICA** is 'n dosent en vak-koördineerde van Ekonomiese en Bestuurswetenskappe in die Departement Kurrikulumstudie, Fakulteit Opvoedkunde aan die Universiteit Stellenbosch. Sy doen navorsing en gee onderrig in die vakgebiede Ekonomiese-, Rekeningkunde- en Besigheidstudies-onderrig. Vir die afgelopen tien jaar is sy betrokke in verskeie navorsingsprojekte, onder andere oor kurrikulum-ontwikkeling en assessering en het verskeie navorsingsverslae in haar hoedanigheid as leier van die Besigheidstudies-groep vir Umalusi geskryf.

**CARINA AMERICA** is a lecturer and subject-coordinator of Economic & Management Sciences in the Department of Curriculum Studies, Faculty of Education at Stellenbosch. She teaches and researches in the fields of Economics, Accounting and Business Studies teaching. For the past ten years, she has been involved in various research projects, amongst other things research on curriculum development and assessment for Umalusi and she has written several reports as the leader of the Business Studies team.

**LESLEY LE GRANGE** is 'n Uitgelese Professor in die Departement Kurrikulumstudie, Fakulteit Opvoedkunde aan die Universiteit Stellenbosch. Hy doen navorsing en gee onderrig in die vakgebiede omgewingsopvoeding, navorsingsmetodologie, wetenskap-onderwys, kurrikulumstudie, hoëronderwysstudie en assessering. Hy het meer as 200 publikasies, dien op die redaksierade van agt eweknie-geëvalueerde vaktydskrifte en is ontvanger van verskeie akademiese toekenning en prys. Lesley het 'n wye reeks gehore in Suid-Afrika en internasionaal oor die dekolonisering van die universiteitskurrikulum toegespreek.

**LESLEY LE GRANGE** is Distinguished Professor in the Department of Curriculum Studies, Faculty of Education at Stellenbosch University. Lesley teaches and researches in the fields of environmental education, research methodology, science education, curriculum studies, higher education studies and assessment. He has more than 200 publications, serves on editorial boards of eight peer-reviewed journals and is recipient of several awards and prizes. Lesley has addressed a wide array of audiences in South Africa and abroad on the topic, decolonising the university curriculum.

## ABSTRACT

**Decolonising the curriculum: Contextualising Economics and Business Studies Teaching**

The decolonisation of education debate has (re)surfaced in South Africa. It is acknowledged that decolonisation is a complex and multi-layered process (see Jansen 2017; Le Grange 2016; Le Grange 2018; Venter 2018; Mbembe 2015; CHE 2017). Clarification and understanding of the complex concepts such as Africanisation, Eurocentrism, Westernisation, colonialism, coloniality, decolonialism and decoloniality also surfaced (see Jansen 2017; Le Grange 2016; Le Grange 2018; Maldonado-Torres 2007; Venter 2018; Mbembe 2015; CHE 2017). However, there is a silence in current discourses when it comes to teacher education (Sayed, Motala & Hoffman 2017) and specifically Economics Teaching and Business Studies Teaching (EBST), since the focus of the decolonisation debate has been on higher education in general. Teacher education is a field that functions at the interface of higher education and schooling and therefore the complexity and context of the school system (in)directly impact on teacher education programmes. Mbembe (2015:17) argues that most of the implications for decolonising higher education have to do with content and the extent of what is to be taught (curriculum reform). But, this does not mean that decolonising knowledge is simply about de-Westernisation or to reject Western epistemic contributions to the world (Mignolo 2011:82), or to reverse technological advancement, or simply turn back the clock and revert to old ways of doing (Le Grange 2016). Rather, it is about developing a “perspective which can allow us to see ourselves clearly, but always in relationship with ourselves and to other selves in the universe, non-humans included” (Mbembe 2015:24).

The question is how the EBST curriculum, as part of an initial teacher education programme, can be decolonised. Not enough is known about the alignment of EBST's contextual and content knowledge in decolonising of teacher education. The aim of this article is to extend the conversation on decolonising of the curriculum by focusing on EBST disciplinary/content knowledge and the generation of contextually relevant knowledge. Young and Muller (2013:107-108) view disciplinary knowledge as “powerful knowledge” that is regarded as “reliable knowledge” and produced in “specialist knowledge communities” with “rules”, “concepts” and “boundaries”. Horden (2018) maintains that the powerfulness depicted by Young and Muller is also dependent on certain socio-epistemic and institutional conditions.

Maistry and David (2018) are of the view that business education has shown an ideological bias, which is couched within a predominant neo-classical worldview that is mostly devoid of local (South) African realities. Moreover, firms in Africa have received little attention in mainstream business management literature (Barnard, Cuervo-Cazurra & Manning 2017). Barnard et al. (2017:3) argue that there are different dimensions of the business world at play in Africa that we are only beginning to understand. For example, traditional concepts such as ubuntu, an African concept which means “I only exist through my interaction with you”, play an important institutional role in many African firms. Contemporary business in Africa takes place in a context where people are mindful of the relative recent history of colonialism (Barnard et al. 2017). The perpetuation of imperial or neo-colonial tendencies cannot be looked at in isolation from socio-economic realities. We argue that knowledge needs to be looked at in the context and history of colonialism and apartheid, and the overt and covert features of the (mis)management of power. The pre- and post-colonial eras have footprints in present day wealth inequality and a disposition that is rooted in institutions and organisations. Institutions and organisations are firmly entrenched in modern-day business and the economy, which enfold EBST content knowledge. Therefore the role of institutions is discussed, and examples put forward to illustrate its importance in EBST.

We argue that insights into three aspects, namely, why history matters, asking guiding questions and modelling contextualized teaching, could provide guidelines for aligning contextual and content knowledge in teacher education. The first aspect relates to path dependency which broadly defines the way the patterns of the past tend to shape the future (North 1990). The history of colonial Africa has become a popular topic in the development and economics literature (Viegi 2016) and recently also in the literature on decolonisation of higher and school education in South Africa. At the higher education level broadly, there is the call for the recognition of African voices in the advancement and reproduction of knowledge (Mbembe 2015). At school level a specific call is made for the teaching of history from an Afrocentric view as opposed to a Eurocentric worldview (Motsegwa 2018). History is important since it gives insight into understanding current inequality and understanding of a particular mindset of pre- and post-colonial eras we are still troubled by today. The importance of history and the coloniality of power are also deeply interwoven in institutions and organisations.

The second aspect of contextualized teaching is to ask guiding questions such as “why do countries differ so much in development?” (Acemoglu & Robinson 2012). EBST teacher educators are often themselves not critical about the formal curriculum so as to mediate learning that raises questions about the conduct and decision-making of corporates. As is the case with most subjects, the question is which content is considered to be the most impactful, how should it be taught and in which context. Asking pertinent questions about the impact of economic crises or key contemporary issues in (South) Africa, and challenging existing worldviews are important.

The third aspect of contextualised teaching is to explicitly model contextualised thinking, which can be done through a path of learning which could facilitate “interculturality: a process of un-learn, re-learn and then move toward learning to undertaking” (De Carvalho & Florez-Florez 2014:134). Interculturality is an active process of transformation, which identifies the integrated relationships between persons or social groups of diverse worldviews and cultures. Selecting relevant EBST resource material is important, such as use of African case studies and the encouragement of Afrocentric innovations (Barnard et al. 2017). For years, the most accessible and dominant resources for EBST have been from a Western and/or Eurocentric worldview from which narratives revolve around a masculine, white, and liberal view of reality (Maistry & David 2018). Over the years, educators became dependent on these knowledge systems, epistemological traditions and curriculum materials. Applying knowledge that is also relevant to (South) African contexts can allow students to better make sense of the discipline within which they study. The implications for the EBST-curriculum is therefore two-fold: the inclusion of African perspectives and secondly, the integration of economic and business history in the curriculum.

**KEYWORDS:** initial teacher education, economics teaching, business studies teaching, coloniality, decolonisation, institutions, contextualization

**TREFWOORDE:** aanvanklike onderwysersopleiding, ekonomiese-onderrig, besigheidstudie-onderrig, dekolonialisering, kolonialiteit, instellings, kontekstualisering

## OPSOMMING

Die debat oor die dekolonisering van opvoeding het (her)opgedui in Suid-Afrika. Daar word erken dat dekolonisering 'n komplekse en veelvlakkige proses is met betrekking tot die betekenis, wie behoort in Afrika-universiteite te onderrig, wat behoort onderrig te word vir watter student (SU 2017). Komplekse begrippe soos Afrikanisasie, Eurosentrisme, verwes-

tersing, kolonialisme, kolonialiteit, dekolonisering en dekolonialiteit het verskyn en is belangrik (sien SU 2017; Le Grange 2016; Le Grange 2018; Mbembe 2015). Daar is egter 'n swye in huidige diskourse wanneer dit kom by onderwysersopleiding (Sayed, Motala, & Hoffman 2017), spesifiek betreffende die onderrig van Ekonomie en Besigheidstudie (EBSO). Dit is omdat die dekoloniseringsdebat merendeels op hoër onderrig in die algemeen gefokus is (sien Le Grange 2016; Le Grange 2018; Mtembe 2015).

Die vraag is hoe die EBSO-kurrikulum as deel van 'n aanvanklike onderwysersopleidingsprogram gedekoloniseer en die kontekstuele en inhoudskennis belyn kan word. Inhoudskennis in EBSO is gemodelleer op 'n oorwegend neoklassieke wêreldsiening wat meestal ontdaan is van plaaslike Suid-Afrikaanse sosio-ekonomiese werklikhede (America 2014; Maistry & David 2018) en waar ongelykheid en armoede in die samelewing steeds aansienlik hoog is (Bernstein 2014; Wêreldbanks 2018). Die pre- en postkoloniale tydperke het voetspore gelaat in die hedendaagse ongelykheid en 'n disposisie wat diep gewortel is in instellings en organisasies. Die hedendaagse sakewêrelde en ekonomie waarin instellings en organisasies gevestig is, vorm deel van die inhoud van EBSO, maar is nie noodwendig 'n aanduiding van die kontekstuele kennis nie. Die rol van instellings word later bespreek.

Ons argumenteer dat insig in die volgende drie aspekte riglyne kan verskaf vir die belyning van kontekstuele met inhoudskennis in onderwysersopleiding: die meriete van geskiedenis, die stel van kritiese vrae en die modellering van gekontekstualiseerde onderrig. Die toepassing van kennis wat relevant is vir spesifiek (Suid-)Afrikaanse kontekste kan studente in staat stel om beter sin te maak van hul vakgebied. Voorafgaande impliseer 'n tweeledige aanpassing in die EBSO-kurrikulum: eerstens die insluiting van Afrika-perspektiewe en tweedens die integrasie van ekonomie en besigheidsgeskiedenis in die kurrikulum.

## 1. INLEIDING

Namate akademici en opvoedingspraktisyens sterker betrokke begin raak het by dekolonisasie in hoër onderwys (sien Jansen 2017; Le Grange 2016; Le Grange 2018; Venter 2018; Mbembe 2015; CHE 2017), het die aandrang op die erkenning van Afrika-stemme in die bevordering en reproduksie van kennis (hernude) stukrag gekry. 'n Verheldering en begrip van komplekse begrippe soos Afrikanisasie, Eurosentrisme, verwestersing, kolonialisme, kolonialiteit, dekolonisering en dekolonialiteit het opgedui (sien Le Grange 2016; Le Grange 2018; Venter 2018; Maldonado-Torres 2007; Mbembe 2015; Mignolo 2011; CHE 2017). Binne die breër vakdissiplinêre struktuur van Ekonomie en Besigheidstudie kan opleiding en opvoeding in Afrika 'n deurslaggewende rol speel deur gehoor te gee aan sosio-ekonomiese werklikhede in baie Afrika-lande. Die literatuur oor Ekonomie en Besigheidsoopvoeding met betrekking tot dekolonisasie is egter beperk. Wat onderwysersopleiding betref, is daar 'n stilswye in huidige diskourse aangesien die dekoloniseringsdebat in die algemeen op hoër onderwys gefokus het (Sayed et al. 2017). Die debat moet uitgebrei word tot onderwysersopleiding, aangesien dit die toon aangee vir onderwysers om die sistemiese uitdagings wat die Suid-Afrikaanse skoolstelsel in die gesig staar te bevraagteken. Onderwysersopleiding is 'n vakterrein wat op die skeidingsvlak tussen hoër onderwys en skoolopleiding funksioneer; daarom is dit, gegewe die ongelyke opvoedkundige landskap, belangrik om konseptuele instrumente en kennis binne 'n bepaalde konteks te plaas.

Literatuur oor die dekolonisering van aanvanklike onderwysersopleiding en meer spesifiek Ekonomie-onderrig (EO) en Besigheidstudie-onderrig (BSO) is skaars. EO en BSO is twee afsonderlike modules wat aan die Universiteit Stellenbosch en ander Suid-Afrikaanse

universiteite vir studente in die Nagraadse Sertifikaat in Onderwys (NGSO) aangebied word. Om hoërskoolonderwysers as spesialiste in hul vakgebied op te lei is die NGSO vir EO en BSO in die aanvanklike onderwysersopleidingsprogram een van die beste roetes om te volg. Van Dalen (2007) is van mening dat baie van die kwessies in die onderskeie terreine van besigheidstudie en algemene ekonomie besig is om ononderskeibaar te word. Die neoklassieke ekonomie, byvoorbeeld, wat verwys na fundamentele waardes van individuele verantwoordelikheid, vryheid van keuse, die onskendbaarheid van privaat eiendom en minimale staatsinmenging (Hill & Myatt 2010) word ook onderstut in besigheidstudie-inhoud wat verband hou met aspekte soos bemarking, bankwese en korporatiewe bestuur. Maistry en David (2018) is van mening dat onderwysers en leerders geneig sal wees om die neoliberalere waardesisteem wat onderliggend is aan die kurrikulum en leerondersteuningsmateriaal, soos handboeke, te aanvaar sonder dat daar geleenthede geskep word vir kritiese gesprekke rondom die gevolge van so 'n waardesisteem. Vir die doel van hierdie artikel sal, weens die onderlinge verband in die inhoud en die oorvleueling in pedagogiese benadering, na die twee modules verwys word as Ekonomiese- en Besigheidstudie-onderrig (EBSO). In gevalle waar 'n onderskeid nodig is, sal voorbeeldelik wat spesifieke betrekking het op die onderskeie modules egter gegee word.

Die dekolonisering van die kurrikulum in hoérondonderwysinstellings kan 'n gekompliseerde proses wees wat betrokkenheid van bestuur en akademici op verskillende vlakke van werksverpligting vereis ten einde kwessies te deurgrond, soos byvoorbeeld wat bedoel word met "kurrikulum" en wie behoort watter kennis aan (Suid-Afrikaanse) universiteite te onderrig (SU 2017). Deel van die dekoloniseringsprojek in die Fakulteit van Opvoedkunde aan die Universiteit Stellenbosch behels nie slegs 'n herbesinning oor sekere inhoudskennis wat studente in hul vorige studie opgedoen het nie, maar ook 'n proses wat kritiese insig verg in pedagogiese leer en kennis van die kurrikulum. Die Minimum Vereistes vir Onderwyskwalifikasies, MRTEQ (*The Minimum Requirements for Teacher Education Qualifications*) (DHET 2015) gee die beleidsriglyne vir die samestelling van NGSO-program en identifiseer vyf breë soorte leer vir aanvanklike onderwysersopleiding:

- Vakdissiplinêre leer: kennis van vakinhoud;
- Situasionele leer: binne konteks, skole, distrikte, streke;
- Praktiese leer: onderwyspraktyk;
- Fundamentele leer: tweede amptelike taal;
- Pedagogiese leer: hoe om te onderrig: kurrikulum, assessering, leerders. (DHET 2015: 12-13).

Die fokus van hierdie artikel is op vakdissiplinêre leer wat binne die konteks van onderwysersopleiding nou verwant is aan pedagogiese leer. Vakdissiplinêre kennis word deur Young en Muller (2013:107) beskryf as "magtige kennis" wat geprioriseer moet word in die kurrikulum want dit bied aan leerders die geleentheid om bo hulle alledaagse ervaringe te beweeg. Young en Muller meen dat "Powerful knowledge is reliable knowledge that aims to achieve truth about the world we live in and to what it is to be human that is nevertheless 'always fallible and open to challenge'". Horden (2018) is egter van mening dat die pedagogiese uitdaging is om magtige kennis (vakkennis) betekenisvol te maak vir studente van alle agtergronde. Inhoudskennis verwys na die vakdissiplinêre kennis waarmee studente die NGSO-program aanpak met as voorvereiste die vakkennis wat hulle tydens hul baccalaureus-studie opgedoen het. Pedagogiese leer is 'n konsep wat gebruik word in MRTEQ en sluit algemene pedagogiese kennis (wat kennis van die leerders, leer, kurrikulum en algemene instruksionele

en assessoreringstrategieë insluit) en gespesialiseerde pedagogiese inhoudskennis (wat kennis van hoe om die konsepte, metodes en reëls van die vakdissipline aan te bied, insluit) in (DHET 2011:11). Le Grange (2016:7) verduidelik die onderskeid tussen drie breë perspektiewe op kurrikulum wat nie veel aandag in onderwysersopleiding aan universiteite ontvang nie: die eksplisiete, die verborge en die “nulkurrikulum”. Die verborge kurrikulum verwys na die dominante kultuur van 'n universiteit en wat dit verteenwoordig. Die “nulkurrikulum” verwys na dit wat nie by die kurrikulum ingesluit is nie, maar steeds belangrik is om te weet. Die mees voor die hand liggende is die eksplisiete kurrikulum wat insluit voorgeskrewe leeswerk, moduleraamwerke en assessoringsvereistes wat aan studente beskikbaar gestel word. Hierdie onderskeid help ons verstaan wat byvoorbeeld die verborge kurrikulum aan die Universiteit van Stellenbosch is, of wat die nulkurrikulum aan die Universiteit van Kaapstad is (Le Grange 2016). Verder argumenteer Le Grange (2018) dat daar binne kurrikulumstudie as 'n vakgebied kritiese gesprekke moet plaasvind oor dekolonialiteit, hoe en deur wie kennis geproduseer word en wat eintlik met die Afrikanisasie van die kurrikulum bedoel word.

Inhoudskennis in EBSO sentreer rondom welvaartskepping wat gemodelleer is op 'n oorwegend neoklassieke wêreldsieling. Ons argumenteer dat kennis benader moet word vanuit die konteks en geskiedenis van kolonialisme en apartheid en die waarneembare en bedekte kenmerke van die (wan)bestuur van mag. Die pre- en postkoloniale tydperke het voetspore gelaat in die hedendaagse ongelykheid en 'n disposisie wat diep gewortel is in instellings en organisasies. Die hedendaagse sakewêreld en ekonomie waarin instellings en organisasies gevvestig is, vorm deel van die inhoud van EBSO, maar nie noodwendig van die kontekstuele en historiese kennis nie. Jolink (2007:102) is van mening dat behoorlike konteks by inhoud nodig is om inhoud meer begryplik te maak. Met spesifieke verwysing na ekonomiese-onderrig, beskou Jolink onderrig sonder konteks as “teaching what the conditions are for pigs to fly or, in other words, making fantasy (sound) logical”. Volgens Andrews en Okpanachi (2012) kan die voortsetting van imperiale of neokoloniale neigings nie in isolasie van sosio-ekonomiese werklikhede beskou word nie. Onlangse statistiek in Suid-Afrika toon dat die werkloosheidsyster aan die einde van die derde kwartaal in 2017 27,7 persent was en die werkloosheidsyster onder die jeug 38,6 persent terwyl die meerderheid van die jeug ongeskoold is (Wêreldbanks 2018). In baie Afrika-lande is werkloosheid, asook 'n gebrek aan infrastruktuur, algemeen. Daarbenevens is entrepreneurskapsopleiding dikwels gemik op diegene wat toegang het tot hulpbronne.

Daar is nie voldoende kennis van die belyning van konteks met inhoud in die dekolonisering van onderwysersopleiding nie. Die doel van hierdie artikel is om die gesprek oor dekolonisering van die kurrikulum uit te brei deur te fokus op die inhoudskennis en skepping van kontekstueel relevante kennis in EBSO. Ons argumenteer dat insig in die volgende drie aspekte in onderwysersopleiding riglyne kan verskaf vir die belyning van kontekstuele met inhoudskennis: die meriete van geskiedenis, die stel van kritiese vrae en die modellering van gekontekstualiseerde onderrig.

In hierdie artikel sal ons dekolonisering binne die konteks van EBSO in 'n aanvanklike onderwysersopleidingsprogram, die NGSO, beskou. Eerstens sal ons etlike plaaslike response op die aandrang op die dekolonisering van die kurrikulum bespreek; ons sal die rol van instellings en die belangrikheid van kontekstuele onderrig bespreek en 'n kort samevatting gee van die implikasies hiervan vir die EBSO-kurrikulum. Te midde van die dekoloniseringsdebat bied ons ten slotte 'n paar gedagtes oor maniere waarop konteks in onderwysersopleiding met inhoud belyn kan word.

## 2. 'N PLAASLIKE KONTEKS

In die opvoedkunde-literatuur het die dekolonisering van onderwys nuwe debatte teweeggebring (sien Le Grange 2016; Le Grange 2018; Mbembe 2015; Verster 2018). Die vonk vir 'n hernude belangstelling in dekolonisering was die studente-opstande (#FeesMustFall en #RhodesMustFall)<sup>1</sup> wat later ontaard het in 'n groter aksie van ontevredenheid oor die historiese impak van kolonialisme en ongelykheid wat deur apartheid veroorsaak is. Hierdie aksie het nie slegs die finansiële uitvoerbaarheid daarvan om aan universiteite te studeer bevraagteken nie, maar ook weereens gewys op die ongelykheid van toegang tot hoër onderwys en die gebrek aan transformasie by sommige van Suid-Afrika se hoëronderwysinstellings. Origens was die aksie bekommerd oor die struikelblokke vir die ontwikkeling van die beroeps- en indiensnamekapasiteit van mense wat nodig is vir die voortbrenging van Afrika-kennis en ekonomiese ontwikkeling. Sommige kritici is egter van mening dat, indien onderwys as instelling te behep raak met die verlede, dit ekonomiese vooruitgang kan strem (Johnson 2015) of dat, indien die debat oor die dekolonisering van die kurrikulum 'n te hoë prioriteit raak, die omvang van ander huidige opvoedkundige probleme oor die hoof gesien sal word (Jansen 2017). Ja, Suid-Afrika is in 1910 tegniek gesproke gedekoloniseer en was vir die afgelope 109 jaar onafhanklik, maar die naskokke van kolonialisme is steeds voelbaar in verskeie sake-sektore, argitektuur, taal, kultuur en geestesongesteldhede. Met ander woorde, terwyl kolonialisme dalk beëindig is, is kolonialiteit steeds algemeen. Soos Maldonado-Torres (2007: 243) oortuigend skryf:

... long-standing patterns of power that emerged as a result of colonialism, but that define culture, labor, intersubjective relations, and knowledge production well beyond the strict limits of colonial administrations. Thus, coloniality survives colonialism. It is maintained alive in books, in the criteria for academic performance, in cultural patterns, in common sense, in the self-image of peoples, in aspirations of self, and so many other aspects of our modern experience. In a way, as modern subjects we breath coloniality all the time and everyday.

Die verwydering van die Cecil John Rhodes-standbeeld by die Universiteit van Kaapstad (UK) en die herbenaming van strate en staatsgeboue wat na helde van die Struggle vernoem is, verteenwoordig dekolonisering op 'n simboliese vlak. Die dekoloniseringsprojek is egter veel meer as simbolies. Dit is gesetel in die psige, ideologie en chutzpah van individue en instellings wat die hedendaagse gekoloniseerde moet bevry van die hedendaagse koloniseerde. Die verantwoordelikheid vir die dryf van die dekoloniseringsprojek lê waarskynlik binne instellings en organisasies self.

'n Ekonomiese-honneursstudent aan 'n navorsingsgedrewe universiteit, Ihsaan Bassier, het kritiek uitgespreek oor hoe spesifiek Ekonomiese gedurende 2016 op voorgraadse vlak aan daardie universiteit aangebied is. Hy het na die Skool vir Ekonomiese verwys as een van die grootste departemente by die universiteit en het die moraliteit van gedekontekstualiseerde onderrig op voorgraadse vlak bevraagteken. Hy het verklaar dat baie Ekonomiese-gegradeerde

<sup>1</sup> #FeesMustFall-beweging het in 2015 begin as gevolg van die deurlopende jaarlikse verhoging van fooie en koste van hoër onderwys by Suid-Afrika se universiteite. #RhodesMustFall was 'n protesbeweging wat op 9 Maart 2015 begin het om te betoog vir die verwydering van die standbeeld van Cecil John Rhodes (by die Universiteit van Kaapstad) wat as 'n koloniale meester uitgebeeld word en deur die UK gevier word. Die veldtog het geleei tot die "dekolonisasie" van onderwysbewegings in Suid-Afrika. Op 9 April 2015 is die standbeeld verwyder.

nie hul studies deur 'n honneursgraad sal voortsit wat teorieë kwansuis bevraagteken nie. Hy vat sy kritiek op die onderrig van Ekonomiese soos volg saam:

Critical economic thinking is simply not taught during an economics undergraduate degree. The department attempts to push mathematical concepts, but only succeeds in promoting rote learning, characteristic of a production centre for ideology. Students aligned with the department thrive, while meaningful engagement is dismissed or punished – ultimately at the expense of interest in the subject. (Bassier 2016)

Soos Bassier, is Chelwa (2016) ook krities oor hoe Ekonomiese aangebied word by 'n navorsingsgedrewe universiteit en brei Bassier se argumente uit deur inkomste-ongelykhede en arbeidsmarkte as voorbeeld te gebruik, maar binne die Suid-Afrikaanse konteks.

Die #EndOutSourcing-proteste op kampusse en die konteks waarin hierdie proteste plaasgevind het, is 'n tipiese voorbeeld van die verwikkeldhede van die arbeidsmark en monopsonie. Monopsonie verwys na 'n marktoestand waartydens daar slegs 'n enkele koper is en dit vind plaas wanneer daar een hoofwerkewer van 'n bepaalde soort arbeid is (Hill & Myatt 2010). Die hoofwerkewer het dan die mag om in die mark te onderhandel oor die lone en die keuse van hoeveel werkers om in diens te neem. Die "OutSourcing"-protesaksies weerspieël dus kritiese betrokkenheid by sake-konsepte in die praktyk. 'n Kurrikulum wat Suid-Afrikaanse werklikhede weerspieël, vereis nie slegs kritiese nadenke oor die welvaart-skeppingsproses nie, maar ook oor die historiese agtergrond van sake- en ekonomiese aktiwiteite in koloniale en postkoloniale kontekste.

In Julie 2017 het die Universiteit Stellenbosch (US) se taakspan aanbevelings oor die dekolonisering van die US-kurrikulum vrygestel. Hierdie verslag verklaar dat die US hom as 'n "nuwe Afrika-universiteit posisioneer". Een van die doelstellings van die kurrikulum-transformasieproses is om te oorweeg wat so 'n posisie beteken. Die verslag stel die volgende voor:

The decolonization of society and the university thus necessitates the refocus of knowledge to give Africa a central position of relevance to African knowledge production. Decolonialism seeks to challenge the Euro-centric hegemony of power, essence and knowledge to an authentic Retrieving and Further Achieving Africa Academy. (SU 2017:1)

Die taakspan bevraagteken sommige van die konsepte soos kolonisasie, dekolonisasie, kolonialiteit en dekolonialiteit en afrikanisering in sy poging om te verduidelik wat presies 'n gedekoloniseerde kurrikulum vir die US kan beteken. Hulle erken dat hierdie konsepte onderling verbind is, maar dat dit ook noodsaaklik is om die veelvlakkige aard van die debat oor dekolonisering te verstaan. Onderwysersopleiding en die Suid-Afrikaanse skoolstelsel kan deel wees van hierdie debat.

Aanvanklike onderwysersopleiding is 'n praktyk wat op die skeidingsvlak van akademiese vakdissiplines en skoolopleiding lê. Gekontekstualiseerde onderrig en onderwysersopleiding impliseer begrip, kritiese denke en kritiese refleksie wat tot op skoolvlak afgewentel kan word. Die dekoloniseringsprojek is besig om op die voorgrond te tree. Soos die Minister van Basiese Onderwys, Angie Motshekga, sê:

... what it is that we teach in a way that it meets our objectives of nationhood, of unity, of cohesion but also of defining ourselves much more clearer as Africans and analysing our history from an African perspective ...

(Motshekga 2018)

Motshekga (2018) stel voor dat drastiese veranderinge aan die onderrig van geskiedenis as 'n skoolvak aangebring behoort te word. Sy verklaar dat dit Afrosentries moet wees, bedoelende dat die leer en onderrig van geskiedenis vanuit 'n Afrika-perspektief moet geskied.

Besigheids- en ekonomiese geskiedenis is ewe belangrik, soos later uitvoerig in hierdie artikel verduidelik sal word. Dow (2007) is van mening dat tegniese vaardigheid begin om vakgebiede soos Ekonomie en Besigheidstudie te domineer, veral op nagraadse vlak en ten koste van onderrig in ander vaardighede soos die vaardigheid om oordeel uit te oefen. Dow (2007) se voorstel is 'n historiese benadering tot onderrig wat die idee bevorder dat teorieë en bewyse kan verander om aan die praktiese vereistes van verskillende kontekste te voldoen. Piketty (2015) herinner ons aan die multidimensionele geskiedenis van kapitaal en ongelykheid, waar kapitaal en ongelykheid verskillende reëls, instellings en magsverhoudinge het. Alle ekonomiese konsepte, ongeag hoe "wetenskaplik" dit ook al voorkom, is intellektuele konstruksies wat sosiaal en histories bepaal is en wat dikwels gebruik word om sekere opinies, waardes en belangstelling te bevorder (Piketty 2015:70). Bowenal is hy veral krities oor die gebrek aan verantwoordbaarheid van 'n kapitalistiese stelsel waardeur ongelykheid verder verskerp word. Kolonialisme het 'n direkte verband met die historiese proses van kapitaalverkryging en die uitputting van (natuurlike) bronne wat dikwels deur multinasionale ondernemings bedryf is (en nog steeds word) ten koste van die natuurlike omgewing. EBSO het 'n verantwoordelikheid om waardebepalende oordeel aan te moedig, aangesien studente as verbruikers in hul daaglikslewe lewens (en in hul toekomstige lewens) besluite neem, maar nie noodwendig krities is oor die vernietigende impak van neoliberalre praktike op die natuurlike omgewing nie (America 2014). 'n Kritiese oordeel en begrip vir die vloei van geld, goedere en dienste in die ekonomiese sirklus, die verkryging van begrotings- en finansiële vaardighede en toegang tot entrepreneurskapskennis en -vaardighede is derhalwe belangrik in EBSO. Hierdie vaardighede is veral noodsaklik in 'n land met historiese en teenswoordige wanbalanse en waar werkloosheid algemeen is.

### **3. EKONOMIE- EN BESIGHEIDSTUDIE-ONDERRIG (EBSO)**

Instellings is nie slegs die vernaamste entiteite vir ontwikkeling in die samelewing in pre- en postkoloniale tye nie, maar is ook van kembelang vir inhoudskennis in EBSO. Hierdie artikel fokus dus op die rol van instellings, die onderlinge verbondenheid tussen EBSO-inhoudskennis en konteks en hoe gekontekstualiseerde onderrig en leer in die dekolonisering van EBSO geïntegreer kan word.

Die inhoudskennis vir Ekonomie-Onderrig (EO) fokus op vier hooftemas: makro-ekonomie, mikro-ekonomie, ekonomiese strewes en kontemporêre ekonomiese kwessies. In Besigheidstudie-onderrig (BSO) is die inhoudskennis ook gebaseer op vier hooftemas: besigheidsumgewings, besigheidsgeleenthede, besigheidsrolle en besigheidsbedrywighede.

#### **3.1 Die rol van instellings**

Dit kan nuttig wees om eers te verduidelik wat bedoel word met die begrip "instelling" en hoe dit verskil van die begrip "organisasie" (Viegi 2016). Instellings is die *reëls van die spel* in 'n samelewing of, meer formeel gestel, dit is die menslik beraamde beperkinge wat menslike interaksie struktureer (North 1990). Dit bestaan uit formele reëls (statutêre wetgewing, gemenereg, regulasies), informele beperkings (konvensies, norme van gedrag en self-opgelegde gedragskodes) en die afdwinging van die kenmerke van albei. Organisasies is die spelers:

groepes individue verbind deur 'n gemeenskaplike doel. Dit sluit in: politieke instansies (politieke partye, die senaat, 'n stadsraad, 'n regulerende agentskap); ekonomiese instansies (firmas, vakbonde, familieplase, koöperasies); sosiale instansies (kerke, klubs, atletiekverenigings); en opvoedkundige instansies (skoolbeheerliggame, opleidingsentrums), ensovoorts. Volgens die institusionele teorie ("institutional theory"), sal entrepreneurs dit ontmoedigend vind om nuwe besigheidsaangeleenthede te begin indien daar nie formele instellings of strukture bestaan nie (Bruton, Ahlstrom & Li 2010).

Maar laat ons met behulp van 'n voorbeeld wat betrekking het op onderrig en EBSO-inhoud illustreer wat ons bedoel met 'n instelling. Die ekonomiesekringloop-vloeimodel beeld die vloei van geld uit (Murry, Skene & Haynes 2017) en verteenwoordig deurlopende uitruil van besteding, produksie en inkomste tussen verskillende sektore. As 'n instelling staan die regering sentraal in die model. Dit verteenwoordig 'n spesifieke ideologie, geskiedenis, strukture, netwerke en affiliasies wat die ander deelnemers in die kringloop beïnvloed. Al die deelnemers aan die kringloop, byvoorbeeld die sakesektor, huishoudings, markte en buitelandse sektor, is onderling verbind en afhanglik van hierdie vloei. Die vloei verteenwoordig ook die produksie van goedere en dienste, invoere en uitvoere, en die vloei van geld (huur, rente, lone en wins). Institusionele baanafhanklikheid ("path dependence") bestaan as gevolg van die netwerk eksternaliteit, ekonomie van omvang en komplementariteit binne 'n gegewe institusionele matriks. Die baanafhanklikheidsteorie ("path dependency theory") beskryf hoe patronen van die verlede neig om die toekoms te vorm (North 1990), selfs al is omstandighede uit die verlede nie meer relevant nie (Jolink 2007). Die onderrig van hierdie model bestaan dus uit spesifieke inhoudskennis en pedagogiese kennis wat ook binne 'n spesifieke "instelling" geleë is.

Opvoeding word beskou as 'n belangrike instelling omdat dit die vorming van samelewings beïnvloed, sosiale strukture definieer en uiteindelik bydra tot die voortbestaan (of vernietiging) van koloniale, sosiale en ekonomiese verhoudings (Viegi 2016). Inhoudskennis en pedagogie kan beïnvloed word deur 'n spesifieke institusionele "ruimte" en ideologie waarbinne opvoeders hulself mag bevind.

Die erven van onderwys as 'n instelling in Suid-Afrika en as ontvanger van koloniale en apartheidsonderrig is steeds 'n hindernis vir die ontwikkeling van die menslike vermoëns wat noodsaklik is vir ekonomiese groei en ontwikkeling (NDP 2011). Bernstein (2014) is van mening dat onderwys nog steeds een van die kritieke kwessies in Suid-Afrika is en alhoewel daar groot toename en sukses was met die algemene toetreding van leerders tot die skoolstelsel, is die kwaliteit van die Suid-Afrikaanse skoolstelsel nog beduidend swak. Benewens die impak van opvoeding op ekonomiese ontwikkeling word besighede en die ekonomiese omgewing byna onmiddellik beïnvloed deur die optrede van 'n regering en hoe demokrasie in die samelewing uitspeel (Hill & Myatt 2010). Soos ons in Suid-Afrika al waargeneem het, reageer die markte vinnig op die skommeling van kabinetministers of die herroeping van 'n president.<sup>2</sup> Die regering se ekonomiese hervormingsbeleid sedert 1994 het ook sterk kritiek vanuit uiteenlopende uithoeke van die samelewing uitgelok. Bewerings van korruptie met betrekking tot staatsfondse, wetgewende vereistes in die werkplek, die vermoë om natuurrampe doeltreffend te hanteer, ensovoorts, het dikwels aanleiding gegee tot vyandige verhoudings tussen besighede en die regering. Friedman en Jones (2011:8) stel vanuit 'n historiese perspektief

<sup>2</sup> In 2017 het Standard & Poor's (S & P), 'n internasionale kredietgraderingsagentskap, Suid-Afrika se langtermyn-buitelandse valuta-soewereine kredietgradering na subbeleggingsgraad afgegradeer kort nadat president Zuma die minister van finansies, Pravin Gordhan, en sy adjunkminister Mcebisi Jonas, herroep het.

vrae oor die oënskynlike apatie van ondernemings as instellings:

Why has business rarely been a force for democracy? Why has business had a poor record of resistance to totalitarian regimes, not only in Hitler's Germany but more broadly as well, whether in apartheid South Africa or contemporary China? What does history tell us about the democratic responsibilities of capitalism and firms?

Hierdie vrae beklemtoon die rol van ondernemings as instellings en hoe dit in die samelewing ingewortel is, ofskoon met 'n mate van onverskilligheid teenoor die samelewing. Op 'n soortgelyke wyse is organisasies en hul funksionering binne die mikro-mark en makro-omgewings nie net belangrike inhoudskennis in EBSO nie, maar ook van belang om die konteks waarbinne hierdie omgewings funksioneer te verstaan. Een voorbeeld is wanneer 'n PESTLE-analise in die klaskamer gedoen word. PESTLE verwys na die politieke, ekonomiese, sosiale, tegnologiese, wetlike (legal) en omgewingsfaktore (environmental) van die makro-omgewing. Om die samestellende dele van PESTLE te verstaan en 'n kritiese oordeel en sintese van die makro-omgewing te gee, is dit vir leerders belangrik om die onderliggende mag van multinasionale instellings en organisasies in die makro-omgewing waaroor die mikro- en markomgewing geen beheer het nie te verstaan.

### **3.2 Gekontekstualiseerde onderrig**

Kontekstualisering is die handeling van te kontekstualiseer, met ander woorde 'n gebeurtenis(se) in sy regte konteks te plaas. Hierdie gebeurtenisse word verteenwoordig in persoonlikhede, instellings, organisasies, omstandighede en voorvalle wat dit omring (Reisman & Wineburg 2008). Volgens hierdie skrywers is drie aktiwiteite die sleutel tot kontekstualisering: verskaffing van agtergrondskennis; die vra van rigtinggewende vrae; en die eksplisiete modellering van gekontekstualiseerde denke. Ons sal hierdie drie sleutelaktiwiteite bespreek om te illustreer hoe gekontekstualiseerde onderrig en leer geïntegreer kan word in die dekolonisering van EBSO.

#### *3.2.1 Verskaffing van agtergrondskennis*

Met die toename van studente se belangstelling in en algemene debat oor dekolonisering (sien #FeesMustFall 2016, #RhodesMustFall 2015) is een aspek voor die hand liggend: geschiedenis maak saak. Die geskiedenis van koloniale Afrika het 'n gewilde onderwerp in ontwikkelings- en ekonomiese literatuur geword en onlangs ook in die literatuur oor die dekolonisering van hoër onderwys in Suid-Afrika. Jolink (2007: 97-98) beweer dat die ekonomiese-onderrig van die afgelope 30 jaar 'n onttrekking uit konteks was. Hy voer verder aan dat, sedert die opkoms van baanafhanklikheid ("path dependence"), is dit "... striking how little of it has pervaded the economics curriculum". Baanafhanklikheid bepaal die manier waarop patronen uit die verlede neig om die toekoms te bepaal, soos vroeër bespreek. Ekonomiese ontwikkeling kan nie bevraagteken word as die "colonial education systems that the colonisers ingrained in their African colonies" geignoreer word nie (Vieggi 2016: 62). As gevolg van dominante institusionele raamwerke het individue en organisasies met bedingingsmag 'n deurslaggewende aandeel in die voortsetting van die stelsel. Die gebruik van sodanige bedingingsmag blyk uit die ongelykheid van die skoolstelsel, universiteitstelsels en selfs sekere geografiese ruimtes wat meer welvarend is as ander (NDP 2011). Bernstein (2014:38) meen dat die toename in private skoolonderrig en die voortspruitende "Edupreneurs" 'n direkte oorsaak van die ongelykheid en gebreklike vordering van die Suid-Afrikaanse skoolstelsel is. Alhoewel daar sedert 1994

binne die Suid-Afrikaanse konteks merkbare vooruitgang in die vermindering van armoede gemaak is, is armoede, werkloosheid en ongelykheid steeds aansienlik hoog (Wêreldbank 2018). Met verwysing na Afrika verklaar Nyamnjoh (2012) dat die vasteland 'n versameling is van mislukte onderwyshervormings en -hersienings van 'n koloniale onderwysraamwerk wat op sigself beskou verouderd is en ekonomiese ontwikkeling strem.

Alhoewel die Suid-Afrikaanse Grondwet sy burgers teen enige vorm van diskriminasie beskerm, is die Suid-Afrikaanse samelewing steeds deurtrek van die kwessie van insluiting en uitsluiting op persoonlike vlak. Voorbeeldelik sluit in sport, opvoeding, sosiale interaksie, toegang tot sekere voorregte as gevolg van status en finansiële stand van individue. Mignolo (2011) beskou insluiting as 'n eenrigtingstraat met diegene wat uitgesluit is sonder mag terwyl dié wat ingesluit is, mag het. Die kennis-konstruksie wat hierdie dekoloniale opsies deurdring, maak dit moontlik om mense wat nie in 'n spesifieke aspirasie(s) pas nie te marginaliseer of uit te sluit omdat insluiting in een rigting geskied. Soos Mignolo (2011: xv) voorstel:

Inclusion is a one-way street and not a reciprocal right. In other words, in a world governed by the codified matrix of power, so who is included and who is welcomed to be included stand in codified matrix of power.

Die insluiting-uitsluiting agentskap kan teruggevoer word tot die koloniale geskiedenis. Volgens Mignolo (2011) sluit die koloniale matriks van mag die volgende in: ekonomiese; gesag; kennis en subjektiwiteit; rassisme; seksisme en seksualiteit; en filosofie, teologie en patriargie. Die beheer van kennis en besluitneming oor hierdie magsdimensies heen is diep gewortel in instellings en organisasies en is vandag steeds algemeen. In hul nadanke oor die finansiële krisis in 2007/2008, beweer sommige ekonne dat 'n beter begrip van die ekonomiese geskiedenis die skok van die krisis sou kon versag (of die grootste deel daarvan verhoed) het. Friedman en Jones (2011) sê "there has rarely been a moment when the view that 'history matters' has been so widespread". Die nadraai van die finansiële krisis van die afgelope dekade het veroorsaak dat meer akademici in die ekonomiese en politieke wetenskap toenemend belangstelling in die geskiedenis toon om breër oor die toekoms van die veld na te dink (Friedman & Jones 2011). Ekonomiese en besigheidsgeskiedenis is nie net belangrik vanweë die fundamentele rol wat ekonomiese aktiwiteite in die samelewing speel nie, maar ook om akademici te help om sin te maak van hoe (en waarom) sosio-ekonomiese en politieke standpunte tans daar uitsien. 'n Voorbeeld wat in die klaskamer gebruik kan word as besigheidstrategieë behandel word, is Naspers wat in 1915 as 'n klein media-onderneming ontstaan het. Naspers is gestig met die naam "Nasionale Pers" en een van hul doelwitte was om Afrikaner-nasionalisme te bevorder (Mosime 2014). Vandag is Naspers 'n media-reus wat genoodsaak was om hul besigheidstrategieë te verander soos die politieke landskap in Suid-Afrika verander het, asook om tred te hou met 'n globaliserende besigheidsomgewing. Institusionele teorie hou tradisioneel verband met hoe verskeie groepe en organisasies hulself beter posisioneer en legitimiteit nastreef as hulle konformeer aan die reëls en norme van die institusionele omgewing (Burton, Ahlstrom & Li 2010). Naspers het goed daarin geslaag om binne 'n bepaalde institusionele omgewing en ideologie legitimiteit te ervaar wat vir hulle dekades ekonomiese en kulturele voordele kon skep. EBSO-onderwyseropvoeders kan 'n belangrike rol speel in die skep van die historiese konteks by die hantering van inhoud en pedagogie. Ons betoog is dat geskiedenis fundamenteel is vir kurrikulumhervorming. Die dekoloniseringsprojek is nie ontdaan van hoe die verlede die toekoms beïnvloed nie.

### 3.2.2 *Vra rigtinggewende vrae*

Giacalone (2004) is van mening dat Besigheidstudie-dosente/onderwyser-opvoeders 'n mate van blaam verdien vir hoe 'n bepaalde wêreldbeskouing wat daarop gemik is om wins te maksimeer en 'n mededingende voordeel te wen oorgedra word. Giacalone (2004: 1) beweer hulle is "proud, excellent drill sergeants teaching tactical reductionism". EBSO-onderwyser-opvoeders is dikwels self nie krities oor die kurrikulum nie en tree nie as bemiddelaars op wat vrae vra oor die optrede en besluitneming van ondernemings nie. Hy gaan voort deur spesifiek kommentaar te lewer op die gebrek aan onderrig van etiek in sakeprosesse en -aktiwiteite wat "... spiritual toxins for our students, the organizations they work for, and society at large" veroorsaak. Oor meer as vyf dekades heen het ekonome en ontwikkelingspraktisyns byvoorbeeld na antwoorde gesoek op "why countries differ so much in development" (Acemoglu & Robinson 2012:1). Hierdie navrae het goed geresoneer met ontwikkelings-, politieke, ekonomiese en geskiedenisnavorsers deur te fokus op die onderskeie instellings van wet, regering, die ekonomie en maatskaplike ontwikkeling as instellings vir hervorming. Nkomo (2015) beweer dat die huidige ontwikkelingsuitdagings wat Suid-Afrika in die gesig staar, soos die stadige tempo van regstelling, 'n direkte gevolg is van die wonde van apartheid wat gepaardgegaan het met kolonialiteit.

Soos die geval met die meeste vakke is die vraag watter inhoud beskou moet word as dit met die grootste trefkrag, hoe dit onderrig moet word en in watter konteks. Breedgebaseerde Swart Ekonomiese Bemagtiging (BBSEB) ("Broad-Based Black Economic Empowerment") as 'n kode van goeie praktyk is byvoorbeeld ingestel om die strukturele wanbalanse in die ekonomie reg te stel, om te fokus op die heroriëntering van die transformasiebeleid en die groei van swart entrepreneurs met behulp van ondernemings- en verskaffers-ontwikkelings-elemente (DTI 2018). BBSEB en korporatiewe bestuur maak deel uit van EBSO-inhoudskennis; dus kan daar oor die geskiedenis van die BBSEB Bemagtiging Wysigingswet van 2013 beraadslaag word sodat studente onderdrukkende ekonomiese nalatenskappe kan verstaan en dekonstrueer. Dit word egter aan die oordeel van EBSO-onderwyseropvoeders oorgelaat om historiese perspektiewe wat nie in die handboekie gedek word nie te onderskei en te integreer en in verband te bring met die kennis van die vakinhou.

Die finansiële krisis van 2007/2008 was 'n belangrike besprekingsonderwerp in sosiale kringe, sake-instellings, akademiese instellings en huishoudings. Hierdie besprekings het wantroue en skeptisme in finansiële instellings en van ekonome uitgelok, veral onder die wyer publiek. By die opening van 'n nuwe gebou by die Londense Skool vir Ekonomie het koningin Elizabeth byvoorbeeld kommentaar gelewer: "It's awful – why did nobody see it coming?" Die antwoord was dat die finansiële krisis nie verwag is nie, want "everyone thought they were doing the right thing" (Montgomerie & Williams 2009: 99). Daarbenewens het die finansiële krisis nie net die globale ekonomie verras nie, maar ook die grondslae van ekonomie en besigheid self bevraagteken. Ekonomie as vakdissipline is onder die loep geneem en daar is vrae gevra oor watter soort onderrig aan universiteite aangebied word. Hierdie besprekings het saamgeval met die groeiende debat oor die afgelope vier dekades en het in werklikheid nadenke oor bekrompe wêreldbeskouings wat hul weg na die hoofstroom-ekonomie gevind het, versterk (Hill & Myatt 2010; Rethinking Economics 2018). Die "Rethinking Economics"-netwerk argumenteer dat die teorie nie op die "regte wêreld" toegepas is nie. In plaas daarvan is hipotetiese voorbeeldelike ver verwyder van plaaslike of werklike gevallenstudies en ekonomiese gebeure uit die verlede word oor die hoof gesien. Hierdie ontevredenheid met Ekonomie-

kurrikulums deur studentebewegings (sien Bassier 2016; Chelwa 2016; Rethinking Economics 2018) en die druk om die relevansie van die inhoud te heroorweeg word wêreldwyd en plaaslik ervaar. 'n Mens sou aanvaar dat binne EBSO daar ook besprekings en relevante vrae oor die uitwerking van krisisse of belangrike kontemporäre kwessies op (Suid-)Afrika was; ook dat die vrae bestaande wêreldbeskouings en wêreldinstellings betwis, maar veel belangriker, watter lesse uit elke krisis of kwessie geleer kan word.

### *3.2.3 Eksplisiële modellering van kontekstuele denke*

Om onderwys te dekoloniseer beteken nie om Westerse epistemiese bydraes tot die wêreld te verwerp (Mignolo 2011: 82) of tegnologiese vooruitgang om te keer of om eenvoudig net die horlosie terug te draai en terug te keer na ou maniere van doen nie (Le Grange 2016). Dit impliseer die omgekeerde: die gebruik van Westerse bydraes ten einde dit dan van imperiale ontwerp te ontkoppel. De Carvalho en Florez-Florez (2014:134) verwys na 'n leerbaan ("path of learning") wat "interkulturaliteit" ("interculturality") kan fasiliteer: 'n proses van on-leer, her-leer en dan beweeg na leer om te onderneem. Interkulturaliteit is 'n aktiewe proses van transformasie wat die geïntegreerde verhoudings tussen personele of sosiale groepe van diverse wêreldbeskouings en kulture identifiseer (Johnson 2010:139-142). Johnson betoog verder dat die dubbele konsepte "dekolonisatie" en "interkulturaliteit" belangrike konseptuele steunpilare vir 'n "proses van verandering" geword het: interkulturaliteit onderstut die erkenning van die behoeftes om te dekoloniseer. Interkulturaliteit in die onderwys kan gepas wees vir die heroorweging van inklusiwiteit en relevansie van die inhoud van die kurrikulum, onderrigbenaderings, of integrering van relevante hulpbronne.

'n Belangrike hulpbron in EBSO is die gebruik van gevallestudies. Van die mees toeganklike en dominante hulpbronne vir EBSO is egter gefokus op Westerse besigheidsopvoeding en wat dikwels teenstrydig is met die inheemse kennissstelsels in Afrika (Barnard et al. 2017; Maistry & David 2018). Afrika-gevallestudies kan studente in staat stel om sin te maak van wat op die vasteland van Afrika gebeur (Barnard et al. 2017). Die UK en Wits Business School Case Centre<sup>3</sup> is voorbeeldelike van instellings wat begin het om 'n groot korpus Afrika-gefokusde sakemateriaal op die vasteland te skep, asook 'n biblioteek met hulpbronne wat fokus op ontluikende-markbesighede en sosiale innovasie. Die seleksie van inhoud kom in die spel en word dikwels beïnvloed deur 'n verskeidenheid faktore, soos ideologiese oriëntasies, ras, klas, taal, toegang tot befondsing, wie die skrywers is en selfs waar hulle hul kwalifikasies verwerf het. Daar kan ook 'n vooroordeel wees, afhangende van wie die inhoud onderrig en aan watter deel van die studentebevolking.

Baie van die vordering wat deur Eurosentrise innovasies en invloede gemaak is, kan nie eenvoudig omgekeer word nie (Le Grange 2016). In ontwikkelende ekonomiese kan innoverders egter nuwe of verbeterde produkte en dienste skep wat toeganklik en nodig is vir bevolkings met 'n ondervoorsiening van dienste (Innovation & Entrepreneurship 2016). Die werklikheid van diep, strukturele en langtermyn-sosio-ekonomiese uitdagings van ongelykheid, armoede en werkloosheid (Wêreldbanks 2018) belemmer Afrosentrise innovasies.

<sup>3</sup> African case studies will help decolonise business school's curriculum. 2016. [Online] <https://www.news.uct.ac.za/article/-2016-05-13-african-case-studies-will-help-decolonise-business-schools-curriculum> [05 Junie 2018]

Addressing Address real-life business challenges in the classroom. 2018 [Online] <http://www.wbs.ac.za/centres--chairs/case-centre/> [19 Junie 2018]

Geleenthede vir diegene met entrepreneurspotensiaal in Afrika is steeds agter in vergelyking met dié in die Westerse wêreld (UNECA 2017) en een uit drie jong Suid-Afrikaners tussen die ouderdom van 15 en 24 jaar is uitgesluit uit die arbeidsmark (Statistiek SA 2018). Innovasies het ondersteuning nodig, sy dit binne ondernemings, deur die vestiging van vennootskappe, of in die vroeë vestigingsfase van 'n onderneming.

Daar is gebiede van onsekerheid ten opsigte van die kousale verband tussen entrepreneurskap, innovasie en ekonomiese groei (Friedman & Jones 2011). Daarom is vrae soos wat innovasie dryf en waar innovasie in die samelewning voorkom, belangrik vir innovasie om te floreer – of dit in groot maatskappye, in laboratoriums van onafhanklike uitvinders, besigheidsbroekaste, streekgroepe of in 'n plaaslike gemeenskap is – innovasie is grootliks afhanklik van toegang tot finansiële, regulerende voorwaardes en sy burokrasie. Sulke vrae ontlok (nuwe) debatte soos ondersoeke na institusionele en kulturele verskille, maar meer belangrik, die insluiting-uitsluiting agentskap (sien Mignolo 2011) wat teruggevoer kan word na die koloniale geskiedenis. EBSO is 'n ideale ruimte, nie net om sommige van die uitdagings in entrepreneurskapsonderrig in Suid-Afrika te bevraagteken nie, maar ook om innoverende denke wat op skoolklaskamervlak toegepas kan word eksplisiet aan te moedig.

#### **4. IMPLIKASIES VIR ONDERWYSERSOPLEIDING VIR EKONOMIE- EN BESIGHEIDSTUDIE**

Wat is die implikasies van bogenoemde bespreking vir die EBSO-kurrikulum in NGSO? Die volgende is kort oorwegings vir verandering en/of insluiting in die kurrikulum:

Sluit eerstens 'n afdeling in oor Afrika-perspektiewe op ekonomie en besigheid. Instellings en organisasies in die ekonomiese en besigheidsfeer is gevestig binne bepaalde wêreldebekouings en tradisies wat hul wortels in kolonialiteit het. Indien studente op hoogte is met en begrip het vir ekonomie en besigheid vanuit 'n Afrika-perspektief, sal hulle ook toegerus wees met die kennis om die meriete van bepaalde en alternatiewe wêreldebekouings te evalueer.

Integreer tweedens ekonomie en besigheidsgeskiedenis in die kurrikulum. EBSO kan gedoen word deur uit die verlede te leer, inhoudskennis te kontekstualiseer, en die teorie en ekonomiese en besigheidswerklikhede bymekaar te bring.

#### **5. GEVOLGTREKKING**

Onderwys is 'n instelling wat baan-afhanklikheid ("path dependency") beklemtoon: wat vandag geleer, ervaar en geïmplementeer word, bepaal die pad vorentoe. Hierdie artikel het aangevoer dat die gesprek oor kolonialiteit veral veranker is in die inhoudskennis en pedagogie van EBSO en in die (Suid-)Afrikaanse konteks. Die belangrikheid van geskiedenis en die kolonialiteit van mag is ook deurweef in instellings en organisasies. Geskiedenis is belangrik omdat dit insig gee in hedendaagse rykdom-ongelykheid en 'n begrip van die ingesteldheid van die pre- en postkoloniale eras wat vandag nog hinder. Instellings en organisasies is belangrike dimensies van die inhoudskennis in EBSO en is stewig ingebed in die koloniale matriks van mag wat in hedendaagse besighede uitspeel. EBSO moet binne kritiese nadenke oor hierdie veelvlakkige impakfaktore plaasvind. Indien ons dus die kurrikulum wil dekoloniseer, is dit belangrik om ons onderrig te kontekstualiseer. Om dieselfde deuntjie oor historiese "feite" te bly sing, behoort egter nie die bedoeling te wees nie. Wanneer studente en personeel hoor, lees en ervaar waarom hoëronderwysinstellings deel is van 'n dekoloniseringsprojek, kan hulle daar mee identifiseer omdat hulle daaraan blootgestel was, dit verstaan en dus ook sin daarvan kan maak in hulle vakgebied.

Gekontekstualiseerde onderrig en leer kan in die dekolonisering van EBSO geïntegreer word deur geskiedenis in ag te neem, kritiese vrae te vra en kontekstuele denke eksplisiet te modelleer. Die implikasies vir EBSO-kurrikulumaanpassings is derhalwe tweeledig: eerstens die insluiting van Afrika-perspektiewe in die kurrikulum en tweedens die integrasie van ekonomiese en besigheidsgeskiedenis in die kurrikulum.

Ten slotte, as opleiers van EBSO-onderwysers gebruik ons kurrikulum, inhoud en pedagogie om studente bewus te maak van die aspirasies van individue en besighede ten opsigte van welvaartskepping en sosiale verantwoordelikheid. Soms ignoreer ons egter die generatiewe en transendentale aspirasies vir die kollektiewe verbetering van ons wêreld; die verborge kurrikulum waar, byvoorbeeld, onbaatsugtigheid en die gees van Ubuntu nie onderrig word nie.

## BIBLIOGRAFIE

- Acemoglu, D. & Robinson, J.A. 2012. *Why Nations Fail: The Origins of Power, Prosperity and Poverty*. New York NY: Crown Business.
- Andrews, N & Okpanachi, E. 2012. Trends of Epistemic Oppression and Academic Dependency in Africa's Development: The Need for a New Intellectual Path. *The Journal of Pan African Studies*, 5(8).
- America, C. 2014. Integrating Sustainability into Business Education Teacher Training. *South African Journal of Education*, 34(3):1-8.
- Bassier, I. 2016. UCT's economics curriculum is in crisis. <https://www.groundup.org.za/article/ucts-economics-curriculum-crisis> [25 Mei 2018].
- Barnard, H., Cuervo-Cazurra, A. & Manning, S. 2017. Africa Business Research as a Laboratory for Theory-Building: Extreme Conditions, New Phenomena, and Alternative Paradigms of Social Relationships. *Management and Organization Review*, 13(3):467-495.
- Bernstein, A. 2014. South Africa's Key challenges: Tough Choices and New Directions. *The Annals of the American Academy of Political and Social Science*, 652(1):20-47.
- Bruton, G.D., Ahlstrom, D. & Li, H.L. 2010. Institutional theory and entrepreneurship: where are we now and where do we need to move in the future? *Entrepreneurship theory and practice*, 34(3):421-440.
- CHE (Council on Higher Education). 2017. *Briefly Speaking*. (3)1-12. Pretoria, CHE.
- Chelwa, G. 2016. Decolonising the teaching of economics. <https://www.africasacountry.com/2016/04/decolonizing-the-teaching-of-economics> [16 Junie 2018].
- De Carvalho, J.J. & Flórez-Flórez, J. 2014. The meeting of knowledges: A project for the decolonisation of the university in Latin America. *Postcolonial Studies* 17(2):122-139.
- DHET (Department of Higher Education and Training) – South Africa. 2011. National Qualifications Framework Act 67 of 2008. Policy on the Minimum Requirements for Teacher Education Qualifications. *Government Gazette*, 34467(583):1-64.
- DTI (Department of Trade and Industry) - South Africa. [http://www.dti.gov.za/economic\\_empowerment/bee.jsp](http://www.dti.gov.za/economic_empowerment/bee.jsp) [23 Junie 2018].
- Dow, S.C. 2007. Pluralism in Economics. In John Groenewegen (Ed), *Teaching Pluralism in Economics*. UK:Edward Elgar Publishing Limited.
- Friedman, W.A. & Jones, G. 2011. Business History: Time for Debate *The Business History Review*, 85(1):1-8.
- Giacalone, R.A. 2004. A Transcendent Business. Education for the 21st Century Academy of Management. *Learning & Education*, 3(4):415-420.
- Hill, R. & Myatt, T. 2010. *The economics anti-textbook: a critical thinker's guide to microeconomics*. Zed Books Ltd.
- Hordern, J. 2018. Is powerful educational knowledge possible? *Cambridge Journal of Education*. DOI :10.1080/0305764X.2018.1427218

- Innovation & Entrepreneurship. 2016. <https://www.news.uct.ac.za/article/2016-05-13-african-case-studies-will-help-decolonise-business-schools-curriculum> [16 Junie 2018].
- Jansen, J. 2017. "The problem with decolonization". <https://www.litnet.co.za/problem-decolonisation-jonathan-jansen-seminar/> [07 Junie 2018].
- Johnson, B.R. 2010. The (Re)envisioning of Health Policy in Bolivia. *Latin American Perspectives*, 37(3):139-159.
- Johnson, R.W. 2015. Can South Africa be "decolonized"? <https://www.politicsweb.co.za/news-and-analysis/can-south-africa-be-decolonized> [26 September 2017].
- Jolink, A. 2007. Preaching to the Econ-verted: Why History also Matters. In John Groenewegen (Ed). *Teaching Pluralism in Economics*. UK:Edward Elgar Publishing Limited.
- Le Grange, L. 2016. Decolonising the University Curriculum. *South African Journal of Higher Education*, 30(2):1-12.
- Le Grange, L. 2018. Decolonising, Africanising, indigenising, and internationalising curriculum studies: Opportunities to (re)imagine the field. *Journal of Education*, 74:4-18
- Maldonado-Torres, N. 2007. On the coloniality of being: Contributions to the development of a concept. *Cultural Studies*, 21(2-3):240-270.
- Maistry, S.M. & David, R. 2018. The school economics textbook as programmatic curriculum: An exploited conduit for the neoliberal globalisation discourses. *Journal of Education*, 74:32-46
- Mbembe, A.J. 2015. "Decolonizing Knowledge and the Question of the Archive." *Wits Institute for Social and Economic Research (WISER), University of the Witwatersrand*, South Africa. <https://www.wiser.wits.ac.za/system/files/> [03 Junie 2018].
- Mignolo, W. 2011. *The Darker side to Western Modernity. Global Futures, Decolonial Options*. Durham & London:Duke Side University Press.
- Montgomerie, N.A. & Williams, 2009. Financialised Capitalism: After the Crisis and beyond Neoliberalism. *Competition & Change*,13(2):99-107.
- Mosime, S.T. 2014. Naspers Media Group: Ethnic Past and Global Present. Media Firms, Class and Ethnic Identities during the Age of Convergence and Expansion: The Case of Naspers in the First Decade of the 21st Century. *Global Media Journal African Edition*, 8(1):63-83.
- Motshekga, A. 2018. New history curriculum in SA schools to be more Afrocentric. <https://www.702.co.za/articles/304523/new-history-curriculum-in-sa-schools-to-be-more-afrocentric> [22 Mei 2018].
- Murray, A., Skene, K. & Haynes, K. 2017. The circular economy: An interdisciplinary exploration of the concept and application in a global context. *Journal of Business Ethics*, 140(3):369-380.
- NDP (National Development Plan). 2011. *National Planning Commission*. South Africa.
- Nkomo, S.M. 2015. Challenges for management and business education in a "Developmental" state: The case of South Africa. *Academy of Management Learning & Education*, 14(2):242-258.
- North, D. 1990. *Institutions, Institutional Change and Economic Performance*. Cambridge: Cambridge University Press.
- Nyamnjoh, F.B. 2012. "Potted Plants in Greenhouses": A Critical Reflection on the Resilience of Colonial Education in Africa', *Journal of Asian and African Studies*, 0:1-26.
- Piketty, T. 2015. Putting Distribution Back at the Center of Economics: Reflections on *Capital in the Twenty-First Century*. *Journal of Economic Perspectives*, 29(1):67-88.
- Reisman, A. & Wineburg, S. 2008. Teaching the Skill of Contextualizing in History. *The Social Studies*, 99(5):202-207.
- Rethinking Economics. 2018. <https://www.rethinkeconomics.org/get-involved/why-rethink-economics> [6 Junie 2018].
- Sayed, Y., Motala, S. & Hoffman, N. 2017. Decolonising initial teacher education in South African universities: More than an event. *Journal of Education (University of KwaZulu-Natal)*, (68):59-91.
- Statistiek Suid Afrika. 2018. Youth Unemployment Still High in Q1: 2018. <http://www.statssa.gov.za/?p=11129> [13 Julie 2018].
- SU (Stellenbosch University). 2017. Task Team. "Recommendations of the Task Team for the Decolonisation of the Stellenbosch University Curriculum".
- Van Dalen, H.P. 2007. Pluralism in Economics: A Public Good or a Public Bad? In John Groenewegen (Ed.). *Teaching Pluralism in Economics*. UK: Edward Elgar Publishing Limited.

- Venter, P. 2018. Postkoloniale teologie en die sending: Uitdagings en bedreigings. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, 58(1):96-108.
- Viegi, N. 2016. The Economics of Decolonisation – Institutions, Education and Elite Formation. *Theoria*, 147(63)2:61-79.
- UNECA (United Nations Economic Commission for Africa). 2017. <https://www.uneca.org/stories/africa-making-progress-adoption-new-technologies-much-remains-be-done-says-nwuke> [23 Junie 2018].
- Wêreldbank. 2018. *Overcoming poverty and inequality in South Africa*. Washington, D.C.: World Bank Group. <http://documents.worldbank.org/curated/en/530481521735906534/Overcoming-Poverty-and-Inequality-in-South-Africa-An-Assessment-of-Drivers-Constraints-and-Opportunities> [13 Julie 2018].
- Young, M., & Muller, J. 2013. On the powers of powerful knowledge. *Review of Education*, 1(3):229-250.



## **Redakteursnota**

Verskillende uitgangspunte oor staat en samelewing (gedurende 2016 en 2017), asook kritiese bespreking van studies oor ekologiekritiek (2018), is in vorige uitgawes in die rubriek *AKTUEEL* gehuisves.

In hierdie afdeling publiseer ons twee artikels deur Wessel Pienaar oor padprojekte, tesame met 'n repliek daarop deur Ewert Kleynhans. Belangstellendes en toekomstige navorsers kry hierdeur die geleentheid om as 't ware tegelykertyd aanvullende en/of teenstellende standpunte oor dieselfde saak te kan bedink.

Die *Tydskrif vir Geesteswetenskappe* beweeg hiermee op die voorpunt van die jongste praktyke in internasionale publikasie, waar artikels saam met substansiële keurdersverslae gepubliseer word. Dit gebeur dikwels dat eweknie-evaluering nie net gaan om goed- of afkeuring van 'n navorsingsartikel nie, maar ook om die uitruil van inligting en wedersydse slyping van standpunte en perspektiewe oor bepaalde sake.

Die redaksie rig hiermee weer eens 'n ope uitnodiging aan belangstellende lesers om gesigs-punte en standpuntinnames in hierdie rubriek te deel, hetsy by wyse van 'n korter stuk, of ook 'n volwaardige artikel.

**INA WOLFAARDT-GRÄBE**

Februarie, 2019

# Riglyne by die keuse van padprojekte deur die owerheid

*Guidelines for the choice of road projects by government*

**W.J. (WESSEL) PIENAAR**

Departement Bedryfsingenieurswese

Universiteit Stellenbosch

E-pos: wpienaar@sun.ac.za



Wessel Pienaar

**WESSEL PIENAAR** is 'n navorsingsprofessor in die Departement Bedryfsingenieurswese aan die Universiteit Stellenbosch. Hy het die volgende gevorderde grade behaal: MS in Siviele Ingenieurswese aan die Universiteit van Kalifornië, Berkeley; MEcon in Vervoerekonomie aan die Universiteit Stellenbosch; PhD(Ing) in Siviele Ingenieurswese aan die Universiteit Stellenbosch en DCom in Vervoerekonomie aan die Universiteit van Suid-Afrika. Hy beskik oor 'n Kategorie A-navorsingsgradering van Sanral. In 2000 en 2011 ontvang hy die Rektorstoekenning vir Voortreflike Navorsing aan die Universiteit Stellenbosch. Hy is die hoofredakteur en hoofskrywer van die internasionaal gebruikte handboek *Business Logistics Management: A Value Chain Perspective*, wat deur Oxford University Press uitgegee word. Wessel publiseer in Afrikaans en Engels. Van sy werk is deur internasionale navorsingsinstellings in Duits, Frans en Russies vertaal en gepubliseer. In Desember 2015 het Wessel die Kanselierstoekenning van die Universiteit Stellenbosch ontvang omdat hy oortuigend bewys gelewer het van uitsonderlike akademiese uitnemendheid. Hy is 'n lid van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns, waarvan hy van 2014 tot 2017 as voorzitter gedien het, en is 'n genoot van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Ingenieurswese (SAAE).

**WESSEL PIENAAR** is a research professor in the Department of Industrial Engineering at Stellenbosch University. He holds the following advanced degrees: MS in Civil Engineering from the University of California, Berkeley; MEcon in Transport Economics from Stellenbosch University; PhD(Eng) in Civil Engineering from Stellenbosch University and DCom in Transport Economics from the University of South Africa. He has been rated a Category A researcher by Sanral. In 2000 and 2011 he received the Rector's Award for Research Excellence at Stellenbosch University. He is the editor-in-chief and principal author of the internationally used textbook *Business Logistics Management: A Value Chain Perspective* published by Oxford University Press. Some of his work has been translated into German, French and Russian and published by international research institutions. In December 2015 he received the Chancellor's Award for Academic Excellence at Stellenbosch University. Wessel is a member of the Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns ("South African Academy of Science and the Arts"), which organisation he chaired from 2014 to 2017, and is a fellow of the South African Academy of Engineering (SAAE).

## ABSTRACT

### *Guidelines for the choice of road projects by government*

This article explains why the supply of public roads may be subject to market failure; it also explains why public roads are supplied by government. The reasons are mainly economic and are explained from a sectoral, micro- and macroeconomic perspective. The article makes the point that expenditure on road construction projects injects funds into the private sector and promotes production. This, together with an increased demand for transport, can stimulate the economy. Stimulation of economic activities is associated with higher profits and personal incomes, and the resultant increase in taxes boosts government income. In this way, non-users also help to “repay” the capital amount invested in the transport facilities that originally helped to stimulate economic activity. New and improved roads provide access to property, and facilitate mobility and interaction within and between areas that support economic growth and development potential, which can give rise to new economic land-use patterns and the acceleration of business activities. These factors increase financial returns to investors and fixed-property owners, which in turn boost land values. The increase in taxable-land values leads to an increase in the revenue of local authorities from property tax. As a result, local authorities may have more funds available to maintain the local road networks that stimulated the increase in tax revenue in their jurisdictions.

The operational characteristics of road transport that are conducive to the stimulation of economic activity are identified and described. It was found that road transport infrastructure and services can serve as mechanisms to gain access to economic activities; trigger economic development; accelerate economic growth; and serve as a catalyst to equalise the distribution of wealth. The article explains how the achievement of sectoral and microeconomic benefits by economically justified roads leads to the attainment of macroeconomic goals.

Government's obligation to supply public roads necessitates proper planning and budgeting for such roads. The article describes the situation where road authorities have to endeavour reactively to maximise the benefits of road provision when they are restricted by a rationed and fixed budget. Lastly, in order to mitigate the effects of government economic failure, it is proposed that road authorities act proactively, through judicious use of loan funds, to maximise the benefits of road provision by treating their road budgets as variable, but subject to a performance rule.

**KEY CONCEPTS:** macro-economy, micro-economy, mobility, independent projects, mutually exclusive projects, place utility, factors of production, social cost-benefit analysis, accessibility, benefit-cost ratio

**TREFWOORDE:** makroëkonomie, mikroëkonomie, mobiliteit, onafhanklike projekte, onderling uitsluitende projekte, pleknut, produksiefaktore, sosiale-koste-voordeel-ontleding, toeganklikheid, voordeel-koste-verhouding

## OPSOMMING

Dié artikel verduidelik waarom die voorsiening van openbare paaie aan markmislukking onderhewig is, en verduidelik die redes waarom openbare paaie deur die staat voorsien word. Dié oorwegings is hoofsaaklik ekonomies van aard en word uit 'n sektorale, mikro- en makroëkonomiese oogpunt toegelig. Die bedryfseienskappe van padvervoer, teenoor dié van spoorvervoer, wat vir die stimulering van ekonomiese lewenskrachtigheid bevorderlik is, word oorsigtelik verduidelik. Die staat se plig om padinfrastruktuur te voorsien bring mee dat daarvoor begroot moet word. Die artikel beskryf die situasie wanneer padowerhede reaktief

die voordele van padvoorsiening moet probeer maksimeer onder die beperking van fiskale rantsoenering en 'n vaste begroting. Ten slotte word voorgestel dat padowerhede, met oordeelkundige benutting ook van leningsfondse, proaktief optree om die voordele van padvoorsiening te maksimeer deur hulle padboubegrottings as veranderlik te benader, maar onderworpe aan 'n prestasiereël.

## 1. INLEIDING

Hierdie artikel is die eerste van twee. Dié aflewering handel oor die redes waarom openbare paaie deur state voorsien word en hoe daar ten beste deur fiskale beplanning vir padbouprojekte voorsiening gemaak kan word. Die volgende aflewering het te make met die metodiek wat 'n vervoerowerheid (a) kan volg om die voordele van padvoorsiening te maksimeer wanneer fondsrantsoenering tot 'n ingekorte en vaste begrotingsperk lei, en (b) proaktief kan volg om die voordele van padvoorsiening te maksimeer wanneer 'n veranderlike begroting onderworpe aan 'n prestasiereël moontlik is.

Die ekonomiese oorwegings wat daartoe lei dat openbare paaie deur die staat voorsien word, word in afdeling 2 bespreek. Hierdie afdeling is ten dele 'n sintese van gepubliseerde werk (veral Pienaar 2005, 2008, 2014, 2016; en Pienaar & Vogt 2016) op die terrein van padbeplanning.

Afdeling 3 word aan die programmering van padboubegrottings gewy. Ná 'n inleidende oorsig in onderafdeling 3.1 word die potensiële verdienste van meerjarige fiskale beplanning in onderafdeling 3.2 ondersoek. Onderafdeling 3.3 wei uit oor die nadele wat spruit uit reaktiewe padvoorsiening weens fondsrantsoenering en gevolglike vaste begrotingsplafonne, terwyl onderafdeling 3.4 voorstelle maak oor proaktiewe padprojekkeuses om ekonomiese groei en ontwikkeling te ondersteun deur middel van 'n veranderlike begroting onderworpe aan 'n prestasiereël.

## 2. EKONOMIESE OORWEGINGS WAT MEEBRING DAT PAAIE DEUR DIE STAAT VOORSIEN WORD

### 2.1 Sektorale ekonomiese oorwegings

Die vernaamste redes waarom padvervoer die voorkeurmodus in die **vraag** na vervoer is en dus padvoorsiening noodsaak, is die volgende: Padvervoer is buigsamer en veelsydiger as ander vervoermodusse. Dit kan 'n punt-tot-punt-diens tussen bykans enige oorsprong en bestemming lewer. Dit is hierdie buigsaamheid en veelsydigheid wat padvervoer die oorheersende vervoermodus gemaak het. Hierteenoor is spoorvervoer tot vaste roetes beperk en het dit daarom nie die buigsaamheid en toeganklikheid van padvragkarweiers nie. Spoorvragvervoer verskaf 'n eindpunt-tot-eindpunt-diens eerder as 'n punt-tot-punt-diens, tensy die kliënt 'n spoorsylyn by sy perseel het. As 'n perseel nie aan 'n spoornetwerk gekoppel is nie, moet padvervoer gebruik word om toegang tot die spoordiens te kry indien dit benodig word. Spoorvervoer kan grootmaatbesendings en hoëdigtheidsgoedere teen 'n lae koste oor lang afstande vervoer. Wat goedere betref, is spoorvervoer uitnemend geskik vir die grootmaatvervoer van grondstowwe (soos mynbou- en landbouprodukte), halfverwerkte goedere en goedere in standaardhouers. Wat persone betref, is spoorvervoer geskik vir die gelyktydige stasie-tot-stasie-vervoer van groot getalle passasiers (Pienaar 2014:758).

Die vernaamste redes waarom padvervoer in die **aanbod** van vervoer die voorkeurmodus is, is soos volg: Van al die vorme van vervoer word die kostestruktuur van padvervoer geken-

merk deur die laagste verhouding van vaste tot totale koste, wat dikwels as rede voorgehou word waarom toetreden tot en aanpasbaarheid binne die padvervoermark relatief maklik is. Vlootgroottes in die padvragmark wissel van een voertuig (dikwels eienaarbestuurder-operateurs) tot meer as 'n duisend gespesialiseerde voertuie, wat daarop dui dat marktoetreden relatief maklik en teen relatief lae koste kan geskied en dat vervoerentrepreneurs deur mededingende optrede tot groot vervoeraanbieders kan ontwikkel (Pienaar 2014:758).

Omdat groot kapitale aanvangskoste in infrastruktuur en duursame rollende materiaal by die toetreden tot spoorvervoer benodig word, is die verhouding van vaste tot totale koste baie hoog – sowat 75% van spoorvervoerkoste is oor die kort termyn vas (Havenga & Pienaar 2012:2). Die finansiële marktoegangversperring van spoorvervoer is daarom hoog. Dit bring by spoorvervoer mee dat die gelykbreekpunt tussen inkomste en totale koste op 'n hoë produksievlek plaasvind: 'n groot volume goederdienste moet verkoop word voordat 'n wins behaal word.

Ofskoon ander vervoermodusse in hulle nisgebiede van aanwending ook 'n belangrike rol vervul, kan padvervoer se besondere eienskappe nie deur ander vervoermodusse nagedoen word nie. Die positiewe rol wat ekonomiese geregtigheid paaie en doeltreffende padvervoer in die ekonomiese groei en ontwikkeling van streke kan vervul, is onmisbaar (Pienaar 2014:759; Pienaar & Vogt 2016:352).

Met investering in infrastruktuur kom owerhede telkens voor 'n komplekse ekonomiese probleem te staan. *Eerstens* is daar die skaarsheidswessie: 'n veelheid van infrastruktuur-investeringsbehoeftes, wat dikwels omvangryke en duursame projekte behels, moet met beperkte middele bevredig word. *Tweedens* is daar 'n keuseprobleem: Benewens mededinging om bronne vir vervoer- en nievervoerdoeleindes, moet daar by vervoervorsiening gekies word tussen verskillende vervoermodusse om sosiale nut (voordeel) te maksimeer. *Derdens* hang maksimale behoeftebevrediging af van doeltreffende vervoerbedrywighede en 'n toereikende padnetwerk.

Padinfrastruktuur – 'n voorvereiste vir doeltreffende padvervoerbedrywighede – kan nie suksesvol in die ope mark voorsien word nie, aangesien dit deur markmislukking aan bande gelê word. Markmislukking is die onvermoë van die mark om toewysingsdoelmatigheid te weeg te bring. Die vermaamste gevalle van markmislukking is gebrekkige mededinging, openbare goedere, eksternaliteit, asimmetriese inligting en gemeenskaplike eiendomsbronne (Black 1997:290; Samuelson & Nordhaus 2001:161; Rosen 2002:44; Mohr & Fourie 2008:357).

'n Doeltreffende manier om koste van gebruikers te verhaal is nie sonder bemiddeling van die staat vir private investeerders beskikbaar nie. Die voorsiening van paaie verg hoë investeringskoste en lang periodes van kapitaalherwinning, en is dikwels blootgestel aan groot risiko. Indien padvoorsiening strategies belangrik is of 'n voorvereiste vir ekonomiese groei en ontwikkeling is, en buitengewoon groot investering verg, word paaie deur die owerheid voorsien, of die staat moet 'n ondersteunende raamwerk skep waarbinne private investering in sulke infrastruktuurprojekte teen vergoeding kan plaasvind, met die staat as gedeeltelike finansierder en reguleerder en die private sektor as produsent. 'n Voorbeeld hiervan is die toestaan van tolkonsessies op sekere paaie in die nasionale padnetwerk.

Konvensies oor hoe om, wanneer dit in die openbare belang geag word, die reg van weg te verkry vir 'n padreserwe wat oor verskeie vaste eiendomme strek, asook oor billike vergoeding vir die betrokke grondeienaars, moet deur die staat voorgeskryf word ten einde afdwingbaar te wees.

Openbare paaie het kenmerke van openbare goedere. Hierdie kenmerke is (1) nieafwysbaarheid, (2) nie-uitsluitbaarheid en (3) niewedywering (Bannock, Baxter & Davis 2003:316).

*Nieafwysbaarheid* beteken dat regstreekse en/of onregstreekse gebruik daarvan nie deur individue van die hand gewys kan word nie. Daar kan aangevoer word dat elke inwoner van 'n land by die bestaan van 'n padstelsel baat vind omdat dit, as gevolg van die toeganklikheid daarvan, die samelewing in staat stel om doelmatiger en doeltreffender te funksioneer. Inderwaarheid kan vaste eiendom die wêreld oor nie geproklameer word indien dit nie per openbare pad bereikbaar is nie. Sonder paaie sou mense naby hul werkplekke moes woon en sou hulle 'n wye reeks goedere en dienste moes ontbeer. Paaie verleen toegang tot vaste eiendom, nie net vir die bewoners en besoekers nie, maar ook vir die verskaffers van goedere en dienste uit alle ekonomiese sektore en vir die uitoefening van owerheidsfunksies ter plaatse. Enersyds word persoonlike, nywerheids- en handelsvervoer vergemaklik en andersyds word noodsaklike owerheidsdienste, soos burgerlike beskerming en wetstoepassing, moontlik gemaak. Paaie wat byvoorbeeld primêr vir verdedigingsdoeleindes gebou word, strek die samelewing in die geheel tot voordeel, eerder as net die inwoners wat naby sulke paaie woon. Toeganklikheid is die gemak waarmee bestemmings bereik kan word – dit weerspieël die aantreklikheid van 'n plek as 'n oorsprong (hoe maklik dit is om daar af elders te kom) en as 'n bestemming (hoe maklik dit is om daar te kom van elders af) (COTO 2017:ii).

*Nieuwsluitbaarheid* beteken dat gebruik nie van niebetalers weerhou kan word nie, wat prysvasstelling deur markwerking belemmer. Die mate waarin sulke infrastruktuur doelmatig voorsien en die prys daarvan doeltreffend vasgestel en betaling van gebruikers afgedwing kan word, hang af van staatsingryping, soos die instelling van 'n aanvaarbare tolpadstelsel en/of werkbare verkeersbeheermaatreëls, soos om strattoegang vir vragmotors tydelik te verbied wanneer hul teenwoordigheid as ongewens beskou word, of om swaarvoertuigverkeer tot sekere verkeerslane te beperk sodat verkeer om veiligheidsredes volgens spoed geskei word.

*Niewedywering* beteken dat een persoon se gebruik nie dié van ander verminder nie. Ná die gebruik van 'n stuk pad, wanneer verkeersophoping nie voorkom nie, is dit byvoorbeeld onmiddellik beskikbaar vir gebruik deur die volgende gebruiker, dit wil sê die padruimte word nie uitgeput nie. Wanneer verkeersophoping voorkom, vind beskikbaarstelling van die padruimte aan medepadgebruikers wel stadiger plaas, wat daarop neerkom dat 'n pad tydens verkeersophoping 'n gedeeltelik openbare produk is. Niewedywering impliseer die awesigheid van skaarsheid, wat beteken dat die prysmeganisme nie funksioneer om vraag en/of aanbod te reguleer om die mark oop te maak nie. Dit maak doeltreffende markprysvorming onmoontlik (Black, Calitz & Steenkamp 2015:47; Button 2010:464).

Ofskoon die bestaan van 'n landswye padnetwerk onontbeerlik vir die suksesvolle voortbestaan van samelewings is, bring bovermelde eienskappe mee dat daar nie 'n suksesvolle mark vir paaie bestaan nie en moet regerings derhalwe verantwoordelikheid daarvoor neem. Dit vereis dat owerhede deurlopend moet beplan vir die voorsiening van nuwe paaie en die verbetering en instandhouding van bestaande paaie, en voorsiening moet maak vir die befondsing daarvan. Die Nasionale Beplanningskommissie gee erkenning hieraan en verklaar soos volg (NPC 2011:167):

South Africa's largest single public asset is its road network. With a replacement value of R1.7 trillion, preserving it is a top priority. National and provincial roads are the prime means of connecting people and moving cargo from small settlements and secondary towns to centres of economic activity.

Voorsiening hiervoor moet na regte in die opstel van die jaarlikse nasionale begroting gemaak word.

## 2.2 Mikroëkonomiese oorwegings

Vervoer word nie in eie reg aangevra nie aangesien dit 'n middel tot 'n doel is – dit is 'n afgeleide funksie van ander aktiwiteite. Mense reis of versend goedere omdat hulle 'n pleknut by die bestemming wil verkry. Pleknut is die waarde wat 'n persoon daaruit put om by 'n besondere plek te wees of 'n gegewe bestemming te bereik. Wat goedere betref, is pleknut die waarde wat tot goedere toegevoeg word deur hulle te vervoer van 'n plek waar hulle nie benodig word nie, tot by 'n plek waar hulle wel benodig word (Sloman 2000:340; Pienaar & Vogt 2016:349).

Wat deur padgebruik aan dié nut opgeoffer word, moet per eenheid so klein moontlik wees om die netto pleknut of bestemmingswaarde te maksimeer. Die mate waarin standhoudende ekonomiese aktiwiteite deur nuwe en verbeterde paaie geskep en die omvang daarvan vergroot kan word, kan dus afgelei word van die mate waarin dit vir padgebruikers minder opoffering deur reis veroorsaak en nuwe of bykomende padgebruik meebring en ontwikkel.

Die ekonomiese regverdiging of lewensvatbaarheid van 'n openbare projek word deur middel van 'n sosiale-koste-voordeel-ontleding bepaal. Sosiale-koste-voordeel-ontleding is die sistematiese prosedure wat gebruik word om die ekonomiese regverdiging van 'n investeringsprojek te bepaal deur die voordele en koste daarvan te bereken, ongeag wie in die land by die projek baat sal vind. Die koste is enige nut wat opgeoffer word om 'n fasilitet tot stand te bring, en die voordeel is enige nut wat sal voortspruit uit die gebruik en bedryf van die voorgestelde fasilitet, waar nut gemeet word aan die hand van sosiale geleentheidskoste (COTO 2017:iii).

'n Padbouprojek word as ekonomies geregverdig beskou as die huidige waarde van (1) al die padgebruikersvoordele, (2) die padinstandhoudingskostebesparings en (3) die vermindering van eksterne koste wat die projek sal bied, die huidige waarde van die investeringskoste daarvan oorskry.

**Padgebruikersvoordele** is die verskil tussen padgebruikerskoste met en sonder die nuwe pad, dit wil sê die vergroting van die huidige padgebruikerssurplus wat uit die gebruik van die nuwe pad voortspruit, plus die nuutgeskepte padgebruikerssurplus van verkeer wat deur die nuwe pad voortgebring word. Padgebruikerssurplus is die verskil tussen die koste wat 'n padgebruiker gewillig is om op te offer en die koste wat die gebruiker in werklikheid opoffer om van 'n pad gebruik te maak. Die maksimum bedrag geld wat die gebruiker gewillig is om op te offer, is subjektief afgelei van die nut wat die padgebruik vir die gebruiker het. As aanvaar word dat die waargenome nut per rit afneem deurdat 'n bepaalde rit in 'n gegewe periode herhaal word, ontstaan hierdie surplus omdat die gebruiker gewillig sal wees om uitgawe vir bykomende ritte aan te gaan tot by die punt waar die waarde van die nut uit die laaste rit gelyk is aan die eenheidskoste van al die ritte. Nut is die bevrediging wat verkry word deur die gebruik of verbruik van 'n produk of uit 'n aangename belewenis. Totale nut word geskep deur vormnut, besitnut, pleknut en tydnut. Laasgenoemde twee word deur vervoer voorsien en ondersteun. Nut is nie 'n objektief meetbare begrip nie (Greenwald 1973:617).

**Padinstandhoudingskostebesparings** is die verskil tussen die instandhoudingskoste met en sonder die voorgenome pad.

**'n Vermindering van eksterne koste** is die afname in negatiewe eksternaliteit, soos geraas en lugbesoedeling, waaraan 'n waarde gekoppel kan word. (Eksterne koste is niegekompenseerde koste waarmee iemand wat nie deel aan 'n aktiwiteit het nie, as gevolg van daardie aktiwiteit belas word.)

### 2.3 Makroëkonomiese oorwegings

Makroëkonomiese voordele is die verhoogde uitset van niepadvervoerverwante aktiwiteit wat 'n nuwe of verbeterde pad help meebring. Hierdie voordele is, in teenstelling met bogenoemde mikroëkonomiese besparings, die verhoogde streeksinkomste deur individue en ondernemings wat deels die gevolg is van aansporings en investerings in ander ekonomiese sektore (The Louis Berger Group 2002:2; Cowie 2010:16), byvoorbeeld ekonomiese aktiwiteit wat deur 'n fasilitet gewek word omdat voorheen onlonende geleenthede nou lonend bedryf kan word, die stimulerende rol van nuwe paaie in nywerheidsvestiging, en stygings in grondwaardes wanneer 'n streek meer toeganklik raak (Municipality of Cape Town 2001:B.4).

Die wisselwerking tussen grondgebruik en vervoer verg integrasie en koördinasie. Nywerhede behoort byvoorbeeld in staat gestel te word om hulle na aan genoegsame beskikbare arbeid te vestig, primêre produksie moet naby die oorsprong van grondstowwe wees, en die verspreiders van verbruikersgoedere moet na aan hul markte wees. Hierdie sektorale integrasie en koördinasie maak deel van die sentrale owerheid se breër makroëkonomiese strategieë uit, en van streeksowerhede se ruimtelike beplanning en grondgebruiksonering (Button 2010:465).

Algemene streeksekonomiese voordele kan 'n belangrike ekonomiese groei- en ontwikkelingsoorweging wees wanneer besluit moet word of daar in padbou geïnvesteer gaan word, veral wanneer 'n pad instrumenteel kan wees in die skep en verspreiding van welvaart – meer in die besonder indien dit nuwe gebiede vir ekonomiese ontwikkeling kan ontsluit. Dié voordele kan in eenmalige en herhalende niegebruikersvoordele verdeel word. Die eenmalige niegebruikersvoordele word verteenwoordig deur die inkomevermenigvuldiging wat deur aanvanklike investeringsbesteding in 'n pad behaal word. Dit is die gevolg van die fondsinspuiting in die streeksekonomie deur die kapitaalbesteding. Die herhalende niegebruikersvoordele spruit uit die versnellereffek wat die gebruik van 'n ekonomies geregverdigde pad binne sy bedieningsgebied op transaksies het. Hierdie herhalende voordele is die algemene ekonomiese gevolge in die streek of bedieningsgebied wat spruit uit die rol wat die pad deur sy hele dienslewe vervul as aanbieder van groter toeganklikheid sowel as fasiliteerde van mobiliteit (Lewis 1994:2; Smith 1999:1). Mobiliteit (of beweeglikheid) in hierdie konteks verwys na die mate van vervoeraktiwiteit wat plaasvind of hoe intensief gebruikers 'n vervoerstelsel of -diens gebruik deur te reis of vrag te karwei.

Hierdie streeksinkome-vermenigvuldiger-versneller-ontleding word elders breedvoerig uiteengesit (Pienaar 2005, 2008, 2016). Aspekte van dié werk wat hier ter sake is, word in die res van hierdie afdeling opgesom.

Die resultaat van bogenoemde streeksinkome-vermenigvuldiger-versneller-ontleding word nie by die voordele in 'n sosiale-koste-voordeel-ontleding getel nie – dit word apart in 'n ontleding van die ekonomiese uitwerking verreken. Die vermenigvuldiging en versnelling van streeksinkome dien as bykomende en komplementerende inligting in die hande van die besluitnemer oor die makroëkonomiese uitwerkings wat uit die mikroëkonomiese voordele spruit, soos aangedui in die uitslag van die sosiale-koste-voordeel-ontleding.

Die streeksekonomiese voordele van investering in en die gebruik van ekonomies geregverdigde padinfrastruktuur kan soos volg saamgevat word:

- (1) Besteding aan padprojekte bied 'n kapitaalinspuiting vir die private sektor en bevorder produksie. Dit, tesame met 'n vergemakliking van vervoer, kan as tweeledige ekonomiese stimulus dien. Indien die padnetwerk tydens 'n ekonomiese opbloeい die verhoogde verkeersvloei kan hanteer en buitensporige of gereelde verkeersophopings

kan verhoed, sal die padstelsel sy funksie as ekonomiese aktiveerder na behore kan vervul.

- (2) Die stimulering van ekonomiese aktiwiteit lei tot stygings in sake- en persoonlike inkomste, en die gevvolglike styging in belastinginkomste vul die owerheid se skatkis aan. Ideaal gesproke moet 'n gedeelte van hierdie staatsinkomste gebruik word om die koste van die paaie wat vir die verhoogde ekonomiese aktiwiteit verantwoordelik is, te help delg en om dié paaie in stand te hou.
- (3) Nuwe en beter paaie maak eiendom meer toeganklik en bevorder mobiliteit binne en tussen woongebiede en nywerheidsgebiede, wat weer tot nuwe ekonomiese grondgebruikspatrone aanleiding gee. Hierdie nuwe grondgebruiken laat grondwaardes styg, wat weer 'n voordeel vir die eienaars van grond en ander vaste eiendom inhou, terwyl dit plaaslike owerhede se inkomste uit eiendomsbelasting aanvul. Teoreties het dié owerhede dus meer fondse vir die verbetering van die padnetwerk binne hulle jurisdiksies beskikbaar.
- (4) Nuwe en beter paaie dien nie net as 'n onregstreekse stimulus vir ekonomiese ontwikkeling nie, maar het ook 'n regstreekse uitwerking op die vestiging van vervaardigingsbedrywe, verspreiders en nutsbedrywe. Benewens die breë publiek en grondeienaars, is 'n nabyleë grootpad hoofsaaklik van belang vir die volgende drie ekonomiese bedrywige kategorieë (Freeman 1981:137):
  - Padkantondernemings, waaronder diensstasies, voedselverskaffers, adverteerders, die gasvryheidsbedryf, ondernemings wat op toeriste ingestel is, en nywerhede waarvan die produkte per pad versprei word.
  - Nutsbedrywe kan 'n reg van deurgang bo- of onderkant of in die grondreserwe van 'n pad geniet, veral in stedelike gebiede, byvoorbeeld vir spoorpassasiersdienste, water- en gaspypeleidings, en elektriese en telefoonkabels.
  - Goedereversenders en -ontvangers kan ook in hul hoedanigheid van produsente, nyweraars en bemarkers by 'n nuwe pad baat vind. Hierdie voordele word enersyds verkry deur korter rit- en aflewingstye, en andersyds deur betroubaarder produksie- en ander bedryfskedulering wat met stipteliker aflewering en verbeterde goedersekuriteit (deur beter rygehalte) behaal word. Benutbare tydbesparing wat goederevervoer betref, hou twee voordele in: (i) vinniger en stiptelike aflewing beteken laer opbergingskoste; en (ii) hoogs bederfbare goedere kan oor 'n groter gebied versprei word.

Die vertoning van die ekonomie word gewoonlik volgens vyf konvensionele doelstellings van ekonomiese beleid gemeet: ekonomiese groei, volle indiensneming, prysstabiliteit, billike welvaartsverdeling en betalingsbalansstabiliteit (Mohr 2016:3). Vanuit 'n makroökonomiese oogpunt lê die verdienste van 'n ekonomies geregtigde pad in die belofte wat dit inhou om (1) hulpbronne te bespaar deur die vermindering van die sosiale koste van vervoer en (2) verkeer te lok, te herlei en te wek.

'n Besparing in die sosiale koste van vervoer dui daarop dat die toewysingsdoelmatigheid ten opsigte van hulpbronne bevorder word en die doelwit van prysstabiliteit dus onderskraag word. Sosiale koste het betrekking op die geleentheidskoste vir 'n gemeenskap van die hulpbronne wat hy gebruik. Dit is gelyk aan die waarde van die voordele wat die gemeenskap prysgee deur hulpbronne vir een bepaalde doel aan te wend eerder as vir 'n ander.

Toewysingsdoelmatigheid is die mate waarin die toewysing van skaars hulpbronne soveel as moontlik tevredenheid met die gegewe insette en tegnologie verseker, of, omgekeerd uitgedruk, die mate waarin die toewysing van insette aan gegewe behoeftes voldoen teen die

laagste moontlike koste. Dit impliseer 'n resultaat wat niemand in 'n gemeenskap beter daaraan toe kan laat sonder dat iemand anders slechter daaraan toe gelaat word nie (Pearce 1989:13).

Goeie verkeersherleiding en -aanlokking dui aan dat welvaart breër versprei word en goeie verkeersopwekking dui aan dat welvaart geskep word deur ekonomiese groei en ontwikkeling, wat weer indiensneming stimuleer. Aangesien padbouprojekte insetgewys 'n lae invoergeneigdheid het in verhouding tot die heilsame invloed wat hulle op streke se produkuitvoervermoë het, kan aangevoer word dat ekonomiese geregverdigde padvoorsiening die doelwit van betalingsbalansstabiliteit help bevorder (Pienaar 2016:191).

### **3. BEGROTINGSPROGRAMMERING**

#### **3.1 Agtergrond**

In die lig daarvan dat enige gemeenskap se behoeftes aan infrastruktuur 'n groot gedeelte van die beskikbare fondse verg, vereis dit dat die voordele wat infrastruktuurprojekte bied, die investeringskoste daarvan moet oorskry. Sosiale-koste-voordeel-ontleding bied 'n ekonomiese grondslag waarvolgens skaars hulpbronne doelmatig toegewys kan word. Potensiële infrastruktuurprojekte moet egter nie net ekonomies geëvalueer word nie; dié wat uitgevoer word, moet só gekies word dat hulle netto voordeel maksimaal bydra tot maatskaplike welvaart. Maatskaplike welvaart is die voorraad bates wat deur al die lede van 'n samelewing gehou word en waaraan 'n finansiële waarde geheg kan word. Welvaart is gelyk aan die waarde van alle bates minus die laste, en word op 'n spesifieke datum gemeet, en nie oor 'n tydperk soos in die geval van inkomste nie (Rutherford 1992:429).

Om projekte onbevooroordelid in die prioriseringssproses te rangskik, moet infrastruktuurprojekte konsekwent op eenvormige wyse geëvalueer word. Ter wille van rasionele en omvattende besluitneming moet alle tegnies uitvoerbare alternatiewe projekte ondersoek word – nie slegs alternatiewe padeienskappe en -liggings nie, maar ook alternatiewe vervoermodusse en -tegnologieë (COTO 2017:38).

#### **3.2 Meerjarige fiskale beplanning in Suid-Afrika**

Die uitreiking van die eerste mediumtermyn-begrottingsbeleidsverklaring (MTBPS [Medium Term Budget Policy Statement]) in November 1997 het 'n nuwe fase van fiskale beplanning in Suid-Afrika ingelui (DOF 1997). Hierdie verklaring het die opstel van die jaarlikse nasionale begroting aan die hand van 'n meerjarige fiskale plan moontlik gemaak.

Die MTBPS is 'n verklaring van voorneme wat as wegaandui vir die jaarlikse nasionale begroting dien. Die behoefte aan meerjarige fiskale beplanning spruit uit (a) makroëkonomiese, (b) sektorale en/of (c) mikroëkonomiese oorwegings (Black et al. 2015:373).

Vanuit 'n **makroëkonomiese** oogpunt het die behoefte aan meerjarige fiskale beplanning in die 1990's gespruit uit die oortuiging dat die behandeling van ekonomiese probleme, soos voortdurend traie ekonomiese groei en hardnekkig hoë werkloosheid en inflasie, strukturele ekonomiese hervorming genoodsaak het. Meerjarige fiskale beplanning is beskou as 'n noodsaklike onderdeel van 'n strategie om ekonomiese groei en ontwikkeling aan te wakker en verdelingsdoeltreffendheid te bevorder. Verdelingsdoeltreffendheid is die mate waarin die toewysing van ekonomiese hulpbronne aan verskillende groepe of individue binne 'n land of gemeenskap tot 'n billike of aanvaarbare verdeling van welvaart bydra (Black et al. 2015:374).

Op **sektorale** vlak is daar eweneens oortuigende argumente uit te maak vir meerjarige fiskale beplanning van die rol van die owerheid in die voorsiening van openbare en gedeeltelik

openbare goedere en dienste, byvoorbeeld landsverdediging, polisiëring, opvoeding, gemeenskapsgesondheid, infrastruktuur (waaronder openbare paaie) en sekere vervoerdienste. In lande wat snelle ekonomiese verandering ervaar, soos Suid-Afrika, is dit slegs moontlik om die besteding wat op die bereiking van belangrike sosiale en ekonomiese ontwikkelingsdoelwitte gemik is, deeglik deur meerjarige beplanning te voorsien en te prioriseer.

Op **mikroëkonomiese** vlak bring doelmatigheidsvereistes mee dat die ekonomiese regverdiging van voorgestelde padbouprojekte eers deur middel van 'n sosiale-koste-voordeel-ontleding bepaal moet word voordat dit vir befondsing in aanmerking kan kom (NPC 2011:167). 'n Sosiale-koste-voordeel-ontleding is daarop toegespits om inligting aan die besluitnemer te verskaf oor hoe om die maksimum ekonomiese voordele te verkry deur hulpbronne so doelmatig as moontlik te verbruik.

Die fiskale regeringsbestel in Suid-Afrika – naamlik die sentrale regering (op die eerste regeringsvlak), die nege provinsies (op die tweede regeringsvlak) en die 283 munisipaliteite en plaaslike owerhede (op die derde regeringsvlak) – is federaal georden. Weens die grootliks gesentraliseerde belastinginvorderingsbedeling in die land word verreweg die meeste belasting deur die sentrale regering ingesamel. Desondanks dra die Grondwet, 1996, verantwoordelikhede rakende die lewering van goedere en dienste, individueel óf gesamentlik met die sentrale regering, aan die subnasionale owerhede op, waarvan die bestedingsverpligting dié owerhede se gesamentlike eie inkomste aansienlik oorskry. Provinssies se eie-inkomstebasis beloop die afgelope jare gemiddeld minder as 5 persent van hulle besteding. Plaaslike owerhede het egter 'n aansienlik breër eie-inkomstebasis as die provinsies. In die geheel bekostig die munisipaliteite meer as 90 persent van hulle uitgawebegroting uit eie fondse (National Treasury 2018:70).

Ofskoon die Grondwet (Republic of South Africa 1996:Articles 213 and 214) bepaal dat die subnasionale regerings, in ooreenstemming met hulle bestedingsverantwoordelikhede, geregtig is op 'n billike deel van die inkomste wat nasionaal ingevorder word, vind die vertikale toedeling van fondse arbitrêr en subjektief plaas. Die Ministerie van Finansies verwoord hierdie aangeleentheid soos volg (Ministry of Finance 1999:59):

The government regards the vertical division of funds between the different spheres of government as a political policy judgement that reflects the relative priority of functions assigned to each sphere of government and not something that can be captured in a formula.

Die blote gebruik van diskresie deur die sentrale regering by besluitneming oor voorwaardelike toewysings plaas druk op en skep onsekerheid by subnasionale regerings wat strategiese langtermynbesluite oor die voorsiening van infrastruktuur binne hulle jurisdiksies moet neem. Dit maak hulle vir hulle bestedingsbesluitneming verantwoordelik teenoor die sentrale owerheid, eerder as teenoor hulle kieserskorps, waarvan die ekonomiese behoeftes in hulle onderskeie jurisdiksies beduidend kan verskil van dié van die sentrale regering (Black et al. 2015:375).

Die sentrale regering se jaarliks begrote toedelings aan subnasionale regerings bestaan uit (1) 'n sogenaamde billikeaandeeltoedeling, wat 'n onvoorwaardelike toewysing is, en (2) 'n geoormerkte fondsoordrag, wat 'n voorwaardelike toewysing ten opsigte van nasionaal ooreengenoemde voorkeure is. Eersgenoemde toewysing kan volgens provinsies en munisipaliteite se eie oordeel bestee word en laasgenoemde toewysing moet bestee word op die voorwaardes waarop dit toege wys word.

Met die onvoorwaardelike fondstoewysings aan provinsies pas die sentrale regering 'n formule toe om die provinsies se individuele toedeling in hierdie inkomstedelingsproses te bepaal. Met die 2018/19-nasionale begroting is ses veranderlikes in ag geneem: (1) onderwys

– 48%, (2) gesondheid – 27%, (3) basiese dienste – 16%, (4) armoedevermindering – 3%, (5) ekonomiese uitset – 1%, en (6) 'n institusionele toewysing – 5%, wat gelykop tussen die provinsies verdeel is. Komponente (1) tot (4) is op demografiese oorwegings gegrond en komponent (5) op die bruto provinsiale produk (National Treasury 2018:15).

Provinciale oppervlakte word nie in die formule in ag geneem nie, wat dus groot provinsies se groter *per capita*-infrastruktuurvoorsieningsverantwoordelikheid – veral wat paaie betref – negeer. Op 'n laankilometergrondslag word aansienlike skaalvoordele behaal met die bou van 'n meerlaanpad wat verskeie lane in albei rigtings het, vergeleke met 'n pad met 'n enkele ryvlak met slegs een laan in elke rigting. Groot landelike provinsies met lang maar smal tweelaanpaaie, soos die Noord-Kaap, sal per laankilometer meer moet bestee as 'n geografies klein provinsie met 'n groot inwoner- en voertuigbevolking, soos Gauteng, wat korter provinciale padroetes het maar waarin die verhouding van meerlaanpaaie tot tweelaanpaaie groot is. Om dieselfde mate van toeganklikheid *per capita* aan hulle bevolkings te voorsien, sal vir groot, yl bevolkte provinsies aansienlik meer kos as vir klein, dig bevolkte provinsies. Boonop is die bevolkings *per capita* van laasgenoemde provinsies meer welvarend as dié van eersgenoemde.

Die begrote verdeling van die beraamde inkomste van die sentrale regering in die 2018/19-fiskale jaar, ná voorsiening vir skuldaflossing en 'n bydrae tot die staat se gebeurlikhedsreservefonds, word in Tabel 1 getoon.

**TABEL 1:** Verdeling van voorsienee inkomste van sentrale regering in fiskale jaar 2018/19

Regeringsvlak	Onvoorwaardelike toekenning (R10 <sup>6</sup> )	Voorwaardelike toekenning (R10 <sup>6</sup> )	Totale toekenning (R10 <sup>6</sup> )
Sentraal	n.v.t.	n.v.t.	628,6 (47,7%)
Provinsiaal	470,3	100,7	571,0 (43,3%)
Munisipaal	62,7	55,8	118,5 (9,0%)

(Bron: National Treasury 2018:71)

Die begrote 2018/19-besteding is beïnvloed deur herpriorisering, wat 'n daling meegebring het sedert die 2017/18-MTBPS. Provinsiale toedelings is met R5,2 miljard, en munisipale begiftigings met R3,2 miljard verminder. Dié vermindering gaan volgens beplanning vir die res van die huidige MTBPS-periode – tot aan die einde van 2020/21 – gehandhaaf word. Dit het betrekking op die infrastrukturigerigte voorwaardelike fondsoordragte (National Treasury 2018:69).

Die Tesourie verklaar soos volg (National Treasury 2018:70):

Over the three-year spending period, provincial direct and indirect allocations will absorb 26 per cent of the reductions, while local government direct and indirect transfers absorb 18,8 per cent. Reductions were not applied to personnel costs. As a result, the impact of spending cuts falls mostly on capital programmes. [...] The extent of the adjustment will delay delivery of some planned infrastructure, and requires departments responsible for frontline services to ensure exceptional care in allocating public funds to maintain core services.

### **3.3 Padprojekte wanneer 'n vaste begroting geld**

Dit lê voor die hand dat bogenoemde voorgenome inkorting van kapitale besteding, waaronder besteding aan paaie, tot laer vaste kapitale begrotingsplaafonne sal lei. Die vraag is op watter wyse 'n gegewe fondstotaal tussen alternatiewe en onafhanklike infrastruktuurprojekte toegewys moet word om voordele te maksimeer.

Wanneer voldoende produksiefaktore in 'n streek of gebied voorkom, of geredelik vir ekonomiese groei en ontwikkeling voorsien kan word, maar gebrekkige padvoorsiening ekonomiese lewenskragtigheid verhinder, sal padvoorsiening wat hierdie ekonomiese knelpunt uit die weg ruim, op reaktiewe padvoorsiening neerkom. Produksiefaktore is die gemeenskap se bronne wat in die produksieproses gebruik word. Hierdie bronne word gewoonlik in vier hoofgroepe ingedeel: grond, arbeid, kapitaalgoedere en ondernemerskap. Grond omvat alle natuurlike bronne, byvoorbeeld grond self, minerale afsettings, water en benutbare fauna en flora. Onder arbeid ressorteer alle fisieke en verstandelike menslike talente wat in produksie gebruik word. Kapitaalgoedere sluit in alle mensgemaakte hulpmiddelle by produksie, soos infrastruktuur (paaie, spoorlyne, lughawens, seehawens, ensovoorts) en duursame produksiemiddelle (voertuie, masjinerie, toerusting, ensovoorts). Ondernemerskap behels die organisasie van die ander drie produksiefaktore vir produktiewe doeleindes deur bestuursvermoë, kundigheid, innovasie, genialiteit en aanvaarding van die sakerisiko. Aangesien alle ekonomiese bronne skaars is en 'n beperkte aanbod het, ontvang hulle almal 'n inkome vir hulle dienste. Die inkome vir grondgebruik is huur, die inkome vir arbeid is lone, die inkome vir kapitaalgoedere is rente, en die inkome vir ondernemerskap is wins (Greenwald 1973:217).

'n Volgbenadering, waardeur probeer word om 'n geïnhibeerde of gestagneerde streeks-ekonomie deur reaktiewe infrastruktuurvoorsiening te stimuleer, is 'n aanduiding dat owerheidsfondse besonder beperk is of nie produktief aangewend word nie. Kwaksalwers-behandeling van dié ongewenste simptome kom neer op ekonomiese nalatigheid. Dit veroorsaak dat die ekonomiese vrugte wat as gevolg van weldeurdagte, proaktiewe integrasie en koördinasie van padvoorsiening en grondgebruik gepluk sou kon word, ontbeer word. Die sosiale geleentheidskoste van die ontoereikende voorsiening van ekonomies geregverdigde nuwe paaie, en ongelukkig ook enige gebrekkige instandhouding van bestaande paaie, is bestraffend hoog – namate daar nagelaat word om paaie voortdurend volgens 'n neergelegde skedule in stand te hou, styg die uitgawe wat nodig is om die instandhoudingsagerstand reg te stel, teen 'n geometriese tempo (Harmse 2012:5).

Weens 'n vaste perk op openbare kapitale besteding ding owerheidsprojekte in die verskillende openbare subsektore om befondsing met mekaar mee. Die ekonomiese keuseprobleem in afdeling 2 vermeld, beteken dat (1) openbare vervoerinfrastruktuurprojekte meeding met projekte in ander openbare subsektore, (2) openbare padvoorsiening binne die vervoersektor weer meeding met ander vervoermodusse en -tegnologieë, en (3) onafhanklike padprojekte binne die padbouprogram weer onderling met mekaar meeding om befondsing. In hierdie omstandighede kan dit gebeur dat die begrotingsplafon bereik word sonder dat lewensvatbare projekte in alle gebiede in 'n jurisdiksies uitgevoer word.

### **3.4 Padprojekte wanneer 'n veranderlike begroting onderworpe aan 'n prestasie-reël geld**

Investering in vervoerinfrastruktuur sal ekonomiese groei en ontwikkeling ondersteun slegs indien die noodsaaklike produksiefaktore vir lewensvatbare ekonomiese aktiwiteite beskikbaar

is (The Louis Berger Group 2002:1; Eberts 2000:38; Weisbrod & Weisbrod 1997:1). Voorbeeld hiervan is voldoende en gesikte grond (waarvan die aankoopprys of huurgeld nie die geleenheidskoste van die grond oorskry nie), toegang tot grondstowwe, beskikbaarheid van bevoegde werkers, doeltreffende dienste, en ondernemers wat in staat en gewillig is om in die diensgebied van sulke infrastruktuur te investeer. Soms sou genoeg van hierdie vereiste produksiefaktore wel beskikbaar wees, maar investering in 'n benodigde pad ontbreek en derhalwe kan beduidende ekonomiese groei en ontwikkeling nie bewerkstellig word nie.

Die koördinering van ekonomiese geregverdigde investering in paaie met komplementerende nievervoeraktiwiteite sal egter in die reël ekonomiese groei en ontwikkeling meebring (Lewis 1994:2; Eberts 2000:38; Weisbrod & Weisbrod 1997:1).

Die ander bydraende faktore kan die verwydering of oorkoming van beperkings wees, soos gebrekkige arbeidsvaardighede en arbeidsbeweeglikheid, hoë sakekoste, die onbeskikbaarheid van nuts- en ander dienste, en die afwesigheid van staatshulp vir nywerheidstigting.

Wanneer padvoorsiening proaktief as leiermeganisme aangewend word óf om ekonomiese groei en ontwikkeling in 'n gebied aan te wakker wat die potensiaal vir ekonomiese opbloei toon, óf om 'n dreigende knelpunt vroegtydig die hoof te bied, is prestasiegredene begrottingsbeplanning, en nie vaste begrottingsperke nie, die aangewese weg om te volg.

Indien die begrottingsomvang nie 'n vaste perk het nie, is die probleem die opweeg van openbare en private aanwending van hulpbronne. Aangesien daar met ondeelbare projekte gewerk word, kan hierdie opweging nie ten doel hê om die grensvoordeel van die laaste rand wat openbaar en privaat bestee is, gelyk aan mekaar te stel nie, soos wat die geval met deelbare projekte is. Daar moet nou van die standpunt uitgegaan word dat openbare projekte die moeite werd is om te onderneem mits die voordele daarvan hulle investeringeskoste oorskry. Die regverdiging vir hierdie riglyn is dat die geleenheidskoste van *n* rand se investering in die openbare sektor die verlies van die opbrengs is wat met *n* rand se investering in die private sektor behaal sal word (Thompson 1980:100; Musgrave & Musgrave 1989:132).

In hierdie artikel word voorgestel dat daar nie 'n vasgestelde beperking op die omvang van openbare kapitale besteding moet geld nie, maar wel 'n prestasiereël waaraan aanvaarbare projekte moet voldoen. So 'n reël kan wees dat die huidige waarde van projekvoordele die huidige waarde van 'n projek se investeringeskoste met 'n sekere drempelverhoudingswaarde moet oorskry.

Wanneer 'n investeringsreël geld wat bepaal dat uitvoerbare projekte aan 'n gegewe produktiwitedsdrempel moet voldoen, is die wyse om projekte te kies eenvoudiger as wanneer 'n vaste begrottingsperk geld. Groepe onderling uitsluitende projekte wat onafhanklik van mekaar funksioneer, ding dan nie meer met mekaar om befondsing mee nie, maar die alternatiewe projekte binne elke groep ding wel met mekaar mee. Selfs al voldoen die aanvaarbaarste alternatief in 'n groep net-net aan die drempelproduktiwiteitsvlak, is die keuse daarvan geregverdig, al sou die voordeligste projekte in ander onafhanklike groepe die drempelprestasievlek in hoë mate oorskry. Onderling uitsluitende projekte is projekte wat dieselfde funksies sal vervul indien hulle in bedryf gestel sou word. Omdat hulle substitute of alternatiewe vir mekaar is, sluit die keuse van enige sodanige voorstel die ander uit. Onafhanklike projekte is projekte wat verskillende funksies verrig. Hulle dien nie as alternatiewe vir mekaar nie, en is daarom nie onderling uitsluitend nie. Die aanvaarding van 'n gegewe (funksioneel) onafhanklike projek kan hoogstens die aanvaarding van 'n ander (funksioneel) onafhanklike projek uitstel, maar nie uitskakel nie (COTO 2017:vi, viii).

Die befondsingsreël dat kapitaalbesteding aanvaarbaar is slegs indien die voordeel-koste-verhouding daarvan 'n sekere drempelwaarde (sé 2,0 of groter) behaal, kan enersyds gegrond wees op die oordeel dat onbestede fondse eerder gebruik moet word om enige ander projek

vanuit 'n aantal openbare projekte met voordeel-koste-verhoudingswaardes van 2,0 of groter te befonds. Andersyds kan dit daarop dui dat geoordeel word dat gemiddeld R2,00 se bruto private voordeel opgeoffer moet word om die owerheid in staat te stel om R1,00 te bestee. Indien hierdie stelling waar is, kan 'n mens sê dat niebesteding deur die owerheid daarop neerkom dat fondsbesteding aan 'n projek wat in die private sektor 'n voordeel-koste-verhouding van 2,0 behaal, verkies word.

Die drempelwaarde wat in die praktyk gekies word, moet die voordeel-koste-verhouding wees wat volgens die betrokke padowerheid se oorwoë oordeel ooreenstem met renderende investeringsopbrengste wat in die private sektor behaal of nagestreef word. Indien die voordele van openbare padvoorsiening wesenlik verskil van dié van die produksiefaktore in die private sektor, sal sektorale koördinasie nie realiseer nie.

'n Voordeelgedrewe veranderlike begroting kan verg dat beskikbare kapitale fondse met leningsfondse aangevul moet word. In sulke omstandighede moet sorg gedra word dat die rentekoers op geleende fondse nie die sosiale geleentheidskoste van geld oorskry nie. Indien hierin geslaag word, sal die koördinering van ekonomies geregtigde padinvestering met komplementerende nievervoeraktiwiteite ekonomiese groei en ontwikkeling meebring. Dit sal die skadelike gevolge van die subjektiewe wyse waarop subnasionale regerings se fiskale toedelings deur die sentrale regering bepaal word, gedeeltelik neutraliseer en daarom ekonomiese owerheidsmislukking deur die voorsiening van kwalifiserende padinfrastruktuur in 'n mate bekamp.

Ekonomiese owerheidsmislukking is die onvermoë van die regering om deur inmenging in die ekonomie in die openbare belang op te tree. Daar is twee hoofbronne van ekonomiese owerheidsmislukking: openbare amptenare en pagsoekers. *Openbare amptenare* bestaan uit twee breë groepe: diegene wat verkies word (die politici) en diegene wat aangestel word (die burokrate). Politici kan beskou word as stemmaksimerende agente wie se optrede hoofsaaklik daarop ingestel is om weer verkies te word. Daarom is hulle geneig om 'n korttermynsiening te aanvaar en programme te ondersteun wat spoedige en waarnembare voordele bied, maar waarvan die langtermynkoste vaag is. Aangesien owerhede gewoonlik nie aan mededinging onderworpe is nie, word burokrate nie aan 'n marktoets onderwerp nie (Samuelson & Nordhaus 2001:328). Kostebewustheid en uitsetgedrewenheid ontbreek gevoleglik makliker as in die private sektor. Daarom kan ondoeltreffendhede voortduur, eerstens omdat dit dikwels 'n onbegonne taak is om diensdoeltreffendheid te bepaal, en tweedens omdat dit uiter moeilik is om onbekwame amptenare te ontslaan (Mohr & Fourie 2008:368). *Pagsoekery* vind plaas wanneer die eienaars van produksiefaktore probeer om hulself te bevoordeel ten koste van die gemeenskap as geheel. Aangesien die owerheid die instrumente tot sy beskikking kan gebruik om die verdeling van ekonomiese bronne te beïnvloed, probeer verskillende faktoreienaars deurentyd om owerheidsoptrede tot hulle eie voordeel te manipuleer. Wanneer hierdie belangegroepe met sulke pogings slaag, ontvang hulle meer vergoeding vir hulle produksiefaktore as die vergoeding wat daardie produksiefaktore in hulle beste alternatiewe aanwendings in die ope mark sou ontvang het.

#### **4. GEVOLGTREKKINGS**

Ofskoon die bestaan van 'n landswye padnetwerk onontbeerlik vir die suksesvolle voortbestaan van samelewings is, is die voorsiening van paaie aan markmislukking onderhewig. Regerings moet dus verantwoordelikheid daarvoor neem.

Om te verseker dat die voordeeligste padprojekte vir uitvoering gekies word, moet die groots moontlike poel potensiële projekte wat almal beloof om ekonomies lewensvatbaar,

finansieel haalbaar, tegnies uitvoerbaar en omgewingsgewys aanvaarbaar te wees, vir keuring beskikbaar wees. Om vooroordeel te bekamp en sorg te dra dat projekkeuse op 'n gelyke grondslag geskied, moet alle padprojekte konsekwent op dieselfde wyse geëvalueer word.

Meerjarige prestasiegeleide begrotingsbeplanning is verkieslik bo eenjarige begrotingsbeplanning met rantsoenering as uitgangspunt. Die potensiële nadele gekoppel aan projekkeuses wat aan eenjarige vaste begrotings onderworpe is, is drieërlei. Eerstens kan eenjarige begrotings 'n voorkeur vir kleiner projekte in die hand werk, wat meebring dat groter projekte verwerp word. Ofskoon groot onderling uitsluitende projekte dikwels 'n laer relatiewe voordeel as klein alternatiewe projekte behaal, bied hierdie groot projekte dikwels 'n veel groter absolute voordeel as die kleiner alternatiewe projekte. Tweedens hou vaste begrotingsperke die gevaar in dat kleiner projekte noodgedwonge gekies moet word, wat kan veroorsaak dat knelpunte gou weer ontstaan. Dit dui daarop dat die oorspronklike vervoerprobleem nie behoorlik opgelos is nie, wat verhoed dat gebiede volhoubaar ekonomies floreer. Derdens kan dit meebring dat lewensvatbare kandidaatprojekte in sekere gebiede nie gekies word nie omdat voordeliger projekte elders die beskikbare begroting uitgeput het. Uit die oogpunt van billike welvaartsverdeling is so 'n situasie nie ideaal nie.

Wanneer voldoende produksiefaktore in 'n streek of gebied voorkom, of geredelik vir ekonomiese groei en ontwikkeling voorsien kan word, maar gebreklike padvoorsiening ekonomiese lewenskragtigheid verhinder, sal padvoorsiening om hierdie ekonomiese knelpunt uit die weg te ruim op reaktiewe padvoorsiening neerkom. 'n Volgbenadering, waardeur probeer word om 'n geïnhibeerde of gestagneerde streekseconomie deur reaktiewe infrastruktuurvoorsiening te stimuleer, is 'n aanduiding dat owerheidsfondse besonder beperk is. Daarom is die bewilliging van investeringsfondse in sulke omstandighede weens fondsrantsoenering gewoonlik onderworpe aan 'n vaste begrotingsbedrag, wat dikwels arbitrêr vasgestel word. Dit kom op kwaksalwersbehandeling van die simptome van ekonomiese nalatigheid neer, wat veroorsaak dat die ekonomiese vrugte wat deur proaktiewe en weldeurdagte integrasie en koördinasie van padvoorsiening en grondgebruik gepluk sou kon word, ontbeer word.

'n Voordeelgedrewe veranderlike begroting kan die skadelike gevolge van die subjektiewe wyse waarop subnasionale regerings se fiskale toewysings deur die sentrale regering bepaal word, gedeeltelik neutraliseer en dus deur die voorsiening van kwalifiserende padinfrastruktuur ekonomiese owerheidsmislukking in 'n mate bekamp.

## BIBLIOGRAFIE

- Bannock, G., Baxter, R.E. & Davis, E. 2003. *The Penguin dictionary of economics*, 7th ed. London: Penguin Books.
- Black, J. 1997. *Oxford dictionary of economics*. Oxford: Oxford University Press.
- Black, P., Calitz, E. & Steenkamp, T. 2015. *Public economics*. 6th ed. Cape Town: Oxford University Press.
- Button, K. 2010. *Transport economics*, 3rd ed. Cheltenham, UK: Edward Elgar.
- COTO (Committee of Transport Officials ). 2017. *Socio-economic analysis of road projects*. Technical Methods for Highways (TMH) 20. Committee Draft CD1. Pretoria: COTO.
- Cowie, J. 2010. *The economics of transport: A theoretical and applied perspective*. Oxford: Routledge.
- Department of Finance. 1997. *Medium term budget policy statements*. Pretoria: Government Printer.
- Eberts, R.W. 2000. How Levels of Transportation Investment Affect Economic Health. In Transportation Research Board, National Research Council. *Proceedings of a conference: Information requirements for transportation economic analysis*, 21:38-40. Irvine, California.
- Freeman, P.N.W. 1981. *The recovery of costs from road users in South Africa*. DComm dissertation. Pretoria: University of South Africa.

- Greenwald, D. 1973. *The McGraw-Hill dictionary of modern economics*, 2nd ed. New York: McGraw-Hill.
- Harmse, A.W. 2012. *Road planning and design: General guidelines*. Pretoria: South African National Roads Agency.
- Havenga, J.H. & Pienaar, W.J. 2012. The creation and application of a national freight flow model for South Africa. *Journal of the South African Institution of Civil Engineering*, 54(1):2–13.
- Lewis, D. 1994. Objectives and decision criteria for infrastructure investment. In *National Cooperative Highway Research Program, NCHRP Research Results Digest 200*. Washington, D.C.: Transportation Research Board, National Research Council.
- Ministry of Finance. 1999. *Medium term budget policy statement 1998*. Pretoria: Government Printer.
- Mohr, P.J. 2016. *Economic indicators*, 5th ed. Pretoria: Unisa Press.
- Mohr, P.J. & Fourie, L. 2008. *Ekonomies vir Suid-Afrikaanse studente*, 6de uitg. Pretoria: Van Schaik.
- Municipality of Cape Town. 2001. *Guidelines for conducting the economic evaluation of urban transport projects*, 3rd ed. Cape Town: Municipality of Cape Town, on behalf of the Committee of Urban Transport Authorities (CUTA).
- Musgrave, R.A. & Musgrave, P.B. 1989. *Public finance in theory and practice*, 5th ed. New York: McGraw-Hill.
- NPC (National Planning Commission ). 2011. *National development plan: Vision for 2030*. Pretoria: Government Printer. <http://www.npconline.co.za/.../NPC%20National%20Development%20Plan%20> [1 October 2014].
- National Treasury. 2018. *Budget review 2018*. Pretoria: Government Printer. <http://www.treasury.gov.za/documents/national%20budget/2018/review/FullIBR> [18 August 2018].
- Pearce, D.W. 1989. *Dictionary of modern economics*, 3rd ed. London: Macmillan.
- Pienaar, W.J. 2005. Die beraming van verhoogde streeksinkome wat uit ekonomies geregverdigde padbouprojekte spruit. *Die Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Natuurwetenskap en Tegnologie*, 24(4):108-117.
- Pienaar, W.J. 2008. Economic evaluation of the proposed road between Gobabis and Grootfontein, Namibia. *The South African Journal of Economics*, 76(4):667-684.
- Pienaar, W.J. 2014. Die uitbreiding van kostevoordeelontleding met sosiale evaluering in die beplanning van openbare padbouprojekte: Voorstel ter ondersteuning van die skep van 'n ontwikkelingstaat. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, 54(4):753-770.
- Pienaar, W.J. 2016. Regional economic assessment of the planned De Beers Pass Road Project in South Africa. *South African Journal of Industrial Engineering*, 27(4):281-192.
- Pienaar, W.J. & Vogt, J.J. 2016. *Business logistics management: A value chain perspective*, 5th ed. Cape Town: Oxford University Press.
- Republic of South Africa. 1996. Constitution of the Republic of South Africa, 1996. Pretoria: Government Printer.
- Rosen, H.S. 2002. *Public finance*, 6th ed. New York: McGraw-Hill.
- Rutherford, D. 1992. *Dictionary of economics*. London: Routledge.
- Samuelson, P.A. & Nordhaus, W.D. 2001. *Economics*, 17th ed. New York: McGraw-Hill.
- Sloman, J. 2000. *Economics*, 4th ed. Harlow, England: Prentice Hall.
- Smith, S.A. 1999. Guidebook for transportation corridor studies: A process for effective decision-making. In *National Cooperative Highway Research Program, NCHRP Report 435*. Washington. D.C.: Transportation Research Board, National Research Council.
- The Louis Berger Group. 2002. Desk reference for estimating the indirect effect of proposed transportation projects. In *National Cooperative Highway Research Program, NCHRP Report 466*. Washington. D.C.: Transportation Research Board, National Research Council.
- Thompson, M.S. 1980. *Benefit-Cost Analysis for Programme Evaluation*. London: Sage.
- Weisbrod, G. & Weisbrod, B.A. 1997. Assessing the economic impact of transportation projects: How to choose the appropriate technique for your project. In *Transportation Research Circular 477*. Washington, D.C.: Transportation Research Board, National Research Council.

# Voorgestelde metodes om die voordele van padprojekte te maksimeer

*Proposed methods to maximise the benefits of road projects*

**W.J. (WESSEL) PIENAAR**

Departement Bedryfsingenieurswese

Universiteit Stellenbosch

E-pos: wpienzaar@sun.ac.za



Wessel Pienaar

**WESSEL PIENAAR** is 'n navorsingsprofessor in die Departement Bedryfsingenieurswese aan die Universiteit Stellenbosch. Hy het die volgende gevorderde grade behaal: MS in Siviele Ingenieurswese aan die Universiteit van Kalifornië, Berkeley; MEcon in Vervoerekonomie aan die Universiteit Stellenbosch; PhD(Ing) in Siviele Ingenieurswese aan die Universiteit Stellenbosch en DCom in Vervoerekonomie aan die Universiteit van Suid-Afrika. Hy beskik oor 'n Kategorie A-navorsingsgradering van Sanral. In 2000 en 2011 ontvang hy die Rektorstoekenning vir Voortreflike Navorsing aan die Universiteit Stellenbosch. Hy is die hoofredakteur en hoofskrywer van die internasionaal gebruikte handboek *Business Logistics Management: A Value Chain Perspective*, wat deur Oxford University Press uitgegee word. Wessel publiseer in Afrikaans en Engels. Van sy werk is deur internasionale navorsingsinstellings in Duits, Frans en Russies vertaal en gepubliseer. In Desember 2015 het Wessel die Kanselierstoekenning van die Universiteit Stellenbosch ontvang omdat hy oortuigend bewys gelewer het van uitsonderlike akademiese uitnemendheid. Hy is 'n lid van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns, waarvan hy van 2014 tot 2017 as voorsitter gedien het, en is 'n genoot van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Ingenieurswese (SAAE).

**WESSEL PIENAAR** is a research professor in the Department of Industrial Engineering at Stellenbosch University. He holds the following advanced degrees: MS in Civil Engineering from the University of California, Berkeley; MEcon in Transport Economics from Stellenbosch University; PhD(Eng) in Civil Engineering from Stellenbosch University and DCom in Transport Economics from the University of South Africa. He has been rated a Category A researcher by Sanral. In 2000 and 2011 he received the Rector's Award for Research Excellence at Stellenbosch University. He is the editor-in-chief and principal author of the internationally used textbook *Business Logistics Management: A Value Chain Perspective* published by Oxford University Press. Some of his work has been translated into German, French and Russian and published by international research institutions. In December 2015 he received the Chancellor's Award for Academic Excellence at Stellenbosch University. Wessel is a member of the Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns ("South African Academy of Science and the Arts"), which organisation he chaired from 2014 to 2017, and is a fellow of the South African Academy of Engineering (SAAE).

## ABSTRACT

### ***Proposed methods to maximise the benefits of road projects***

*This article proposes methods that a transport authority can apply to maximise the benefits of road provision both when the rationing of funds leads to a curtailed and fixed budget limit, and, proactively, when a variable budget subject to a funding rule is available.*

*With a fixed limit on public capital expenditure, public projects compete with one another for funding. When a number of mutually exclusive and independent projects are under consideration for selection and prioritisation and the decision maker has to maximise benefit subject to a fixed budget constraint, a method of project selection based on incremental benefit-cost ratio analysis is recommended. The proposed selection process in the case of a fixed budget limit is demonstrated by an example. The proposed procedure consists of the following five steps:*

- 1) *Identify all projects that may be considered for selection, having due regard to the budget limit, and eliminate all projects (a) of which the implementation cost exceeds this limit, and (b) that are not economically viable, technically feasible and environmentally acceptable.*
- 2) *Classify all mutually exclusive projects (i.e. alternative projects) that qualify for consideration into separate, independent groups, and arrange the alternatives in each group in order of increasing implementation cost.*
- 3) *Provisionally select in each group the project that has the highest benefit-cost (BC) ratio.*
- 4) *From these projects, select the one with the highest ratio and then note the remaining balance in the capital budget. The more expensive projects in the group from which the highest-ratio project was provisionally selected are then considered in terms of their incremental BC ratios. Put the alternative in this group with the highest viable incremental BC ratio, if there is such an alternative, on the list of the other projects still to be considered. In the remainder of the selection process (i.e. the subsequent iterative rounds) selecting the best project in each group follows a two-step process. Firstly, the project with the highest (viable) incremental BC ratio is identified and compared with the rest of the independent projects. Then projects are chosen consecutively in order of descending economic viability; they are identified by either the BC ratio of an independent project (in another group) or the incremental BC ratio of a mutually exclusive project (in the same group). Secondly, as each project is provisionally selected, the balance in the budget is adjusted to reflect the effect of the projects selected. All remaining projects of which the implementation cost exceeds this balance are excluded. This iterative process ends when the balance of the budget is (a) exhausted or insufficient to cover any other project's implementation cost, or (b) when no viable projects remain for consideration.*
- 5) *If a balance remains in the available budget, consider whether inclusion of any of the excluded projects or exclusion of any of the included projects would increase the aggregate net present value (NPV) of the final budget.*

*If the budget has no fixed limit, the problem is one of weighing public against private uses of the resources. One now follows the rule that an indivisible public project (such as a road facility) is worth undertaking provided its benefits exceed its investment cost. The justification for the rule is that the cost of investing one rand in the public sector is the loss of one rand of benefits in the private sector – a loss which results from not investing n rand in the private*

sector. The article proposes and outlines a procedure to select road projects subject to a funding rule based on expenditure productivity. The rule may be that each unit of capital expenditure should yield at least a certain threshold amount more in benefits. All the alternative projects in each independent group that comply with the funding criterion of minimum productivity are considered for possible selection. When using a funding rule, therefore, projects are selected from the alternatives in each independent group.

With a funding rule based on a productivity criterion, a project cannot be eliminated from the selection process on account of its implementation expenditure exceeding a certain budget limit. The procedure for project selection is simpler than with a given budget constraint. Different independent groups are no longer in competition – the most productive alternative project in each group can be selected on condition that it meets the funding rule.

The proposed selection method according to a funding rule consists of the following three steps:

- 1) Consider only those alternative projects in each group of mutually exclusive projects that are economically viable, technically feasible and environmentally acceptable, and arrange them per group in order of increasing implementation cost.
- 2) Identify in each group the project that has the highest BC ratio. If the ratio of this project exceeds the prescribed threshold ratio value, funding of the project is acceptable, and if not, no project is chosen from the group.
- 3) Choose from the more expensive projects in each group the one with the highest incremental BC ratio, provided this ratio exceeds the prescribed threshold value. If there are no costlier projects with an incremental BC ratio that exceeds the threshold ratio value, the project identified in Step 2 is the selected project. If there are costlier projects with an incremental BC ratio that exceeds the funding rule threshold value, the one with the highest ratio is chosen. The process should be repeated until there are no costlier alternatives left with incremental BC ratios that satisfy the funding rule than the last one considered most justified.

The proposed method to select projects subject to a funding rule is demonstrated by an example in the article.

**KEY CONCEPTS:** cost-benefit analysis, incremental benefit-cost ratio, mobility, independent projects, mutually exclusive projects, accessibility, fixed budget, variable budget, traffic components

**TREFWOORDE:** koste-voordeel-ontleding, inkrementele-voordeel-koste-verhouding, mobiliteit, onafhanklike projekte, onderling uitsluitende projekte, toeganklikheid, vaste begroting, veranderlike begroting, verkeerskomponente

## OPSUMMING

Hierdie artikel stel metodes voor wat 'n vervoerowerheid kan volg om die voordele van padvoorsiening te maksimeer. Ná die inleiding word 'n metode voorgestel waarvolgens openbare padprojekte gekies kan word wanneer 'n vaste begroting vir padbouprojekte geld. Hierdie metode bestaan uit vyf stappe en is gegrond op die inkrementele-voordeel-koste-beginsel. 'n Prestasiegeoriënteerde metode word voorgestel vir die proaktiewe keuse van padprojekte om ekonomiese groei en ontwikkeling teweeg te bring wanneer 'n veranderlike begroting moontlik is. Die metode bestaan uit drie stappe en is, soos die keuringsproses wat bespreek is, gegrond

op die inkrementele-voordeel-koste-beginsel. Hierdie twee metodes word met behulp van voorbeelde toegelig. Die gevolgtrekkings wat uit die studie vloeи, word dan aangebied.

## 1. INLEIDING

Hierdie artikel is die laaste een van twee artikels. Die vorige artikel het gehandel oor die redes waarom openbare paaie deur regerings voorsien word en hoe daar ten beste deur fiskale beplanning vir padbouprojekte voorsiening gemaak kan word (Pienaar 2019). Hierdie artikel bespreek die metode wat 'n vervoerowerheid kan volg om die voordele van padvoorsiening te maksimeer wanneer fondsrantsoenering tot 'n ingekorte en vaste begrotingsperk lei, en wat proaktief toegepas kan word om die voordele van padvoorsiening te maksimeer wanneer 'n veranderlike begroting wat aan 'n befondsingsreel onderworpe is, moontlik is.

Hierdie artikel is gerig op voorgestelde metodes wat 'n vervoerowerheid kan volg om 'n veelheid van padbouprojekte te programmeer ten einde maatskaplike welvaart te help maksimeer; dit handel nie oor die wyse waarvolgens die koste- en voordeelkomponente wat vir hierdie voorgestelde begrotingprogrammering noodsaaklik is, bereken word nie.

Ten einde die owerheid in staat te stel om investeringstrategiee op 'n doelmatige wyse uit te voer en te programmeer, moet alle openbare investeringsbesluitneming aan sosiale-koste-voordeel-ontleding onderwerp word. Die doel van die sosiale-koste-voordeel-ontleding van padbouprojekte is om die besluitnemer op 'n gestandaardiseerde en sistematiese wyse in te lig van die koste en voordele daarvan. Op hierdie wyse kan sosiale-koste-voordeel-ontleding as 'n inset dien om te help verseker dat die netto voordele wat uit die investering in padinfrastruktuur voortspruit, gemaksimeer word. Daarom dien sosiale-koste-voordeel-ontleding as 'n gidsinstrument om maatskaplike welvaart te help bevorder. Die identifisering van die koste- en voordeelitems wat in die sosiale-koste-voordeel-ontleding van padbouprojekte tuishoort en die wyse waarop hulle vir aanwending in Suid-Afrika bereken word, word elders deur Pienaar (2018) bespreek. Laasgenoemde bespreking is gegrond op die handleiding vir die sosiale-koste-voordeel-ontleding wat Pienaar opgestel het vir aanwending deur vervoerowerhede op sentrale, provinsiale en plaaslike regeringsvlak in Suid-Afrika (COTO 2017).

Die aanbieding in hierdie artikel neem die werk van Thompson (1980:Hoofstuk 5) en Musgrave en Musgrave (1989:Hoofstuk 7) as vertrekpunte – sien ook Musgrave (2017) en Boardman, Greenberg, Vining en Weimer (2018:Hoofstuk 1). Die voorgestelde metode waarvolgens openbare padprojekte gekies kan word wanneer 'n vaste begroting vir padbouprojekte geld, word in Afdeling 2 bespreek. Hierdie metode bestaan uit vyf stappe en is gegrond op die inkrementele-voordeel-koste-beginsel. Projekkeuring volgens hierdie beginsel is oorspronklik deur Thompson (1980:Hoofstuk 5) voorgestel. Sy keuringsmetode behels sewe stappe. Die destydse Sentrale Ekonomiese Adviesdiens (SEAD) het dié metode beskryf (SEAD 1989:Hoofstuk 4) maar dit nie eksplisiet vir aanwending in Suid-Afrika aanbeveel nie. 'n Verwerking en uitbreiding daarvan met die oog op toepassing in die keuse van vervoerinfrastruktuurprojekte in Suid-Afrika is later gepubliseer (Pienaar & Visagie 2000). 'n Verdere verwerking van die metodiek en uitbreiding daarvan vir die kies van alle soorte openbare infrastruktuurprojekte, steeds met behoud van die oorspronklike sewe stappe, is in 2002 deur die skrywer gepubliseer (Pienaar 2002).

In Afdeling 3 word 'n prestasiegeoriënteerde metode voorgestel vir die proaktiewe kies van padprojekte om ekonomiese groei en ontwikkeling teweeg te bring wanneer 'n veranderlike begroting moontlik is. Die metode bestaan uit drie stappe en is soos die keuringsproses wat in Afdeling 2 bespreek word, gegrond op die inkrementele-voordeel-koste-beginsel.

## 2. PADPROJEKKEUSE WANNEER 'N VASTE BEGROTING GELD

Dit is voor die hand liggend dat die voorgenome inkorting van kapitale besteding deur die staat, waaronder besteding aan paaie, wat in die vorige artikel genoem is, tot laer en vaste kapitale begrotingsplafonne gaan lei. Die vraag is op watter wyse 'n gegewe fondstotaal tussen onderling uitsluitende en onafhanklike infrastruktuurprojekte toegewys moet word om voordele te maksimeer.

Met 'n vaste perk op openbare kapitale besteding ding owerheidsprojekte in die verskillende openbare subsektore met mekaar om befondsing mee. Binne die padbouprogram ding onafhanklike padprojekte weer onderling met mekaar om befondsing mee. In hierdie omstandigheid kan dit gebeur dat die begrotingsplafon bereik word sonder dat ekonomies geregverdigde projekte in alle gebiede in 'n jurisdiksie vir uitvoering gekies word. Per definisie kan binne elke onafhanklike groep slegs een onderling uitsluitende projek vir uitvoering gekies word.

Onafhanklike projekte is projekte wat verskillende funksies verrig. Hulle dien nie as alternatiewe vir mekaar nie, en is daarom nie onderling uitsluitend nie. Die aanvaarding van 'n gegewe (funksioneel) onafhanklike projek kan hoogstens die aanvaarding van 'n ander (funksioneel) onafhanklike projek uitstel, maar nie uitskakel nie. Onderling uitsluitende projekte is tegnies uitvoerbare projekte wat dieselfde funksies sal vervul indien hulle in bedryf gestel sou word. Omdat hulle substitute of alternatiewe vir mekaar is, sluit die keuse van een die ander uit.

Om bogenoemde toewysingsprobleem ten beste te benader, word 'n metode van projekkeuring aanbeveel wat op die inkrementele-voordeel-koste-verhoudingsbeginsel gegrond word. Die inkrementele-voordeel-koste-verhouding is die verskil tussen die huidige waarde van die voordele van 'n groter alternatiewe projek en dié van 'n kleiner alternatiewe projek, gedeel deur die verskil tussen die huidige waarde van die investeringskoste van die groter projek en dié van die kleiner projek. (Indien die inkrementele-voordeel-koste-verhouding van 'n groter alternatief teenoor 'n kleiner een 'n waarde groter as 1 het, is 'n skuif van die kleiner projek na die groter projek voordelig.)

Aan die begin van die keuseproses moet bevestig word dat alle oorweegde projekte ekonomies lewensvatbaar is deur die huidige waarde van die voordele wat elke projek (in die toekoms) kan oplewer, te vergelyk met die huidige waarde van die investeringskoste (oprigtingskoste) wat die projek gaan verg. Indien die verskil tussen voordele en die investeringskoste positief is, is die projek ekonomies lewensvatbaar en moontlik finansieel bekostigbaar. Hierdie verskil staan bekend as die netto huidige waarde (NHW).

In 'n sosiale-koste-voordeel-ontleding beteken *huidige* waarde die som wat tans as gelykwaardig geag word aan 'n enkele gegewe waarde of verskillende gegewe waardes wat op 'n sekere tyd of tye in die toekoms voorkom. Die begrip "huidige waarde" word deur twee faktore bepaal, te wete (1) die mate van tydvoorkeur wat 'n bevolking aan geld heg en (2) die omvang van prysinflasie. *Tydvoorkeur* is die geneigdheid van die mens om nou 'n groter waarde aan 'n gegewe bedrag geld te heg as in die toekoms. *Inflasie* van die investeringskoste en voordele van 'n projek wat in die toekoms gaan voorkom, laat hierdie toekomstige waardes opgeblase voorkom, wat nie werklik die geval is nie. Om hierdie toekomstige waardes in huidige reële terme vergelykbaar te maak, moet hulle met die toekomstige inflasiekoers gedefleer word.

Die konsepte *reële* en *huidige* waarde van geld en die beginsels wat die bepaling daarvan onderlê, word deur COTO uiteengesit (2017:16-19).

Die NHW van een projek is egter nie met dié van ander onafhanklike projekte vergelykbaar nie – die absolute omvang van 'n groot projek se voordele kan dié van 'n kleiner projek oorskry, terwyl die relatiewe opbrengs daarvan veel kleiner as dié van die kleiner projek kan wees. Om hierdie rede word aanbeveel dat relatiewe voordeel as maatstaf by die priorisering van onafhanklike projekte gebruik word. Daarom stel hierdie artikel 'n metode voor wat die huidige waarde van die voordele deel deur die huidige waarde van die projek se oprigtingskoste. So 'n kwosiënt dui dan die relatiewe voordeel aan van elke een rand wat bestee word, ofte wel die voordeel-koste-verhouding. Alle projekte met 'n verhoudingswaarde groter as 1 is ekonomies lewensvatbaar. Tabel 1 se kolomme dui daarom die huidige waarde van die voordele, die koste, die netto waarde en die voordeel-koste-verhouding van elke projek aan.

Die keuringsmetode behels die volgende vyf stappe:

**Stap 1:** Identifiseer alle projekte wat vir keuring oorweeg kan word deur ag te slaan op die omvang van die kapitaalbegroting en alle projekte uit te skakel (a) waarvan die finansiële uitvoeringskoste die begrotingsperk oorskry en (b) wat nie ekonomies geregtig, tegnies uitvoerbaar en omgewingsgewys aanvaarbaar is nie.

**Stap 2:** Deel alle onderling uitsluitende projekte wat steeds oorweeg kan word, in aparte onafhanklike groepe in, en rangskik die alternatiewe projekte in elke groep in volgorde van toenemende uitvoeringskoste.

**Stap 3:** Kies voorlopig in elke (onafhanklike) groep die (onderling uitsluitende) projek wat die grootste voordeel-koste-verhouding het.

**Stap 4:** Volg hierdie metode van voorlopige projekkeuse in elke groep in 'n reeks herhaalde rondtes waarin alle duurder projekte heroorweeg word aan die hand van hulle inkrementele-voordeel-koste-verhoudings. Eerstens word binne elke groep van onderling uitsluitende projekte die duurder alternatiewe projek wat die grootste inkrementele-voordeel-koste-verhouding het, geïdentifiseer en met die res van die onafhanklike groepe se projekte vergelyk. Die keuringsproses verloop opeenvolgend deur projekte in volgorde van afnemende ekonomiese lewensvatbaarheid te kies. Tweedens word die oorblywende begrotingsaldo telkens per rondte aangesuiwer om die uitwerking van die reeds gekose projekte te weerspieël, en enige oorblywende projekte wat die begrotingssaldo oorskry, buite rekening te laat. Hierdie proses eindig (a) wanneer die begrotingssaldo uitgeput of onvoldoende is om enige ander projek se uitvoeringskoste te dek, of (b) wanneer geen lewensvatbare projekte oorbly vir oorweging nie.

**Stap 5:** Oorweeg, indien die begroting nie volledig uitgeput is nie, aanpassings aan die lys van gekose projekte deur te bepaal of die insluiting van enige uitgeslotte projekte en die uitsluiting van enige tot dusver gekose projekte nie die totale netto huidige waarde van die gekose projekte sal vergroot nie.

Die volgende voorbeeld demonstreer hierdie prosedure:

Gestel 'n provinsiale regering het R200 miljoen vir padbouprojekte gedurende die komende fiskale boekjaar bewillig. Hierdie bedrag dien as vaste bestedingsplafon wat nie oorskry mag word nie en enige onaangewende fondse in daardie begroting moet aan die provinsie se tesourie terugbetaal word. Die provinsie se padowerheid het 23 moontlike projekte geïdentifiseer om ses paaie (A tot F) wat onbevredigend funksioneer, te vervang of te verbeter. Die projekte onder oorweging word in Tabel 1 getoon. Projekte A1 tot A7, B1, B2 en B3, C1, C2 en C3, D1, D2 en D3, E1 tot E4, en F1, F2 en F3 is telkens onderling uitsluitend. Groepe A, B, C, D, E en F funksioneer onafhanklik.

**TABEL 1:** Voordele, koste en voordeel-koste-verhoudings van padbouprojekte

Projek	Huidige waarde van uitvoeringskoste (Rm.)	Huidige waarde van voordele (Rm.)	Netto huidige waarde van voordele (Rm.)	Voordeel-koste-verhouding
A1	020	044	024	2,20
A2	040	096	056	2,40
A3	060	134	074	2,23
A4	080	166	086	2,08
A5	100	206	106	2,06
A6	120	234	114	1,95
A7	140	250	110	1,79
B1	012	028	016	2,33
B2	016	030	014	1,88
B3	020	032	012	1,60
C1	050	063	013	1,26
C2	056	081	025	1,45
C3	120	178	058	1,48
D1	030	050	020	1,67
D2	040	052	012	1,30
D3	048	061	013	1,27
E1	027	056	029	2,07
E2	034	074	040	2,18
E3	042	088	046	2,10
E4	054	106	052	1,96
F1	022	035	013	1,59
F2	030	047	017	1,57
F3	036	050	014	1,39

**Stap 1:** Drie-en-twintig projekte, wat almal ekonomies lewensvatbaar, tegnies uitvoerbaar en omgewingsgewys aanvaarbaar is en waarvan die finansiële uitvoeringskoste nie die begrotingsperk oorskry nie, is vir oorweging op die keuringslys in Tabel 1 geplaas.

**Stap 2:** Die 23 oorweegbare projekte word in ses funksioneel onafhanklike groepe (A tot F) ingedeel. Die projekte in elke groep is onderling uitsluitend en hulle word in volgorde van toenemende uitvoeringskoste geplaas.

**Stap 3:** In elke groep word die projek wat die grootste voordeel-koste-verhouding (VK-verhouding) het, geïdentifiseer. Hierdie ses projekte is die volgende:

Projek	Huidige waarde: uitvoeringskoste (Rm.)	Huidige waarde: voordele (Rm.)	Voordeel-koste- verhouding
A2	40	96	2,40
B1	12	28	2,33
C3	120	178	1,48
D1	30	50	1,67
E2	34	74	2,18
F1	22	35	1,59

**Stap 4:** Uit hierdie ses onafhanklike projekte word A2 eerste gekies. Daar is nou R160 000 000 in die kapitale begroting oor. Die duurder projekte in groep A word nou aan die hand van hulle inkrementele-voordeel-koste-verhoudings oorweeg:

Projek	Inkrementele uitvoeringskoste (Rm.)	Inkrementele voordele (Rm.)	Inkrementele- voordeel-koste- verhouding
A3-A2	20	38	1,90
A4-A2	40	70	1,75
A5-A2	60	110	1,83
A6-A2	80	138	1,73
A7-A2	100	154	1,54

Ofskoon A2 voorlopig gekies is, verdien die verskil tussen projekte A3 en A2 (A3-A2) oorweging aangesien dit ekonomies lewensvatbaar is. Die inkrementele-voordeel-koste-verhouding tussen die twee projekte is groter as 1 en voordeliger as die inkrementele-voordeel-koste-verhouding van A4-A2 of A5-A2 of A6-A2 of A7-A2. Aangesien al die tans nog voorlopig gekose projekte se uitvoeringskoste minder as die oorblywende R160 000 000 is, word nie een uitgeskakel omdat dit die begrotingsaldo oorskry nie. Die onderling uitsluitende projek met die beste verhoudingswaarde in hierdie stadium in elkeen van die ses onafhanklike groepe is soos volg:

Projek	Huidige waarde: uitvoeringskoste (Rm.)	Huidige waarde: voordele (Rm.)	Voordeel-koste- verhouding
A3-A2	20	38	1,90
B1	12	28	2,33
C3	120	178	1,48
D1	30	50	1,67
E2	34	74	2,18
F1	22	35	1,59

Projek B1 het die beste voordeel-koste-verhouding in die lys hier bo en word daarom, saam met die twee duurder alternatiewe in groep B, oorweeg om gekies te word (sien Tabel 1). Die inkrementele-voordeel-koste-verhoudings van B2 en B3 word beoordeel deur die verhoudings tussen hul onderskeie voordele (30 en 32) en hul onderskeie koste (16 en 20) relatief tot projek B1 se voordele en koste (28 en 12) te bepaal:

$$\text{VK B2-B1} = (30 - 28) / (16 - 12) = 0,50$$

en  $\text{VK B3-B1} = (32 - 28) / (20 - 12) = 0,50$ .

Aangesien die inkrementele koste van al twee projekte hulle inkrementele voordele oorskry, is nie een lewensvatbaar nie. Daarom word alternatief B1 in hierdie groep gekies, wat 'n begrotingssaldo van R148 000 000 laat.

Die volgende projek wat oorweeg kan word, is die een wat in die ander vyf groepe (d.w.s. A, C, D, E en F) die beste voordeel-koste-verhouding het en waarvan die uitvoeringskoste minder as die begrotingsaldo van R148 000 000 is. Dit is projek E2.

Projekte E3 en E4 is groter as projek E2 en hulle inkrementele-VK-verhoudings relatief tot E2 (d.w.s. VK E3-E2 en VK E4-E2) word nou ondersoek. E3 het 'n inkrementele-VK-verhouding van  $(88 - 74) / (42 - 34) = 1,75$ ; en E4 van  $(106 - 74) / (54 - 34) = 1,6$ . VK E3-E2 is die hoogste van die twee en dit oorskry 'n waarde van 1. Projek E3-E2 word nou oorweeg in verhouding tot die ander projekte.

In hierdie stadium is reeds besluit om R40 000 000 aan projekte in groep A te bestee, R12 000 000 aan projekte in groep B en R34 000 000 aan projekte in groep E. Dit laat R114 000 000 wat nog toegewys kan word. Die uitvoeringskoste van projek C3 oortref hierdie bedrag en daarom word dié projek uitgeskakel. Die uitvoeringskoste van sowel projek C1 as projek C2 is kleiner as hierdie bedrag en kan daarom nog oorweeg word. Die voordeel-koste-verhouding van C2 oortref dié van C1 en daarom vervang projek C2 projek C3 vir verdere opweging teen oorblywende projekte.

Die oorblywende vyf projekte is nou soos volg:

Projek	Huidige waarde: uitvoeringskoste (Rm.)	Huidige waarde: voordele (Rm.)	Voordeel-koste- verhouding
A3-A2	20	38	1,90
B1	12	28	2,33
C3	120	178	1,48
D1	30	50	1,67
E2	34	74	2,18
F1	22	35	1,59

In die lys hier bo het A3-A2 die hoogste verhouding (1,90) en daarom vervang projek A3 projek A2 teen 'n bykomende (d.w.s. inkrementele) koste van R20 000 000. Daar bly nou R94 000 000 oor om toe te wys. Die duurder projekte in groep A word nou oorweeg ten opsigte van hulle inkrementele-voordeel-koste-verhoudings, wat vervolgens getoon word:

Projek	Inkrementele koste (Rm.)	Inkrementele voordele (Rm.)	Inkrementele- voordeel-koste- verhouding
A4-A3	20	32	1,60
A5-A3	40	72	1,80
A6-A3	60	100	1,67
A7-A3	80	116	1,45

In die lys van (alternatiewe) projekte in groep A hier bo wat duurder as projek A3 is, het VK A5-A3 die hoogste inkrementele verhoudingswaarde. Daarom is die oorblywende vyf voordeligste onafhanklike projekte die volgende:

Projek	Huidige waarde: uitvoeringskoste (Rm.)	Huidige waarde: voordele (Rm.)	Voordeel-koste- verhouding
A5-A3	40	72	1,80
C2	56	81	1,45
D1	30	50	1,67
E3-E2	8	14	1,75
F1	22	35	1,59

In die lys van voordeeligste oorblywende onafhanklike projekte hier bo het A5-A3 die hoogste inkrementele-VK-verhouding en daarom vervang projek A5 nou weer projek A3 teen 'n bykomende koste van R40 000 000. Daar bly nou R54 000 000 oor wat geïnvesteer kan word. Projek C2 se uitvoeringskoste van R56 000 000 oorskry hierdie begrotingsaldo, wat meebring dat projek C1 projek C2 as moontlike keuse vervang. Die situasie vir verdere oorweging is nou soos volg:

Projek	Huidige waarde: uitvoeringskoste (Rm.)	Huidige waarde: voordele (Rm.)	Voordeel-koste- verhouding
A6-A5	20	28	1,40
C1	50	63	1,26
D1	30	50	1,67
E3-E2	8	14	1,75
F1	22	35	1,59

Projek E3 word nou gekies en hierdie projek vervang E2. Dit verminder die besteebare bedrag met R8 000 000 tot R46 000 000, wat daartoe lei dat projek C1 nie meer oorweeg kan word nie.

Die projekte onder oorweging is nou die volgende:

Projek	Huidige waarde: uitvoeringskoste (Rm.)	Huidige waarde: voordele (Rm.)	Voordeel-koste- verhouding
A6-A5	20	28	1,40
D1	30	50	1,67
F1	22	35	1,59
E4-E3	12	18	1,50

Projek D1 word gekies en R16 000 000 bly dan oor vir toewysing. Van die drie oorblywende projekte is dit net E4-E3 wat minder as R16 000 000 kos. Verruil dus projek E4 vir projek E3 teen 'n bykomende bedrag van R12 000 000. Dit laat R4 000 000 wat nie toegewys is nie. Dit voltooï stap 4 van die keuringsproses. In hierdie stadium word daar voorlopig op projekte A5, B1, D1 en E4 vir uitvoering besluit. Hierdie groep projekte sal bruto voordele van R390 000 000 meebring. Teen 'n totale koste van R196 000 000 is die totale netto huidige waarde van die vier projekte gelyk aan R194 000 000.

**Stap 5:** As laaste stap word bepaal of die insluiting van enige uitgeslotte projekte en die uitsluiting van enige tot dusver gekose projekte nie die totale NHW van R194 000 000 binne die vaste begroting van R200 000 000 sal vergroot nie. Die uitgeskakelde projek met die

hoogste voordeel-koste-verhouding is F1. Voldoende fondse is beskikbaar om projek F1 te kies indien projek E2 eerder as projek E4 ook ingesluit word. Uiteindelik word projekte A5, B1, D1, E2 en F1 gekies. Hierdie samestelling van projekte sal R393 000 000 se bruto voordele bewerkstellig en R198 000 000 se uitvoeringsbesteding verg, wat meebring dat die gesamentlike NHW R195 000 000 beloop. Die gesamentlike totale NHW neem met R1 000 000 toe. Binne die begrotingplafon van R200 000 000 is dit die voordeligste samestelling van projekte.

### **3. PADPROJEKKEUSE WANNEER 'N VERANDERLIKE BEGROTING ONDERWORPE AAN 'N PRESTASIEREËL MOONTLIK IS**

Die koördinering van ekonomies geregverdigde padinvestering met komplementerende nievervoeraktiwiteit bring in die reël ekonomiese groei en ontwikkeling mee (Lewis 1994; Eberts 2000; Weisbrod & Weisbrod 1997). Indien 'n pad ekonomies geregverdig is, bied dit altyd positiewe gebruikersvoordele. Die mate waarin die omvang van ekonomiese aktiwiteit standhoudend deur nuwe en verbeterde paaie geskep en versnel kan word, kan daarom aangeleid word van die mate waarin dit minder reisopoffering vir padgebruikers meebring en nuwe of bykomende padgebruik opwek en ontwikkel.

Om die padgebruikersvoordele te bereken, moet die onderskeie komponente van die verwagte verkeer geïdentifiseer word. Die volgende drie verkeerskomponente kan onderskei word, ofskoon al drie nie altyd voorkom nie: normale verkeer, weggetakte verkeer en opwekverkeer. Die verkeerskomponente word soos volg omskryf (COTO 2017:xii):

1. **Normale verkeer:** Hierdie verkeerskomponent bestaan uit drie subkomponente, naamlik bestaande verkeer, normalegroeverkeer en beplande ontwikkelingsverkeer.
  - Bestaande verkeer: Die huidige verkeer op 'n pad wat vervang of verbeter gaan word. Wanneer 'n nuwe pad as toevoeging tot 'n bestaande padnetwerk in gebruik geneem gaan word sonder enige verandering aan die bestaande padnetwerk in die gebied, is die bestaande verkeer gelyk aan 0. Wanneer 'n nuwe pad 'n bestaande een vervang, word die bestaande verkeer op die huidige pad gereken as die bestaande verkeer op die nuwe pad.
  - Normalegroeverkeer: Verkeersgroei wat ondanks die skep van 'n nuwe pad sou plaasvind. Die groei kan aan drie faktore toegeskryf word, naamlik algemene bevolkingsgroei, 'n toename in die *per capita*-eienaarskap van voertuie en/of 'n toename in die gemiddelde gebruik per voertuig.
  - Beplande ontwikkelingsverkeer: Verkeer wat ontwikkel sal word deur 'n spesifieke grondontwikkeling tesame met die ontwikkeling van 'n pad sodat die grondontwikkeling van meet af toeganklik is. Hierdie verkeer is nie deel van spontane opwekverkeer nie – dit word beskou as deel van normalegroeverkeer wat op beplande wyse deur gekoördineerde integrasie van grondgebruikontwikkeling en padvoorsiening tot stand kom.
2. **Weggetakte verkeer:** Dit is verkeer wat van ander paaie af gelok word of van ander modusse oorskakel na 'n nuwe of verbeterde pad. Wanneer 'n nuwe pad in gebruik geneem word sonder enige verandering aan bestaande paaie in die netwerk, word alle verkeer wat van bestaande paaie en vervoermodusse na die nuwe pad oorskakel het, as weggetakte verkeer beskou.
3. **Opwekverkeer:** Opwekverkeer bestaan uit ontwikkelingsverkeer en latente verkeer. Ontwikkelingsverkeer word aan verbeterde toeganklikheid toegeskryf en latente verkeer

aan verbeterde mobiliteit. Die twee verkeerskomponente word soos volg omskryf:

- Ontwikkelingsverkeer is die verkeer wat spontaan ontwikkel nadat 'n nuwe pad gebou is weens veranderde gebruik van die grond wat deur die pad bedien word. Die voorsiening van nuwe padgeriewe in 'n ontwikkelende streek stimuleer gewoonlik ekonomiese ontwikkeling en nedersetting weens verbeterde toeganklikheid. Beter toegang lei gewoonlik tot veranderde en intensiever grondgebruik, wat weer meer verkeer lok en "ontwikkel" na die korridor waardeur die nuwe pad loop.
- Latente verkeer is die verkeer wat nie voorheen bestaan het nie en bloot opgewek is deur 'n vermindering in reisweerstand, danksy die laer gebruikskoste en hoër diensgehalte wat die verbetering of voorsiening van 'n pad bied. Latente verkeer bestaan uit voormalige potensiële padgebruikers (d.w.s. voorheen dormante padgebruikers) wat mobiel word danksy die laer veralgemeende ritkoste tot onder die prys wat hulle bereid is om vir reis te betaal. Dit plaas nuwe bestemmings binne hul bereik. Veralgemeende ritkoste is die mate waarin negatiewe nut waargeneem word, gegrond op gebruikersopoffering, wat lei tot weerstand om 'n rit te onderneem of daarvan deel te neem. Dit sluit tipies geldwaarde, reistyd en negatiewe gehalte-aspekte in (byvoorbeeld die ongemak en ongerief wat verduur word, veiligheidsrisiko's, blootstelling aan frustrasie, onbetroubare diens, en om te moet loop en te wag).

Ofskoon voordeelbehaling deur al bogenoemde verkeerskomponente bydra tot ekonomiese groei, is dit veral die voordele wat behaal word deur beplande ontwikkelingsverkeer en opwekverkeer (wat spontane ontwikkelingsverkeer en latente verkeer insluit) wat bydra tot strukturele ekonomiese ontwikkeling. Wanneer padvoorsiening proaktief as leermeganisme aangewend word om sowel ekonomiese groei as strukturele ekonomiese ontwikkeling in 'n gebied aan te wakker, moet veral gelet word op die voordele wat verkry kan word deurdat laasgenoemde twee verkeerskomponente geskep word. Daarom is proaktiewe en prestasiegedrewe begrotingsbeplanning, en nie vaste begrotingsperke nie, die aangewese weg om te volg wanneer padvoorsiening as ontwikkelingsinstrument aangewend word.

Indien die begrotingsomvang nog nie vasgestel is nie, is die probleem dat openbare en private aanwending van hulpbronne teen mekaar opgeweeig word. Daar moet dan van die standpunt uitgegaan word dat openbare projekte die moeite werd is om te onderneem mits die voordele daarvan die investeringskoste oorskry. Die regverdiging vir hierdie riglyn is dat die geleentheidskoste van een rand se investering in die openbare sektor die verlies van die opbrengs is wat met een rand se investering in die private sektor behaal kan word (Musgrave 2017).

Veronderstel dat 'n vasgestelde beperking op die omvang van openbare kapitale besteding nie geld nie, maar wel 'n befondsingsreël waaraan aanvaarbare projekte moet voldoen, byvoorbeeld dat die huidige waarde van projekvoordele die huidige waarde van 'n projek se investerings- of uitvoeringskoste met 'n sekere drempelverhoudingswaarde moet oorskry.

Wanneer so 'n befondsingsreël geld, is die wyse waarop projekte gekies word, eenvoudiger as wanneer daar 'n vaste begrotingsplafon geld. Groepe onderling uitsluitende projekte wat onafhanklik van mekaar funksioneer, ding dan nie om befondsing met mekaar mee nie, maar die alternatiewe projekte binne elke groep ding wel met mekaar mee. Selfs al voldoen die aanvaarbaarste alternatief in 'n groep net-net aan die drempelproduktiwiteitsvlak, is die keuse daarvan geregtigverdig.

Die voorgestelde keuringsprosedure wanneer 'n veranderlike begroting moontlik is wat aan 'n befondsingsreël onderworpe is, behels drie stappe en word op dieselfde wyse vir elke afsonderlike groep onderling uitsluitende projekte toegepas. Hierdie drie stappe is soos volg:

**Stap 1:** Deel alle onderling uitsluitende projekte wat ekonomies geregverdig, tegnies haalbaar en omgewingsgewys aanvaarbaar is, in aparte onafhanklike groepe in en rangskik die alternatiewe projekte binne elke groep in volgorde van toenemende uitvoeringskoste.

**Stap 2:** Kies per groep die projek met die beste voordeel-koste-verhouding. Indien die voordeel-koste-verhouding van hierdie projek die drempelwaarde oorskry, is befondsing van die projek aanvaarbaar, en indien nie, word geen projek in die groep gekies nie.

**Stap 3:** Nadat die projek met die beste voordeel-koste-verhouding in 'n groep as aanvaarbaar beoordeel is, word die keuse van hierdie alternatief in die groep hersien in 'n reeks herhalende rondtes deur alle duurder projekte te heroorweeg aan die hand van hulle inkrementele-vordeel-koste-verhoudings totdat daar nie meer 'n duurder projek as die laaste aanvaarbare een is met 'n inkrementele-VK-verhouding wat die drempelwaarde oorskry nie.

Die volgende voorbeeld demonstreer hierdie prosedure:

Gestel 'n provinsiale regering beskou kapitale besteding as aanvaarbaar slegs indien die huidige waarde van 'n projek se voordele die huidige waarde van die uitvoeringskoste (d.w.s. die investeringskoste) daarvan met 'n drempelverhoudingswaarde van 2,0 oorskry. Hierdie regering moet besluit watter onderling uitsluitende projek, O1 tot O7, soos getoon in Tabel 2, hy kan befonds.

**TABEL 2:** Huidige waarde van die uitvoeringskoste en voordele, en voordeel-koste-verhoudings van 'n groep onderling uitsluitende projekte

Projek	Huidige waarde: uitvoeringskoste (Rm.)	Huidige waarde: voordele (Rm.)	Vordeel-koste- verhouding
O1	40	101	2,53
O2	60	168	2,80
O3	76	205	2,70
O4	104	262	2,52
O5	116	290	2,50
O6	134	323	2,41
O7	144	341	2,37

Die oplossing is soos volg: In stap 1 word projek O2 uitgeken as die een met die hoogste VK-verhouding. In stap 2 word bevestig dat die VK-verhouding van 2,8 hoër as die drempelwaarde van 2,0 is. In stap 3 word die inkrementele-VK-verhoudings van die duurder projekte (O3 tot O7) in vergelyking met projek O2 ondersoek.

Projek	Inkrementele uitvoeringskoste (Rm.)	Inkrementele voordele (Rm.)	Inkrementele- voordeel-koste- verhouding
O3-O2	16	37	2,31
O4-O2	44	94	2,14
O5-O2	56	122	2,18
O6-O2	74	155	2,09
O7-O2	84	173	2,06

Projek O3 se inkrementele-VK-verhouding van 2,31 is die beste, en aangesien dit die drempelwaarde van 2,00 oorskry, word dit in dié stadium as die voordeligste projek beskou. Die inkrementele-VK-verhoudings van die duurder projekte (O4 tot O7) word vervolgens ondersoek.

Projek	Inkrementele uitvoeringskoste (Rm.)	Inkrementele voordele (Rm.)	Inkrementele-voordeel-koste-verhouding
O4-O3	28	57	2,04
O5-O3	40	85	2,13
O6-O3	58	118	2,03
O7-O3	68	136	2,00

Projek O5 se inkrementele-VK-verhouding van 2,13 is die beste en aangesien dit die drempelwaarde van 2,00 oorskry, word dit tot sover as die mees geregtigde projek beskou. Die inkrementele-VK-verhoudings van die twee projekte duurder as O5, te wete O6 en O7, is:

$$(323 - 290) / (134 - 116) = 1,83, \text{ en}$$

$$(341 - 290) / (144 - 116) = 1,82.$$

Aangesien al twee hierdie inkrementele-VK-verhoudings (1,83 en 1,82) kleiner as die drempelwaarde van 2,00 is, is die keuse van projek O6 óf O7 nie geregtig nie en daarom word projek O5 vir uitvoering gekies.

Al sewe bogenoemde projekte het 'n voordeel-koste-verhoudingswaarde wat 2,0 oortref. Elkeen sou aanvaarbaar wees indien die ander nie daar was nie. Aangesien O5 daar is, kan O6 en O7 nie aanvaar word nie. Dié twee se opbrengs is R1,83 en R1,82 vir elke rand wat hulle meer kos as O5. Hierdie bedrae geld sal volgens die oordeel van die owerheid voordeliger deur die private sektor aangewend kan word.

Die befondsingsreël dat kapitaalbesteding aanvaarbaar is slegs indien die voordeel-koste-verhouding daarvan 'n drempelwaarde van 2,0 of groter behaal, kan enersyds gegrond wees op die oordeel dat onbestede fondse eerder gebruik moet word om enige ander projek uit 'n aantal openbare projekte met voordeel-koste-verhoudingswaardes van 2,0 of groter te befonds. Andersyds kan dit daarop dui dat geoordeel word dat gemiddeld R2,00 se bruto private voordeel opgeoffer moet word om die owerheid in staat te stel om R1,00 te bestee. Indien dit die geval is, kan geoordeel word dat niebesteding deur die owerheid daarop neerkom dat fondsbesteding aan 'n projek wat in die private sektor 'n voordeel-koste-verhouding van 2,00 behaal, verkieks behoort te word.

#### 4. GEVOLGTREKKINGS

Met 'n vaste perk op openbare kapitale besteding ding owerheidsprojekte in die verskillende openbare subsektore om befondsing met mekaar mee. Binne die padbouprogram ding onafhanklike padprojekte weer onderling om befondsing met mekaar mee. In hierdie omstandigheid kan dit gebeur dat die begrotingsplafon bereik word sonder dat ekonomies geregtigde projekte in alle gebiede in 'n jurisdiksie vir uitvoering gekies word. Dit dui dan op 'n onnewewigtheid tussen onderskeie kapitale bestedings in die openbare en die private sektor.

Indien die begrotingsomvang nie 'n vaste perk het nie, is die probleem dat openbare en private aanwending van hulpbronne teen mekaar opgeweeg word. Daar moet dan van die standpunt uitgegaan word dat openbare projekte wel die moeite werd is om te onderneem mits

die voordele daarvan hulle investeringskoste oorskry. Aangesien regeringsliggame 'n veelheid van bestedingsbehoeftes het wat nie tot net investering in infrastruktuurprojekte beperk is nie, kan 'n padowerheid moontlikoordeel dat die keuse van enige padprojek wat uitgevoer moet word, onderworpe moet wees aan die bereiking van 'n produktiwiteitsdrempel.

Wanneer 'n befondsingsreël geld wat bepaal dat projekte wat uitgevoer gaan word, aan 'n gegewe produktiwiteitsdrempel moet voldoen, is die wyse om projekte te kies eenvoudiger as wanneer 'n vaste begrotingsperk geld. Groepe onderling uitsluitende projekte wat onafhanklik van mekaar funksioneer, ding dan nie meer om befondsing met mekaar mee nie, maar wel die alternatiewe projekte binne elke groep. Die aanvaarding van die voordeeligste alternatiewe projekte binne die volle spektrum van groepe onafhanklike projekte vir uitvoering (op voorwaarde dat sulke alternatiewe die voorgeskrewe drempelwaarde van relatiewe voordeeligheid oorskry) sal bydra tot groter verdelingsdoeltreffendheid en ekonomiese groei en ontwikkeling in 'n jurisdiksie.

Die drempelwaarde wat in die praktyk gekies word, moet die voordeel-koste-verhouding wees wat volgens die betrokke padowerheid se oordeel ooreenstem met renderende investeringsopbrengste wat in die private sektor behaal of nagestreef word. Indien die voordele van openbare padvoorsiening wesenlik van dié van die produksiefaktore in die private sektor verskil, sal sektorale koördinasie nie realiseer nie.

'n Gebalanseerde integrasie van padinfrastruktuur sodat dit naatloos as ekonomiese werktuig 'n verlengstuk van die produksiefaktore van die private sektor vorm, sal die beste vooruitsig hê om ekonomiese groei en ontwikkeling te ondersteun.

## BIBLIOGRAFIE

- Boardman, A.E., Greenberg, D.H., Vining, A.R. & Weimer, D.L. 2018. *Cost-benefit analysis: Concepts and practice*. 5th ed. New York: Cambridge University Press.
- Committee of Transport Officials (COTO). 2017. *Socio-economic analysis of road projects*. Technical Methods for Highways (TMH) 20. Committee Draft CD1. Pretoria: COTO.
- Eberts, R.W. 2000. How levels of transportation investment affect economic health. In: Transportation Research Board, National Research Council. *Proceedings of conference: Information requirements for transportation economic analysis*, 21:38-40. Irvine, California.
- Lewis, D. 1994. Objectives and decision criteria for infrastructure investment. National Cooperative Highway Research Program, *NCHRP Research Results Digest* 200. Washington, D.C.: Transportation Research Board, National Research Council.
- Musgrave, R. 2017. *Public finance in theory and practice*. New York: McGraw-Hill.
- Musgrave, R.A. & Musgrave, P.B. 1989. *Public finance in theory and practice*. 5th ed. New York: McGraw-Hill.
- Pienaar, W.J. & Visagie, S.E. 2000. Guidelines for the choice of economic transport infrastructure projects. *Administratio Publica*, 10(1):91-107.
- Pienaar, W.J. 2002. Riglyne vir die keuse van ekonomiese openbare infrastruktuurprojekte. *Die Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Natuurwetenskap en Tegnologie*, 21(2):47-55.
- Pienaar, W.J. 2018. Principles of social cost-benefit analysis of public road projects followed in South Africa. *South African Journal of Industrial Engineering*, 29(4):129-140.
- Pienaar, W.J. 2019. Riglyne by die keuse van padprojekte deur die owerheid. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, 59(1):126-141.
- Thompson, M.S. 1980. *Benefit-cost analysis for programme evaluation*. London: Sage.
- Sentrale Ekonomiese Adviesdiens (SEAD). 1989. *Handleiding vir koste-voordeelontleding in Suid-Afrika*. Pretoria: SEAD.
- Weisbrod, G. & Weisbrod, B.A. 1997. Assessing the economic impact of transportation projects: How to choose the appropriate technique for your project. *Transportation Research Circular* 477. Washington, D.C.: Transportation Research Board, National Research Council.

# Kommentaar op die artikels van prof Wessel Pienaar rakende riglyne by die keuse van padprojekte deur die Suid-Afrikaanse owerheid

**EWERT KLEYNHANS**

Skool vir Ekonomiese, Noordwes-Universiteit  
Potchefstroom  
E-pos: Ewert.Kleynhans@nwu.ac.za

**EWERT KLEYNHANS** is professor in Ekonomiese aan die Noordwes-Universiteit in Potchefstroom en sy navorsing fokus op die mededingendheid van firmas en nywerhede. Hy studeer aan die Normaalkollege Pretoria en verwerf gedurende 1980 'n onderwysdiploma, waarna hy sesien jaar lank skoolhou. Hy verwerf die Verdere Diploma in Wiskunde en Natuurwetenskappe aan die Onderwyskollege vir Verdere Onderwys met lof gedurende 1989, en sy graad aan die Universiteit van Suid-Afrika (UNISA) in 1991. Einde 1993 verwerf hy 'n honneursgraad in Ekonomiese en in 1994 sy meestersgraad aan die Randse Afrikaanse Universiteit – beide *cum laude*. In 1996 word hy aangestel as lektor by die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys. In 2003 verwerf hy sy doktorsgraad (PhD) in Ekonomiese aan die Potchefstroomse Universiteit en word bevorder tot senior lektor, word mede-professor by die Noordwes-Universiteit (NWU) gedurende 2007 en volprofessor in 2017. In 2012 behaal hy ook 'n meestersgraad in Filosofie (M.Phil.) aan die NWU. Hy het reeds meer as vyftig artikels in geakkrediteerde vakjoernale gepubliseer en by talle plaaslike en internasionale konferensies opgetree in plekke soos Italië, Spanje, Griekeland, Nederland, Las Vegas, Hawaii, Boston en Washington in die Verenigde State van Amerika. Hy het vyf jaar op die Akademieraad van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns gedien en was jare lank sekretaris van die Potchefstroomse Werksgemeenskap. Sy stokperdjies is tropiese visse, Elektronika, Wiskunde en Filosofie.

**EWERT KLEYNHANS** is professor of Economics at the North-West University in Potchefstroom and his research focuses on the competitiveness of firms and industries. He obtained a teacher's diploma in 1980 from the Normaalkollege Pretoria and became a school teacher for sixteen years. He acquired a Further Diploma in Mathematics and Natural Sciences from the College of Education for Further Training cum laude in 1989, and his degree at the University of South Africa (UNISA) in 1991. In 1993 he was awarded the honours degree in Economics and in 1994 his masters, both *cum laude* from the Rand Afrikaans University. He was appointed as a lecturer at the Potchefstroom University for Christian Higher Education in 1996. After obtaining his doctorate (PhD) in Economics at the Potchefstroom University during 2003, he was promoted to senior lecturer at North-West University (NWU), became associate professor in 2007 and full professor during 2017. In 2012 he also obtained a Master's degree in Philosophy (MPhil) at the NWU. He has already published more than fifty articles in accredited journals and read papers at conferences locally and internationally at places such as Italy, the Netherlands, Spain, Greece, Las Vegas, Hawaii, Boston and Washington in the United States of America. He served for five years as a board member of the South African Academy of Science and Arts. His hobbies include tropical fish, Electronics, Mathematics and Philosophy.

Die besteding van belastingbetalers se geld verg altyd 'n omsigtige benadering. Die ekonomiese wetenskap bestudeer die optimale aanwending van beperkte fondse om die meeste te bereik. Wanneer daar dus oor die bou van paaie besin word, is dit noodsaaklik dat die beperkte fondse waaroor die owerheid beskik, sodanig aangewend sal word dat dit die grootste voordeel vir die land en sy mense sal hê. Hulpbronne is altyd beperk en wanneer daar meer belasting van die publiek gevra word, is mense ongelukkig. Die heel beste keuses rakende besteding deur die owerheid op aspekte soos gesondheid, veiligheid of infrastruktuur is daarom noodsaaklik.

Die genoemde artikels is van besondere waarde omdat goeie paaie en ander vervoerinfrastruktuur uiters noodsaaklik is vir die funksionering van die land, die ratte van industrie en die ekonomie. Die swak toestand waarin Suid-Afrikaanse paaie tans verkeer, is alombekend. Daar bestaan talle behoeftes vir die onderhoud en herbou van bestaande paaie en ook vir die bou van nuwe paaie. 'n Land se ekonomiese groei en ontwikkeling is direk afhanklik van die kwaliteit van die land se infrastruktuur (Vigren & Ljungberg 2018:560; Coetzee & Kleynhans 2017). In hierdie verband maak Pienaar se twee artikels 'n besondere bydrae.

Die kriteria vir die publikasie van 'n artikel deur 'n akademiese vakjoernaal is in die eerste plek dat dit 'n noemenswaardige bydrae tot die bestaande ensiklopedie van kennis moet maak. Dit moet gevolglik iets nuuts na die akademiese gemeenskap bring. 'n Publikasie is immers die finale uitkoms van navorsing.

Ander publikasiekriteria mag egter ook die oordra van inligting deur die redakteur of voorsitter van 'n vakvereniging, of die herdenking, besinning of bereiking van 'n besondere mylpaal in 'n instansie van persoon se loopbaan wees.

Die artikels wat oor die kriteria en metodes by die bou van paaie handel, maak 'n bydrae tot akademiese kennis, is van praktiese waarde en is die eindproduk en herdenking van 'n besondere akademikus, vervoerekonom, ingenieur en voormalige landswyse voorsitter van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns, prof dr Wessel Pienaar. Dit is gevolglik 'n eer vir die *Tydskrif vir Geesteswetenskappe* om hierdie artikels te mag publiseer. Artikels van hierdie kaliber word gewoonlik eerder in 'n tydskrif vir natuurwetenskappe en/of ingenieurswese gepubliseer, waar dit meer aandag van eweknie-navorsers in die veld kan geniet.

Alhoewel die outeur 'n outoriteit op die gebied van koste-voordeel-analise en vervoer-ekonomiese analise is, is die artikels egter in 'n formaat geskryf wat dit vir die algemene leser toeganklik maak. Daar mag wel aangevoer word dat die inhoud van die twee artikels grootliks verkort kon word en as 'n enkele artikel gepubliseer kon word. Die skeiding van die algemene beskrywing van die keuseproses en die meer tegniese artikel met berekening, was egter waardevol aangesien almal die beskrywende artikel kan lees en verstaan, maar dat die formules, tabelle en wiskundige berekeninge talle lesers mag afskrik. Nou kan die lesers kies wat hulle wil lees sonder om 'n gedeelte van die inhoud van 'n besondere artikel te verloor.

Die probleem met die meeste empiriese analises is dat dit nie moontlik is om uit die artikel na te speur hoe die navorsing presies gedoen is nie. Die metodologie word wel gegee, maar oor die spesifieke metodes en berekening wat gevolg is, is outeurs gewoonlik vaag (Cavill 2008:297). Die meriete van Pienaar se jongste publikasies lê juis daarin dat dit in detail uitspel hoe die ontleding gedoen word. Dit verleen praktiese waarde aan die artikels wat beteken dat dit dikwels in die toekoms in die praktyk gebruik kan word. Sy metodes is ook nie slegs van belang vir padbouprojekte nie, maar kan op 'n wye front van investeringsprojekte toegepas word. In hierdie opsig mag die artikels ook in akademiese opleidingsprogramme van waarde wees.

Ter wille van wetenskaplikeheid moet 'n outeur alle stellings bewys deur gesaghebbende bronverwysings vir elke stelling te voorsien. Anders as wat algemeen aanvaar kon word, is die voorkoms van talle bronverwysings juis 'n aanduiding van wetenskaplikeheid en die navorsing

se kundigheid op die terrein. Vanweë die feit dat die outeur 'n wêreldkenner is, noodsaklik dit die outeur om telkens ook na sy eie werke te verwys. In sulke gevalle is dit noodsaklik, aangesien dit op selfplagiaat sou neerkom indien sodanige verwysings nagelaat sou word. Daar bestaan egter wel talle werke wat soortgelyke onderwerpe navors of selfs teoretiese werke wat dit onderlê. 'n Outeur kan gevolglik maklik na ander navorsers se werk kruisverwys en ook aantoon waar die teorie sy werk ondersteun of daarvan verskil.

Die metode wat die outeur aanbeveel om tussen alternatiewe padbouprojekte te kies, is van besondere belang, omdat dit maklik is om te bereken. Dit is ook maklik vir bestuurders, besluitnemers en politici om te verstaan. Dit benodig min data om die optimale uitkoste te bepaal. Meer gevorderde metodes bestaan wel, maar benodig groot hoeveelhede moeilik bekombare data, en omdat dit moeilik is om te bereken en die resultate te verstaan, word dit dikwels nie gedoen nie, of die resultate word eenvoudig geïgnoreer.

Die artikels spreek twee scenario's aan. Eerstens toon dit aan hoe die owerheid te werk behoort te gaan wanneer 'n bepaalde bedrag in sy begroting aan padbouprojekte toegeken is. Beplanners moet dan bepaal watter padbouprojekte onderneem behoort te word, ten einde die beskikbare fondse optimaal toe te wys. Daar bestaan gewoonlik 'n groot aantal behoeftes aan paaie en daar moet dan tussen verskeie mededingende projekte ten beste gekies word. Die tweede geval is waar daar nog nie 'n begroting bestaan nie en behoeftes bepaal moet word. In sodanige geval moet daar bepaal word watter projekte die belangrikste en/of die grootse dividend gaan oplewer, en vir watter bedrae daar by die owerheid aansoek gedoen moet word.

Eerstens moet in beide gevalle bepaal word wat die voordele van die onderskeie paaie sal wees. Hier word dikwels in Ekonomie van die *ceteris paribus*-beginsel gebruik gemaak, wat beteken "indien alle ander faktore konstant bly". In die praktyk veronderstel dit dikwels dat daar slegs na die kostes gekyk word, sonder om ander faktore in ag te neem. Dikwels word dinamiese terugspoel-faktore wat volg op die uitkoms van sodanige projekte en die wisselwerking daarvan op alle ander aspekte van die ekonomie buite rekening gelaat.

Dit was ook in Pienaar se twee artikels die geval. Indien 'n pad byvoorbeeld in die rigting van 'n nuwe ontwikkeling soos 'n winkelkompleks gebou sou word, sou vervoer daarheen en ook ander sake in die gebied, goedkoper wees. Dit sal besigheid in die omgewing meer winsgewend maak en ekonomiese ontwikkeling daar bevorder. Ekonomiese onwikkeling van een projek mag ook tot 'n wisselwerking aanleiding gee, en ontwikkeling van ander veroorsaak. Meer werkers sal nou in die gebied gaan werk vanweë die nuwe toegangsroete, maar ook as gevolg van die werksgeleenthede wat die nuwe ontwikkelinge skep. Hulle sal nou inkome verdien en ook markvraag in die gebied verhoog. Uiteindelik gaan dit ook 'n welvaartseffek hê en armoede onder landsburgers verlaag. So 'n nuwe pad het gevolglik ook 'n sosiale impak; dit mag die vervoertyd tussen huis en werk verminder sodat mense langer tye by hul huisgesinne kan wees en so ook beter opvoeding van ons jeug tot gevolg kan hê. Indien daar egter dikwels diensleweringsbetogings langs die nuwe roete is, mag dit mense se veiligheid bedreig, terwyl 'n korter roete tog ook sal lei tot minder motorongelukke. Dit mag egter ook 'n impak op omgewingsfaktore hê en die koolstofvoetspoor vergroot. Daar is ook nie aandag aan die elastisiteit van substitusie, en die inkome en verspreidingseffekte geskenk nie (Walle 2002:575).

Daar is gevolglik baie aspekte en faktore wat Pienaar se artikels nie in ag neem nie. Talle hiervan is ook nie slegs 'n eenmalige gebeurtenis nie, maar is dikwels besonder dinamies, veranderlik en kompleks. Dit is egter wel ook 'n positiewe punt aangesien te veel faktore die analise van die syfers uiteindelik totaal sou verlam en dit baie ingewikkeld word om te modelleer (Vickerman 2000:16). In hul studie bestudeer Laird en Venables (2017) daarom eerder 'n versameling van faktore wat die voordele en kostes beïnvloed, en nie slegs die onmiddellike

verbruikersvoordele nie. Hul studie fokus op die voordele aan gebruikers, nabijheid, die effek op produktiwiteit, investering, grondgebruik en indiensname. Daar is egter nie konsensus by navorsers oor hoe omgewings- en sosiale impakte benader behoort te word nie. In meeste gevalle word daar in die rigting van komprehensiewe multimodale benaderings met groter klem op multi-kriteria-analise gewerk (Bristow & Nellthorp 2000:51). Munger (2000) beweer egter dat koste-voordeel-analise die heel belangrikste enkele probleemoplossingsinstrument is wanneer beleidsake bestudeer word.

Nuwe padbouprojekte lei tot verdere voordele en ontwikkeling in die toekoms, wat nie noodwendig tydens die aanvanklike analise in ag geneem is nie (Pienaar 2005). Dinamiese effekte is byvoorbeeld wanneer daar terugvoer-voordele of -nadele na die oorspronklike voordele en kostes van 'n padbouprojek teruggevoer word en dit die uitkomste weer in 'n ander rigting voer, wat dan weer tot ander ekonomiese veranderinge lei wat dan weer lei tot padbou-voordele wat verander en wat nie aanvanklik voorsien was nie. Kim, Hewings en Amir (2017) het sodanige dinamika in hul finansiële algemene ewewigsanalise ondersoek.

Pienaar (2014; 2016) het wel in vroeëre artikels aandag geskenk aan die ekonomiese ontwikkelingsaspekte van padbouprojekte, soos die verlaging van armoede en die bevordering van gelyke inkomeverdeling (Walle 2002:575).

Die metode wat Pienaar (2019) se nuutste artikels voorstel, is basies om eerstens die effek van prysverhogings deur die jare in ag te neem en die kostes en voordele wat 'n toekomstige pad mag inhoud, met die inflasiekoers te defleer. Inflasie laat bedrae geld groter lyk, terwyl dit nie die geval is nie. Wanneer die effek van inflasie uitgehaal is, maak dit die vergelyking van bedrae van verskillende jare moontlik. Daarna word die voordele wat elke moontlike pad mag inhoud, in die jare wat kom, bereken. Die koste van die bou en instandhouding van die pad word dan bepaal en van die voordele afgetrek (Tinbergen 1957:242). Dit laat mens dan met 'n netto bedrag wat die moeite werd mag wees, indien dit positief is.

Daar sal egter talle projekte wees wat winsgewend mag wees, terwyl die vergelyking van groot projekte met kleiner projekte misleidend mag wees. Pienaar se artikels is hier besonder innoverend deurdat dit vergelykende verhoudings van die netto voordele van onderskeie projekte vergelyk en bepaal hoeveel dit verskil, terwyl dit die fondse wat nie gebruik is nie telkens in heroorweging neem om te verseker dat alle fondse bestee is en wel op die mees voordelige wyse.

Daar bestaan talle ander metodes wat hier gebruik kon word. Daar is reeds op die dinamiese en terugspoel-effekte gewys. 'n Verandering op een plek in die ekonomie het altyd 'n rimpeleffek regdeur die ekonomie en verander al die ander aspekte van die ekonomie. Hier is die gebruik van algemene ewewigsmodulering besonder waardevol. Liniére programmering word ook dikwels in operasionele navorsing gebruik om optimale posisies te bepaal, maar soos met die vorige metode is dit omslagtig en uiterlig ingewikkeld om te gebruik. Talle van die analises in die artikels, soos dié van Tinbergen (1957), en Kim, Hewings en Amir (2017) se formules en berekening vertoon so ingewikkeld en moeilik verstaanbaar dat dit die deursnee-navorser sal afskrik.

Dit is nie heeltemal duidelik hoe Pienaar (2019) die voordele van toekomstige padprojekte bepaal nie, en hier is moontlik ruimte vir besluitnemers om partydig te wees (Mouter 2017). Korytárová en Papežíková (2015:736) gebruik Monte Carlo-simulasies om die voordele te bepaal, maar die metode is buite die bereik van meeste analiste. Dieselfde geld ook vir ander metodes wat in die keuse van padbouprojekte gebruik word, soos sensitiwiteitsanalise, scenario-analise, kwantitatiewe optimisme sydigheid en kwalitatiewe benaderings (Miller & Szimba 2015:65).

Daar is wel faktore wat nie in syfers gemeet of gerangskik kan word nie, maar tog wel baie belangrik is by die keuse van projekte. In baie gevalle word sulke faktore dan bloot geïgnoreer (Mackie & Preston 1998; Mackie, Worsley & Eliasson 2014:3). Deur 'n planmatige en wetenskaplike metodologie te volg, soos Pienaar (2019a) in sy eerste artikel voorstel, kan sodanige faktore wel ondervang en aangespreek word.

In 'n vorige artikel vergelyk Pienaar (2016) ook die gebruik van koste-voordeelanalise met streekseconomiese inkome-analise, waarin die voordele van eersgenoemde aangedui is. Elke metode het natuurlik unieke gevalle waar dit spesifiek aangewese is. In talle artikels het Pienaar (bv. 2016; 2008; 2005) wel dinamiese aspekte ingebou deur ekonomiese vermenigvuldigers en versnellers te bereken, wat bepaal hoe groot die impak van bepaalde padbouprojekte op die breëre streekseconomie sal wees. Die metodes is egter nie direk op die huidige artikels van toepassing nie. Reeds met die aanvang van die huidige millennium publiseer Pienaar (2002) riglyne vir die keuse van ekonomiese openbare infrastruktuurprojekte. Hierdie idees het hy gedurende die afgelope twee dekades verfyn en die huidige twee artikels is die uiteindelike produk daarvan in 'n meer gebruikersvriendelike formaat.

Pienaar se artikels het huis in hierdie oopsig meriete, aangesien dit leservriendelik geskryf is en ook die meer beskrywende gedeeltes van die meer wiskundige skei. Die metodologie en berekeningsmetodes wat Pienaar in sy artikels aanbeveel, is eenvoudig, beide vir die berekening daarvan, maar ook die interpretasie daarvan deur beleidmakers, bestuurders en politici, dit gebruik baie min inligting en gaan ekonomies om met die data. Dit maak die artikels besonder bruikbaar en van praktiese waarde. Vanweë hierdie eienskappe van die twee artikels kan daar aangeneem word dat die artikels nog baie in die toekoms gebruik en na verwys gaan word.

## BIBLIOGRAFIE

- Bristow, A.L. & Nellthorp, J. 2000. Transport project appraisal in the European Union. *Transport Policy*, 7(1):51-60.
- Cavill, N., Kahlmeier, S., Rutter, H., Racioppi, F. & Oja, P. 2008. Economic analyses of transport infrastructure and policies including health effects related to cycling and walking: a systematic review. *Transport Policy*, 15(5):291-304.
- Coetzee, C.E. & Kleynhans, E.P.J. 2017. Public capital stock and economic growth – A KwaZulu-Natal case study. *South African Journal of Economic and Managerial Sciences*, 20(1): a1591: 1-10. DOI: <http://dx.doi.org/10.4102/sajems.v20i1.1591>
- Kim, E., Hewings, G.J. & Amir, H. 2017. Economic evaluation of transportation projects: An application of financial computable general equilibrium model. *Research in Transportation Economics*, 61:44-55.
- Korytárová, J. & Papežíková, P. 2015. Assessment of large-scale projects based on CBA. *Procedia Computer Science*, 64:736-743.
- Laird, J.J. & Venables, A.J. 2017. Transport investment and economic performance: A framework for project appraisal. *Transport Policy*, 56:1-11.
- Mackie, P., Worsley, T. & Eliasson, J. 2014. Transport appraisal revisited. *Research in Transportation Economics*, 47:3-18.
- Mackie, P. & Preston, J. 1998. Twenty-one sources of error and bias in transport project appraisal. *Transport Policy*, 5(1):1-7.
- Miller, M. & Szimba, E. 2015. How to avoid unrealistic appraisal results? A concept to reflect the occurrence of risk in the appraisal of transport infrastructure projects. *Research in Transportation Economics*, 49:65-75.
- Mouter, N. 2017. Dutch politicians' attitudes towards cost-benefit Analysis. *Transport Policy*, 54:1-10.
- Munger, M. 2000. *Analyzing policy: choices, conflicts and practices*. New York: W.W. Norton.
- Pienaar, W.J. 2002. Riglyne vir die keuse van ekonomiese openbare infrastruktuurprojekte: research and review article. *Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Natuurwetenskap en Tegnologie*, 21(2):47-55.

- Pienaar, W.J. 2005. Die beraming van verhoogde streeksinkome wat uit ekonomies geregverdigde padbouprojekte spruit. *Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Natuurwetenskap en Tegnologie*, 24(4):108-117.
- Pienaar, W.J. 2008. Economic evaluation of the proposed road between Gobabis and Grootfontein, Namibia. *South African Journal of Economics*, 76(4):667-684.
- Pienaar, W. 2014. Die uitbreiding van kostvoordeelontleding met sosiale evaluering in die beplanning van openbare padbouprojekte: voorstel ter ondersteuning van die skep van 'n ontwikkelingstaat. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, 54(4):753-770.
- Pienaar, W.J. 2016. Regional economic assessment of the planned De Beers Pass Road project in South Africa. *South African Journal of Industrial Engineering*, 27(4):182-192.
- Pienaar, W.J. 2019a. Riglyne by die keuse van padprojekte deur die owerheid. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*. 59(1):126-141.
- Pienaar, W.J. 2019b. Voorgestelde metodes om die voordele van padbouprojekte te maksimeer. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*. 59(1):142-156.
- Tinbergen, J. 1957. The appraisal of road construction: two calculation schemes. *Review of Economics and Statistics*, pp. 241-249.
- Vickerman, R. 2000. Evaluation methodologies for transport projects in the United Kingdom. *Transport Policy*, 7(1):7-16.
- Vigren, A. & Ljungberg, A. 2018. Public transport authorities' use of cost-benefit analysis in practice. *Research in Transportation Economics*, 69:560-567.
- Walle, D.V.D. 2002. Choosing rural road investments to help reduce poverty. *World Development*, 30(4):575-589.

## Een engel en een ganzenveer

### De Afrikaanse literatuur in Nederland in 2018

Op de maandag voor Kerst beleefde ik iets wat ik nooit eerder had meegemaakt: in mijn boekwinkel stond er een rij van vijftien klanten voor de toonbank. En maar liefst vier man waren druk bezig met afrekenen en inpakken. In Nederland klagen boekhandelaren en cultuurcritici al minstens vijftig jaar over de boekenverkoop. Sinds 2008 krijgen zij een beetje gelijk door de economische crisis. De echte boekwinkel heeft ook te kampen met concurrentie via internet. Van de 890 winkels (2007) waren er in 2017 485 over.

Maar de lezer die een boek uit een webwinkel koopt, heeft wel een boek gekocht. Vanaf 2015-'16 gaat alles weer iets beter: de verkoop een beetje vooruit en zelfs weer wat meer adressen waar wij onze boeken kunnen aanschaffen zonder bezorgdienst. In 2017 2,4 per levende Nederlander, totaal 41 miljoen boeken, waarvan ruim 7% e-boeken. Het e-boek wordt goedkoper, de “korting” in vergelijking met het papieren boek loopt steeds verder op.

Mag de boekwinkel op verdere verbetering rekenen op grond van de rij die ik zag in Leiden? Nee, natuurlijk niet, maar als ik in mijn kristallen bol kijk, zie ik betere cijfers voor 2018. *Wat kwamen de mensen kopen?* Afrikaanse poëzie en romans zijn hier vrijwel alleen te koop in vertaling. 2018 leverde nieuwe uitgaven op van vertaald werk van Annemari Coetser, Ingrid Jonker, Irma Joubert, Marlene van Niekerk en Wilma Stockenström.

### Een vertaalengel, tijdschriften en een festival

Vertalingen komen er nooit zonder vertalers. Die krijgen meestal te weinig waardering, in elk geval in Nederland. Onze vertalers werken in de schaduw – bijna niemand kent ze–en, als zij niet goed opletten, ook nog voor een slecht honorarium. De Werkgroep “Literair Vertalers” van de Auteursbond, een organisatie voor belangenbehartiging, reikt jaarlijks een onderscheiding uit aan een persoon die tegen deze wantoestand ingaat. Niet per se in woord en gebaar, met lofredes of lofdichten op de vertaler, maar eerder in de praktijk: door bij te dragen aan nieuwe vertalingen en de vertaler nu juist wel in de schijnwerpers te zetten.

Voor 2018 koos men Ingrid Glorie. De onderscheiding heet: de VERTAALENGEL. Glorie vertaalt zelf uit het Afrikaans, maar dat speelde geen rol. De Werkgroep prijst haar voor haar inzet voor vertalingen en vertalers Afrikaans-Nederlands. Terecht, want een onvermoeibaarder ijveraar kun je je niet voorstellen. De tweejaarlijkse “Week van de Afrikaanse roman”, haar initiatief, is al een reuzenwerk. Maar ook als lid van de Maatschappij der Nederlandse letterkunde, als trekkkracht van het digitale tijdschrift *Voertaal* en van het papieren *Zuid-Afrika Spectrum*, met daarin de agenda van de Afrikaanse Leeskring, en als multi-inzetbare interviewster/gesprekleidster staat zij voortdurend op de bres voor de Afrikaanse literatuur en de vertalingen daarvan.

Het *Zuid-Afrika Spectrum* is het enige blad dat in Nederland regelmatig schrijft over *onvertaalde* Afrikaanse literatuur. Glorie schreef in 2018 zelf over de Chinese roman van Etienne van Heerden, terwijl ook de Afrikaanse kroniek van Hans Ester van groot belang is. In stukken over *Spertyd* van Elsa Joubert en *Skepelinge* van Karel Schoeman maakte hij duidelijk, voor welke moeilijkheden die schrijvers zichzelf bij juist deze twee boeken geplaatst

hebben. Naar aanleiding van *Op 'n dag, 'n hond* van John Miles karakteriseerde Ester de hoofdfiguur als een “mijmerraar die verkiest om niet te handelen en die telkens opnieuw door het leven overrompeld wordt.” Een verrassende keuze van Ester was *Die diepblou see*, een roman van de in Nederland minder bekende François Loots over de geleerde en politicus Jan Hofmeyr (1894-1948). Het boek richt zich volgens Ester op de labiele kanten van Hofmeyrs persoonlijkheid, zijn blijvende onvolwassenheid en de geestelijke schade die hij in de harde politieke strijd had opgelopen. Ester waardeert vooral wat Loots schrijft over Hofmeyrs dromen, op te vatten als herinneringen aan zijn verloren “ware verlangens.”

2018 was een jaar zonder “Week van de Afrikaanse roman”, hij komt weer in 2019. Maar geen nood: in september 2018 opende het Vlaamse Cultuurhuis “De Brakke Grond” in Amsterdam zijn deuren voor een “Festival voor het Afrikaans”, opnieuw een festijn van Ingrid Glorie, “slechts” gedurende een weekeinde. Het programma was zo vol dat ik er alleen een greep uit doe. Het publiek luisterde naar het Afrikaanse lied, gezongen door Laurika Rauch en Gert Vlok Nel – allebei knoopten hier een tournee aan vast. De Elzabad Voices, een koor uit de Bijlmer, de “zwarte” wijk van Amsterdam, zong Afrikaanse liedjes met Riku Lätti. Sandra Prinsloo speelde haar solo *Moedertaal*, een tekst van Nico Scheepers. Antjie Krog presenteerde twee jonge Afrikaanse dichters: Jolyn Phillips en Churchil “meneer” Naudé. Een jonge Nederlandse debuteerde met eigen liedjes in een eigen Afrikaans. Zij heet Lieke Joosen. En het publiek zag “Krotoa: Eva van de Kaap”, een muziektheatervoorstelling naar een meertalig scenario van Sylvia Vollenhoven. Ook deze productie ging op pad langs theaters en schouwburgen in en buiten Amsterdam. Glorie krijgt dit allemaal voor elkaar dankzij haar samenwerking met het Zuid-Afrikahuis en de Taalunie.

### **Antjie Krog**

Lang voor het Festival kleurde 2018 voor Nederland al naar een goed Krogjaar. Op 17 februari schreef zij in de *NRC*-kranten over de toestand in Zuid-Afrika (vert. Tom Lanoye). In gepeperde taal tekent zij Zuma als tegenpool van Mandela, als gruwelijk onstuitbaar spook uit een nachtmerrie. “Mandela heeft alle Zuid-Afrikanen bewust gemaakt van iets groters dan onszelf, Zuma van iets akeligs in onszelf.” Zijn corruptie zaaide overal bederf: bedriegerij “tot in het kleinste dorpje” – een geschiedenis van “vervallen hospitalen, scholen als braakliggende weiden voor lanterfanter”, misstanden waarvan de apartheid en “de witten” de schuld krijgen: “het zijn wij die niet veranderen, die gestolen hebben en niets terug willen geven, die nog altijd denken dat wij de baas zijn”. Is Zuid-Afrika in deze gespletenheid nu verloren? Nee, Krog ziet altijd perspectief. Na de ramp die Zuma was, staan volgens haar “de meesten van ons” nu klaar om “vol overgave” bij te dragen aan nieuwe plannen van “een bezielend en slim staatshoofd”, zodat op alle kwaad een wending ten goede kan volgen.

Op 24 maart volgde een meer filosofisch interview in *Trouw* door Marc van Dijk, waar Krog vertelde over haar individuele ontwikkeling, uitleg gaf over de rol van verzoening in Afrikaanse denkwijzen en de schade die onwetende westerse critici berokkenden aan de Waarheids- en Verzoeningscommissie.

Op 18 april werd zij in SPUI25 in Amsterdam geïnterviewd door Mirjam van Hengel. Op 19 april ontving zij in een Amsterdams hotel de Gouden Ganzenveer, een culturele prijs die bestemd is voor iemand van grote betekenis “voor het geschreven en gedrukte woord in de Nederlandse taal”. Die veer weegt 53,2 gram. Stichting De Gouden Ganzenveer heeft de Nederlandse taal ruim opgevat. Daar kwam kritiek op, niet gericht tegen Krog maar tegen de Stichting. Politiek erg correcte lieden begonnen over de koloniale overmeesterung van het Afrikaans door Nederlanders. Reinjan Mulder tekende protest aan omdat de Ganzenveer

volgens hem prestaties in de Nederlandse taal moet loven (*De Volkskrant* 26 januari). Volgens Krog bewegen het Nederlands, Vlaams en Afrikaans “als tektonische platen over elkaar heen”, moet toenadering tussen de talen niet op conservatieve behoudzucht maar op progressieve bevrijding gericht zijn en wordt het voortbestaan van onze talen bepaald door: “de bereidheid ons aan te passen aan het vreemde” (*Boekblad* 20 april). Uitvoerige verslagen van 18 en 19 april zijn te vinden in *Voertaal*.

Uitgeverij Podium zette aan de festiviteiten luister bij met *Hoe alles hier verandert*. Het is een keuze uit Krogs prozaboeken, die eerder uit het Engels zijn vertaald, met een voorkeur voor autobiografische stukken. Van Podiums Nederlandse uitgaven van Krogs Afrikaanse poëzie worden – zo onthulde directeur Joost Nijssen, ook in *Boekblad* – per bundel “een paar duizend exemplaren” verkocht. En in 2018 is bij Dedicon te Grave *Kleur komt nooit alleen* uitgekomen als luisterboek.

Op 20 april bracht *NRC Handelsblad* een flink interview van Nynke van Verschuer met Krog onder de kop: “Zelfs een baby’tje is bij ons doordrenkt van politiek”, onder meer over heden en toekomst van Zuid-Afrika en de rest van de wereld. Dat mensen die “in hun thuisland niet kunnen overleven”, nu met bootjes naar Europa komen, ziet Krog als een “rechtstelling” op wereldschaal, “een cruciale rechtstelling, die je niet moet tegenhouden maar moet aanmoedigen.” Net als in haar artikel van 17 februari laat zij zien dat in Zuid-Afrika de tegenstellingen onder invloed van Zuma steeds scherper werden – alles is politiek, alles is zogenaamd de schuld van “witte mensen”. Zuid-Afrika heeft volgens Krog nog één kans, die ligt in “radicale maatregelen” door de tegenwoordige president, voor een nieuwe grondverdeling, meer werk, verbetering van het onderwijs en van de gezondheidszorg. Lukt dat niet, “dan is dat het eind”. Tussen deze woorden door verorberde zij met smaak haar pastinakensoep.

In september was Krog behalve voor het Festival ook terug in Amsterdam voor een openbaar interview door Chris Keulemans op de 22<sup>ste</sup> en voor de presentatie van een Ganzenveer-huldeboekje op de 24<sup>ste</sup>. Met bijdragen van Krog zelf, Maarten Dassing, Adriaan van Dis en Tom Lanoye. Titel: *Antjie Krog* (€ 12,50, maar digitaal gratis via de site van De Gouden Ganzenveer). Ook van deze bijeenkomsten doet *Voertaal* verslag. Het tijdschrift *Neerlandia* (2018 nr 3) heeft van Krog een onvertaalde Afrikaanse column “Die swart staar” met ondertitel: “Gedurende Rhodes-must-fall-proteste”. De schrijfster voelt de hele dag starende ogen van zwarte mensen die haar verwijten dat zij te veel *heeft*: te veel geld, te veel eten, te veel ruimte. Haar verweer is dat zij ook veel weggeeft, maar die liefdadigheid doorziet zij zelf meteen als “hoogste vorm van ego streling”. Dus blijven de ogen staren. Ontspanning vindt zij tenslotte als zij Zuid-Afrikaanse natuurbelden bij zich oproept en van planten en dieren de Afrikaanse namen.

## Meer optredens en bijeenkomsten

Chris Chameleon kwam twee keer naar Nederland en trad op met verschillende formaties. Karin Hougaard bracht haar programma: “Grepe”. Het zal geen toeval zijn dat zij Culemborg aandeed. Marita van der Vyver liet zich van haar culinaire kant zien, in juni bij een evenement “Taste of Amsterdam” (zou dat lekker zijn?), toen zij in het Zuid-Afrikahuis haar *Een jaar koken in de Provence* presenteerde (Orlando € 19,95). In november verscheen zij als schrijfster en eetkunstenares op een Zuid-Afrikaanse markt in Haarlem – van boerewors tot rugby – waar ook rymkletser Lee Ursus optrad. Rustiger was het op 21 januari geweest in “De Nieuwe Liefde” in Amsterdam, op een poëziemiddag met Breyten Breytenbach, en in het Zuid-Afrikahuis op 13 april. Daar praatte Irma Joubert met Ingrid Glorie over haar *Meisje uit het verscholen dorp*.

## Meer literaire gesprekken

In het Zuid-Afrikahuis gebeurde meer. De Maatschappij der Nederlandse letterkunde en “North South Lines”, een Gronings “debatinitiatief”, organiseerden op 9 november een symposium over rap, taal en identiteit: “Afrikaanse rymklets en de Nederlandse context”. Vier Zuid-Afrikaanse kunstenaars, de regisseur Catherine Henegan en de rappers Frazer Berry, Lee Ursus en Jitsvinger (die laatste direct vanuit Kaapstad), gingen in gesprek met Margriet van der Waal. Over de hiphop als reactie op onderdrukking; de positie van het Kaaps Afrikaans, de “bruine” volkstaal, naast en tegenover het standaard-Afrikaans; de positie van nieuwe vormen van het Nederlands tegenover het standaard-Nederland; de ondervertegenwoordiging van niet-blanken in het culturele leven in Zuid-Afrika en in Nederland; de rap ter correctie van het traditionele glorieuze beeld van het Europese kolonialisme; hiphop als eventuele bron van “andere” kennis, dat is kennis die zich onttrekt aan rationele toetsing; tekortschietend entrepreneurship onder rappers; en te weinig belangstelling aan de universiteiten. Die laatste kwestie werd aangepakt in het symposium zelf, want voor en na het panel was het woord aan twee academische hiphopfans: Aafje de Roest en Vivien Waszink, die hun voorliefde onderwierpen aan wetenschappelijke studie. Marita van der Vyver werd gesigneerd in het publiek.

Op 6 december bood het Zuid-Afrikahuis een literaire avond met Daniël Hugo en Gerbrand Bakker, over Hugo’s Afrikaanse vertaling van Bakkers grote succes *Boven is het stil*. De publicatie van dat boek bleek met een dun lijntje verbonden met Stellenbosch. Jarenlang had Bakker geen uitgever gevonden, want “zo’n boerenroman” was, naar men toen zei, uit de mode. Tot hij Alfred Schaffer tegenkwam, toen nog geen docent op Stellenbosch maar werkzaam bij Cossee in Amsterdam. De rest is literatuurgeschiedenis.

Hugo vertelde over de Nederlandse literatuur in Zuid-Afrika – een onderwerp voor een jaarlijks overzicht voor de Koninklijke Nederlandse Academie? – en beklemtoonde de belangrijke rol van zijn uitgever Nicol Stassen en van subsidies uit Vlaanderen en Nederland, die voor de vertaling van Nederlandse boeken vrijwel onmisbaar zijn. Hij benadrukte ook dat de boerderij uit *Boven is het stil* weinig tot niks te maken heeft met de Zuid-Afrikaanse *plaas*. *Boven is het stil* is geen *plaasroman*. Doordat ook Bakker vertaler is en het publiek nog meer vertalers telde, volgde een gesprek over de vertaalpraktijk en vertaalproblemen Nederlands-Afrikaans, met voorbeelden uit Bakkers boek, dat veel langer had kunnen doorgaan dan de tijd – en “moderator” Glorie-toelieten.

## Afrikaans in Amsterdam, een Nederlander in Kaapstad

15 juni was de dag van de oratie van de nieuwe bijzondere hoogleraar Zuid-Afrikaanse letterkunde, cultuur en geschiedenis aan de UvA, in de aula van de universiteit, de Lutherse kerk aan het Singel. Margriet van der Waal sprak over de belangrijke rol van kunst en cultuur voor de beeldvorming en de meningsvorming, en daaroor ook voor de machtsvorming en de politiek. Zij ging in op het Zuid-Afrikaanse voorbeeld van de ontruiming van Skipskop in de jaren tachtig, toen de apartheidregering aan de opvatting van nauw betrokkenen geen boedschap had en die bewoners bij de besluitvorming als het ware kon wegdenken. In zijn bekende lied presenteerde David Kramer een vollediger beeld, maar in de visie van Ronelda S. Kamfer is Kramer als *witman* vooringenomen en had hij beter kunnen zwijgen. Vervolgens verbeeldde Anneli Groenewald in *Die skaalmodel* het leed van bruin en blank.

Kort na Van der Waals oratie publiceerde Sief Veltkamp-Visser, vroeger directeur van het Zuid-Afrikahuis, een kloek boek over de geschiedenis van de leerstoel Afrikaans aan de UvA,

vanaf het begin tot Van der Waal, met na de Nederlandse hoogleraar Gerrit Besselaar (1933-'38) drie Afrikaanse literatoren: N.P. van Wyk Louw (1950-'58), H. van der Merwe Scholtz (1959-'62) en Ena Jansen (2002-'16). In haar gedetailleerde studie geeft Veltkamp ook aandacht aan de twee vrouwen die het onderwijs overnamen toen er geen hoogleraar was: Elisabeth Conradie (1938-'39) en Truida Lijphart-Bezuidenhout (1969-'87). *Afrikaans in Amsterdam* is een uitgave van het Zuid-Afrikahuis (€ 17,50).

Terzelfdertijd promoveerde Annemiek Recourt, ook aan de UvA, bij Ena Jansen op een proefschrift van 864 pagina's over de Nederlandse journalist, dichter, schrijver, maar vooral literair organisator, mentor en stimulator Jan Greshoff. Het heet *Moralist van de ontrouw* (Van Oorschot € 45). De titel verwijst naar de afkeer van vooringenomenheid en vaste principes waarmee Greshoff uiteenlopende, soms tegenstrijdige standpunten verdedigde. Ondanks de hartstocht waarmee hij dat deed beschouwde men hem soms als windvaan.

Het gezin Greshoff ontweek in 1939 de Tweede Wereldoorlog door te verhuizen naar Kaapstad. Dit was bedoeld als tijdelijk, maar na enkele maanden in Nederlands-Indië en, voor de rest van de oorlog, als cultureel voorlichter bij de Nederlandse ambassade in New York, koos Greshoff, een beetje tegen heug en meug, toch voor de moederstad als uiteindelijke woonplaats. Recourt bespreekt Greshoffs rol in de Afrikaanse literatuur, bij het tijdschrift *Standpunten*, in de rol van de felle criticus Kees Konyn en bij andere culturele activiteiten. Hij was bevriend met vooraanstaande schrijvers zoals W.E.G. Louw en Opperman maar deze betrekkingen waren niet probleemloos. Een hoogte- of liever dieptepunt in de biografie is de breuk in zijn vriendschap met N.P. van Wyk Louw, eerder beschreven in de Louw-biografie van J.C. Steyn. Via Greshoffs dagboeken onthult Recourt iets van zijn bij leven nauwelijks uitgesproken gedachten over de apartheid en over het niveau van de Afrikaanse literatuur en cultuur. Greshoff bespeurde provincialisme en zelfoverschatting, maar er was één aankomende schrijver van wie hij de hoogste verwachting koesterde en die hij dan ook hield zoveel hij kon: Etienne Leroux.

## Meer vertalingen

Een voor Nederland nieuwe schrijfster is Annemari Coetser, van wie bij Mozaïek in Utrecht *Alles begint met Anna* uitkwam, vertaald door Riet de Jong en Bert Aquarius (€ 21,99, e-boek 12,99). Marianne Hoksbergen voorspelt: "liefhebbers van familiegeschiedenis en dan ook nog van de Boeren in Zuid-Afrika zullen hun hart ophalen aan deze roman." Zij wijst ook op Coetsers behandeling van "de uiteenlopende opvattingen over Hitler en nazi-Duitsland" (*Nederlands Dagblad* 10 augustus).

Mozaïek bracht ook weer herdrukken van romans van Irma Joubert: *Kronkelpad* (vijfde druk € 15, e-boek 6,49), *Kind van de rivier* (Pérsomi: *kind van die brakrant*, zesde druk € 15, e-boek 4,99). *Het meisje uit de trein* verscheen als groteletterboek bij Kok Omniboek, Utrecht. Het magazine *Puur!* van uitgeverij Kok had in het "zomernummer" (april!) een interview met Joubert.

Manuzio in Kampen heeft van Wilma Stockenström nu ook *Abjater die zo lachte* uitgegeven (€ 17,90). De vertaler, Rob van der Veer, vertelde in juni over deze vertaling in *Voertaal*. In *De Volkskrant* van 8 september vergeleek de criticus Peter Swanborn het lot van de hoofdfiguur, een dienstbode, met dat van de slaaf in het eerder vertaalde *Expeditie naar de baobab*. Hij preeft Stockenströms inlevingsvermogen en taalbeheersing. Op 15 december volgde lof van Lidewijde Paris in "Nieuwsweekend", sinds mensenheugenis een veelbeluisterd radioprogramma op zaterdagochtend (alsnog te beluisteren via <https://www.nporadio1.nl/gemist>).

Querido revancheerde zich voor de niet helemaal bevredigende Nederlandse uitgave van *Memorandum* met een prachtige tweetalige editie van Marlene van Niekerks *In de stille achterkamer*, vertaald door Van Niekerk zelf en Henda Strydom (€ 18,99). Het gaat hier om gedichten naar aanleiding van werk van Adriaen Coorte, de laat-zeventiende-eeuwse schilder van stillevens, en van de in 1920 jong gestorven Jan Mankes, bewonderd om zijn fijnzinnige portretten en dierschilderingen en alweer stillevens, die in Bologna de aandacht van Morandi trokken. Querido heeft de Afrikaanse bundels *Gesant van die mispels* en *In die stille agterkamer* samengevoegd.

Geert Buelens zei bij de presentatie, op 6 juni in de Athenaeum-winkel in Amsterdam, dat men Van Niekerks verstilde gedichten kan zien als daden van verzet, als tegengif tegen de overmaat van nepnieuws die van dag tot dag op ons af komt. Maar haar poëzie biedt allerminst een uitvlucht naar een stille achterkamer, want via haar eigen familiegeschiedenis weet zij het werk van Coorte en Mankes ook te betrekken op onze eigen prangende vragen, zoals apartheidsschuld of klimaatverandering.

Janita Monna situeerde Van Niekerks werk te midden van andere gedichten over Coorte en noemde Kopland, Willem Jan Otten, De Mérode en Faverey, geraakt als die zich toonden door de rust van de schilderijen die in fijn geschilderde alledaagse onderwerpen de grenzen van tijd en ruimte lijken te overschrijden. Zo zoekt volgens Monna ook Van Niekerk “verbinding tussen toen en nu.” Zo leiden voor Monna ook “Van Niekerks aangenaam trage regels, even af van wat vluchtig is” (*Trouw* 9 juni). Arjan Peters besloot zijn korte signalering: “bij Van Niekerk begint ook de taal stil te leven, even delicaat en duidelijk, waardoor de drie eeuwen van lawaai die tussen haar en hem liggen, zonder een woord verkrumelen” (*De Volkskrant* 16 juni). In het poëzieblad *Awater* zei Kim van Kaam dat Van Niekerk “keek naar de schilderijen, ze keek en keek en keek, totdat ze meer zag dan de gemiddelde kijker”. Ook wees zij op Van Niekerks verwijzing naar de VOC-tijd (herfstnummer, 2018-3). Van Niekerks bundel lokte nogal wat internet-reacties uit. Ik vermeld de conclusie van de dichter Remco Ekkers op de literaire weblog *Tzum*: “In veel schilderijen (gedichten) ziet Marlene beelden uit haar jeugd, maar steeds gaat het om de verrukking van de aarde en haar producten en de onvermijdelijke teloorgang” (15 juni).

De ware Breytenbachiaan, die alles van zijn held in huis wil halen, moet *Campert kiest* te pakken krijgen, dat als ondertitel meegekregen heeft: *Gedichten kiezen Remco Campert*, een bundeling van Camperts columns over poëzie uit *De Volkskrant*. Een van de gedichten die Campert heeft gekozen – Campert onderwerp of lijidend voorwerp? – is van Breytenbach en heet in vertaling: “Een voetnoot bij de nacht van de geschiedenis” (Bezig bij € 21,99, e-boek € 9,99). Uitgeverij Podium kwam met een opvallende nieuwe uitgave van het tweetalige *Ik herhaal je* (Ingrid Jonker gekozen en vertaald door Gerrit Komrij, met de korte biografie door Henk van Woerden, 18<sup>de</sup> druk € 21). Het eveneens tweetalige *Mammie* van Ronelda S. Kamfer uit 2017 kreeg nog een late bespreking van Jogchum Zijlstra, die na zijn eerdere collega-critici niet veel nieuws bracht. Hij kenschetste haar gedichten als: “rauw, confronterend, maar ook zeer toegankelijk en teer en daarmee poëzie van hoge kwaliteit” (*Nederlands Dagblad* 1 juni).

Uitgeverij Bruna bood rond de jaarwisseling achttien titels van Deon Meyer aan en men kon toen al intekenen op de volgende: *Prooi*, in de boekwinkel af te halen op 12 februari. Meyer kreeg lof van niemand minder dan Jan Terlouw, vroeger een van onze belangrijkste politici, succesvol schrijver van jeugdboeken en inmiddels opgeklommen tot de status van knuffelbejaarde met de verdiente reputatie van wijze man. Over *Koorts* zei Terlouw: “Maar wat het boek vooral bijzonder maakt is de beschrijving van een wereld met maar enkele overlevenden. Dat is knap en overtuigend gedaan. Meyer laat de mens zien in zijn boos-

aardigheid en generositeit, in zijn creativiteit in het negatieve en het positieve, in zijn destructie en scheppingsdrang” (*Het Parool* 10 maart). Ook zonder kristallen bol valt te voorspellen dat Deon Meyer in 2019 in Nederland de meest verkochte Afrikaanse schrijver blijft.

**EEP FRANCKEN**

**a.a.p.francken@hum.leidenuniv.nl**

## Kommas en betekenis

'n Mens besef nie altyd watter betekenisverskil 'n komma of twee in 'n sin kan maak nie. In hierdie rubriek kyk ek na twee gebruikte waarmee dikwels gefouteer word.

In Afrikaans (wat in dié oopsig van Engels verskil) word 'n byvoeglike bysin tradisioneel met 'n komma afgesluit as dit nie die einde van die betrokke sin uitmaak nie. Dit is bysinne wat met 'n betreklike voornaamwoord begin, soos *wat*, *waarvan*, *wie se*, *vir wie*, *waarmee* en so meer, byvoorbeeld:

1. Die haan *wat op die kerkoring staan*, is van brons gemaak.
2. Die gesin *wie se huis afgebrand het*, is nou haweloos.
3. Die motor *waarvan 'n band gebars het*, het omgeslaan.

Dié komma maak deel van Afrikaans se punktuasietradisie uit en vervul ook die rol van die ou Afrikaanse reël dat 'n komma geplaas word tussen werkwoorde wat tot verskillende sinsdele behoort, selfs al staan daardie twee werkwoorde nie direk langs mekaar nie. Dit is jammer dat dié tradisie en reël deesdae na willekeur geignoreer word, veral in die pers.

Soms kan daar egter ook 'n komma vóór so 'n bysin geplaas word en dit verander die betekenis en aard van die bysin. Kyk byvoorbeeld na die volgende sinne:

4. My kinders *wat in Brittanje woon*, verlang huis toe.
5. My kinders, *wat in Brittanje woon*, verlang huis toe.

Een van my ou leermeesters, prof. Meyer de Villiers, het die tipe van voorbeeld 1 tot 4 “beperkende byvoeglike bysinne” genoem, want hulle beperk die betekenis van die selfstandige naamwoord waarby hulle pas. Die tipe 5-voorbeeld – dit wil sê dié wat ook 'n komma voor die betreklike voornaamwoord het – het hy “aanvullende” of “uitbreidende byvoeglike bysinne” genoem, want hulle gee aanvullende inligting wat teoreties weggelaat kan word of wat in 'n afsonderlike sin gegee kan word. In Engels word hulle onderskeidelik “restrictive” en “non-restrictive clauses” genoem.

In sin 4 beperk die bysin (“wat in Brittanje woon”) die betekenis van “My kinders”, want die spreker impliseer dat sy/haar kinders wat elders as in Brittanje woon, byvoorbeeld in Kaapstad of Australië, nie huis toe verlang nie: slegs dié wat in Brittanje woon, verlang huis toe. Die implikasie is voorts dat die spreker nog kinders benewens dié in Brittanje het. Die bysin is dus beperkend want dit beperk die betekenis van “my kinders” tot dié in Brittanje.

In sin 5, daarenteen, gee die spreker te kenne dat (al) sy/haar kinders huis toe verlang en voeg hy/sy as 'n bystelling by dat die kinders in Brittanje woon – aanvullende of uitbreidende inligting, dus, wat ook in 'n afsonderlike sin verstrek sou kon word, byvoorbeeld:

6. My kinders verlang huis toe. Hulle woon in Brittanje.  
OF
7. My kinders verlang huis toe; hulle woon in Brittanje.

Hierdie verskil kom heel dikwels voor, byvoorbeeld:

8. Die droogte het die saaiboere *wat vroeg gesaai het*, geknel.
9. Die droogte het die saaiboere, *wat vroeg gesaai het*, geknel.

Sin 8 beperk die betekenis tot slegs die saaiboere wat vroeg gesaai het, maar nie dié wat byvoorbeeld laat gesaai het nie, terwyl sin 9 impliseer dat die droogte al die saaiboere geknel het en bykomend of aanvullend, amper terloops, sê dat hulle vroeg gesaai het.

Dieselbde soort verskil kom ook voor by ander soorte bystellings wat ek hier “apposities” of “appositionele konstruksies” noem (omdat hulle nie werkwoorde bevat nie en dus nie blysinne is nie), nl. beperkende en aanvullende/uitbreidende apposities. Gewoonlik is die tweede konstruksie dan 'n verklarende of onderskeidende bystelling by die eerste konstruksie.

Ook hier kan kommas 'n beduidende betekenisverskil maak. Vergelyk:

10. My suster Anna is 'n chirurg.
11. My suster, Anna, is 'n chirurg.

In sin 10 is die implikasie dat die spreker minstens nog een ander suster het, maar dat die een genaamd Anna 'n chirurg is. In sin 11 impliseer die spreker dat hy/sy net een suster het en dat dié 'n chirurg is. As aanvullende of uitbreidende inligting word die suster se naam verstrek. Dit word onderskeidelik beperkende en aanvullende apposities genoem.

Die kommas, al dan nie, maak dus 'n **belangrike betekenisverskil**, byvoorbeeld:

12. Die DA-leier, Mmusi Maimane, stem saam. [*aanvullend/uitbreidend/niebeperkend*]
13. Die DA-leier Mmusi Maimane stem saam (maar nie die DA-leier HZ nie). [*beperkend; betekenisgewys hier waarskynlik foutief*]
14. Die beroemde komponis, Ludwig van Beethoven, het geskryf ... [*aanvullend; dit impliseer daar was slegs een beroemde komponis, nl. Beethoven – foutief*]
15. Die beroemde komponis Ludwig van Beethoven (nie die beroemde komponis Mozart nie) het geskryf ... [*beperkend; korrek*]
16. Die Hertzogpryswenner Pieter-Dirk Uys vertel ... [*beperkend; korrek*]  
MAAR
17. Vanjaar se Hertzogpryswenner vir Drama, Pieter-Dirk Uys, vertel ... [*aanvullend; korrek*]

Kyk gerus ook in die jongste AWS, bll. 121 en 122, reël 13.33, veral opmerking (b).

Dis die klein jakkalsies wat soms 'n groot verskil kan maak!

**JD (TOM) McLACHLAN**

E-pos: tommcl@whalemail.co.za

## BRONNE:

- De Villiers, M. 1968. *Die grammatika van tyd en modaliteit*. Kaapstad: AA Balkema.  
 De Villiers, M. 1983. *Afrikaanse grammatika vir volwassenes*. Goodwood: Nasou.  
 Quirk, R. & Greenbaum, S. 1973 (1988). *A university grammar of English*. Harlow: Longman.  
*Shorter Oxford English Dictionary*. 2002, 2007. 6 ed. Oxford: OUP.  
 Taalkommissie, SAAWK. 2017. *Afrikaanse woordelys en spelreëls*. Kaapstad: Pharos.

## *Uitnodiging*

---

# Kwesbare individue en groepe in die samelewing

Ons nooi u graag uit om 'n artikel voor te lê vir 'n temanommer oor kwesbare individue of groepe individue in die Suid-Afrikaanse samelewing,

Ons beoog om deur middel van 'n multi-dissiplinêre aanpak die soeklig te laat val op kwesbare groepe in ons samelewing en die sosio-ekonomiese belemmerings waarmee hulle daaglik te kampe kry. Hopelik sal sodanige ondersoek nie net lei tot groter begrip van die aard en omvang van kwesbaarheid in die samelewing nie, maar ook aanleiding gee tot moontlike maatreëls.

Kwesbare individue en groepe in die Suid-Afrikaanse samelewing behels onder meer:

- armoediges wat werk- en dakloos is
- kroniese siekes, wat fisiek of geestesongesteld is
- ontheemdes soos immigrante en vlugtelinge
- verswaktes en onversorgdes soos baie bejaardes

Binne die strukture van die Suid-Afrikaanse samelewing word kwesbaarheid ook in mindere of meerdere mate aangetref by groepe soos

- straatkinders
- vullis-herwinners
- dagloners
- motorwagte
- bedelaars
- mense wat op maatskaplike toelaes aangewese is
- huiswerkers

Indien u belang stel in die onderwerp, tree asseblief in verbinding met gasredakteurs:

**DERICK BLAAUW**

**Skool vir Ekonomiese Wetenskappe  
Noordwes-Universiteit, Potchefstroom**  
E-pos: derick.blaauw@nwu.ac.za

**RINIE SCHENCK**

Departement Maatskaplike Werk  
Universiteit van Wes-Kaapland  
E-pos: cschenck@uwc.ac.za

# Keurders: November 2017 – Desember 2018

Prof JL (Johan) Beckmann, Onderwysbestuur en beleidstudie, Universiteit van Pretoria  
 Prof Jaco Beyers, Bybel- en Godsdienswetenskap, Universiteit van Pretoria  
 Prof H (Henri) Bezuidenhout, Skool vir Ekonomie, Noordwes-Universiteit, Potchefstroom  
 Prof PF (Derick) Blaauw, Skool vir Ekonomiese Studies, Noordwes-Universiteit, Potchefstroom  
 Prof E (Elirea) Bornman, Kommunikasiekunde, Universiteit van Suid-Afrika, Pretoria  
 Dr Gabriel J Botma, Joernalistiek, Universiteit Stellenbosch  
 Prof Mariekie Burger, Joernalistiek, Universiteit van Johannesburg  
 Prof Willie Burger, Afrikaans, Universiteit van Pretoria  
 Prof WAM (Wannie) Carstens, Skool vir Tale, Noordwes-Universiteit, Potchefstroom  
 Dr CP (Christo) Cilliers, Kommunikasiekunde, Universiteit van Suid-Afrika, Pretoria  
 Prof GS (Fanie) Cloete, Emeritus, Openbare Bestuur en Regeerkunde, Universiteit van Stellenbosch  
 Prof N (Nuraan) Davids, Opvoedkundebeleidstudies, Universiteit van Stellenbosch  
 Dr WP de Clercq, Waterinstituut, Universiteit van Stellenbosch  
 Drs MJ (Marianne) de Jong, Literatuurteorie(emeritus), Onafhanklik  
 Prof em. FJ (Frans) de Wachter, Hoger Instituut voor Wijsbegeerte, Katholieke Universiteit Leuven, België  
 Dr AS (Annette) de Wet, Sosiolinguistiek en Akademiese geletterdheid, Universiteit van die Vrystaat, Bloemfontein  
 Prof DF (Danie) du Plessis, Kommunikasiekunde, Universiteit van Suid-Afrika, Pretoria  
 Prof EC du Plessis, Kurrikulumstudies, Universiteit van Suid-Afrika, Pretoria  
 Prof JF Francois Durand, Paleontologie, Universiteit van Johannesburg  
 Prof PNJ (Pieter) Duvenage, Filosofie, Universiteit van die Vrystaat, Bloemfontein  
 Dr Eric Eberlein, Onderwysbestuur en beleidstudeis, Universiteit van Pretoria  
 Prof Lambert K Engelbrecht, Maatskaplike Werk, Universiteit van Stellenbosch  
 Prof Petra Engelbrecht, Navorsingsgenoot, Opvoedkunde, Noordwes-Universiteit, Potchefstroom  
 Prof AE (Ilse) Feinauer, Afrikaanse sintaksis, Vertaling, Leksikografie, Departement Afrikaans en Nederlands, Universiteit Stellenbosch  
 Prof Lynnette M Fourie, Ontwikkelings- en Politiekekommunikasie, Noordwes-Universiteit, Pretoria  
 Prof ME (Eduard) Fourie, Sielkunde, Universiteit van Suid-Afrika, Pretoria  
 Prof Pieter J Fourie, Komunikasiekunde, Universiteit van Suid-Afrika  
 Prof JD (Johannes) Froneman, Kommunikasiekunde, Noordwes-Universiteit, Potchefstroom  
 Dr Bernadette Geduld, Kurrikulumstudies, Opvoedkunde, Noordwes-Universiteit, Potchefstroom  
 Dr Margareta Geertsema-Sleigh, Joernalistiek, Butler Universiteit, Indianapolis, VSA  
 Dr Boy Geldenhuys, Onafhanklike navorser  
 Prof D (Deon) Geldenhuys, Politiek, Universiteit van Johannesburg  
 Prof D Gelderblom, Sosiologie, Universiteit van Suid-Afrika, Pretoria  
 Prof DP (Danie) Goosen, Godsdienswetenskap, Universiteit van Suid-Afrika, Pretoria  
 Prof A (Albert) Grundlingh, Geskiedenis, Universiteit van Stellenbosch  
 Prof Joan Hambidge, Afrikaans, Universiteit van Kaapstad  
 Prof Alida Herbst, Sielkunde, Noordwes-Universiteit, Potchefstroom

- Prof Natasja Holzhausen, Skool vir Publieke Bestuur- en administrasie, Universiteit van Pretoria
- Dr D (Daniel) Hugo, Vertaalkunde, Letterkunde, Onafhanklike navorser
- Dr L (Lynette) Jacobs, Vergelykende Opvoedkunde, Universiteit van die Vrystaat, Bloemfontein
- Prof GD (Gerrit) Kamper, Kurrikulumstudies, Universiteit van Suid-Afrika, Pretoria
- Prof Marisa Keuris, Afrikaans en Algemene Literatuurwetenskap, Universiteit van Suid-Afrika, Pretoria
- Prof EPJ (Ewert) Kleynhans, Skool vir Ekonomiese Wetenskap, Noordwes-Universiteit, Potchefstroom
- Dr Hannelie Marx Knoetze, Media Studies, Universiteit van Suid-Afrika, Pretoria
- Mnr Dewald Koen, Afrikaans, Universiteit van Fort Hare
- Prof Dan Kriek, Emeritus, Politieke Wetenskap, Universiteit van Suid-Afrika, Pretoria
- Dr DC (Donovan) Lawrence, Tegnologie en die aanleer van Afrikaans, Universiteit van Wes-Kaapland, Bellville
- Prof M (Michael) le Cordeur, Kurrikulumstudies, Opvoedkunde, Universiteit van Stellenbosch
- Dr MP (Liana) le Roux, Maatskaplike Werk, Universiteit van Pretoria
- Prof George A Lötter, Teologie, Noordwes-Universiteit, Potchefstroom
- Dr W (Willemien) Marais, Joernalistiek, Universiteit van die Vrystaat, Bloemfontein
- Prof Hanneke Messerschmidt, Kurrikulumstudies, Universiteit van die Vrystaat, Bloemfontein
- Dr Maryke Mihai, Opvoedkunde: Wetenskap, Wiskunde en Tegnologie, Universiteit van Pretoria
- Dr M (Marthie) Momberg, Onafhanklike navorser
- Prof FA (Alex) Mouton, Geskiedenis, Universiteit van Suid-Afrika, Pretoria
- Mev Lida Müller, Oudioloog, Tygerberg Hospitaal, Universiteit van Stellenbosch
- Dr R R (René) Nathanson, Kurrikulumstudies (taalonderrig), Universiteit van Stellenbosch
- Prof FJ (Jan) Nieuwenhuis, Onderwysbestuur, Universiteit van Pretoria (emeritus)
- Prof G (Bert) Olivier, Navorsingsgenoot, Filosofie, Universiteit van die Vrystaat, Bloemfontein
- Dr MFA (Matthias) Pauwels, Filosofie, Universiteit van Johannesburg
- Prof PH (Petrus) Potgieter, Besluitkunde, Universiteit van Suid-Afrika, Pretoria
- Prof Fransjohan Pretorius, Geskiedenis, Universiteit van Pretoria
- Prof CE (Reineth) Prinsloo, Maatskaplike Werk, Universiteit van Pretoria
- Prof L (Lizette) Rabe, Joernalistiek, Universiteit van Stellenbosch
- Prof M E Rabe, Sosiologie, Universiteit van Suid-Afrika, Pretoria
- Dr CS (Rinie) Schenck, Maatskaplike Werk, Universiteit van Wes-Kaapland, Bellville
- Prof MJ (Marinus) Schoeman, Filosofie, Universiteit van Pretoria
- Prof S (Sonja) Schoeman, Kurrikulum- en onderrigstudies, Universiteit van Suid-Afrika, Pretoria
- Prof dr GJ (Gerrit) Schutte, Geskiedenis, Vrije Universiteit, Amsterdam, Nederland
- Dr Ilze Slabbert, Maatskaplike Werk, Universiteit van Stellenbosch
- Prof Johannes Smit, Teologie, Noordwes-Universiteit, Potchefstroom
- Prof Maggi Soer, Kommunikasiepatologie, Universiteit van Pretoria
- Dr S (Stefan) Sonderling, Kommunikasiekunde, Universiteit van Suid-Afrika, Pretoria
- Prof J C (Jean) Sonnekus, Privaatreg, Universiteit van Johannesburg
- Dr F (Frenette) Southwood, Algemene Taalwetenskap, Universiteit van Stellenbosch
- Prof MG (Miemsie) Steyn, Opvoedkundige Sielkunde, Universiteit van Pretoria
- Prof DFM (Danie) Strauss, Filosofie, Universiteit van die Vrystaat, Bloemfontein / Navorsingsgenoot, Noordwes-Universiteit, Potchefstroom

- Prof PH (Piet) Swanepoel, Afrikaanse Taalkunde, Emeritus, Departement Afrikaans en Algemene Literatuurwetenskap, Universiteit van Suid-Afrika, Pretoria
- Dr T (Thalyta) Swanepoel, Mediastudies en Joernalistiek, Noordwes-Universiteit, Potchefstroom
- Prof E (Elize) Terblanche, Kommunikasiekunde, Universiteit van Suid-Afrika, Pretoria
- Prof HP (Hennie) van Coller, Afrikaans en Nederlands, Duits en Frans, Universiteit van die Vrystaat, Bloemfontein
- Prof Sarel van der Merwe, Sendingwetenskap, Noordwes-Universiteit, Potchefstroom
- Dr CP (Corné) van der Vyver, Opvoedkunde, Noordwes-Universiteit, Potchefstroom
- Dr L (Louise) van Dyk, Kommunikasiekunde, Universiteit van Suid-Afrika, Pretoria
- Prof Annalet van Schalkwyk, Missiologie, Universiteit van Suid-Afrika, Pretoria
- Prof AH (Anné) Verhoef, Filosofie, Noordwes-Universiteit, Potchefstroom
- Prof S (Sonja) Verwey, Strategiese Kommunikasie, Universiteit van Johannesburg
- Prof HM (Hein) Viljoen, Afrikaans en Algemene Literatuurwetenskap, Noordwes-Universiteit, Potchefstroom
- Prof L (Louise) Viljoen, Afrikaans en Algemene Literatuurwetenskap, Universiteit Stellenbosch
- LH (Leandra) Koenig-Visagie, Kommunikasiekunde, Universiteit van Suid-Afrika, Pretoria
- Prof JM (Johan) Wasserman, Geskiedenis, Universiteit van Pretoria
- Prof JS (Kobus) Wessels, Publieke Administrasie, Universiteit van Suid-Afrika, Pretoria
- Prof H (Hein) Willemse, Afrikaans, Universiteit van Pretoria

# Voorskrifte aan skrywers

Die *Tydskrif vir Geesteswetenskappe* word gewy aan die publikasie van oorspronklike navorsings- en oorsigartikels in die teologie, kuns en kulturele, sosiale, ekonomiese en opvoedkundige wetenskappe, sowel as aan boekbesprekings, kronike en gedigte. Artikels of bydraes wat elders verskyn het, sal nie vir publikasie oorweeg word nie. Twee eksemplare van die uitgawe waarin 'n bydrae verskyn, sal gratis aan die outeur verskaf word. Indien meer eksemplare verlang word, kan dit van die Akademiekantoor bestel word teen die heersende prys.

Die volgende voorskrifte geld vir voorgelegde manuskripte:

- Indien **slegs per pos**, moet manuskripte in triplikaat aan die redaksie voorgelê word. Stuur **verkieslik 'n elektroniese kopie** aan [publikasies@akademie.co.za](mailto:publikasies@akademie.co.za) – in welke geval dit nie nodig is om drie afskrifte per pos te stuur nie. Manuskripte moet in dubbelspasiëring getik word met Arial 12-punt skrifgrootte en 'n 25 mm linkerkanlyn.
- Die manuskripte moet **persgereed en taalversorg** wees. Skrywers moet skriftelik bewys lewer dat die artikel deur 'n erkende taalversorger geredigeer is.
- Bydraes moet in Afrikaans geskryf wees en beperk wees tot **6 000** woorde.
- Bydraes moet vergesel gaan van 'n kort curriculum vitae in Afrikaans en Engels (100-200 woorde) en foto van die outeur(s) in JPEG-formaat.
- Dit moet vergesel gaan van 'n opsomming van **100-250** woorde in Afrikaans, Nederlands, Duits of Frans, plus 'n opsomming van **600-1000** woorde in Engels. Die opsomming word begin met die **vertaling van die titel**.
- Outeurs moet 'n lys van **10-20 trefwoorde** in Afrikaans en Engels aanbied net na die opsomming.
- **Illustrasies of tekeninge** moet van toepaslike onderskrifte voorsien wees en moet ten opsigte van grootte rekening hou met die formaat van die *Tydskrif*.
- Opskrifte in die *Tydskrif vir Geesteswetenskappe* lyk soos volg:
  1. **HOOFOPSKRIFTE** verskyn in hoofletters en is vetgedruk. Daar is 'n spasie tussen die hoofopskrif en die teks.
  - 1.1 **Opskrifte** is in kleinletters en vetgedruk; daar is 'n spasie tussen die opskrif en die teks.  
1.1.1 *Subopskrifte* is kursief; daar is 'n spasie tussen die opskrif en die teks.

Opskrifte mag genommer word indien verkies. Daar is geen punte na opskrifte nie.

**Opskrifte** by tabelle lyk soos volg:

**TABEL 2:** Ekonomiese ontwikkeling volgens rassegroep

**Onderskrifte** by figure lyk soos volg:

*Figuur 3: Sistemiese interhanglikhede in mensstrewes: die waardestruktuur.*

Plaas asseblief **tabelle** en **figure** in die korrekte posisie binne die teks.

- **Aanhaling** word nie kursief gedruk nie, ook nie as hulle in ander tale is nie. Aanhaling wat langer as **drie** reëls is, word gevindenteer en het nie aanhalingstekens nie. Enige invoegsel binne 'n aanhaling staan tussen blokhakies. Raadpleeg die *Tydskrif* vir voorbeeld.
- **Afkortings** moet sover moontlik vermy word.
- **Korreksie:** Ekstra correksies moet deur die skrywer betaal word.
- **Literatuurverwysings** word volgens die verkorte Harvardmetode gedoen, met uitsondering van bepaalde vakgebiede.

**Voorbeelde:**

**Boek:** Olivier, D.V. 1996. *Die nag van die vlieë*. Kaapstad: Blackwell.

**Tydskrifartikel:** Van Wyk, B. 1993. Vesel voorkom hartsiektes. *SA Tydskrif vir Dieetkunde*, 19(3):56-59.

**Hoofstuk in 'n boek:** Elphick, R. & Malherbe, V.C. 1989. In Elphick & Giliomee (eds). *The shaping of South African society 1652–1840*. Cape Town: Maskew Miller Longman, pp. 20-34.

**Internetbron:**

Gries, H.B. 1996. Experimental learning. *Education online*, 21(1). <http://www.edu.learning.html> [14 Oktober 2004].

**OF IN AFRIKAANS:**

Mc Farlane, L.R. 2004. Afrikaans en die media. *SA Akademie vir Wetenskap en Kuns*, <http://www.akademie.co.za> [14 Oktober 2004].

Indien die bron Afrikaans is, is al die bibliografiese inligting in Afrikaans, of andersom in Engels.

**Bronverwysings in die teks:**

Volgens Swan (1996:45) ...

OF: ... (Swan 1996:45) ...

OF: ... (Swan 1996:45). (aan die einde van 'n sin)

**Bladgeld:** Die *Tydskrif* hef R300 per gedrukte bladsy (+BTW) om die publikasiekoste van artikels te help delg. Dit is die verantwoordelikheid van die outeur om by sy/haar navorsingsinstansie aansoek te doen vir bladgeld. Die *Tydskrif* is 'n goedgekeurde publikasie wat betrek subsidie aan universiteite en navorsingsuitsette.

**Kopiereg:** Outeur(s) behou kopiereg van 'n artikel wat in die *Tydskrif* gepubliseer word.

**Verantwoordelikheid vir handskrifte, illustrasies en diskette:**

Hoewel die Redaksie uiteraard alle sorg betrag by die hantering van manuskripte, foto's en tekeninge vir illustrasies, ensovoorts, kan onder geen omstandighede verantwoordelikheid aanvaar word vir enige verlies of skade wat in dié verband mag plaasvind nie. Indien outeurs materiaal wil terughê, moet hulle tesame met die toesending van materiaal die Redaksie hiervan verwittig.

# Guidelines to authors

The *Journal of Humanities/Tydskrif vir Geesteswetenskappe* publishes original research and review articles in the following subject fields: theology, languages, art and culture, social, economic and educational sciences, as well as book reviews, chronicles and poems. Articles or contributions that have been published elsewhere will not be considered. Two complimentary copies of the edition that contains an author's contribution, will be mailed to each author free of charge. More copies may be ordered from the publications office at the set price.

The following regulations apply for submitted manuscripts:

- If contributions are sent only by **post**, please submit three copies. We prefer that contributions are submitted via e-mail to [publikasies@akademie.co.za](mailto:publikasies@akademie.co.za) in which instance it is not necessary to send three copies by postage. Manuscripts must be typed in double spacing Arial 12 with a 25 mm left margin. Manuscripts must be **edited and submitted in accordance with the technical specifications of the journal**.
- Authors must submit written proof that the manuscript has been edited by a knowledgeable language practitioner.
- Contributions must be submitted in Afrikaans (or Dutch) and are limited to **6 000 words**.
- Please submit an abridged curriculum vitae in Afrikaans and English (100-200 words) and a photograph (JPEG) of each author.
- Manuscripts must contain a summary of **100-250 words** in Afrikaans, Dutch, German or French, plus an English abstract of **600-1000 words**. The English abstract should start with a **translation of the title**.
- A list of approximately **10-20 key terms** in Afrikaans and English must be given after the summary.
- **Illustrations or drawings** must have suitable captions placed below the graphic, and should be in a size appropriate to the format of the journal.
- Guidelines for headings:
  1. **MAIN HEADINGS** are in capital letters and bold. Leave a space between the heading and the text.
  - 1.1 **Headings** are in lower case and bold. Leave a space between the heading and the text.
  - 1.1.1 **Sub-headings** are in italics. Leave a space between the heading and the text.Headings may be numbered if preferred. Do not put full stops after headings.

## Table headings:

**TABLE 2:** Economic development according to demographic groups

## Captions of figures:

**Figure 3:** Systemic interdependence.

Please insert the illustration in the correct position within the text.

- **Quotations** are not in italics – even when in another language. Quotations that exceed **three** lines should be indented and do not get quotation marks. Any insert to a quotation is between square brackets. See examples in the printed journal.
- **Abbreviations** must be avoided if at all possible.
- **Corrections** after final copy has been approved will be charged as author's corrections.
- **Bibliographic references** are based on the abbreviated Harvard method, with some variation for certain subjects.

## Examples:

**Book:** Olivier, D.V. 1996. *Die nag van die vlieë*. Kaapstad: Blackwell.

**Article from journal or magazine:** Van Wyk, B. 1993. Vesel voorkom hartsiektes. *SA Tydskrif vir Dieetkunde*, 19(3):56-59.

**Chapter in a book:** Elphick, R. & Malherbe, V.C. 1989. In Elphick & Giliomee (eds). *The shaping of South African society 1652–1840*. Cape Town: Maskew Miller Longman, pp. 20-34.

## Internet source:

Gries, H.B. 1996. Experimental learning. *Education online*, 21(1). <http://www.edu.learning.html> [14 October 2004].

## OR IN AFRIKAANS:

Mc Farlane, L.R. 2004. Afrikaans en die media. *SA Akademie vir Wetenskap en Kuns*, <http://www.akademie.co.za> [14 October 2004].

If the source is Afrikaans, all bibliographic detail is in Afrikaans, or vice versa in English.

## References in the text:

According to Swan (1996:45) ...

OR: ... (Swan 1996:45) ...

OR: ... (Swan 1996:45). (at the end of a sentence)

**Page fees:** There is a charge of R300 per printed page (+VAT) towards the printing costs. It is the responsibility of the author to arrange for payment of these fees by his/her university/institution. The journal is an approved publication with regard to government subsidy for universities and research institutes.

**Copyright:** Copyright for articles published in the Journal rests with the author(s).

## Responsibility for manuscripts, illustrations and disks:

Although the editor and publications office will always take care in the handling of manuscripts, pictures and graphic material, we cannot take responsibility for any lost material – please keep back-ups. If an author would like to have material returned, please inform the editorial office on submission of the article.







# Tydskrif vir Geesteswetenskappe

Tijdschrift voor de Geesteswetenschappen

Zeitschrift für die Geisteswissenschaften

Journal of Humanities

## Doel van die SA Akademie

Die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns – oorspronklik *De Zuid-Afrikaanse Akademie voor Taal, Letteren en Kunst* – is in 1909 gestig. Destyds was die doel om na die ontwikkeling van die Nederlandse (insluitende die Afrikaanse) taal, letterkunde, kuns, geskiedenis en oudheidkunde in Suid-Afrika om te sien en om leiding in hierdie sfere te gee. Vandag is die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns 'n multidissiplinêre organisasie.

## Missie en doelstellings van die SA Akademie

Die missie en algemene doelstellings van die Akademie is die bevordering van die wetenskap, die tegnologie en die literatuur in Afrikaans en die kunte, asook die bevordering van die gebruik en gehalte van Afrikaans, primêr binne Suid-Afrika. Voorts behels dit ook dielewering van diens aan die samelewing. Hierdie multidissiplinêre organisasie wat die belangte van alle Suid-Afrikaners wil dien, streef na uitnemendheid, billikheid, hoë wetenskaplike, morele en demokratiese waardes.

## Aktiwiteite van die SA Akademie

Binne die raamwerk van sy missie en doelstellings ondersoek die Akademie voortdurend aktuele sake van openbare belang, neem standpunt daaroor in, en tree ook meermale adviserend, fasiliterend en meningsvormend in sake van nasionale belang op deur direk by die verloop van gebeure betrokke te raak.

This title is  
now indexed  
in Scopus

refine your research  
**SCOPUS**

Sedert Maart 2009 geïndekseer in  
die Social Sciences Citation Index

VOORBLADFOTO:  
Engelenburghuis: Gister en vandag